# DIE OOSTELIKE TRANSVAALSE KOÖPERASIE BEPERK

deur

JACOBUS ALBERTUS STEPHANUS VAN NIEKERK - Honns. B.Comm.

-----------

SKRIPSIE AANGEBIED TER GEDEELTELIKE

VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR

DIE GRAAD

MAGISTER COMMERCII (EKONOMIE-BEDRYFSEKONOMIE)

in die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

-----------

LEIER: Prof. dr. F.J.J. Coetzee. Februarie 1961.

# V O O R W O O R D .

Die koöperasiewese het die eerste keer my belangstelling gewek toe ek as jong seun met die werksaamhede van die Oostelike Transvaalse Koöperasie in aanraking gekom het. Namate die akademiese kennis die praktiese kennis aangevul het, het daar by my die behoefte ontstaan om praktyk en teorie bymekaar te bring tot vervolmaking van die koöperatiewe beginsel van diens.

Noudat die eerste resultate van die bestudering van die onderwerp verkry is, gaan my dank bo alles uit na God wat hierdie werk op my weg geplaas het, my tot die arbeid bekwaam het en my in die volharding gesterk het.

My opregte dank aan u, prof. dr. F.J.J. Coetzee, dat u u nie beperk het tot ŉ formele toesig oor my studie nie, maar trouens tyd nog moeite gespaar het om die voltooiing van hierdie werk moontlik te maak en te bespoedig.

Met waardering dink ek aan my studie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys . Vir die onderrig wat ek daar ontvang het, veral die basiese onderrig tot hierdie studie, gaan my dank aan die doserende personeel van die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe, asook aan die dienswillige personeel van die Ferdinand Postma-Biblioteek.

Die Oostelike Transvaalse Koöperasie, wat die onderwerp van hierdie skripsie is, het ŉ belangrike bydrae gelewer tot die voltooiing daarvan. Eerstens gaan my dank aan die Direksie vir finansiële hulp in die vorm van ŉ studiebeurs, en tweedens dank ek die hulpvaardige personeel van die O.T.K. wat tydens my navorsing en tydelike arbeid aldaar, altyd op eg-koöperatiewe wyse my vriendelik en diensvaardig bygestaan het.

Ten slotte my dank aan mnr. S.I. Malan wat die taalkundige versorging van hierdie skripsie behartig het.

Mag hierdie werk in beskeidenheid ŉ bydrae wees tot die uitbouing van die koöperasiewese in Suid-Afrika.

# I N H O U D S O P G A W E

VOORWOORD.

## HOOFSTUK I

ALGEMENE INLEIDING ................ 1

## HOOFSTUK II

## GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN DIE O.T.K.

1. Voorgeskiedenis .................................. 3
2. Landboukoöperasie in Oos-Transvaal voor 5 April '23 6
   a. Bethal Landbouw Koöperatieve Vereeniging ...... 7
   b. Die Hoogeveld Eendracht Boeren Ko-operatieve Vereeniging ............................ 8
   c. Standerton Co-operatieve Boeren Vereeniging ... 8
   d. Middelburg Landbouwers Co-operatieve Vereeniging ...................................... 8
   e. Ermelo Co-operatieve Vereeniging .............. 9
   f. Heidelberg Co-operatieve Landbouw Vereeniging . 9
3. Betekenis van hierdie koöperasies ................ 9
4. Die O.T.K., 1923 - 1936 .......................... 11
   a. Stigting ...................................... 11
   b. Sy groei en uitbreiding ....................... 12
   c. Redes vir die daling in die ledetal, 1932-1936 14
      (1) Tekort op die mieliepoel .................. 14
      (2) Tot niet gaan van die Sentrale Agentskap . 15
      (3) Onbeheerbare faktore ..................... 16
5. Die O.T.K., 1936 - 1959 .......................... 17
   a. Stigting van die beperkte maatskappy .......... 17
   b. Ontwikkeling van die maatskappy ............... 18
      (1) Gebiedsuitbreiding ........................ 18
      (2) Ledetal ................................... 19
      (3) Hantering van produkte en ander funksies . 19
6. Samevatting ...................................... 20

## HOOFSTUK III

## BEHEER, BESTUUR EN ORGANISASIE VAN DIE O.T.K.

1. Inleiding .......................................... 24
  a. Algemeen .......................................... 24
  b. Begrippe .......................................... 25
    (1) Bestuur .......................................... 25
    (2) Organisasie .......................................... 25
2. Die Lede .......................................... 26
  a. Betekenis van lede in die bestuur en wat hulle magte is .......................................... 26
  b. Wie kan lid word en welke vereistes is daar vir toetreding .......................................... 27
  c. Bedanking en Uitsetting van lede, en Intrekking van aandele .......................................... 28
  d. Verpligtinge van lede .......................................... 30
3. Die Raad van Direkteure .......................................... 31
  a. Algemeen .......................................... 31
  b. Samestelling van die Raad van Direkteure ..... 33
  c. Verkiesing van Direkteure .......................................... 34
  d. Bevoegdheid om as direkteur verkies te word .. 34
  e. Tussentydse vakatures .......................................... 34
  f. Magte en pligte van Direkteure .......................................... 34
  g. Samevattende funksies .......................................... 36
4. Die Bestuur .......................................... 36
5. Verskillende afdelings .......................................... 37
  a. Produkte-afdeling .......................................... 37
    (1) Algemeen .......................................... 37
    (2) Enkele probleme .......................................... 38
    (3) Graanontvangsdepots .......................................... 39
    (4) Kritiese bespreking van die graansilo ... 40
    (5) Onderverdeling .......................................... 42
  b. Handelsafdeling .......................................... 43
    (1) Wat is vir die boer van belang? ......... 43
    (2) Probleme by die ontstaan van die handelsafdeling .......................................... 44
    (3) Die eerste transaksie .......................................... 45
    (4) Stryd, groei en uitbreiding .......................................... 45
    (5) Takke .......................................... 46
    (6) Onderverdeling van verkope .......................................... 47
    (7) Instelling van die kredietskema ......... 47

(8) Kritiese bespreking van die nuwe skema . 48
(9) Magte en pligte van 'n Takbestuurder .... 50
(a) Aflewering van goedere ............ 50
(b) Voorraadlyste ...................... 50
(10) Onderafdelings ......................... 51
(11) Prysberekeningsbasis .................... 52
c. Sekretariële departement .................. 53
d. Rekenkundige afdeling ...................... 54
(1) Algemeen ............................... 54
(2) Die Boekhoustelsel ..................... 56
(3) Samestelling van die afdeling .......... 56
(4) Persoonlike-rekeninge-afdeling ......... 57
(5) Betaling aan lede en andere ............ 58
(6) Finale rekeninge ....................... 58
6. Ouditeure ..................................... 61
7. Samevatting ................................... 62

## HOOFSTUK IV

## STATISTIESE ONTLEDING VAN DIE MAATSKAPPY

1. Inleiding ..................................... 65
2. Die aantal lede van die maatskappy ............ 65
a. Algemene opmerkinge ........................ 65
b. Groei ...................................... 66
c. Bespreking van die gegewens ................ 68
(1) 1929 - 1932 ............................ 68
(2) 1932 - 1936 ............................ 68
(3) 1936 - 1959 ............................ 68
(a) Beperkte aanspreeklikheid .......... 68
(b) Invloed van die Bemarkingswet ...... 69
(i) Sekuriteit ten opsigte van pryse 69
(ii) Bykomstige funksies ............ 69
(c) Sukses van die Koöperasie .......... 70
3. Die produkte-afdeling ......................... 71
a. Mielies hanteer ............................ 71
b. Koring en ander produkte gehanteer ......... 73
c. Algemene bespreking ........................ 77
4. Handelsafdeling ............................... 81
a. Algemeen ................................... 81
b. Onderafdelings ............................. 82
c. Totale handelsomset ........................ 85
d. Handelsaankope en -verkope vir die jaar 1958/59 ................................ 87

e. Kredietverkope sedert dit ingestel is ....... 88
f. Ontleding van landbougereedskap en algemene goedere ...................................... 88
g. Opsomming van bruto- en netto-kommissiepersentasies ...................................... 89
5. Samevatting ...................................... 91

## HOOFSTUK V

## DIE FINANSIERING VAN DIE MAATSKAPPY EN DIE KREDIETVERSKAFFING AS 'n BELEIDSRIGTING.

1. Begripsbepaling ...................................... 93
2. Aard, omvang en indeling van kapitaalbehoeftes .. 93
a. Algemeen ...................................... 93
b. Aard van die kapitaalbehoeftes .............. 94
c. Indeling van die kapitaalbehoeftes .......... 94
d. Omvang van die kapitaalbehoeftes ............ 94
3. Die posisie van die maatskappy .................. 97
4. Finansiering van die maatskappy ................. 98
a. Langtermynkapitaal ........................... 98
(1) Eie fondse ............................... 98
(a) Aandelekapitaal ....................... 98
(i) Bepalings van die statute ...... 98
(ii) Aandelekapitaal as finansieringsmiddel by die O.T.K. ........... 100
(b) Reserwes .............................. 101
(i) Algemene Reserwes .............. 101
(ii) Ander reserwes ................. 102
(2) Geleende fondse .......................... 103
(a) Lenings van lede ...................... 103
(i) Heffingsfonds .................. 103
(ii) Ledeheffingsfonds .............. 104
(iii) Uitgestelde Bonusbetalingsfonds 107
(iv) Roterende kapitaal as finansieringsmiddel .................... 108
(v) Lenings van lede ............... 109
(b) Land- en Landboubank van Suid-Afrika 110
b. Korttermynlenings ............................ 111
(1) Land- en Landboubank van Suid-Afrika ... 111
(2) Handelsbanke ............................ 112
(3) Lenings van lede en andere ............. 113
5. Bydrae van lede tot die kapitaal ................ 113

6. Ontleding van die balansstaatposte .............. 114
7. Reserwe vir oninvorderbare skulde en lede debiteure ........................................ 117
8. Lopende verhoudingsyfer .......................... 117
9. Samevatting ........................................ 117
10. Kredietverskaffing as 'n beleidsrigting .......... 118
a. Is dit wenslik om krediet te verskaf ........ 118
b. Is dit wenslik om krediet te beheer ......... 119
c. Kredietverskaffing ........................... 120
i. Aard en behoefte van kredietverskaffing . 120
ii. Aktuele voordele ........................ 121
iii. Omvang van kredietverskaffing ........... 121
iv. Die finansiële stabiliteit .............. 121
d. Samevatting .................................. 121

## HOOFSTUK VI

## BETEKENIS VAN DIE O.T.K.

1. Betekenis vir sy lede ............................ 123
a. Ekonomiese funksies wat die maatskappy verrig in belang van sy lede ....................... 123
(1) Hantering van produkte ................. 125
(2) Verskaffing van benodigdhede aan lede .. 127
(3) Die O.T.K. in die Maalbedryf ........... 128
(4) Die Herstelwinkeldiens ................. 129
(5) Landbouvoorligtingsdiens ............... 131
(6) Kredietverskaffing ..................... 133
(7) Assuransie-afdeling .................... 133
(8) Kunsmisvoorsiening ..................... 135
(9) Voorsiening van brandstof, saad en graansakke ................................ 136
b. Onafhanklikheid deur eie-hulp ............... 139
c. Sosiale en etiese aspekte ................... 139
2. Moontlike uitbreiding en verbetering van dienste 140
a. Uitbreiding van dienste ..................... 140
(1) Aanstelling van 'n veearts ............. 140
(2) Elektrifikasie van die platteland en die daarstelling van 'n behoorlike kredietskema ................................ 141
(3) Pensioenskema vir boere ................ 141
b. Verbetering van bestaande dienste ........... 142
(1) Landbouvoorligting ..................... 142
(2) Maalbedryf ............................. 142
(3) Brandstofvoorsiening ................... 142

(4) Herstelwinkeldiens ..................... 143
(5) Opvoeding .............................. 143
3. Betekenis van die O.T.K. vir sy amptenare ....... 147
a. Pensioenskema .............................. 148
b. Mediese hulpfonds .......................... 148
c. Sosiale verkeer ............................ 150
d. Personeelbonus ............................. 150
e. Ander voorregte wat die personeel geniet .... 150
4. Samevatting ................................ 151

---

BYLAES.

1. „Belangrike vergadering van Boere." ............. 154
2. Notule van stigtingsvergadering gehou op 5 April 1923 ........................................ 155
3. Name en adresse van stigterslede ............... 157
4. Opsomming van Balansstate - 1949 tot 1959 .......
Laste ........................................ 158
Bates ........................................ 159
5. Ontleding van die Balansstaat vir die boekjaar geëindig 30 September 1959 ...................... 160
6. Ontleding van reserwes soos op 30 September 1959 166

---

Lys van aangehaalde artikels en werke ............ 167

---

# HOOFSTUK I.

## ALGEMENE INLEIDING.

„Terselfdertyd moet ons besef dat ŉ mens niks wat die moeite werd is, verkry sonder ernstige verpligtings en opofferinge nie. Die manna val nie maar sommer so uit die hemel nie — ons moet dikwels ver deur die woestyn trek en baie ontberinge deurmaak voordat ons ryp is om daardie manna te ontvang en die waarde daarvan te besef. Koöperasie is nie 'n klaargemaakte skepping nie; dis veel meer ŉ organisme wat oor die jare heen groei en wat soos enige groeiende organisme ŉ gedurige stryd moet voer om te kan lewe en te kan groei."[1)]

Wat beteken die woord <u>koöperasie</u>? Koöperasie is afgelei van die Latynse woord „co-operari" wat beteken <u>samewerking</u>, d.w.s. om saam te werk vir een of ander gemeenskaplike doeleinde. Die mens is nou eenmaal so geskape dat hy as individu voel dat hy ŉ sekere waarde besit en sekere regte het. Maar juis omdat hy daardie regte wil beveilig en wil uitbou, verbind hy homself vrywillig tot groter eenhede waarin hy as individu nog altyd seggenskap behou, maar waarin hy hom verbind tot gemeenskaplike aksie soos deur die meerderheid bepaal.

Hoewel mens van sporadiese koöperatiewe pogings in die ou lande lees, het die moderne beweging nie voor die middel van die negentiende eeu in Noordwestelike Europa posgevat nie en eers teen die einde van daardie eeu na ander wêrelddele, insluitende Suid-Afrika, versprei.[2)]

Die rede waarom die koöperatiewe beweging hier in ons land ontstaan het, word deur drs. J.M. van Aswegen in Maart 1940 soos volg aangegee: „In hierdie verband kan ons sê dat koöperasie enersyds uit die nood van ekonomiese omstandighede gebore is. Dit kan sy materiële grondslag genoem word. Maar juis as gevolg van ekonomiese moeilikhede berus dit andersyds eweseer op die oortuiging dat die individue binne ŉ gegewe gemeenskap nie afsonderlik en onafhanklik van mekaar kan voortbestaan nie, dog noodsaaklikerwys op onderlinge samewerking aangewese is. Dit kan die ideële grondslag van koöperasie genoem word."[3)]

Reeds teen die einde van die negentiende eeu en die begin van die twintigste eeu was daar ŉ paar ondernemings in ons land wat op ŉ koöperatiewe basis sake gedoen het. Daar was egter nog geen sprake van soiets as ŉ koöperatiewe

beweging/

<u>beweging</u> nie.[4] Een van die eerste koöperatiewe ondernemings van groot omvang wat in Suid-Afrika ontstaan het, is die Oostelike Transvaalse Koöperasie.

Ons sal in die volgende hoofstuk die aanleidende oorsake vir die ontstaan van die Koöperasie en die ontwikkeling daarvan behandel. Vervolgens sal aandag geskenk word aan die beheer, bestuur en organisasie van hierdie Onderneming. Daarna sal, met die syfers en ander gegewens tot ons beskikking, gepoog word om die werksaamhede van hierdie maatskappy statisties te ontleed. Daarbenewens sal ook aandag geskenk word aan die finansieringsaspek en die betekenis van die Koöperasie vir sy lede in besonder.

ꞌn Groot gedeelte van hierdie skripsie is hoofsaaklik histories-beskrywend van aard. Tog sal ook gebruik gemaak word van die empiries-analitiese metode van ondersoek. Tensy anders vermeld, is alle gegewens en statistieke uit die dokumentêre materiaal van die Oostelike Transvaalse Koöperasie, Beperk, verkry. Dit word verder aangevul deur mondelinge mededelings deur verantwoordelike beamptes. Hierna sal of <u>maatskappy</u> of <u>O.T.K.</u> gebruik word wanneer verwys word na die betrokke Koöperasie.

Hierdie ondersoek word onderneem as erkenning van die dienste wat hierdie Maatskappy op koöperatiewe grondslag aan die landbouprodusente van die Oostelike Transvaal gelewer het, in sonderheid ten opsigte van sy bydrae tot die gesonde finansiële toestand waarin die meeste boere van dié omgewing vandag deel. Die sukses wat die Maatskappy behaal het, kan toegeskryf word aan die bevredigende diens wat aan lede gelewer is. As die verlede van die O.T.K. nagegaan word, is dit duidelik dat dit ꞌn moeilike pad gevolg het. Telkens is uit die verlede geneem dit wat goed was, en daarop is vir die toekoms van die boer gebou.

---

<u>B R O N N E</u>.

1) le Roux, A.J.: Voorsittersrede, Agste Koöperatiewe Kongres, Pretoria, 1960, p. 1.

2) Smal, J.G.C.: Landboukoöperasie in Suid-Afrika tot 1933, Potchefstroom, 1958, p. 3.

3) van Aswegen, J.M.: „Koöperatiewe Beweging en die Volkstrewe." Volkshandel, Jaargang 1, No. 1, Maart 1940, p. 17.

4) Smal, J.G.C.: a.w. p. 6.

---

# HOOFSTUK II.

## GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN DIE O.T.K.

### 1. VOORGESKIEDENIS.

Die idee van samewerking was nie eie aan die boerebevolking van Suid-Afrika nie. Hulle was daaraan gewoond om individualisties op te tree. Omstandighede buite die beheer van die boere sou hulle eers daartoe moes dwing om saam te staan en saam te werk. Teen die einde van die negentiende en aan die begin van die twintigste eeu was die boerdery-omstandighede dan ook sodanig dat daar een of ander oplossing vir al die probleme gevind moes word.[1] Mnr. Adams som die posisie soos volg op: „Die boer was toe daaraan gewoond om sy produkte by die naaste winkelier te lewer en huishoudelike goedere, boerderybenodigdhede en sulke ander goedere as wat die winkelier uit sy beperkte verskeidenheid voorraad kon aanbied, in ruil daarvoor aan te neem. Die winkelier het natuurlik gesorg dat hy 'n veilige winsmarge toelaat by berekening van die waarde van die gelewerde landbouprodukte, terwyl terselfdertyd, wetende dat die boer van hom afhanklik is vir die verkoop van sy produkte, hy nie geaarsel het om die hoogste pryse vir sy ware wat hy in ruil aangebied het, te vra nie."[2]

As verder die chaos van verwarring en verarming wat gevolg het op die Engelse oorlog en die sterk mededinging van die oorsese produkte[3], waardeur die boer se posisie verder verswak is, in ag geneem word, is dit geen wonder dat die behoefte aan konsolidering van krag allerweë ontstaan het nie. Maar in laasgenoemde verband sou daar heelwat struikelblokke te vinde wees.[3]

Die Direkteur van Landbou het die posisie in 1906 soos volg uiteengesit: „The necessity for joint action is recognised by many and is becoming more apparent to all; and the next step is to translate these sentiments into action. This will probably be more difficult, as the farmers — like country men the world over — until they were aroused by education and stress of circumstances have been very lax and unbusiness-like in purchasing their supplies or disposing of their produce ......

„It is quite certain, however, that the present primitive individualistic methods cannot continue, and that the hope of the farmers lies in organization and co-operation, and therefore every effort should be made to promote them."[4]

Die gedagte/

Die gedagte aan koöperasie het sy ontstaan gehad en koöperasie is vryelik bespreek te Pretoria. Volgens Smal meld die Direkteur van Landbou ook dat „daar verskeie vergaderings in en in die omstreke van Pretoria gehou is, met die oog daarop om 'n onderneming in die lewe te roep, wat die opberg en van die hand sit van boere se produkte kon waarneem."[5)]

Vir die regering van Transvaal was die posisie egter maar te duidelik dat Suid-Afrika probleme bied op die gebied van koöperasie. Hierdie probleme, soos die individualistiese element, gebrek aan sake-opleiding by die boer, die ekstensiewe aard van die boerdery, die beperkte markte, ens., sou oorkom moes word. In hierdie taak was die Transvaalse regering vasbeslote, soos duidelik blyk uit die jaarverslag van die Direkteur van Landbou vir die tydperk 1 Julie 1906 tot 30 Junie 1907 waarin gemeld word dat „steps are now being taken to obtain the services of a gentleman who by training and experience will be qualified to advise farmers upon the subject, and to promote co-operation amongst them, and it is hoped that when he arrives a definite advance in this important subject will be made."[6)] So arriveer mnr. Stilling-Andersen aan die begin van November 1907 in Pretoria en begin hy sy werksaamhede as Superintendent van Koöperasie in Transvaal.[7)]

'n Faktor wat spoedig vir mnr. Stilling-Andersen baie duidelik geword het, was die behoefte aan Koöperatiewe wetgewing. Hy verklaar in diè verband dat dit vir hom absoluut onmoontlik was om ondernemings te stig alvorens hulle deur wetgewing beskerm kon word en ook Staatsondersteuning kon verkry.[8)]

Interessant in diè verband is mnr. Stilling-Andersen se idee oor beperkte en onbeperkte koöperasie. Sy sienswyse stel hy baie duidelik soos volg: „Knowing to the full extent the value of the limited and unlimited principles, I decided to recommend only the latter, as I foresaw that co-operation here could be managed best on the unlimited liability principle. But I also recognised that such a movement would have to be safeguarded to a certain extent by legislation."[8)] Hierdie idee was dus veral gegrond op die makliker verkryging van lenings.

Met bogenoemde in gedagte het mnr. Stilling-Andersen in 1908 'n konsep-koöperatiewe wet opgestel[9)] wat gebaseer was op waarnemings wat hy gemaak het gedurende sy reis deur die provinsie. Die doel van die beoogde wetgewing het hy

soos volg/

soos volg saamgevat: „.... designed to protect members of such societies against possible fraud and providing for advances to co-operative societies from the funds of the Land Bank."[10)]

Tot die datum waarop die koöperatiewe wetgewing op die wetboek van die Transvaal geplaas kon word, was egter slegs 'n paar ondernemings in staat om met sake te begin, aldus Smal.[11)] Maar die waarnemende Direkteur van Landbou verklaar in Junie 1908 dat die koöperatiewe idee vinnig posgevat het en dat alle hoop bestaan het om die produsent en die verbruiker binne 'n jaar of twee in direkte verbinding met mekaar te bring; so sou die middelman dus uitgeskakel kon word.[12)]

'n Verdere belangrike saak wat hier vermelding verdien, is die eerste Transvaalse Koöperatiewe Kongres.

Volgens Smal was die hoofdoel van dié Kongres „daarop toegespits om vir die verteenwoordigers die beginsels van koöperasie te verduidelik soos vervat in die voorgenome wetgewing wat op die 1ste Oktober 1908 in werking sou tree, sodat hulle na die kongres kon gaan en met die oprigting van koöperasies in hulle onderskeie gebiede behulpsaam kon wees."[13)] Volgens hom sou ook die beginsel van onbeperkte aanspreeklikheid aan boere verduidelik word.[13)]

Die genoemde kongres, wat op 3 en 4 September 1908 plaasgevind het te Pretoria, is onder andere toegespreek deur genl. Louis Botha, destyds Eerste Minister en Minister van Landbou. Hy sê dan ook in sy openingsrede: „Indien wij in deze richting coöpereeren, zeg ik dat de tijd zal komen dat het volk van de Transvaal op dezen dag kan terugzien en ons dankbaar zal zijn voor het eerste Congres van Coöperatie."[14)]

Mnr. Stilling-Andersen, wat die kongres ook toegespreek het, het veral gewys op die voordele wat deur die koöperasie bereik kon word.[15)]

Ons kan dus sê dat die bogenoemde twee sake, nl. die eerste koöperatiewe wet en die eerste koöperatiewe kongres, twee van die groot mylpale in die geskiedenis van ons koöperatiewe landboubeweging is. Die eerste koöperatiewe wet, nl. Wet 17 van 1908, was bedoel „om voorziening te maken voor het oprichten, registreren en beheren van Koöperatieve Landbouw Vereenigingen."[16)] Uit die verloop van die kongres lei ons af dat die hoofdoel was om die verteenwoordigers vertroud te maak met die beginsels van koöperasie, sodat hulle dit weer aan die boere in hulle gebiede kon oordra. Dit blyk duidelik uit die volgende besluit wat op die kongres

geneem/

geneem is, nl. „dat dit Congres het beginsel van Coöperatie als neergelegd in de Wet op Coöperatieve Landbouw-vereenigingen van 1908, aanneemt en ten sterkste er bij de leden op aandringt, dat zij hun uiterste best moeten doen om in hun verschillende districten coöperatieve vereenigingen op te richten."[17)]

Hierdie opdrag het by die ses-en-sewentig afgevaardigdes nie op dowe ore geval nie en verskillende koöperasies is oor die hele Transvaal opgerig sodat daar by die tweede Transvaalse Koöperatiewe Kongres, nege maande later, reeds sewe-en-twintig geregistreerde landbouverenigings bestaan het, met 'n ledetal van 2,262.[18)]

Heelwat meningsverskil oor die toepassing van die eerste koöperatiewe wet het na die inwerkingtreding daarvan bestaan en ten einde duidelikheid te verkry, is die tweede koöperatiewe kongres byeengeroep.[19)]

Die tweede Transvaalse Koöperatiewe Kongres is op 3 en 4 Junie 1909 te Pretoria gehou en dit is deur twee-en-sewentig verteenwoordigers bygewoon.[20)]

Die kongres is deur genl. J.C. Smuts, die Koloniale Sekretaris, geopen. Hy het die rol van die regering in die koöperatiewe beweging behandel en gesê dat die regering se rol tweeledig is, nl. om goeie wette daar te stel en om 'n goeie administrasie te waarborg. Verder het hy beweer dat indien die regering enige verdere bydraes as die bogenoemde sou lewer, dit tot nadeel van die koöperatiewe beweging as 'n geheel sou wees en boere sou nie selfstandig word nie, want hulle moet leer om hulleself sover moontlik te help.[21)] Voorwaar 'n interessante opmerking as ons dit vergelyk met die oproep om 'n groter mate van finansiële onafhanklikheid deur die Landbank in 1954.[22)]

Die twee belangrikste wysiginge wat op die tweede Transvaalse Koöperatiewe Kongres behandel is, nl. dié van die Koöperatiewe Wet en dié van die Landbankwet, bespreek ons hier nie volledig nie, omdat dit te omvattend is.[23)]

Vervolgens kyk ons wat die gevolge van bogenoemde pogings was op die ontwikkeling van koöperasie in Oos-Transvaal.

## 2. <u>LANDBOUKOÖPERASIE IN OOS-TRANSVAAL VOOR 5 APRIL 1923.</u>[24)]

Ook in hierdie gedeelte van Transvaal het koöperatiewe ondernemings op landbougebied ontstaan.

Onder die ses-en-sewentig afgevaardigdes wat die Eerste Transvaalse Koöperatiewe Kongres op 3 en 4 September 1908 bygewoon het, was daar sewentien afgevaardigdes uit die Oos-

telike Transvaal./

telike Transvaal. Hulle was dan ook dermate besiel met die koöperatiewe gedagte dat hulle met groot ywer die taak onderneem het om koöperasies in hulle omgewings te stig.

Dat hierdie sewentien afgevaardigdes die daad by die woord gevoeg het, word daarin bewys dat op die tweede Transvaalse Koöperatiewe Kongres daar verteenwoordigers van agt verskillende koöperasies in Oos-Transvaal teenwoordig was. Die totale ledetal van dié agt koöperasies was op daardie stadium seshonderd-en-tien.

Hierdie agt koöperasies is geregistreer gedurende 19 1909 en hulle besonderhede is die volgende[25]:

| Registrasie-nommer | Datum van Registrasie te Pretoria | Geregistreerde naam |
|---|---|---|
| 5 | 11.3.1909 | Carolina Ko-operatieve Vereniging |
| 8 | 15.4.1909 | Bethal Landbouw Cooperatieve Vereeniging |
| 9 | 15.4.1909 | Middelburg Landbouwers Co-operatieve Vereeniging |
| 12 | 4.5.1909 | Ermelo Co-operatieve Vereeniging |
| 14 | 6.5.1909 | Standerton Co-operatieve Boeren Vereeniging |
| 20 | 26.5.1909 | Heidelberg Co-operatieve Landbouw Vereeniging |
| 21 | 26.5.1909 | Hoogeveld Eendracht Boeren Co-operatieve Vereeniging |
| 24 | 29.5.1909 | Springs and District Co-operative Agricultural Society. |

Van die agt bogenoemde koöperasies het veral ses, nl. dié van Bethal, Standerton, Middelburg, Ermelo, Heidelberg en Hoogeveld Eendracht, ŉ invloed gehad op die ontstaan en ontwikkeling van O.T.K.

Ons behandel nou <u>kortliks</u> die geskiedenis van hierdie pionier-koöperasies van Oos-Transvaal omdat ons daardeur kan sien wat die vernaamste redes was wat aanleiding gegee het tot elkeen se likwidasie en ook om aan te toon dat die mislukking van sommige van hulle ŉ slegte smaak nagelaat het by menige voormalige ondersteuner van koöperasie.

a. <u>Bethal Landbouw Ko-operatieve Vereeniging</u>.

Aanvanklik het die koöperasie baie goeie vordering gemaak en goeie ondersteuning geniet. Die euwel van krediethandel het egter ŉ skone saak belemmer en uiteindelik ŉ wurggreep op die koöperasie toegepas. Dit het sy gevolge gehad - normale groei is ingekort en sy kapitaal is vas-

gelê deurdat/

gelê deurdat sterk produsente afgeskrik is. In 1917 besluit die 440 lede om die funksies van hulle koöperasie te staak en op 17 Maart 1923 word daardie vereniging van die rol geskrap nadat kontribusierekenings teen die lede uitgestuur is. Dit beteken dat Bethal vir vyf jaar (1918 - 1923) sonder 'n koöperasie was.

b. <u>Die Hoogeveld Eendracht Boeren Koöperatieve Vereeniging</u>.

Hierdie vereniging is geregistreer op 26 Mei 1909 en op 21 Junie 1929 van die rol verwyder. Hierdie koöperasie het gebuk gegaan onder die té hoë voorskot van 1920/21 en het dien ten gevolge 'n afskrywing van die Landbank ontvang waarin O.T.K. later gedeel het toe dit in daardie rigting uitgebrei het.

c. <u>Standerton Co-operatieve Boeren Vereeniging</u>.

Vir die eerste bedryfsjaar, 1909/10, het die omset te staan gekom op £10,900, maar tog het dit eers van die vierde jaar met 'n batige saldo in sy wins- en verliesrekening afgesluit. Dit blyk dat krediethandel hier ook 'n verbasende houvas gekry het. Hierdie koöperasie het ook 'n slaghuisonderneming gehad wat nie winsgewend was nie en wat meegehelp het tot die uiteindelike ontbinding van die saak op 23 Maart 1927. 'n Groot aantal lederekenings was op daardie stadium uitstaande wat totaal oninvorderbaar was, met die gevolg dat 'n uiteindelike tekort van £10,872.10.0 ontstaan het, wat deur die 352 lede gedra moes word.

d. <u>Middelburg Landbouwers Co-operatieve Vereeniging</u>.

Dit het 'n goeie bestaan gevoer vanaf 1910 tot 1918. 'n Totale wins van £3,530 is gedurende dié nege jaar afgewerp. Na die beëindiging van die Eerste Wêreldoorlog was toestande weer gunstiger vir die boer en as gevolg van hoër pryse by die gewone handel het die lede begin om hulle produkte nie meer deur middel van die koöperasie te bemark nie. Dit het tot gevolg gehad dat die vooruitgang gestrem is en dat die onderneming vir die volgende ses agtereenvolgende jare teen 'n verlies moes werk. Dit herstel egter mooi van hierdie skok en in 1931 is die lidmaatskap van 211 na 713 lede uitgebrei. Swak kredietbeheer en die te hoë voorskot van 1920/21 het ook op hierdie koöperasie sy merk gelaat. Uiteindelik het dit in likwidasie gegaan en op 23 Januarie 1935 ontbind. As verdere redes kan genoem word die likwidasie van die Sentrale Agentskap in 1934 en die gevare verbonde aan onbeperkte aanspreeklikheid. Dit moet ook gemeld word

dat hier/

dat hier geen kontribusierekenings nodig was nie.

e. Ermelo Co-operatieve Vereeniging.

Hierdie onderneming was ongetwyfeld die suksesvolste van die koöperasies wat in 1909 in Oos-Transvaal geregistreer is. Dit het ook sy moeilike jare gehad waarvan die tekort op die 1930/31-mieliepoel van £3,579 die ergste was. Die terugslae is oorbrug en met die uitsondering van ṅ paar bedryfsjare in die begin, het dit gereeld goeie surplusse afgewerp en ṅ reserwefonds kon opgebou word. Byna die enigste verliese is die £2,540 in 1921/22 en die £1,172 in 1934/35. Die kredietbeleid in dié koöperasie was baie beter as in die meeste ander koöperasies. Soos in die geval van die Middelburg-Koöperasie het die behoefte hier ook ontstaan om af te wyk van die onbeperkte stelsel. In Maart 1935 is reeds daarop aangedring dat die vereniging herstig in ṅ beperkte maatskappy. Die belangstelling by koöperateurs het egter begin kwyn, baie het bedank en andere het nie hulle verpligtings getrou nagekom nie, met die gevolg dat in 1936 tot vrywillige likwidasie oorgegaan is.

f. Heidelberg Co-operatieve Vereeniging.

Hierdie onderneming het gedurende sy dertigjarige bestaan ṅ redelike saak voortgesit, hoewel betreklik klein jaarlikse surplusse behaal is. Vanaf 1934 het die ledetal só gedaal dat daar vir ṅ aantal jare verliese aangeteken is. Tot lof van hierdie vereniging moet gemeld word dat die kredietstelsel nooit hande uitgeruk het nie. By vrywillige ontbinding op 7 Maart 1940 is daar na afsluiting ṅ bedrag van £1,703 onder die 79 oorblywende lede verdeel as ṅ surplus.

Vanweë die belangrikheid van bogenoemde landboukoöperasies, wil ons vervolgens ingaan op die betekenis van hierdie koöperasies, veral as voorbereidende propaganda vir verdere koöperatiewe ontwikkeling in die gebied.

3. BETEKENIS VAN HIERDIE KOÖPERASIES.

Wat was die redes vir die ontbinding van hierdie koöperasies en kon die O.T.K. uit hulle ervaring bou vir die toekoms?

Die faktore wat hoofsaaklik vir die ontbinding verantwoordelik was, asook die probleme en moeilikhede van destydse koöperasies word deur Smal saamgevat in die volgende:

„i. Die proefondervindelike stadium van die koöperatiewe beweging.

ii. Die toelating/

ii. Die toelating van ongeskikte persone as lede.

iii. Verkope op krediet.

iv. Die betaling van buitensporige hoë voorskotte teen gelewerde produkte.

v. Die ondoeltreffendheid van die stelsel van onbeperkte aanspreeklikheid en die gebrek aan voldoende belangstelling van lede in hul onderskeie koöperasies.

vi. Ontrouheid van lede.

vii. Te hoë administratiewe koste van sommige koöperasies.

viii. Swak bestuur.

ix. Spekulasie.

x. Te groot gebiede onder beheer van ŉ bepaalde onderneming.

xi. Die rol van die staat.

xii. Oordrewe kommersiële belangstelling.

xiii. Teveel aandag aan uitvoer."[26)]

Dit is onmoontlik om hier in te gaan op elk van hierdie redes, tog kan met veel sekerheid aanvaar word dat dit ook die belangrikste oorsake was, vir die ontbinding van die aantal klein koöperasies in Oos-Transvaal.

Wat die betekenis van hierdie agt koöperasies was vir die O.T.K. is duidelik.

Uit die geskiedenis van die koöperasies blyk dat daar vanaf 1909 ŉ moeilike stryd in Oostelike Transvaal gevoer is. Ten spyte van mislukkings kan egter gesê word dat elke koöperasie ŉ onmisbare aandeel geneem het in voorbereidende propagandawerk vir koöperasie en in die noodsaaklike opdoen van praktiese sakekennis van die koöperatiewe onderneming.

Nie alleen was daar koöperateurs wat aan hierdie koöperasies behoort het, wat vanaf die stigting van O.T.K. by laasgenoemde koöperasie aangesluit het nie, maar soos ons later sal sien, het sommige van die pionier-koöperasies, bv. Ermelo en Middelburg, opsetlik gelikwideer sodat die lede by die O.T.K. kon aansluit.[27)]

ŉ Aangeleentheid wat dus hier in gedagte gehou moet word, is dat O.T.K. nie ontstaan het deurdat hierdie koöperasies gelikwideer het en toe gesamentlik die O.T.K. gestig het nie. Soos reeds gesien is, het sommige nog bestaan lank nadat die O.T.K. opgerig is. Smal maak verder dié foutiewe bewering dat die O.T.K. bloot die ou Bethal Landbouw Vereeniging is wat ŉ naamsverandering ondergaan het.[28)] Dit ontken ons ten sterkste. Die teendeel blyk duidelik uit die feit dat daar vyf jaar verloop het tussen die ontbinding van die ou Bethal-Koöperasie in 1918 en die stigting van die O.T.K. in

1923/

1923 — vyf jaar waarin in die Bethal-distrik geen aandag aan koöperasie geskenk is nie. (Vgl. hierbo paragraaf 2 a, p. 8).

In die volgende afdeling behandel ons nie alleen die stigting en ontwikkeling van die O.T.K. nie, maar sal ons origens sien dat die ontbinding van hierdie eerste koöperasies 'n nadelige invloed uitgeoefen het op die bevordering van die koöperatiewe beweging in Oos-Transvaal.

## 4. DIE O.T.K., 1923 - 1936.

### a. Stigting.[29]

Gedurende die tien jaar, 1908 tot 1918, was Bethal en distrik bedien deur 'n koöperasie, nl. die Bathal Ko-operatieve Landbouw Vereeniging. Die hoofoorsaak vir sy likwidasie — slegte skulde — en die daaropvolgende onvermydelike kontribusierekenings teen die 440 lede, het 'n slegte nasmaak in die mond gelaat. By meer as een boer het die woord koöperasie alles ingesluit wat mens onder ontrouheid, laksheid en wanbestuur kon bedink. In menige huis is trane gestort, verwyte heen en weer geslinger en het koöperasie 'n skelwoord geword.

Gelukkig was hierdie smaad en hoon wat aan die beweging gekleef het, die al-wat-sleg-is waaraan die naam koöperasie gekoppel was, nie die algemene reël nie, maar eerder die uitsondering. Namate die jare die wonde geheel het en na die intuimeling van die binnelandse markte, wat die laagtepunt teen ongeveer 1921 bereik het, het die drang om bymekaar te staan en hulle eie heil uit te werk, weer by produsente in Bethal-distrik begin opvlam.[30]

Verskillende boereverenigings is in die Bethal-distrik georganiseer waaronder te Frischgewaagd, Goedehoop en Sukkelaar. Die behoefte aan nouer samewerking in die vorm van 'n landboukoöperasie is algemeen bespreek en uiteindelik is die daad by die woord gevoeg toe die wenslikheid van 'n vergadering van belangstellendes oorweeg is. Manne wat die voortou hierin geneem het, word getel onder die latere vurige ondersteuners van die O.T.K. Veral dien genoem te word Jopie van der Merwe, Maan Snyman, Hendrik Snyman en Cornelius Heynecke.

Vergaderinge is belê op verskillende plekke, onder andere te Bethal, Trichardt, Kinross, Morgenzon, Hendrina, Charl Celliers, Bankpan, Roodebank en Onverwacht. (Vir die volledige kennisgewing wat uitgestuur is aan boere, verwys ons na Bylae 1.)

Op die vergadering van 5 April 1923, wat gehou is te Bethal, was ongeveer 150 boere teenwoordig. As sprekers op die vergadering het opgetree die Registrateur van Koöperasies, mnr. J. Retief, die Bestuurder van die Landbank, mnr. T. Herold, direkteure van die Sentrale Agentskap vir Koöperatiewe Verenigings, Beperk, Johannesburg, die here Arnold Smith en Josua Scheepers, en die bestuurder van die Sentrale Agentskap, mnr. C.H. Keet.

As voorsitter van die vergadering het eers ageer kmdt. H.S. Grobler en later J.D. Naude, en as sekretaris is gekies mnr. D.J.C. Malan, wat later so 'n belangrike rol sou speel in die ontwikkeling en groei van die saak.

Uit die notule, wat volledig in Bylae 2 gegee word, word gemerk dat slegs 49 boere die voorstel gesteun het, wat skriftelik ingedien is deur mnr. C.S. Heynecke, en gesekondeer is deur die heer M. de Vos. Die voorstel het soos volg gelui: „Hierdie vergadering besluit om een ko-operatieve vereeniging te stig met onbeperkte verantwoordelikheid." Die naam waarop vir die vereniging besluit is, was „Die Oostelike Transvaalse Landbou Koöperatieve Vereniging."

Verder is dit interessant om daarop te let dat van die 49 boere wat die voorstel gesteun het (die ander was blykbaar die koöperatiewe beginsel nie goedgesind nie, en het die vergadering verlaat), slegs 29 die aansoekvorms op die vermelde datum onderteken het en so stigterslede geword het. Daarbenewens het die here Arnold Smith en J.J. Scheepers aangesluit om die saak tydelik te dien.

Hulde moet gebring word aan hierdie stigterslede want uit hulle inisiatief en aangespoor deur die drang om vir selfbehoud op te offer, is die O.T.K. gebore. Die volledige name en adresse van hierdie O.T.K.-pioniers verskyn in Bylae 3.

Mnr. D.J.C. Malan, wat een van die stigterslede was, verdien 'n spesiale woord, nie net omdat hy later hoofbestuurder geword het nie, maar ook omdat hy lid was van die eerste kooperasie in Transvaal wat gestig is te Premiermyn op 12 November 1907 en wat bekend gestaan het as „Die Pretoria Boeren Ko-operatieve Vereeniging."

b. <u>Sy groei en uitbreiding.</u>[31)]

Net na die totstandkoming van die vereniging te Bethal moes al dadelik 'n begin gemaak word met die organisasie van die nuwe onderneming. Op die skouers van die sewe gekose direkteure het die taak gerus om uit niks 'n saak te bou. Sonder kapitaal, sonder 'n kantoor en, kan byna gesê word,

sonder/

sonder simpatie moes die onderneming in die lewe geroep word.

Organisasie was die eerste stap van die direksie. Nadat die heer Arnold Smith tot voorsitter en die heer H.P. Hancke tot ondervoorsitter gekies is, is die heer D.J.C. Malan gekies tot waarnemende sekretaris en daar is besluit om 'n reeks vergaderings te hou te Trichardt, Kinross, Morgenzon en Roodebank.

Die Raad van Direkteure besluit op 17 Mei 1923 om die volgende dag 'n kantoor te huur en op 1 Junie 1923 besluit die lede op 'n spesiale vergadering om 'n lening te verkry by die Landbank van £30,000.

Gedurende die 1924-seisoen hanteer die vereniging 60,220 sakke mielies, betaal 'n voor-, middel- en agterskot uit en werp 'n netto surplus af van £956.10.11 terwyl die totale omset £41,531 beloop het. Die firma Williamson en Stewart (later Stewart, Steyn en Kie) is deur die lede benoem tot ouditeurs. Die personeel is in dieselfde jaar uitgebrei tot twee deur die aanstelling van 'n boekhouer in die persoon van mnr. G. Scorgie. Die sekretaris het met welslae die stoormanwerk vanuit die kantoor verrig.

Op dié basis het die vereniging sy eerste jare van bestaan deurgeworstel, en vir die volgende ses jaar was daar nooit 'n aanmerklike groei in die ledetal nie. Dit is besonder interessant om die notules van die eerste paar jaar se direksievergaderings deur te lees. Dit spreek van klein omvang, van bestendige groei ten spyte van terugslae, van kwynende en groeiende vertroue van die produsente, maar veral later van 'n taaie stryd om te behou wat reeds verwerf is en om te verower wat nog in belang van die produsent te verower was.

Tot 1930 is daar vyf ontvangsdepots geopen en toe het die depressie homself laat voel. As gevolg van die dalende pryse van mielies het al meer en meer produsente hulle toevlug tot die O.T.K. geneem. Die totnietgaan van die aantal klein koöperasies (vgl. paragraaf 3 p. 10) het 'n verdere invloed uitgeoefen op die groei van die O.T.K. soos in die volgende paragraaf gesien word.

Die eerste besondere aansluiting en uitbreiding het plaasgevind toe die boere van Standerton-distrik onder leiding van mnr. G.F. Kuun, kom aansluit het. (Laasgenoemde was vir 'n onafgebroke tydperk van drie-en-twintig jaar aan die Direksie verbonde, waarvan een-en-twintig jaar as ondervoorsitter. Hy kan voorwaar bestempel word as een van die veterane en kampvegters van die koöperatiewe beweging. Op onselfsug-

tige wyse/

tige wyse het hy sy kragte gewy in volle belang van landbouprodusente). Ook in die rigting van Springs is vordering gemaak deurdat die Hoogeveld Boeren Ko-operatieve Vereeniging aldaar in likwidasie gegaan het en op 21 Junie 1927 van die rol geskrap is. Die O.T.K. het later ook gedeel in die afskrywing wat hierdie koöperasie van die Landbank ontvang het.

In die ledetal het gedurende hierdie tyd ŉ groot uitbreiding plaasgevind. Die stigterstal van 29 het gedurende die eerste paar jaar tot 1929 nooit die tweehonderdtal ver oorskry nie. ŉ Gedurige aansluiting en bedanking kenmerk egter daardie jare en dit was asof die boere nie kon besluit of hulle wil koöpereer of nie. Dit blyk uit die notule van ŉ spesiale direkteursvergadering wat gehou is op 14 April 1931 toe 264 applikasies om lidmaatskap goedgekeur is en 150 bedankings behandel is. Op 30 April 1931 het die aantal lede op 1,313 te staan gekom. Gedurende die volgende bedryfsjaar het dit meer as verdubbel en op 30 April 1932 was 3,092 boere lid van die O.T.K.

Hierdie abnormale groei het heelwat verwarring laat ontstaan in die administrasie en ontvangs van produkte. Die vereniging was totaal onvoorbereid om meteens so ŉ groot omvang te kontroleer. ŉ Geweldige uitbreiding in stoorakkomodasie, nuwe handelstakke en personeel was die natuurlike gevolg van bostaande. Gelukkig kon die vereniging in April 1931 sy nuwe kantore op eiendomsgronde betrek.

Die „depressie-pryse" van mielies van 3/4 per sak op die ope mark teenoor die koöperasievoorskot van 7/6 per sak, is hoofsaaklik verantwoordelik vir die skielike sogenaamde „koöperasiegees" wat ontvlam het.

c. <u>Redes vir die daling in die ledetal, 1932 - 1936.</u>[32)]

Op 30 April 1932 het die ledetal gestaan op 3,092, maar treffend is dat dit net hierna begin daal het en op 30 April 1936 het dit te staan gekom op 1,234. Wat was die redes vir hierdie daling?

(1) Dit kan hoofsaaklik toegeskrywe word aan die mieliepoel se uitslag en die tekort van 1/9 per sak wat daarna weer die teenoorgestelde gevoel bewerkstellig het, nl. ŉ anti-koöperasiegees. Ons kan dit soos volg verduidelik:

Aan die einde van 1908 het die Transvaalse regering besluit om ŉ Sentrale Agentskap in Johannesburg vir een jaar op te rig.[33)] Die doel was dat hierdie liggaam al die kooperatiewe ondernemings moes verteenwoordig en dat dit as middel moes/

del moes dien vir die gesamentlike verkoop van produkte. Gevolglik het die „Central Agency for Co-operative Societies" gedurende 1909 in Johannesburg tot stand gekom.[33] Na 1910 is die regering ten opsigte hiervan egter van alle verantwoordelikheid onthef, toe 'n private maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, t.w. „Central Agency for Co-operative Societies, Limited," gestig is.[34]

Hierdie eerste sentrale organisasie in die koöperatiewe beweging in ons land het 'n belangrike invloed op veral die mieliekoöperasies gehad.

Gedurende die depressiejare het mielieboere meer as ooit tevore besef dat die poelstelsel onder die beheer van die koöperasies en hulle verteenwoordiger, die Sentrale Agentskap vir Koöperatiewe Verenigings, Beperk, hulle teen die skommelinge van die mark kan beskerm, deurdat die gemiddelde pryse van die seisoen gewoonlik redelik billik was. Verder is lede aangetrek deur die voorskot wat hulle deur middel van hulle koöperasies op gelewerde produkte kon ontvang.[35]

Voor die Mielieregëlingswet van 1931 (Wet 39 van 1931) is die Sentrale Agentskap in 'n baie sterk posisie gestel.[36] Dit het onder andere bepaal: „Die Sentrale Agentskap vir Koöperatiewe Verenigings, Beperk, word toegelaat om vir uitvoer enige mielies of mielieprodukte van mieliehandelaars of ander persone te ontvang en kan hierteen 'n voorskot maak."[37]

Kragtens dié bevoegdheid het dit egter gebeur dat 'n te hoë voorskot teen gelewerde produkte van die 1933-seisoen betaal is.[38] Dit het baie probleme meegebring en veral die finansiële posisie van koöperasies baie verswak, terwyl dit aan die ander kant 'n las op die lede van sulke koöperasies gelê het, omdat die te hoë voorskotte weer terugbetaal moes word.

Die gevolg is maar te duidelik — 'n gedurige bedanking van lede wat verdere probleme meegebring het.

(2) 'n Verdere skok moes deur die koöperateurs verduur word toe die Sentrale Agentskap in 1934 in likwidasie gegaan het. In angs en nood is die uitslag van die een hofsaak na die ander afgewag, totdat die uitslag in die guns van die koöperasies geswaai het.

Met die Sentrale Agentskap was alles nie pluis nie. Smal maak daarvan melding dat gedurende 1932 'n komitee aangestel is om ondersoek in te stel na die wyse waarop die Agentskap gefunksioneer het.[39] 'n Verslag is dienaangaande aan die Minister van Landbou voorgelê, maar daar is geen

stappe/

stappe in dié verband geneem nie.[40]

ŉ Verdere probleem het opgeduik toe die Sentrale Agentskap in ŉ hofgeding betrokke geraak het.[41] Ons kan die aangeleentheid soos volg verduidelik:

Uit die direksie van die Sentrale Agentskap is jaarliks ŉ uitvoerende komitee aangewys wat veral die beleid ten opsigte van die bemarking van mielies moes bestudeer en neerlê. Die bestuurder van die Sentrale Agentskap moes dan die beleid uitvoer. (Die uitvoer van mielies is waargeneem met behulp van makelaars.)

Die destydse bestuurder, kol. G.N. Williams, het hierdie ooreenkoms verbreek en vroeg in die 1933/34-seisoen, sonder magtiging van die uitvoerende komitee, ŉ kontrak aangegaan met ŉ aantal makelaars vir die lewering van ŉ aantal sakke mielies teen ŉ besonder lae prys. Die koöperasies was egter nie bereid om teen hierdie prys die mielies te lewer nie en gevolglik is ŉ klag deur die makelaars teen die Sentrale Agentskap ingedien vir kontrakbreuk.[41]

Die hofsaak wat hieruit voortgespruit het, was vir die landboukoöperasies, en gevolglik ook vir die lede, van die allergrootste belang. Dit is heeltemal duidelik, want indien die Sentrale Agentskap die saak sou verloor, sou die koöperasies en hulle lede die mielies moes lewer en dus geweldige groot bedrae skade ly as gevolg van die hoër prys wat verkry kon word.

Die Sentrale Agentskap het egter die saak gewen en die beslissing van die Hoër- en Appèlhof is ook ten gunste van die Sentrale Agentskap gelewer.[41] Onder andere is beslis dat geen kontrak deur die Sentrale Agentskap aangegaan kon word voordat dit oor die betrokke produkte beskik nie.

Hierdie hofgeding was egter die finale nekslag vir die Sentrale Agentskap. Op 31 Augustus 1934 is besluit om die organisasie tot vrywillige likwidasie te laat oorgaan.[42]

(3) Onbeheerbare faktore het ook ŉ rol gespeel by die lede van koöperasies. So vind ons byvoorbeeld die volgende opmerking: „By die onbevredigende finansiële posisie het nog gekom dat groot dele van die land op die oomblik geteister word deur een van die ergste droogtes wat die Unie nog ooit ondervind het."[43]

Dit is duidelik dat al dié faktore meegewerk het om die finansiële posisie van die boer ongunstig te maak waardeur die koöperatiewe beweging ook ŉ baie moeilike taak het, want sy posisie hang inderdaad nou saam met dié van die lede.

Hierdie toestand was nie net eie aan die Oos-Transvaal

nie, maar/

nie, maar Smal toon byvoorbeeld aan dat in 1933 alleenlik een-en-dertig landboukoöperasies ontbind het.[44] Die feit dat die O.T.K. nie een van hierdie koöperasies was nie, het hy veral te danke aan twee faktore, nl. eerstens die wyse waarop die destydse bestuurder en Raad van Direkteure moeilike situasies op vergaderings hanteer het; en tweedens die feit dat die regering die tekort op die mieliepoel, as gevolg van sy waarborg van die voorskot aan die Landbank, vergoed het.

Hierdie twee redes het verhoed dat die saak op ŉ ramp afgestuur het en, afgesien van die terugslae, het die vereniging in kapitale krag en goeie koöperateurs gegroei. Op 30 April 1936 kon op die morele en kragtige steun van die 1,234 uitgesoekte koöperateurs gereken word.

ŉ Groot struikelblok moes egter nog oorwin word, nl. die onbeperkte aanspreeklikheid onder die bestaande stelsel. Baie boere het buite gebly gedagtig aan die mislukking van onbeperkte landbouverenigings in die verlede.

Om hierdie rede is in 1936 besluit om die vereniging te herstig in ŉ beperkte maatskappy en omdat besondere groei en vooruitgang in werklikheid eers vanaf hierdie stadium dateer, behandel ons dit vervolgens.

## 5. DIE O.T.K., 1936 - 1959.

### a. Stigting van ŉ beperkte maatskappy.

Met die hulp van mnr. Raymond Steyn is die onbeperkte vereniging in 1936 gelikwideer en is onmiddellik ŉ maatskappy met beperkte aanspreeklikheid in die lewe geroep.

ŉ Gedeelte van die kennisgewing wat uitgestuur is, het soos volg gelui:

„Alle Belangstellende Boere.

> Kennis word hiermee gegee dat ŉ vergadering van boere gehou sal word in die
> Bioskoopsaal, Bethal
> om 10 vm
> Donderdag die 2de April, 1936
> vir die doel om ŉ organisasie, genoem te word die Oostelike Transvaalse Koöperatiewe Landboumaatskappy, Beperk, onder die bepalinge van die Koöperatiewe wet te stig.
> Die voorgestelde organisasie sal ene wees met beperkte verantwoordelikheid van lede en is bedoel om die plek in te

neem/

neem van die bestaande Vereniging met onbeperkte verantwoordelikheid."[45]

Uit die notule van die genoemde vergadering word die volgende verkry:

(1) Daar was 225 belangstellende boere teenwoordig.

(2) Mnr. van Dalsen, Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, het die doel van die vergadering verduidelik.

(3) Tot voorsitter en sekretaris van die vergadering is die here H.P. Hancke en J.N. Swart, respektiewelik, verkies.

(4) Vooruitsigte: „Reeds 95% van die aktiewe lede van die tansbestaande vereniging het skriftelik onderneem om lede te word van die nuwe vereniging en het ook toestemming gegee dat hulle aandele in die nuwe maatskappy sal opneem vir die totale bedrag pro rata wat aan elkeen van hulle sal toekom uit die reserwes van die tansbestaande vereniging na sy ontbinding. Die voorgestelde beperkte maatskappy sal dus sy werksaamhede kan aanvaar met 'n ledetal van ongeveer 1,500 en 'n opbetaalde kapitaal van ongeveer £40,000."[46]

Die Kennisgewing van Registrasie is opgeteken onder punt een van die notule van die vergadering van die Raad van Direkteure, gehou op 1 Mei 1936, wat soos volg lui: „Die sekretaris lees vir informasie van die Raad 'n brief van die Registrateur waarin hy kennis gee dat die maatskappy op 27 April 1936 geregistreer is en word die sertifikaat van Registrasie getoon."

As eerste sekretaris van die nuutgestigte koöperasie, toe bekend as die Oostelike Transvaalse Koöperatiewe Landboumaatskappy, Beperk, word aangestel die heer D.J.C. Malan na wie reeds verwys is. Die pos word later verander na dié van hoofbestuurder en word deur hom gehou tot 1944. Hy is in die pos opgevolg deur die huidige hoofbestuurder, J.N. Swart. Albei hierdie persone het diep spore getrap in die koöperatiewe lewe, afgesien van hulle groot bydrae tot die sukses van die O.T.K.

b. <u>Ontwikkeling van die Maatskappy</u>.

Die resultate van die eerste dertien jaar, d.w.s. die tydperk van onbeperkte aanspreeklikheid, dui op geweldige skommelinge. Daarenteen dui die syfers en gegewens van die beperkte maatskappy op stabiele vooruitgang.[47]

(1) <u>Gebiedsuitbreiding</u>.


As in aanmerking geneem word dat die O.T.K. oor 1,234 lede beskik het toe dit 'n beperkte maatskappy geword

het, dan/

## O.T.K., — TAKKE EN DEPOTS.

| No. | | Depot | Tak |
|---|---|---|---|
| 1. | Amersfoort ..... | • | x |
| 2. | Arnot ......... | • | |
| 3. | Baanbreker ..... | • | |
| 4. | Balfour ....... | • | x |
| 5. | Balmoral ....... | • | |
| 6. | Belfast ....... | • | x |
| 7. | Bergsig ....... | • | x |
| 8. | Bethal ........ | • | x |
| 9. | Bloekomspruit .. | • | |
| 10. | Bloukop ....... | • | |
| 11. | Bronkhorstspruit | • | x |
| 12. | Broodsnyersplaas | • | |
| 13. | Carolina ...... | • | x |
| 14. | Cedarmont ..... | • | |
| 15. | Charl Celliers . | • | |
| 16. | Cullinan ...... | • | x |
| 17. | Davel ......... | • | |
| 18. | De Kuilen ..... | • | x |
| 19. | Devon ......... | • | |
| 20. | Dullstroom ..... | • | x |
| 21. | Eloff .... ..... | • | x |
| 22. | Emmasview ...... | • | |
| 23. | Endicott ....... | • | x |
| 24. | Ermelo ........ | • | x |
| 25. | Estancia .. .... | • | x |
| 26. | Glenroy ....... | • | |
| 27. | Greylingstad ... | • | x |
| 28. | Groblersdal .... | • | x |
| 29. | Harvard ....... | • | |
| 30. | Heidelberg ..... | • | x |
| 31. | Hendrina ...... | • | x |
| 32. | Holmdene ...... | • | x |
| 33. | Kendal ........ | • | |
| 34. | Kinross ....... | • | x |
| 35. | Kromdraai ..... | • | |
| 36. | Kromklip .... | • | |
| 37. | Leslie ...... | • | x |
| 38. | Maizefield .. | • | |
| 39. | Marble Hall . | • | x |
| 40. | Middelburg .. | • | x |
| 41. | Mooisand .... | • | |
| 42. | Morgenzon ... | • | x |
| 43. | Nigel ....... | • | x |
| 44. | Ogies ....... | • | x |
| 45. | Paardekop ... | • | x |
| 46. | Platrand .... | • | x |
| 47. | Standerton .. | • | x |
| 48. | Stoffberg ... | • | x |
| 49. | Sukkelaar ... | • | |
| 50. | Sybrandskraal | • | |
| 51. | Trichardt ... | • | x |
| 52. | Val .... .... | • | x |
| 53. | Van Dyksdrift | • | |
| 54. | Verena ...... | • | |
| 55. | Vlakpoort ... | • | |
| 56. | Volksrust ... | • | x |
| 57. | Wonderfontein | • | x |
| 58. | Welgedag .... | • | |
| 59. | Zeefontein .. | • | |

| | |
|---|---|
| DEPOTS | • |
| TAKKE | x |



het, dan kan afgelei word dat die gebied baie beperk moes gewees het in vergelyking met wat dit vandag is.

Aansluiting van lede van die ou Ermelo-vereniging en die Heidelberg-vereniging gedurende 1937 en 1940 het die opening van die volgende nuwe depots ten gevolge gehad, nl. Ermelo, Estantia, Davel, Heidelberg, Grootvlei en Balfour.

Vandat die O.T.K. die agentskap van die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid aanvaar het vir die ontvangs van koring, het die maatskappy ook in die Laeveld uitgebrei en is 'n ontvangsdepot te Groblersdal, Marble Hall en Pokwani geopen.

Behalwe die opening van addisionele depots en takke binne die reeds bestaande grense, het die gebied van die O.T.K. vanaf 1943 die grootste gedeelte van die Oostelike Transvaal ingesluit, vanaf die Waterberg, Potgietersrust en Lydenburg-distrikte, deur die Laeveld tot aan die grense van Swaziland, Natal en Oranje-Vrystaat. Die volgende distrikte is in hierdie gebied ingesluit: Bethal, Ermelo, Witbank, Belfast, Dullstroom, Lydenburg (gedeelte), Marble Hall, Pretoria (gedeelte), Springs, Heidelberg, Standerton en Volksrust. (Sien die geskets te kaart.)

(2) Ledetal.

Op 30 April 1936 het die ledetal gestaan op 1,234, maar gedurende die eerste bedryfsjaar van die beperkte maatskappy is dit met 800 nuwe lede versterk. Sedertdien het die ledetal nie weer gedaal nie sodat dit by mondigwording op 5 April 1944 op bykans 7,000 te staan gekom het, en op 30 September 1958 was daar 16,520 boere wat lede van die O.T.K. was. Daarna het die Direksie egter besluit om die lede wat om een of ander rede onaktief geword het, uit te skakel. Sodoende het daar vir die eerste keer gedurende die afgelope drie-en-twintig jaar 'n daling in die ledetal gekom en staan dit op 30 September 1959 op 14,534.

(3) Hantering van Produkte en ander funksies.

Die beperkte maatskappy sou volgens besluit alle bates, laste, ens., met betrekking tot die hantering van produkte en landboubenodigdhede oorneem.

Toe die nuwe onderneming gestig is, het die gemiddelde omset van die ou vereniging vir die vorige vyf jaar op £301,779 te staan gekom. Die beraamde bruto inkomste is toe gestel op £12,000 teenoor die beraamde administrasiekoste van £10,000.[48)]

Behalwe die oorspronklike dienste, nl. die afset van

lede/

lede se produkte en die verskaffing van landboubenodigdhede, lewer die O.T.K. nog verskeie ander dienste aan lede, waarvan die belangrikste die volgende is: ŉ herstelwinkel waar lede se eiendomme herstel word of waar sekere eiendomme vervaardig word; ŉ kostelose landbouvoorligtingsdiens wat die lid van hulp voorsien by plaasbeplanning en wetenskaplike ontleding van grond; ŉ assuransieafdeling wat reeds ŉ aansienlike omvang aangeneem het; kweek en bewerking van saad; droogoonddienste; verwerking van mielieprodukte; en koöperatiewe opvoeding deur die eie amptelike lyforgaan.

Ten slotte wil ons melding maak van die naamsverandering. Ons het reeds dikwels die afkorting O.T.K. gebruik, maar die naam wat op 27 April 1936 geregistreer is, is die „Oostelike Transvaalse Koöperatiewe Landboumaatskappy, Beperk." Die feit dat, soos ons reeds in bogenoemde bespreking gesien het, die maatskappy ontwikkel het tot die toonaangewende koöperasie in Oostelike Transvaal, het die Direksie in 1947 laat besluit om die naam te verander na die „Oostelike Transvaalse Koöperasie, Beperk".[49)]

(Vir nadere besonderhede ten opsigte van die ontwikkeling van die maatskappy verwys ons na hoofstuk IV).

## 6. SAMEVATTING.

Om verskeie redes het landboukoöperasie in Transvaal moeilik inslag onder boere gevind. Dit was ook die toestand in Oos-Transvaal.

As gevolg van sekere pogings van owerheidskant is kort voor Unie-wording ŉ begin gemaak met die stigting van koöperatiewe landbouverenigings. So vind ons onder andere in Oos-Transvaal ŉ hele aantal klein koöperasies wat om verskeie redes ŉ moeilike bestaan gevoer het. Op 5 April 1923 het ŉ aantal boere egter oorgegaan tot die stigting van ŉ verdere landboukoöperasie, met verreikende gevolge.

Waar die koöperatiewe onderneming in die Oos-Transvaal gedurende die afgelope 37 jaar ontwikkel het van ŉ kleinen sukkel-bestaan tot ŉ magtige organisasie, wil ons nou ondersoek instel of dit ook verband gehou het met die koöperatiewe beweging in sy geheel.

Die antwoord hierop is bevestigend. Hierdie koöperasie het ŉ belangrike aandeel gehad in die totstandkoming en uitbouing van verskillende koöperatiewe sentrales en ander liggame soos onder meer die ou Sentrale Agentskap, en sy opvolger, Uniegraan, Boeresake, Transvaalse lewende hawe, V.E.T.S.A.K., Sentrakas, Huis en Haard, die Kredietsentrale,

die Oliesade/

die Oliesade Sentrale, ens.[50] Die oprigting van Uniegraan verdien spesiale vermelding.

'n Paar jaar na die likwidasie in 1934 van die Sentrale Agentskap is Uniegraan as 'n soortgelyke sentrale in die lewe geroep as gevolg van die feit dat dieselfde behoefte vir die kanalisering van verkope van produkte nog bestaan het. Hierdie stigting het geskied op inisiatief van Sentraalwes en die O.T.K. Die idee was om lidmaatskap van hierdie nuutgestigde sentrale te beperk tot hoogstens vier van die groter koöperasies omdat die uitgebreide lidmaatskap in die ou Sentrale Agentskap 'n lompheid geskep het wat een van die aanleidende oorsake vir sy ontbinding was.[50] Hoewel die twee koöperasies, t.w. Sentraalwes en die O.T.K., rede gehad het tot hierdie beperking van lidmaatskap, moet egter bygevoeg word dat dit geen ware koöperatiewe gedagte is nie. Een van die grondbeginsels van koöperasie is tewens ope lidmaatskap.

Hierdie Koöperasie, nl. die O.T.K., se hoofkantoor is geleë te Bethal en vanuit hierdie kantoor word die hele maggtige onderneming bestuur. Op elke gebied wat deur die maatskappy betree is, was daar geweldige uitbreiding, maar dit het nie maklik gegaan nie. Mnr. H.P. Hancke, een van die stigterslede, 'n lid van die Direksie vanaf die stigtingsdatum en ononderbroke voorsitter vanaf 1926 tot 1956, stel dit soos volg: „By die terugblik op die pad van die afgelope jare word 'n harde stryd voor oë geroep en sal die maatskappy uit die ervaring van sy verlede, met krag bou vir die toekoms, want nieteenstaande 'n begin op die puinhoop van vorige terugslae, staan die O.T.K. vandag as monument en trots van die boer."

---

## B R O N N E .


1) Smal, J.G.C.: Landboukoöperasie in Suid-Afrika tot 1933, Potchefstroom, 1958, p. 10.

2) Adams, J.J.: „'n Historiese oorsig van die ontwikkeling van Koöperasie in Suid-Afrika." Eerste vakansiekursus in Koöperasieleer, Stellenbosch, 1952, p. 35.

3) Smal, J.G.C.: a.w. p. 30—31.

4) Smith, F.B.: „Co-operation." Report of the Transvaal Department of Agriculture, 1st July, 1905 to 30th June, 1906, p. 46.

5) Smal, J.G.C.: a.w. p. 32.

6) Smith, F.B.: „Co-operation."
Report of the Transvaal Department of Agriculture, 1906 - 1907, Pretoria, 1908, p. 48.

7) Smal, J.G.C.: a.w. p. 33.

8) Stilling-Andersen, J.M.B.: „Report of the Superintendent of Co-operation.
Bylae tot: „Report of the Transvaal Department of Agriculture, 1907 - 1908, Pretoria, 1909, p. 318.

9) Smal, J.G.C.: a.w. p. 35.

10) Gray, C.E.: „Division of Co-operation."
Report of the Transvaal Department of Agriculture, 1907 - 1908, Pretoria, 1909, p. 27.

11) Smal, J.G.C.: a.w. p. 35.

12) Gray, C.E.: a.w. p. 27.

13) Smal, J.G.C.: a.w. p. 35.

14) O.T.K., Gedenkuitgawe, 1944, p. 6.

15) Smal, J.G.C.: a.w. p. 37.

16) Smal, J.G.C.: a.w. pp. 38 en 39.

17) O.T.K., Gedenkuitgawe, 1944, p. 6.

18) O.T.K., Gedenkuitgawe, 1944, p. 6.

19) Smal, J.G.C.: a.w. p. 43.

20) Idem, p. 43.

21) Minutes of Proceedings: The Second Transvaal Co-operative Congress, Transvaal Department of Agriculture Farmers' Bulletin, No. 94.
Pretoria 1909, p. 7.

22) Vgl. Tweejaarlikse Verslag aan die Vierde Algemene Koöperatiewe Konferensie, 1952, p. 20 - 21.

23) Smal, J.G.C.: a.w. pp. 44 en 45.

24) Tensy anders vermeld is die inligting in hierdie afdeling verkry uit: O.T.K., Gedenkuitgawe, 1944, pp. 8 en 9.

25) Smal, J.G.C.: a.w. p. 49.

26) Idem, p. 309.

27) O.T.K., Gedenkuitgawe, 1944, p. 15.

28) Smal, J.G.C.: a.w. p. 52.

29) Tensy anders vermeld is al die inligting in hierdie afdeling verkry uit: O.T.K., Gedenkuitgawe, 1944, p. 12.

30) Vgl. Bestbier, N.A.B.: „n Oorsig van die oorsake en implikasies van onstabiliteit in Landbou-inkomste."
Derde Vakansiekursus in Koöperasieleer, Stellenbosch, 1954, p. 158.

31) Tensy anders vermeld, is alle besonderhede verkry uit:
O.T.K., Gedenkuitgawe, 1944, p. 14.

32) Tensy anders vermeld, is besonderhede verkry uit:
O.T.K., Gedenkuitgawe, 1944, p. 15.

33) Smal, J.G.C.: a.w. p. 57.

34) Idem, p. 57.

35) Idem, p. 675.

36) Idem, p. 676.

37) Redaksioneel: „Die Mieliereëlingswet — sy bepalings verduidelik."
Koöperasie, Deel VI, No. 20, Julie 1931, p. 21.

38) Smal, J.G.C.: a.w. p. 767.

39) Idem, p. 731.

40) Redaksioneel: „Die nuwe kommissie."
Die Primêre Produsent, Deel IX, Nr. 28, p. 5.

41) Meegedeel deur mnrr. J.N. Swart en C.J. de Kock, hoofbestuurders onderskeidelik van die O.T.K. en Sentraalwestelike Koöperatiewe Maatskappy, Beperk.

42) Smal, J.G.C.: a.w. p. 731.

43) Viljoen, P.R.: „Oorsig van die Unie se Landboubedryf — werksaamhede van die Departement van Landbou."
Jaarverslag 1933.
Boerdery in Suid-Afrika, Dl. VIII, Nr. 93, p.451.

44) Smal, J.G.C.: a.w. p. 746.

45) Dokument ingebind saam met notule van stigtingsvergadering.

46) Notule van stigtingsvergadering gehou op 2 April 1936.

47) Vir verdere bespreking en gegewens oor die ontwikkeling, sien Hfst. III en IV.

48) Notule van stigtingsvergadering gehou op 2 April 1936.

49) Notule van die Raad van Direkteure, April 1947.

50) O.T.K., Die O.T.Kaner, September 1959, p. 51.

# HOOFSTUK III.

## BEHEER, BESTUUR EN ORGANISASIE VAN DIE O.T.K.

### 1. INLEIDING.

#### a. Algemeen.

Te dikwels is ons maar geneig om te dink dat ŉ bedryf saamgestel is uit ŉ aantal mense wat met mekaar ŉ ooreenkoms aangegaan het ter wille van hulle eie ekonomiese belange. Ons kan egter die bedryf beskou as tweeledig: materieel-ekonomies en sosiaal. Laasgenoemde aspek is nie slegs tot die individuele werker beperk nie, maar ŉ groter gemeenskap word hierdeur geraak. Dit is wel waar dat ŉ onderneming in die eerste plek om ekonomiese voordele gestig word, tog voldoen dit ook aan maatskaplike behoeftes. Die onderneming lewer produkte en dit bied ook werkgeleentheid aan arbeiders met besondere ekonomiese implikasies en dit kan die maatskappy liggaamlik en geestelik gesond hou.

Ook by ŉ koöperasie is dit die geval. Om dit verder te illustreer beskou ons die koöperasie as ŉ spesifieke ondernemingsvorm. Dit het dan twee hoofaspekte, nl.

a) die materiële aspek, en

b) die menslike aspek met sy verskillende individue.

Persoonlike geluk en vryheid is noodsaaklik.
Ons behandel laasgenoemde nie verder breedvoerig nie.

As gevolg van wetenskaplike tegnieke weet ons vandag hoe om die materiële sy tegnies te behartig, maar ons weet nie hoe om ŉ toestand van spontane koöperasie tot stand te bring nie.

Wie beheer die koöperasie? Die lede. Wie bestuur die sake van die lede? Die Raad van Direkteure. Hoe doen die Direkteure dit? Onder andere met behulp van ŉ toereikende personeel of deur die organisasieplan in werking te stel en dit voort te sit. Maar as een van die fundamentele bestuursbeginsels kan genoem word dat daar ŉ heelhartige samewerking en ŉ behoorlike verdeling van funksies tussen die bestuur en die werkers moet wees. Ons kan dit verder uitbrei en sê dat ŉ spontane koöperasie en wedersydse vertroue moet bestaan tussen die lede, direkteure, die bestuur met sy personeel, die owerheid, en andere — in

kort/

kort, almal wat 'n rol speel by die beheer en bestuur van die koöperasie.

Die bedoeling in hierdie hoofstuk is slegs om kortliks die beheer en bestuursaspek van die O.T.K. te bespreek en tweedens om te kyk hoe die interne en eksterne organisasie daar uitsien. Voor ons daartoe oorgaan moet ons egter eers weet wat ons onder die verskillende terme verstaan.

b. Begrippe.

(1) Bestuur.

Ons kan bestuur definieer as die funksie van beplanning, organisasie en kontrolering van die aktiwiteite van 'n onderneming sodat dit sy doeleindes redelik ekonomies en doeltreffend kan bereik.[1] Die hoofbestuur moet die beplanning formuleer en om dit in werking te stel moet hul 'n organisasie hê waarna dit gekontroleer moet word.

(2) Organisasie.

Dit is daardie funksie van bestuur wat te doen het met die beplanning van die omvang van die pligte of funksies van elke individu of groep individue in 'n onderneming en die samevoeging van hierdie persone op so 'n wyse dat hulle harmonieus, stiptelik en ekonomies sal saamwerk om die doelstellings van die saak te bereik. Dit is dus die struktuur van die onderneming en die rangskikking van sy dele op 'n logiese, sistematiese en wetenskaplike wyse sodat die beste funksionering van alle persone verkry kan word.[2]

In enige onderneming is daar verskillende funksies wat waargeneem moet word. As die onderneming klein is dan kan hierdie funksies soms deur een persoon waargeneem word, maar namate die saak uitbrei, kom bykomende personeel by en sommige funksies word delegeer aan ander persone. So word daar altyd meer persone in diens geneem en die bestuurder hou die belangrikste en verantwoordelikste pligte. Namate die organisasie uitbrei en meer persone in diens geneem word, word die koördinasie van personeel en funksies al moeiliker. Doeltreffende organisasie is onmisbaar in groot ondernemings en dit behoort gedurig bestudeer te word vir verdere verbeteringe. Dadelik moet egter gesê word dat die sukses ook afhang van die bekwaamheid van die personeel - verkeerde persone kan die hele organisasie mank laat loop. Eie inisiatief,/

## DIE ORGANISASIE VAN DIE O.T.K.

Lede → Raad van Direkteure → Hoofbestuurder → Bestuurslede

- Sekretariële departement
  - Administratiewe afdeling
    - Korrespondensie met Registrateur Landbank, memoranda, ens.
    - Affiliasies met S.A.L.U., T.L.U Asook advertensies, ens.
    - Drukpersafdeling.
    - Notule Raad- e.a. vergaderings
    - Agentskap met Beheerrade, e.a.
    - Inkomende en Uitgaande korrespondensie
    - Pensioen en Mediese Hulpfonds
    - Ongevalleversekering en eise
    - Personeel (Aaanstellings, ens.)
  - Algemene afdeling
    - Uitrustingrekord en instandhouding van voertuie
    - Eiendomsregister en instandhouding van geboue
    - Assuransie
    - Landbouvoorligtingsdiens
    - Uitgee van kwartaallikse lyforga
    - Lede-aangeleenthede, aandele ens
- Rekenkundige dept.
  - Voorraadkontrole
  - Privaatgrootboek
  - Krediet
  - Ledegrootboek
- Handelsdept.
  - Eksterne
    - Herstelwinkeldienste
    - Uitstallings op tentoonstellings
    - Voorraadkontrole en bestellings
    - Voorraadrekordhouding by takke
    - Distribusie van benodighede
  - Interne
    - Inspeksie
    - Kunsmis
    - Faktuur
    - Aankoop
- Produkte dept.
  - Eksterne
    - Beroking van opgebergde graan
    - Saadverwerking
    - Grondboneverwerking
    - Mieliemaal-aktiwiteite
    - Produkte-ontvangste
  - Interne
    - Inspeksie
    - Statistieke en opgawes aan B.gra
    - Saadafdeling
    - Koring, Wingergraan en Oliesade
    - Kafferkoring, Bone en Diverse
    - Mielie
    - Meule

siatief, ywer, persoonlike vermoë en die vermoë om saam te werk is van die allergrootste belang; tog mag die personeellid nie sy eie identiteit en karakter ontneem word nie.

Ons wy die res van hierdie hoofstuk aan die organisasie soos dit in die skema uiteengesit is (sien teenoorstaande pagina) en soos dit saamgestel was aan die einde van die 1958/59-boekjaar.

2. DIE LEDE.

a. Betekenis van lede in die bestuur en hulle magte.

Op hierdie stadium het die O.T.K. meer as 14,500 lede, Vervolgens wil ons kortliks verwys na die rol wat hierdie lede in die bestuur van hul onderneming speel.

Die maatskappy tree op as agent[3] van sy lede. Uit die aard van die saak besit die lede dus die finale seggenskap. Namens die lede tree die Direkteure op[4] maar hoewel, soos ons later sal sien, die wet aan laasgenoemde sekere magte gee, besit die lede ook sekere magte kragtens die wet. Deur hierdie magte uit te oefen, speel hulle 'n vername rol in die bestuur van die koöperasie, soos ons uit die volgende bepalings van die wet sien:

(1) Verkiesing van Direkteure. (Art. 36(1))
(2) Wysigings van regulasies. (Art. 19(1))
(3) Die opbou van 'n spesiale reserwefonds. (Art. 22(3,4))
(4) Lenings vir bedrae groter as dié waartoe die Raad van Direkteure gemagtig is.
(5) Oordrag van die Raad se magte aan 'n komitee van Direkteure. (Art. 33(1))
(6) Behandel die finansiële state en toestand. (Art. 36(1))
(7) Aanstelling van ouditeure. (Art. 36(1))
(8) Magtiging van ontbinding.

Verder ook nog

(1) Uitsetting van lede. (art. 22)
(2) Kansellering van aandele. (Art. 16)
(3) Ontslag van 'n direkteur. (Art. 33)
(4) Verslag van die Raad van Direkteure. (Art. 38)
(5) Finale seggenskap oor verdeling van winste. (Art. 82)

Dit moet egter beklemtoon word dat die beheer en bestuur van die O.T.K. slegs teoreties in die hande van die lede is want in die praktyk word dit oorgedra aan die Raad van Direkteure,/

rekteure, soos vereis deur Artikel 30 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings. (In paragraaf 3 kom ons weer hierop terug.)

Hoe oefen die lede nogtans beheer uit? Op die algemene vergadering is die Direkteure verantwoording verskuldig aan die lede en by wyse van die uitoefening van hulle stemkrag, besit lede dan die finale seggenskap. Artikel 60 van die Statute van die O.T.K. bepaal dat elke lid net een stem sal hê. Die Rochdale-beginsel word hier behou en dus ook een van ons fundamentele beginsels. Dit is veral op dié gebied waar die koöperasie verskil van die gewone maatskappy of korporasie. By die koöperasie het elke lid net een stem, afgesien hoeveel aandele hy in die koöperasie mag hou. Heelwat kan ten gunste hiervan en ook daarteen gesê word.

Op ekonomiese gronde voel ons dat stemreg in verhouding met die omset gereël behoort te word.[5] Demokratiese stemreg verhoed egter dat een of 'n paar persone in staat mag wees (omdat hulle ekonomies beter toegerus is as ander) om hulle wil op die koöperasie af te dwing, soos wel die geval is in profyt-ondernemings. By 'n koöperasie hoor jy dus nie van 'n <u>beherende aandeelhouding</u> nie. Die solidariteit van die lede word dus daardeur bevorder en so word die groepsgevoel ook versterk. Dit kan belangrike voordele vir die ekonomiese werking van die koöperasie hê deurdat byvoorbeeld getroue lede beter ondersteuning beteken en dit bevorder bestendigheid in die beleid.

b. <u>Wie kan lid word van die O.T.K. en welke vereistes is daar vir toetreding?</u>

Artikel 15 van die Statute van die O.T.K. bepaal: „Bona fide boere, koöperatiewe landbouverenigings, koöperatiewe landboumaatskappye en sulke verenigings as wat genoem word in Artikel 3 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings kan op aansoek by die Raad van Direkteure lid word."

Verder bepaal die Statute dat elkeen wat begerig is om lid te word op die gedrukte vorm aansoek moet doen vir die aantal aandele wat hy wil opneem. Elke lid is ook volgens Artikel 16A verplig om 30 aandele in die maatskappy te besit as die totale waarde van sy sake met die maatskappy gedurende die voorafgaande boekjaar nie meer as £100 beloop nie en 35 aandele as die waarde van sulke sake meer as die som van

£100 beloop./

£100 beloop. Indien ŉ lid nie die minimum aantal aandele hou ooreenkomstig die skaal nie, kan dit aan hom toegeken word. Enige lid kan egter, onderhewig aan goedkeuring van die Raad, meer aandele besit. (Hierdie aspek word in Hoofstuk V paragraaf 4 weer bespreek.)

Die samestelling van die lede veronderstel min of meer homogene ekonomiese belange[6] anders sou belangebotsings kon voorkom.

c. <u>Bedanking, Uitsetting van lede en Intrekking van Aandele.</u>

Artikel 19 van die Statute bepaal: „ŉ Lid kan slegs aan die einde van ŉ finansiële jaar bedank en dan slegs as hy drie maande vantevore skriftelik aan die maatskappy kennis gegee het van sy voornemens om te bedank. Die ontvangs van kennisgewings van bedanking moet deur die maatskappy so gou moontlik skriftelik erken word."

Wat is die posisie by uitsetting? Hier bepaal Artikel 20 van die Statute dat ŉ lid uit die maatskappy uitgesit kan word, indien daartoe besluit word deur nie minder nie as twee-derdes van die lede teenwoordig op ŉ algemene vergadering spesiaal vir daardie doel byeengeroep, en mits so ŉ uitsetting geskied om of deur een van die volgende redes, t.w.:

„(i) ingeval so ŉ lid ŉ vergadering van krediteure byeenroep of ŉ skikking tref met sy krediteure;

(ii) ingeval so ŉ lid insolvent verklaar word of te enige tyd versuim het om sy ware en wettige skulde te betaal, of ingeval deur ŉ geregshof ŉ bevel tot betaling van ŉ som geld teen hom uitgereik word;

(iii) ingeval so ŉ lid versuim sy verpligtings teenoor die maatskappy na te kom, hetsy deur hierdie Statute voorgeskryf, hetsy ten aansien van ŉ kontrak."

Artikel 14 bepaal wanneer die Raad van Direkteure daartoe geregtig is om die aandele van ŉ lid in te trek. Dit lui soos volg:

„indien die lid

(i) die ouderdom van vyf-en-sestig jaar bereik het en sy boerdery gestaak het;

(ii) sy boerdery gestaak het en die gebied waarin die maatskappy optree, verlaat het;

(iii) sterf;

(iv) buite die gebied waarin die maatskappy optree, woon

en vir/

en vir 'n ononderbroke tyd van vyf jaar geen besigheid met die maatskappy gedoen het nie; of

(v) sy boerdery gestaak het en vir 'n onafgebroke tydperk van vyf jaar geen besigheid met die maatskappy gedoen het nie.

„Met dien verstande dat in die omstandighede vermeld in sub-paragrawe (i) en (ii) geen sodanige intrekking binne twaalf maande vanaf die datum waarop die lid sy boerdery gestaak het mag plaasvind nie, tensy die Raad van Direkteure die intrekking voor verstryking van die twaalf maande goedkeur; Met dien verstande verder dat in die omstandighede vermeld in sub-paragrawe (iv) en (v) die lid minstens drie maande skriftelik kennis gegee word van die voorgenome intrekking."

Na intrekking van 'n lid se aandele soos hierbo uiteengesit, betaal die Raad van Direkteure aan die lid of, in die geval van 'n afgestorwe lid, aan sy weduwee of boedel die bedrag wat op die aldus ingetrokke aandele opbetaal is, met dien verstande dat enige bedrag wat kragtens bogenoemde artikel aan 'n lid betaalbaar word, aangewend kan word ter vereffening of gedeeltelike vereffening van enige bedrag wat daardie lid aan die maatskappy mag skuld.

Indien 'n lid verder vir 'n onafgebroke tydperk van vyf jaar geen besigheid met die maatskappy doen nie en versuim om die maatskappy van sy adresverandering in kennis te stel, waardeur die maatskappy verhinder word om met hom in verbinding te kom, kan sy aandele, op aanbeveling van die Raad van Direkteure, deur die lede op 'n algemene vergadering ingetrek word. Artikel 14 bepaal ook dat indien 'n aangetekende brief, deur die maatskappy aan die lid se geregistreerde adres gerig, deur die Poswese as onafgelewer aan die maatskappy teruggestuur word omdat die lid nie meer by die adres woonagtig is nie, sal dit as afdoende bewys dien dat die maatskappy nie met die lid in verbinding kan tree nie. Na intrekking van aandele kragtens dié artikel word die bedrag wat op sodanige aandele opbetaal is na 'n spesiale rekening, genoem <u>Onopgeëiste Aandeelgelde</u>, oorgedra. Indien geen eis deur die lid binne ses jaar daarna teen dié rekening ingestel en deur die maatskappy betaal word nie, word die betrokke bedrag aan die maatskappy betaal, verbeurdverklaar en na die algemene reserwefonds van die maatskappy oorgedra.

d. Verpligtinge/

d. Verpligtinge van lede.

Vervolgens kyk ons wat die lede se verpligtinge is met betrekking tot die lewering van produkte, soos bepaal in die Statute. Hulle is in die eerste plek leweransiers van die produkte en sodoende moet hulle ook gereelde ekonomiese verkeer daarmee onderhou.[7)]

Soms is dit die toedrag van sake dat 'n groot aantal van die lede nie kennis dra van die bepalings van die Statute van die koöperasie in dié verband nie. Ons haal die betrokke artikels hier aan, nl.

„Artikel 68: Elke lid sal verpligwees om, met uitsondering van wat hy vir sy eie gebruik nodig het, al sy landbouprodukte in 'n toestand, vorm of kondisie soos deur die raad bepaal, deur middel van die maatskappy verkoop, mits dat die maatskappy in staat is om met sulke produkte te handel.

„Artikel 69: Elke lid betaal aan die reserwefonds van die maatskappy 'n boete van 10% van die verkoopprys van die produkte wat hy versuim het om aan die maatskappy af te lewer ooreenkomstig die hierin voorafgaande artikel en bly verder aanspreeklik vir enige verlies of skade deur die maatskappy gely weens sy versuim om te lewer, met uitsondering egter van die spesiale geval in Artikel 75 genoem.

„Artikel 70: Op versoek van die Raad van Direkteure moet elke lid die maatskappy skriftelik in kennis stel van die soort, kwaliteit en hoeveelheid van sy verwagte oeste, op vorms die vir hierdie doel deur die Raad verskaf sal word, en indien hy versuim sulks te doen, maak hy hom skuldig aan 'n boete van £1 wat by die reserwefonds gevoeg sal word.

„Artikel 71: Wanneer nadat gedors is, die Raad van Direkteure dit verlang, moet elke lid skriftelik aan die maatskappy bepaalde besonderhede verskaf aangaande die volgende:

(a) die soort, kwaliteit en hoeveelheid van sy oeste;

(b) die aantal sakke koring, mielies, kafferkoring, ensovoorts die hy nodig sal hê vir sy eie gebruik, soas in Artikel 68 bepaal;

(c) die aantal ongebruikte sakke nie aan die maatskappy teruggelewer nie ooreenkomstig Artikel 84."

As hy versuim om dit te doen, maak hy homself skuldig aan 'n oortreding waarvoor 'n boete van £10 opgelê word wat

by die/

by die reserwefonds gevoeg sal word.

„Artikel 72: Tensy anders deur die Raad van Direkteure bepaal word, moet elke lid so gou moontlik nadat hy geoes het, sy produkte by die naaste pakhuis van die maatskappy aflewer.

„Artikel 73: Al die produkte moet behoorlik gesorteer en gegradeer word. Ingeval van 'n dispuut oor die afgelewerde produkte sal die beslissing van die Raad of sy verteenwoordiger bindend wees. Al die produkte word, waar moontlik, volgens gewig sowel as volgens kwaliteit verkoop.

„Artikel 74: Geen voorskot word aan lede betaal nie voordat die produkte afgelewer is ooreenkomstig artikel 72.

„Artikel 75: Ingeval die oes van 'n lid beskadig of verwoes word deur omstandighede buite sy beheer, sodat hy sy verpligtings teenoor die maatskappy nie kan nakom nie, sal hy van sy verpligtings met betrekking tot sodanige oes ontslaan word, mits hy die Raad van Direkteure onmiddellik kennis gee van sodanige beskadiging of verwoesting."

Dikwels lewer die boer nie sy produkte aan die O.T.K. nie as gevolg van ontevredenheid ten opsigte van die graad of vogtoets. Dit is egter geen verskoning nie. Die Statute bepaal dat die beslissing van die maatskappy bindend is in gevalle van dispuut, tog word die geleentheid gegee om monsters van die betrokke graan aan die Hoofgradeerder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë te stuur vir sy uitspraak. Hierbenewens is alle beheerde graan wat die koöperasie van lede ontvang onderworpe aan roetine-inspeksies deur inspekteurs van die onderskeie beheerrade asook van die Hoofkantoorinspekteurs.

Ontrouheid van lede kom hier dikwels voor en dit gebeur selfs dat 'n lid sy produkte lewer, maar op die naam van sy eggenote, seun of iemand anders. In baie gevalle het dit ten doel die moedswillige ontduiking van kredietverpligtings.

## 3. DIE RAAD VAN DIREKTEURE.

### a. Algemeen.

Direkteure moet in die eerste instansie koöperateurs wees in die ware sin van die woord. Hulle moet bereid wees om die belange van die koöperasie en die lede op die voorgrond te stel. Hulle moet bekwaam wees in die aanvaarding van 'n

beleid/

beleid en in die keuse van die regte bestuur en personeel. Sulke manne het van tyd tot tyd op die Direksie van die O.T.K. gedien.

As eerste voorsitter van die O.T.K.-direksie het ageer mnr. Arnold Smith, wat ook voorsitter was van die Sentrale Agentskap. Hy het waardevolle leiding gegee in die wordingsjare van die O.T.K.

Die tweede voorsitter verdien spesiale vermelding. Hy, mnr. H.P. Hancke, het vanaf 26 Augustus 1926 tot 15 Junie 1956 opgetree toe hy die amp vrywillig neergelê het. Interessant is om te meld dat hierdie man nie aan 'n onbeperkte koöperasie geglo het nie, maar met die stigting van die O.T.K. het hy dadelik lid geword ongeag die onbeperkte aanspreeklikheid. Die stryd om 'n lewensbestaan na die oorlog, die verarming van sy volksgenote en die haglike ekonomiese toestand van sy land, was almal faktore wat hom gevorm en gestaal het om in belang van sy medeboere op soveel terreine in die toekoms vir hulle die rigting aan te dui. Hierdie man het hom onderskei daarin dat hy in die krisismoment nooit sou terugdeins om verantwoordelikheid te aanvaar en leiding te gee nie.

Met getrouheid, wat eie aan hom was, het hy op 294 Raadsvergaderings die voorsitterstoel ingeneem en op ondubbelsinnige wyse die koers op die koöperatiewe pad aangedui totdat die koöperasie waarvan hy as die vader bestempel word, by sy uittrede 'n reuse organisasie geword het met meer as 16,000 lede.

In 1916 word Jan Hendrik Jacobsz lid van die ou Ermelo-koöperasie en in 1930 word hy voorsitter daarvan. In 1935, deur sy eie toedoen, ontbind die Ermelo-koöperasie en tree hy toe as lid van die O.T.K. Twee jaar rus hy van Raadsvergaderings, maar in 1937 word hy verkies tot direkteur van die O.T.K. wat hy ononderbroke tot vandag as direksielid verteenwoordig en sedert 15 Junie 1956 as voorsitter.

Hy is nie net koöperateur in murg en been nie, maar het ook diens gedoen in al die vertakkinge van die landbou en volkslewe. Van 1933 tot 1936 is hy lid van die Provinsiale Raad vir die kiesafdeling Witbank en sedert 1954 verteenwoordig hy die kiesafdeling Ermelo in dieselfde hoedanigheid. Op die direksie van Vleissentraal is hy geen onbekende nie en daarby is hy medestigter en direkteur van Transvaal Le-

wendehawe/

wendehawe Koöperatief.

b. <u>Samestelling van die Raad van Direkteure</u>.

Onderhewig aan die bepalings van die Wet, beslissings van die Minister en Registrateur, die regulasies en die besluite geneem deur die lede op ꞑ algemene vergadering, word volgens Artikel 30(1) van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, die werksaamhede van die maatskappy bestuur en beheer deur ꞑ Raad van Direkteure. Artikel 31 van die Statute bepaal dat hierdie Raad sal bestaan uit veertien lede, een waarvan deur die Raad van Direkteure genomineer en deur lede op die algemene vergadering gekies word: Met dien verstande dat

„(a) sodanige een Direkteur genomineer en gekies word slegs indien hy oor ꞑ spesiale kennis van koöperatiewe praktyk of ꞑ besondere ander kennis of hoedanigheid beskik wat ꞑ aanwins vir die Direksie van die maatskappy sal wees;

(b) ꞑ aftredende Bestuurder van die maatskappy nie aldus genomineer en gekies word nie; en

(c) indien ꞑ lid met die kennis of hoedanigheid hierbo vermeld nie beskikbaar is nie, die pos as ꞑ tussentydse vakature beskou word wat ondanks die bepalings van Artikel 34 nie gevul word nie tot tyd en wyl so ꞑ lid beskikbaar word."

Die orige dertien Direkteure is elkeen respektiewelik die verteenwoordiger op die Raad van die lede van die maatskappy woonagtig in sekere vasgestelde streke. Vir die doel word die gebied waarin die maatskappy sy werksaamhede verrig in die volgende wyke verdeel, nl.

Wyk 1 - Bethal - Trichardt - Kinross
2 - Belfast- Carolina
3 - Devon - Leslie - Oogies - Eloff
4 - Greylingstad - Grootvlei - Val - Balfour
5 - Standerton
6 - Morgenzon - Charl Celliers
7 - Amersfoort - Volksrust - Paardekop
8 - Ermelo
9 - Middelburg - Hendrina
10 - Bronkhorstspruit - Cullinan
11 - Groblersdal - Marble Hall
12 - Stoffberg - Dullstroom
13 - Heidelberg - Vereeniging - Nigel

Die Direkteure tree jaarliks afwisselend af in wyke 3, 5, 7 en 9; wyke 1, 2, 10 en 11; en wyke 4, 6, 8, 12 en 13.

c. <u>Verkiesing/</u>

c. Verkiesing van Direkteure.

Die verkiesing van Direkteure geskied soos volg: „Minstens 30 dae voor die hou van 'n algemene vergadering word in elke wyk ten opsigte waarvan 'n direkteur op die algemene vergadering gekies moet word, 'n vergadering(s) van lede woonagtig in die wyk gehou, vir die doel om 'n lid te nomineer vir verkiesing as direkteur."

Die Statute bep al ook dat so 'n lid nie noodwendig in die betrokke wyk woonagtig hoef te wees nie.[8)]

'n Lid is as Direkteur verkiesbaar alleen indien hy op 'n wyksvergadering genomineer is. Verder moet die nominasie geteken deur die voorsitter en sekretaris van die wyksvergadering minstens sewe dae voor die hou van die jaarlikse algemene vergadering in besit van die maatskappy wees. Skriftelike nominasies geteken deur ten minste sewe lede in die betrokke wyk woonagtig, vergesél van die skriftelike toestemming van die kandidaat, moet minstens sestig dae voor die hou van die jaarlikse algemene vergadering in besit van die maatskappy wees, Alle bepalings betreffende die kworum, hou en byeenroep van vergaderings is mutatis mutandis op die wyksvergadering van toepassing.

Aftredende direkteure is herkiesbaar volgens Artikel 33.

d. Bevoegdheid om as direkteur verkies te word.

Volgens Artikel 32 van die Statute is geen persoon bevoeg om as direkteur verkies te word nie, tensy hy lid van die maatskappy is of 'n direkteur van 'n vereniging of maatskappy wat lid van die Maatskappy is.

e, Tussentydse vakatures.

Artikel 34 bepaal dat tussentydse vakatures wat in die loop van die jaar op die Raad van Direkteure mag ontstaan deur die oorblywende Direkteure tot die volgende algemene vergadering opgevul moet word.

f. Magte en Pligte van Direkteure.

Volgens Artikel 36 vorm agt Direkteure 'n kworum op 'n vergadering van Direkteure en Artikel 37 bepaal dat hulle uit hulle midde 'n voorsitter en vise-voorsitter kies. Die voorsitter het 'n beslissende stem.

Die Direkteure kom so dikwels byeen as wat nodig is. Hulle handel namens die maatskappy en hulle oefen binne die

beperkings/

beperkings dieselfde magte uit asof daartoe besluit is op 'n algemene vergadering. Ons kan die belangrikste magte en pligte stel as die volgende:

(1) Artikel 40 van die Statute bepaal dat die Direkteure aan elke algemene vergadering verslag doen van alle transaksies.

(2) Artikel 43: Die Direkteure stel 'n voldoende personeel aan om die sake van die maatskappy te doen, stel hulle salarisse vas en bepaal watter werk deur hulle gedoen moet word. Die Direkteure het ook die reg om te skors en te ontslaan.

(3) Volgens Artikel 45 moet die Direkteure sorg dat rekenings en boeke geopen word in 'n vorm wat deur die Registrateur goedgekeur is en wat 'n juiste oorsig gee van die transaksies van die maatskappy en hulle sorg dat die boeke op datum bygehou word.

(4) Artikel 46: Die Raad van Direkteure open 'n bankrekening in die naam van die maatskappy waarin alle gelde ontvang so gou moontlik na ontvangs daarvan gedeponeer word. Alle tjeks op die bankrekening getrek word onderteken deur een van die Direkteure en medeonderteken deur die Hoofbestuurder of 'n ander uitvoerende beampte daartoe gemagtig deur die Direksie.

(5) Hulle sorg ook vir alle versekering soos vermeld in Artikel 47 van die Statute.

(6) Artikel 48 van die Statute toon aan dat die Direkteure sorg dat die notule van die verrigtings van algemene vergaderings en van elke vergadering van die Direkteure in afsonderlike, vir daardie doel gehoue, boeke aangeteken word op so 'n wyse dat dit behoorlik gerangskikte besonderhede bevat van die sake op die vergadering.

(7) Sonder om die bevoegdhede in te kort, word in Artikel 49 uitdruklik verklaar dat die Direkteure die volgende bevoegdhede besit:

(a) Reëls te maak mits nie in stryd met die Statute nie;

(b) Verbande te passeer op eiendomme as sekuriteit;

(c) Namens en ten behoewe van lede 'n verbintenis tot skadeloosstelling aan te gaan;

(d) Lede die boetes deur die Statute voorgeskryf, op te lê. Die Direkteure besit ook die mag om geld wat aan

'n lid/

ŉ lid verskuldig is vir produkte deur hom aan die maatskappy afgelewer, aan te wend ter betaling van ŉ boete op hom gelê.

(8) Die Direkteure mag nie ŉ lening aangaan wat die maatskappy ŉ verpligting sal oplê van meer as die helfte van die uitgereikte aandelekapitaal nie, tensy so ŉ lening goedgekeur is deur nie minder nie as twee-derdes van die lede in persoon teenwoordig op ŉ spesiale algemene vergadering.

g. Samevattende funksies.

Mnr. A.J.S. Roos, Hoofbestuurder van die Pretoria Verbruikers Koöperasie, Beperk, sê dat hoewel dit nie moontlik is om die funksies van die Direksie duidelik te skei van die daaglikse beheer van die saak nie, kan die volgende tog as sy hooffunksie beskou word[9]:

(1) Die handhawing van die kontinuïteit van die onderneming. Dit beteken dat die beleid steeds aangepas moet word by die veranderde toestande in die ekonomiese en sosiale en selfs politieke lewe.

(2) Die aanstelling van die hoofamptenare. Drie aspekte is hier van belang, nl.

(a) die aanstelling moet gesien word as ŉ langtermyn besluit;

(b) dit moet onthou word dat dit heel dikwels die hoofamptenare is wat die Direksie leiding gee wat betref die bepaling van die beleid;

(c) die aanstelling van iemand uit die organisasie volg nie outomaties nie;

(3) Die bepaling van die beleid; dit moet maklik aanpasbaar en elasties van aard wees.

(4) Die kontrole van behaalde resultate. Wanneer die Direksie ŉ besluit aan sy bestuurder deurgegee het, hou sy verantwoordelikheid nie daarmee op nie.

(5) Handhawing van goeie verhoudings met lede. Onnodige inmenging bemoeilik die werk van die amptenare en lei tot verwarring.

Op elk van hierdie belangrike sake kan ons bevestigend antwoord as dit toegepas word op die O.T.K.-Direksie.

4. BESTUUR.

Die Raad van Direkteure bepaal die algemene beleid maar

dit spreek/

dit spreek vanself dat hulle dit nie self prakties kan uitvoer nie. Die uitvoering van die beleid geskied deur die amptenare. Aan die hoof van die personeel staan die hoofbestuurder bygestaan deur vier bestuurslede. Laasgenoemde vyf lede, nl. die bestuur, kan beskou word as die uitvoerende gesag en hulle is verantwoordelik vir die daaglikse beheer en bestuur terwyl die Direksie die wetgewende liggaam vorm binne die bepalinge van die Wet op Koöperatiewe Verenigings en die geregistreerde Statute wat deur die lede daargestel is.

Elk van die vier bestuurslede verteenwoordig een van die volgende hoofdepartemente, nl.

a. Produkte-departement;

b. Handelsdepartement;

c. Rekenkundige departement;

d. Sekretariële departement.

Die Bestuur vergader weekliks om die beleid van ander sake van belang te bespreek.

Die gehalte van die bestuur van die koöperasie sal grotendeels bepaal of die koöperatiewe onderneming sal groei of kwyn. Hiertoe sal die Direksie natuurlik ook veel bydra.

Ons bespreek vervolgens die verskillende departemente soos hierbo genoem.

5. VERSKILLENDE AFDELINGS.

„Uit die skematiese voorstelling (teenoor p. 26) blyk dat die werksaamhede van die O.T.K. in verskillende afdelings of departemente georganiseer is, wat elkeen 'n bepaalde funksie vervul.

a. Produkte-afdeling.

(1) Algemeen.

In die Statute bepaal Artikel 3(a) dat die doel van die maatskappy sal wees om die landbouprodukte of lewende hawe van sy lede op die mees voordelige wyse van die hand te sit. Heeltemal tereg kan egter gesê word dat ten opsigte van die onderstreepte gedeelte van die doel, daar weinig keuse bestaan wat beheerde produkte betref.[10)] Die koöperasie tree nou op as agent van die betrokke beheerrade en die hooffunksie val weg wat een van die sterkste ekonomiese argumente vir hulle bestaan was. Lede en nie-lede kry nou

dieselfde/

dieselfde prys vir hulle produkte en daarmee val die prikkel om lid te word weg.[11] Iets moes gedoen word deur die koöperasie om lidmaatskap nog aantreklik te maak en al oplossing was om toe te tree tot ander funksies.

By die afset van sy produkte verwag die boer die maksimum prys, maar prysvorming hang af van die markvorm waarin die prys gevorm word, d.w.s. die ekonomiese mag van die partye.[12] Die boer verkeer hier in 'n onbenydenswaardige swak verhouding — 'n groot aantal produsente met 'n gelyktydige aanbod en pryse word vasgelê deur die kopers. Die boer beskik ook nie oor die nodige middele om die bemarkingsfunksies van opberging, gradering, verwerking, ens. behoorlik te verrig nie. 'n Sterk behoefte is gevoel aan 'n organisasie wat die individuele boer se afdingingsmag kon versterk en sodoende ekonomiese voordele aan die produsent kon bied.

As ons kyk wat die hoofdoel met die stigting van die O.T.K. was, dan sien ons dat dit hoofsaaklik gegaan het om die prys van die boer vir sy produkte, en veral mielies. „Ons as produseerders kan nie stilsit en maar tevrede wees met die prys wat ons kan kry nie, maar ons moet sorg om 'n betalende prys te kry. En om dit te kan doen, moet ons as een man bymekaar staan."[13] Sedertdien het die O.T.K. duisende sak graan hanteer in belang van sy lede.[14]

(2) Enkele probleme.

Soos ons in die volgende hoofstuk sal sien, het die hoeveelheid graan wat hanteer is, geweldig toegeneem oor die jare. Daar was egter ook groot skommelinge van jaar tot jaar. So vind ons byvoorbeeld dat gedurende die 1929/30-boekjaar slegs 33,779 sakke mielies gehanteer is teenoor die 1,750,000 gedurende die 1931/32-seisoen. Vanselfsprekend was die maatskappy onvoorbereid om meteens die abnormale uitbreiding te kontroleer. Geweldige uitbreiding in stoorakkomodasie het 'n dringende behoefte geword, maar die fondse het ontbreek. Die behoefte is verder vergroot deurdat surplusse ontstaan het en sodoende moes voorsiening gemaak word vir oordragte van jaar tot jaar.

Dit spreek dus vanself dat daar in 'n groot mate beplan moet word ten opsigte van die hoeveelheid graan wat gedurende die eersvolgende seisoen verwag kan word. Artikel 70

maak/

maak daarvoor voorsiening dat elke lid op versoek van die Raad van Direkteure die maatskappy skriftelik in kennis moet stel van die verwagte oes, kwaliteit en hoeveelheid. Dit word egter selde toegepas omdat dit moeilik uitvoerbaar is. Die metode wat nou gevolg word, is redelik effektief en dit sien soos volg daar uit. Die bestuurder/hoofstoorman van elke depot maak 'n skatting in sy gebied deur die boere in die betrokke gebied uit te vra na hulle verwagtinge. Hierby word elke Direkteur versoek om 'n skatting te doen in sy wyk, as leidraad word aan hom verskaf die werklike opbrengs van die vorige drie jaar in daardie gebied. Dat hierdie skattings verskillende voordele inhou, is logies, bv. hierdeur kan die opbergingsruimte, vervoer waar nodig, en die daarstelling van personeel om die graan te hanteer beter reguleer word.

(3) Graanontvangsdepots.

Toe dit O.T.K. in 1923 gestig is, was daar nog vyf ander soortgelyke verenigings in Oos-Transvaal. Die gebied waarin die maatskappy aanvanklik opgetree het, was dus beperk tot die onmiddellike omgewing van Bethal.

Stelselmatig het die maatskappy sy vleuels verder uitgesprei. Hierdie toestand is bevorder deur die likwidasie van verskillende landboukoöperasies. So vind ons byvoorbeeld die volgende uitbreidings: Standerton in 1930; Springs in 1931; Middelburg in 1935; Ermelo in 1937 en Heidelberg in 1940.

'n Verdere faktor wat die hoeveelheid graan wat hanteer is, laat toeneem het, is die koms van die verskillende beheerrade. Koöperasies was nou verplig om graan van lede en nie-lede te ontvang.

'n Interessante aspek is die verspreiding van depots. Die O.T.K. opereer binne 'n gebied wat ongeveer 30,000 vierkante myl beslaan en binne die oppervlakte is 59 ontvangsdepots versprei. (Indien die kaart wat in Hoofstuk II vervat is, in sy geheel gesien word, tref dit mens dat die Hoofkantoor, te Bethal, redelik gesentraliseerd is in vergelyking met dié van die ander twee groot mieliekoöperasies, t.w. Sentraalwes en Noordwes.[16])

Binne die gebied waarin die O.T.K. optree, vind ons depots te:

1. Amersfoort/

1. Amersfoort
2. Arnot
3. Baanbreker
4. Balfour I
5. Balfour II
6. Balmoral
7. Belfast
8. Bergsig
9. Bethal-stasie
10. Bloekomspruit
11. Bloukop
12. Bronkhorstspruit
13. Broodsnyersplaas
14. Carolina
15. Cedarmont
16. Charl Celliers
17. Cullinan
18. Davel
19. De Kuilen
20. Devon
21. Dullstroom
22. Eloff
23. Emmasview
24. Endicott
25. Ermelo
26. Estantia
27. Glenroy
28. Groblersdal
29. Greylingstad
30. Harvard
31. Heidelberg
32. Hendrina
33. Holmdene
34. Kendal
35. Kinross
36. Kromdraai
37. Kromklip
38. Leslie
39. Maizefield
40. Marble Hall
41. Middelburg
42. Mooisand
43. Morgenzon
44. Nigel
45. Oogies
46. Perdekop
47. Platrand
48. Standerton
49. Stoffberg
50. Sukkelaar
51. Sybrandskraal
52. Trichardt.
53. Val
54. Van Dyksdrift
55. Vlakpoort
56. Volksrust
57. Welgedag
58. Wonderfontein
59. Zesfontein

(Sien kaart vervat in Hoofstuk II).

Onder dak is daar voorsiening gemaak vir die opberging van 7,901,633 sak graan. So pas is 'n nuwe graansilo te Marble Hall geopen wat £260,000 kos en dit kan tot 236,000 sak graan berg.

(4) <u>Kritiese bespreking van die graansilo</u>.

Die grootste rede vir die oprigting van hierdie eerste graansilo was die ernstige skaarste aan graansakke en die probleem wat daarmee gepaard gegaan het. Ook het dit „geblyk dat massahantering en opberging van graan doeltref-

fendheid/

fendheid verleen aan die bedryf in die algemeen en dat dit, indien die projek in sy geheel vanaf die boer se plaas tot by die meule toegepas word, besparings vir die bedryf kan bewerkstellig."[17] Dit moet egter onthou word dat 'n hoër benuttiging van die opbergingsruimte noodsaaklik is om van 'n silokompleks 'n ekonomiese eenheid te maak. Dit kan slegs van seisoen tot seisoen gehandhaaf word indien die produksie in die gebied van redelike omvang is en redelik konstant bly. Indien die produksie meer as een oes gedurende twaalf maande behels, word benuttiging in 'n aansienlike mate gestimuleer. Die Marble Hall/Groblersdal-gebied beantwoord tot 'n groot mate aan hierdie vereistes.

Die silo sal koring kan inneem gedurende die Oktober/November-seisoen en dan weer ongedopte grondbone gedurende die April/Mei-seisoen wanneer die meeste koring reeds uitgelaai en versend is. Dopwerk van die grondbone sal in die wintermaande plaasvind sodat daar beurtelings weer voldoende opbergingsruimte vir die volgende koringoes sal wees.

Die masjinerie in die silo verdien besondere vermelding. Dit bestaan hoofsaaklik uit twee stelle inneemmasjiene, elk met 'n vermoë van 75 ton per uur. Met elke stel word die graan ingetrek, skoongemaak, in massa geweeg en in een van die silobuise besorg. Die twee operateurs (een vir elke stel masjiene) kan alles beheer vanaf 'n sentrale kontrolepaneel wat toegerus is met 'n stel geel, groen en rooi liggies, wat vir hulle 'n volledige aanduiding verskaf van die graanvloei deur die silo, asook die werkverrigting van elke van die elektriese motore. Die hele stelsel is elektries verbind en die masjiene fungeer alleenlik wanneer al die klepposisies reggestel is en die masjiene korrek loop. Die grondbonedopmasjiene is geheel en al in die O.T.K.-werkswinkels gebou omdat hulle na verwagting beter sal werk as enige van die tipes wat in oorsese lande opgemerk is. Behoorlike voorsiening is ook gemaak om graan maklik te droog en te berook.

Die Direksie het alles gedoen wat gedoen kan word by 'n voor-ondersoek. Daar is selfs ingegaan op die moontlikheid om ongedopte grondbone in massa op te berg, aangesien dit tot 'n baie groter benuttiging van die silo kon meewerk. Sekere tegniese aspekte het verdere navorsing vereis en die Direksie het selfs 'n sending oorsee gestuur om ondersoek in die V.S.A. in te stel waar grondbone reeds jarelank in massa

opgeberg/

opgeberg word. Die ondersoek was suksesvol.[18]

Hierdie installasie is enig in sy soort waar koring, kafferkoring, mielies, en ander produkte asook ongedopte grondbone opgeberg en verwerk kan word. Daar bestaan dan ook geen twyfel dat hierdie silo die hantering en opberging in dié gebied aansienlik sal vergemaklik nie.

Kan die O.T.K. daarop reken dat die produkte aan hulle gelewer sal word? Ons het reeds gesien wat die lede se verpligtinge volgens die Statute is, daarom sal ons nie weer daarop ingaan nie, maar verwys slegs na paragraaf 2 d hierbo. ŉ Koöperasie, en in besonder ŉ landboukoöperasie, moet dit vir die boer die moeite werd maak om lid te word. Die boer moet nie gedwing word nie.

(5) <u>Onderverdeling</u>:

Vanweë die groot omvang en om die beheer en bestuur van die graanafdeling meer doeltreffend te maak, het die maatskappy die afdeling onderverdeel in die volgende:

1. <u>Ekstern</u>:
   a. Produkte-ontvangste
   b. Mieliemaalaktiwiteite aan twee sentrums
   c. Grondboneverwerking
   d. Saadbewerking
   e. Beroking van graan
2. <u>Intern</u>. (Hoofkantoor)
   a. Mielieafdeling
   b. Koring-, wintergraan- en oliesadeafdeling.
   c. Kafferkoring, droë bone en diverse
   d. Meuleafdeling
   e. Inspeksieafdeling
   f. Saadafdeling
   g. Statistieke en opgawes
   h. Graansakke

Laasgenoemde agt afdelings kan egter saamgevat word onder

1. P.G.B. (Privaat Grootboek)
2. Maalbedryf
3. Graansakke
4. Produktevoorraadkontrole

Hierdie vier afdelings is net soos die boekhouding ingedeel. Aan die hoof staan die Assistent-rekenmeester, maar aan die hoof van die organisasie van die produkteafdeling

staan/

staan die Produktebestuurder wat een van die bestuurslede is.

b. Handelsafdeling.

(1) Wat is vir die boer van belang?

Daar is twee sake vir die boer van die allergrootste belang, nl. die prys van sy produk en die prys wat hy moet betaal vir sy benodigdhede. Dit is die kostefaktore wat ŉ besonder belangrike rol speel omdat die prys wat die boer kry vir sy produkte vasgestel is. Daarom is dit noodsaaklik dat die boer teen die gunstigste voorwaardes aankoop. Net soos by die afset van sy produkte tree die boer hier ook in ŉ markverhouding op en moet hy kennis hê van die kwaliteit, alternatiewe bronne waaruit hy kan koop en van die pryse waarteen hy kan verkry op die verskillende markte.[19] Ook hier verkeer die boer in ŉ nadelige posisie teenoor die ander party en is hy aangewese op plaaslike leweransiers.

Minderhoud[20] noem in verband met die koöperatiewe aankope van benodigdhede veral twee faktore wat vir die boer van belang is, nl. dat dit goedkoper is en dat dit ŉ waarborg is teen knoeiery.

Kaarlehto[21] het ook aangetoon dat koöperasie veral wenslik is by onvolmaakte mededinging en die boer tree juis in ŉ onvolmaakte mark op.

Mnr. N.J. Deacon stel dit soos volg: „Die stygende pryse van boerderybenodigdhede en die verskynsel dat produktepryse ŉ dalende tendens openbaar en daarteenoor die traagheid waarmee veral die handel oorlogtydse pryshoogtes prysgee, dwing die koöperatiewe beweging vinnig in die rigting van ernstiger aandag aan die verkryging van effektiewer bedingingsmag ten opsigte van boerderybenodigdhede."[22]

Mnr. A.L. Prinsloo verduidelik dit weer met behulp van indekssyfers. Hy neem 1947 as basis en stel eers die produktepryse as 100; pryse vir die volgende drie jaar was effens laer. In 1951 het dit op 110 te staan gekom. Van toe af het dit steeds gestyg en in 1954 het dit op 140 gestaan terwyl dit weer gedaal het tot 125 in 1959. ŉ Styging dus van 25% oor die 12 jaar. Gedurende dieselfde periode en met dieselfde jaar as basis, het die indeks van trekkerpryse gestyg tot 153 in 1954 of ŉ styging van oor die 50%. Die styging in die koste van ploeë (1954) was 107%, die van onderdele 124% (1954) en die van motorvoertuie (1959) 127%.[23]

Wat beteken/

Wat beteken dit alles? Net dat die boer moet probeer om uit hierdie knyptang van stygende produksiekoste aan die een kant en dalende produktepryse aan die ander kant, te kom. Een van die maniere om daarin te slaag, is om deur middel van sy koöperasie sy boerderybenodigdhede aan te koop.

(2) Probleme by die ontstaan van die handelsafdeling.

Gedurende die beginjare „was daar veel moeilikhede om te oorbrug, nl. groothandelaars was bang vir 'n moontlike boikot van lokale gevestigde handelaars, om koöperasie met sy benodigdhede te voorsien. Ook was daar altyd die kwessie van 'n kommissie van 'n plaaslike agent op enige aankoping van die koöperasie. Dan is ook gediskrimineer in prysopgawes in welke gevalle die handel altyd voorkeur gekry het."[24)]

Die vertroue van lede en potensiële lede moes ook in 'n groot mate in die nuwe onderneming gewen word. Die vraag was maar te duidelik: Sou hierdie koöperasie nie ook maar dieselfde paadjie gaan as die vorige landboukoöperasies in die gebied nie? Dan kan die boere ook nie kwalik geneem word vir hulle skeptiese houding teenoor alles wat koöperatief was nie; die bewyse was dan daar. Baie van hulle moes finansieel geweldige bedrae skade ly vir swak beheer en bestuur van kredietverkope. Die koöperasie-winkel het daardie dae 'n nuwe naam gekry, nl. „never pay-winkel".

Verdere probleme kan ons kortliks noem:

(a) Sommige van die lede wou die goedere op krediet gehad het, maar ander het dit weer ten sterkste afgekeur.

(b) Lede het van die standpunt uitgegaan dat die maatskappy noodwendig elke artikel goedkoper as die gewone handel moet voorsien.

(c) Wat elke lid ookal wou hê, die koöperasie moes dit in voorraad hê.

(d) Welke items vir voorraad aangekoop moet word. Die ideaal moet wees om 'n gebalanseerde reeks voorrade aan te hou, gevolglik sal die voorraad van distrik tot distrik varieer.

(e) Die gevaar van prysfluktuasies.

(f) Die gevaar van ophoping van moeilike verkoopbare voorrade.

(g) Onbeheerbare faktore kan die vraag laat afneem.

Onder/

Onder hierdie omstandighede is die O.T.K. gebore en in hierdie pessimisme het dit opgegroei. Maar daar is besef dat 'n kalm see nog nooit 'n behendige seevaarder gemaak het nie. Die storm van teëspoed het die vermoë aangewakker en die eienskappe van versigtigheid en standvastigheid bevorder.

(3) Die eerste transaksie.

Onmiddellik na die stigting van die O.T.K. in 1923, op dieselfde plek waar die Hoofkantoor tans gevestig is, het hy hierdie doelstelling om die handel in boerderybenodigdhede namens sy lede te onderneem, prakties begin toepas. Die eerste transaksie het dan ook aangedui watter ongeregverdigde kommissie-basis deur profythandel voor die bestaan van die O.T.K. plaaslik gehandhaaf is. Die eerste transaksie het bestaan uit 'n stel masjientande wat teen 1/9 stuk aan die lid voorsien is, nadat 15% kommissie geneem is, terwyl die plaaslike verskaffer se prys daarvan 3/6 stuk was.[25)]

(4) Stryd, groei en uitbreiding.

Uit die balansstaat van 31 Mei 1924 en die ouditeursrapport word gesien dat die bruto surplus wat gemaak is op implemente, omheiningsmateriaal en algemene goedere, £74.17.5 is. Die totale verkope was £1,737.11.1 vir daardie jaar. Dit is opmerklik dat die koöperasie net teen kontant verkoop het. Die rede hiervoor was die vrees wat by die stigterslede en die eerste direksie bestaan het vir krediefhandel. Hierteenoor het die gewone handel die boer 'n langtermyn-krediet gegee en in kort wil dit voorkom asof die koöperasie in alle opsigte gedwarsboom is.

Tog was die stryd nie tevergeefs nie. Deur die goeie beleid, en dit sonder enige vorige ondervinding, en deursettingsvermoë van die destydse bestuurder en direkteure en daarby die getroue ondersteuning van die meeste lede, het die handel vinnig uitgebrei. Die vertroue van sommige groothandelaars is gewen en spoedig het daar verdeeldheid in hulle geledere gekom. Dit het meegebring dat koöperasie kon heers en was die stryd, wat pryse en voorrade betref, gewonne.

„Plaaslike konkurrente, wat selfs gevestigde besighede was, het al heel gou bewus geword van die nuwe kompetisie

en moes/

en moes dadelik rekening hou met hulle verkoopspryse en winste besnoei. Die winsbasis waarop die koöperasie besigheid gedoen het, was egter vir baie kapitaliste onbestaanbaar en hulle moes die een na die ander van die toneel verdwyn."[26)]

Stelselmatig is die handel in Oostelike Transvaal op hierdie wyse ingepalm en is die handelsonderneming van die O.T.K. tans aan van die magtigste aansprake op sy reg van bestaan. Die bewys vind ons in die verslag van die Raad van Direkteure vir die boekjaar geëindig 30 April 1953 toe gerapporteer is: „Dit is vir u Direksie verblydend om, soos die syfers wat hieronder aangehaal word ook aandui, te kan boekstaaf dat die handelsonderneming van u maatskappy nie alleen gesonde vordering maak nie, maar selfs 'n rekordomset van £2,302,857 behaal het gedurende die afgelope boekjaar. Voorts is dit aangenaam om te kan rapporteer dat vermelde syfers volgens ons kennis die grootste handelsomset in boerderybenodigdhede, omheiningsmateriaal, kunsmis en petrol (uitgesonderd graansakke) verteenwoordig wat nog ooit deur enige landboukoöperasie in Suid-Afrika behaal is gedurende 'n enkele boekjaar."

(Vir nadere besonderhede verwys ons na Hoofstuk IV.)

(5) Takke.

Die maatskappy beskik tans oor handelstakke op die volgende plekke:

1. Bethal (Hoofkantoor )
2. Amersfoort
3. Balfour
4. Belfast
5. Bergsig
6. Bronkhorstspruit
7. Carolina
8. Cullinan
9. Davel
10. Devon
11. Dullstroom
12. Eloff
13. Endicott
14. Ermelo
15. Estantia
16. Greylingstad
17. Groblersdal
18. Heidelberg
19. Hendrina
20. Holmdene
21. Kinross
22. Leslie
23. Marble Hall
24. Middelburg
25. Morgenzon
26. Nigel
27. Oogies
28. Paardekop
29. Platrand
30. Standerton
31. Stoffberg
32. Trichardt
33. Val
34. Volksrust
35. Wonderfontein

(Vir die/

(Vir die verspreiding van hierdie vyf-en-dertig takke oor die gebied verwys ons na die skets van depots en takke, soos vervat in Hoofstuk II.)

(6) Onderverdeling van verkope.

Die totale omset in boerderybenodigdhede sedert die stigting beloop die reuse som van £29,127,303, waarby die omset in graansakke van £6,503,722 nie ingesluit is nie. Die gemiddelde bruto-persentasie-kommissie waarteen boerderybenodigdhede aan lede verskaf is, het gewissel van 7% tot 8%. Dink daaraan as die O.T.K. nie bestaan het nie en profythandel was daarop toegewys om in hierdie behoefte te voorsien! Hierby moet in ag geneem word die £551,110 wat die O.T.K. sedert die beperk-wording, aan sy lede terugbetaal het in die vorm van bonusse en diwidende.[27)]

Gerieflikheidshalwe word die verkope van die handelsafdeling onderverdeel in:

Groep 1 - Brandstof, smeerolie en ghries.
2 - Kragvoer.
3 - Onderdele.
4 - Implemente en masjinerie.
5 - Boumateriaal, irrigasie en omheiningsmateriaal.
6 - Ysterware.
7 - Diverse.
8 - Veemiddels, dip- en spuitstowwe.
9 - Juutgoedere.

(7) Instelling van ŉ kredietskema.

In die volgende hoofstuk sal ook ŉ kort opsomming gegee word van die kredietverkope sedert instelling van die kredietskema vir verskillende afdelings. Daar sal ook dan gesien kan word op hoedanige wyse die lede deur middel hiervan voorsien word van die goedere wat deur die handelsafdeling verkoop word.

Tot 30 April 1953 is boerderybenodigdhede alleen op ŉ kontantbasis aan lede voorsien. Kompetisie was tot op daardie stadium hoofsaaklik toegespits op die verskaffing van dieselfde benodigdhede op ŉ kredietbasis. As gevolg hiervan en weens die druk van produsente, het die euwel van ongeoorloofde krediet met al sy gevare vir die maatskappy te voorskyn getree. Dit het die Direksie genoodsaak om vanaf 1 Mei 1953 goedere ook op krediet aan lede te verskaf en van-

daar die/

daar die instelling van 'n gekontroleerde kredietskema.

Die kredietskema het onder andere veroorsaak dat daar 'n aansienlike daling in die kontantomset getree het sodat dit byvoorbeeld in 1954/55 36.39% van die totale handelsomset uitgemaak het.[28] Dit het ook daarop gedui dat die kredietomset vermeerder in 'n tydvak van swak oeste wat beslis gevare vir die maatskappy ingehou het. So het dit gebeur dat met 'n nuwe verkoopsbeleid op 1 Julie 1956 begin is.

(8) Kritiese bespreking van die nuwe skema.

Die nuwe skema is gebore gedurende die reeks algemene jaarvergaderings wat aan die begin van 1956 gehou is toe die lede se gevoel daaromtrent baie duidelik verkry is.

Welvarende en finansieel-sterk lede is in staat om teen enige prys aan te koop, maar namate die verkopersmark wat sedert die jongste oorlog bestaan het, omswaai na 'n kopersmark, hou dit die gevaar in dat daar 'n verdere vermindering in die kontantomset kan intree met die gevaarlike groter druk op die verskaffing van kredietfasiliteite.

Die aangeleentheid het die aandag van die Raad tydens 'n Raadsvergadering gehou in Desember 1955, geniet en is verder behandel tydens 'n latere vergadering wat gedurende Maart 1956 gehou is. By daardie geleentheid is dit verwys na 'n Volmagskommissie van die Raad wat behoorlik op alle aspekte van die nuwe skema ingegaan het en wat tydens die Mei 1956 vergadering 'n verslag aan die Raad voorgelê het waarop besluit is dat die gewysigde verkoopsbeleid van 1 Julie 1956 in werking sou tree.

Ter verduideliking kan daarop gewys word dat voor 1 Julie 1956 'n eenvormige verkoopsprys gehandhaaf is ten opsigte van sowel kontantverkope oor die toonbank as verkope op 'n maandrekening. 'n Wysiging het hier in die verkoopsbeleid noodsaaklik geword om die volgende redes:[28]

(a) Lede hou nie van 'n renteheffing teen hulle rekenings nie;

(b) Die ekonomiese toestand van baie produsente vereis veiligheidshalwe 'n wysiging wat kontantaankope aanmoedig om die druk op kredietfasiliteite te verminder;

(c) Die beperkte fondse waaroor die maatskappy beskik, maak dit onmoontlik om in die volle kredietbehoeftes van lede te/

de te voorsien en gevolglik is dit vir die kontantposisie van die maatskappy noodsaaklik dat meer kontant- en minder kredietverkope moet plaasvind;

(d) Maandrekenings word tot 'n groot mate nie betyds betaal nie en die heffing van rente op agterstallige maandrekenings is 'n baie moeilike taak wat nie altyd uitgevoer kan word nie.

Die nuwe skema het die volgende behels, nl.

(a) 'n Kontantafslag van 2½% op alle kontantverkope oor die toonbank (behalwe kragvoer en brandstof waarop daar geen afslag is nie).

(b) 'n Byvoeging van 'n opslag van 5% op <u>alle</u> kredietverkope ongeag die termyn. (Dit het die rente vervang wat vroeër teen termynkrediet gehef is).

(c) 'n Afslag van 6¼% op maandrekenings wat betaal word voor die vyf-en-twintigste van die maand volgende op die maand waarin die aankope gedoen is. (Op kragvoer en brandstof is die afslag gelykstaande aan die opslag van hoogstens 5%).

(d) 8% rente word gehef teen agterstallige rekenings. In die geval van spesiale reëlings en seisoenrekenings is die rente slegs hefbaar wanneer die ooreengekome tyd vir die betaling van sodanige rekenings vir streke is. In die geval van maandrekenings word dit gelaat in die diskresie van die Hoofrekenmeester en die Kredietbestuurder aangesien dit billikheidshalwe nie onmiddellik gevorder kan word nie omdat die opslag van 5% reeds tot 'n mate daarvoor voorsiening maak.

(e) In die geval waar groter implemente op krediet aangekoop word en daar 'n deposito by aflewering betaalbaar is, word daar op sodanige kontantdeposito geen afslag toegestaan nie maar op die balans wat verskuldig bly word 'n opslag van 5% gehef.

In die praktyk kom die nuwe skema in gevalle waar lede nie kragvoer of brandstof aankoop nie, op die volgende te staan:

| | A | | B | | C | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ~~Aankope~~ | Kontant | | Maandrekening | | Seisoenrekening | |
| Aankope ..... | 100 - - | | 100 - - | | 100 - - | |
| Opslag ..... | - - - | | 5 - - | (5%) | 5 - - | (5%) |
| | 100 - - | | 105 - - | | 105 - - | |
| Afslag ..... | 2 10 - | (2½%) | 6 5 - | (6¼%) | - - - | |
| Bedrag betaalbaar | £97 10 - | | £98 15 - | | £105 - - | |

N.B. Dit dien gemeld te word dat die afslag of diskonto bereken word op die aankoopsprys van die goedere en nie op die totale bedrag van die kredietverkope waarby die opslag reeds ingesluit is nie.

(9) Magte en pligte van ŉ takbestuurder.

Dit is onmoontlik om hier volledig op hierdie aspek in te gaan, maar tog wil ons na twee belangrike sake kortliks verwys.

(a) Aflewering van goedere.

Ten opsigte van die aflewering van goedere aan lede en andere verwys ons na ŉ Omsendbrief No. 1958/16: „Dit is noodsaaklik dat ŉ lid persoonlik sal teken vir die ontvangs van alle goedere wat hy op ŉ kredietbasis mag aankoop. In gevalle waar ŉ lid se boerdery deur ŉ voorman behartig word, is dit ŉ vereiste dat ŉ skriftelike magtiging van die lid verkry word wat aan die hoofkantoor besorg moet word waarvolgens sy voorman gemagtig is om aankope namens hom te doen. In sulke gevalle word verlang dat die voorman dan sy eie naam teken wanneer hy aankope namens die lid doen.

„Indien ŉ lid goedere per telefoon bestel en hy versoek dat dit buite geplaas word ..... moet hy daarop gewys word dat die goedere op sy verantwoordelikheid buite sal lê. Op die faktuur moet u dan aanteken dat die goedere buite geplaas is op die lid se risiko.

„Indien lede briewe sou saamstuur met werkers om benodigdhede te kry ..... moet op die faktuur aangeteken word ‚Per brief' en sodanige brief moet aan die afskrifte van die faktuur geheg word vir insending na Hoofkantoor. Sonder ŉ skriftelike opdrag ..... dan moet die naturel se naam en sy pasboeknommer op die faktuur aangeteken word.

„Wanneer ŉ lid per geleentheid goedere namens ŉ ander lid neem ..... moet die persoon wat die goedere neem sy eie naam teken en moet sy adres ook verkry word."

Hierdie prosedure is na ons mening heeltemal geregverdig deur dat dit in geval van ŉ dispuut, eerstens die maatskappy van alle blaam onthef, tweedens die amptenaar vrywaar en derdens die lid beskerm.

(b) Voltooiing van voorraadlyste.

By die voltooiing van voorraadlyste moet A-voorrade, B-voorrade en C-voorrade op aparte lyste aangetoon word deur

die takbestuurder/

die takbestuurder. Voorrade onder A verteenwoordig die gewone verkoopbare voorrade. B-voorrade verteenwoordig verouderde en moeilik verkoopbare voorraad wat die Handelsinspekteur gedurende die betrokke jaar van die gewone voorraad geskei het. C-voorrade is dié wat reeds die vorige jaar van die gewone voorraad geskei is.

Ook hierdie metode van voorraadrekordhouding is heeltemal wenslik, want verouderde voorrade is dooie kapitaal en moet so ver moontlik beperk word.

(10) Onderafdelings.

Die handelsafdeling van die O.T.K. word verdeel in die volgende onderafdelings, nl.

1. Intern (Hoofkantoor)
   a. Inspeksie
   b. Kunsmis
   c. Faktuur
   d. Aankoop
2. Ekstern
   a. Distribusie van benodigdhede aan sentrums
   b. Voorraadrekordhouding aan elke sentrum
   c. Uitstallings
   d. Herstelwinkeldienste

Twee onderafdelings wat besondere vermelding verdien, is die Interne Ouditeurs- en Inspeksieafdeling. Die werksverdeling tussen die interne ouditeurs en die handelsinspekteur is soos volg:

A. Interne ouditeurs.
   1. Kontrole oor handelsvoorrade
   2. Merk van voorrade
   3. Toestand van voorrade
   4. Nasien van kontant, kleinkas, ens.
   5. Kredietkaarte nagaan
   6. Uitrusting

B. Handelsinspekteur.
   1. Lede besoek
   2. Tentoonstelling
   3. Voorrade, bestellings, opname, ens.
   4. Personeelaangeleenthede
   5. Lone en onkoste
   6. Registers, o.a. gifstowwe, bywoning, ens.
   7. Yking van skale
   8. Geboue en terreine.

Die belangrikheid/

Die belangrikheid van die pligte van bogenoemde persone word terdeë besef.

(11) Prysberekeningsbasis.

Ten slotte iets oor die vasstelling van uitboekpryse. Ter verduideliking omskryf ons eers die term uitboekpryse. Daarmee word bedoel die pryse waarteen die aankoopsafdeling in die Hoofkantoor die goedere uitboek aan die verskillende takke. Of dit vir die lid van enige belang is, is maar te duidelik, want dit is hy wat die prys gaan betaal.

Hoe word daardie prys vasgestel of bereken? Die Hoofbestuurder vat dit soos volg saam: „Opsommenderwys kan dus hier gekonstateer word dat prysberekening in die geval van ʼn landboukoöperasie plaasvind op ʼn basis van aankoopsprys plus ʼn redelike kommissie wat die uitgawes verbonde aan aankoop- en verkoopskoste, rente (indien enige), assuransie van voorrade, onderhoud en reparasie van geboue en uitrusting, waardevermindering van vaste bates en ander administratiewe kostes moet dek. Daarenbo moet daar in so ʼn handelsonderneming voorsiening gemaak word vir ʼn marge wat aangewend kan word om ʼn reserwe op te bou vir die waardevermindering van voorrade wat noodwendig gedra word. Die koöperatiewe wet en die Statute van ʼn landboukoöperasie maak dan ook voorsiening dat daar aan die einde van die boekjaar, as die toegelate marge, nadat kostes soos hierbo uiteengesit, gedek is, nog ʼn aansienlike surplus getoon word, ʼn winsverdeling plaasvind aan die lede in die vorm van ʼn bonus op omset volgens elke lid se ondersteuning."[29)]

Die prysbepalingsbasis word dus hier nooit bereken volgens die pryspeil wat plaaslike profythandel handhaaf nie, maar bloot en alleen op die basis van die gesonde finansiële beginsels. Hierdie beginsel is ʼn beskermende maatreël teen uitbuiting en vir die kleinboer wat andersins nie die mag van kapitaal tot sy beskikking het om prysafdwinging by die profythandel te forseer nie, is dit die aangewese middel om daardeur dieselfde voordele as die kapitaalkragtige boer te bekom.

Wat verder hier van belang is en nog nie genoem is nie, is die berekening van spoorwegtariewe. Dit is nie ingesluit in die kosprys nie en moet dus ook bygereken word. Die O.T.K. is hier gelukkig om oor die dienste van iemand

met vorige/

met vorige ondervinding in die verband, te beskik. Daar die Spoorweë ook die goedere in groepe verdeel waarvoor standaard-tariewe gehef word, kan die uitboekprys redelik goed bereken word sodat 'n billike kommissie verdien word. (Die takbestuurder ontvang die goedere teen die uitboekprys en hy weet dus nie wat die kosprys daarvan is nie. By voorraadopname vir die finale state en rekenings word die voorrade weer terug bereken tot kosprys.) Die gemiddelde bruto-persentasie-kommissie waarteen boerderybenodigdhede aan lede verskaf is, kom te staan op tussen 7% en 8%[29], wat volgens ons mening heeltemal redelik is, gesien uit die oogpunt van die lid. (Indien die pryse te hoog vasgestel is, ontvang hy buitendien ook 'n terugbetaling in die vorm van 'n bonus op omset. Hierdie beleid word egter nie in die O.T.K. gevolg nie en die strewe is eerdër om die goedere aan lede te verskaf teen die laags-moontlike pryse).

c. <u>Sekretariële Departement</u>.

Die O.T.K. is een van die grootste enkele ondernemings in die Oos-Transvaalse Hoëveld en is nou saamgeweef met die bedrywighede en belange van die inwoners van die gebied en die van ander eksterne instansies.

Die aktiwiteite van die koöperasie bestaan uit 59 graanontvangsdepots, 35 verspreidingsdepots vir boerderybenodigdhede, twee mieliemeulens, 'n werkswinkel, grondbone- en saadverwerkingsentrums, terwyl die administrasie van die organisasie, wat 'n gebied van ongeveer 30,000 vierkante myl bedien, in die Hoofkantoor gevestig is. As verder in ag geneem word dat die maatskappy 14,534 lede het en dat dit beskik oor 'n personeel van nagenoeg 500 blankes, kan die omvang van die aktiwiteite afgelei word. As origens in gedagte gehou word dat die O.T.K. optree as agent van verskillende beheerrade, dat dit geaffilieer is met verskeie landbou-unies, dat dit korrespondeer met die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, en dat dit beskik oor sy eie drukpersafdeling, landbouvoorligtingsdiens en eie kwartaallikse lyforgaan, is dit verstaanbaar dat daar 'n spesiale afdeling moet wees wat 'n behoorlike koördinasie van werksaamhede daarstel. Hierdie afdeling is die Sekretariële Departement.

Om die verband tussen die onderafdelings van die afdeling

aan te/

aan te toon, stel ons dit skematies soos volg voor:

- Sekretariële afdeling
  - Administratiewe afdeling.
    - Personeel (Aanstellings, uitdienstredings, verlofreëlings en alle rekordhouding).
    - Ongevalle-versekering en eise vir alle werknemers.
    - Pensioenskema en Mediese Bystandfonds.
    - Inkomende en uitgaande korrespondensie.
    - Agentskapsooreenkomste met Beheerrade e.a.
    - Notule Raadsvergaderings.
    - Drukpersafdeling.
    - Affiliasies met S.A.L.U., T.L.U. en Distrikslandbouunies asook advertensie en donasies.
    - Korrespondensie met Registrateur, Landbank, ens.
  - Algemene afdeling.
    - Lede-aangeleenthede.
    - Kwartaallikse amptelike lyforgaan.
    - Landbouvoorligtingsdiens.
    - Assuransie.
    - Eiendomsregister en instandhouding van geboue.
    - Uitrustingrekord en instandhouding van voertuie.

d. <u>Rekenkundige Departement</u>.

(1) <u>Algemeen</u>.

Indien die vraag gestel mag word of kontrole in die O.T.K. wel noodsaaklik is, sal die antwoord seer seker bevestigend wees, veral as daar gelet word op die bedrywighede van die Maatskappy, die samestelling van die organisasie en die doel wat dit nastreef.

As daar gelet word op die groot omset wat behaal word ten opsigte van die handel en hantering van produkte, 'n om-

set wat/

set wat nog steeds groei, en as verder in aanmerking geneem word die verskillende administratiewe kanale wat uiteindelik saamvloei tot hierdie omset, dan word besef hoe noodsaaklik kontrole is.

In so 'n organisasie, saamgestel in sy verskillende afdelings, met verantwoordelike amptenare wat elkeen beskik oor 'n onderdeel van die Maatskappy se aangeleenthede hetsy in die produkte- of handelsafdeling, d.w.s. takke en ontvangsdepots of in die Hoofkantoor, is dit duidelik waarom kontrole noodsaaklik is. Die noodsaaklikheid daarvan word nie alleen beoog om die saak as 'n geheel te beskerm nie maar ook om elke amptenaar te help en te beskerm in die uitvoering van sy of haar pligte.

Waar dit die doel van die O.T.K. is om goeie en bevredigende diens aan sy lede te lewer, kan die doel alleenlik verwesenlik word as daar kontrole by elke afdeling is. Sonder enige vorm van beheer kan verwag word dat verwarring sal ontstaan wat uiteindelik sal lei tot nadeel en selfs tot die ondergang van die organisasie.

Met vrymoedigheid kan verklaar word dat die noodsaaklikheid van kontrole in die O.T.K. deeglik besef word en dat daar steeds nuwe pogings aangewend word om die belange van die Maatskappy doeltreffend te beheer.

Hoe word beheer of kontrole uitgeoefen oor die aktiwiteite van die O.T.K.? In kort, deur boek te hou. R.N. Carter, in sy boek, in Afrikaans vertaal deur J.A. en E.L. Grové[30], definieer boekhou „as die wetenskap en die kuns van 'n juiste weergawe in rekeningboeke van al daardie besigheidstransaksies wat die oordrag van geld of geldwaarde as resultaat het." Dit mag ook gesien word as die kuns om handelstransaksies op 'n reëlmatige en sistematiese wyse te boek te stel; die kuns om so boek te hou dat die juiste staat van die onderneming en eiendom daaruit bepaal kan word. Die doelstellings van boekhou sien bogenoemde skrywers tweeledig, nl.

(1) om 'n permanente rekord van alle transaksies te hê;

(2) om die effek van elke transaksie en die gekombineerde effek van al die transaksies op die finansiële posisie van die betrokke party aan te dui.[30]

Daar bestaan nie 'n suiwer koöperatiewe boekhoustelsel nie. Boekhou is basies dieselfde, maar die verskil is daar-

in geleë/

in geleë dat dit aangepas word om in die behoeftes te voorsien. So vind mens dat daar geen boekhoustelsel is wat byvoorbeeld algemeen gevind word by landboukoöperasies nie, hoewel daar tog 'n mate van ooreenkoms bestaan. Die Wet op Koöperatiewe Verenigings bepaal slegs dat boeke en dokumente gehou moet word wat duidelik en presies die transaksies aantoon. Die O.T.K. se boekhouding word ingerig na die eise van die omvang van die sake van die maatskappy. Van tyd tot tyd is dan ook verbeteringe aangebring.

(2) Die boekhoustelsel.

Ondanks die geografiese uitgestrektheid van die gebied waarin die O.T.K. optree, word alle rekenings van lede in die Hoofkantoor te Bethal geadministreer. Hierdie sentralisasie hou verskillende voordele in. Herhaalde kere het lede al gevra dat oorweging gegee word aan byvoorbeeld die wenslikheid om die opbrengste van gelewerde produkte by elke sentrum uit te betaal. Van-uit 'n praktiese oogpunt gesien, bestaan daar heelwat probleme wat 'n plaaslike uitbetalingstelsel eenvoudig onmoontlik maak. Dit sou beteken dat die koöperasie beskik oor sowat vyftig sentrums of ten minste vyf-en-dertig indien dit by elke tak uitbetaal sou word. Die nodige rekenkundige personeel sal dan aan elke sentrum geplaas moet word. Hierdie tipe werker is skaars en moet 'n goeie besoldiging ontvang en die administrasiekoste sal dus aansienlik toeneem. Daar sal ook geen volle besetting wees van arbeidsure nie. In die meeste ander ondernemings word die reg om tjeks te teken slegs gedelegeer aan enkele van die mees senior amptenare. Tans word ook net een stel rekords gehou van kredietverpligtings van lede en die opbrengs van hulle oeste.

(3) Samestelling van die afdeling.

As daar gekyk word na die samestelling van die Rekenkundige departement sien ons dat dit uit vier hoofgroepe bestaan, nl.

(a) Voorraadkontrole vanuit 'n gespesialiseerde afdeling in die Hoofkantoor en die dienste van twee interne ouditeurs wat fisiese toetse ter plaatse deur die jaar maak;

(b) Privaat Grootboekafdeling. Dit behandel alle rekenkundige aspekte rakende finansiële beheer en kontrole,

betaling/

- Ouditeure
  - Hoofrekenmeester
    - Rekenkundige afdeling (Rekenmeester)
      - Assistent Rekenmeester. (Produkte)
        - P.G.B. (Privaat Grootboek)
        - Maalbedryf
        - Graansakke
        - Produkte voorraadkontrole
      - Assistent Rekenmeester. (Algemeen en Handel)
        - P.G.B. Algemeen
          - P.G.B.
          - Salarisse
          - Skryfbehoeftes
          - P.G.B.
        - P.G.B. Handel
          - Voorraad kontrole
          - Interne ouditeurs
          - Faktuur afdeling
    - Kredietafdeling (Kredietbestuurder)
      - Persoonlike Rekeninge (Hoofklerk)
        - Toonbank
        - Algemeen
        - Reken en Boekhou masjiene

betaling van salarisse en lone, diverse krediteure en die ontvangs van alle inkomende gelde;

(c) Kredietafdeling. Die beheer en toekenning van krediet aan lede, elk op sy eie meriete, en die invordering van uitstaande gelde;

(d) Lede Grootboekafdeling. Dit sluit in die byhou van alle lederekenings, afrekenings ten opsigte van produktelewerings en uitbetalings.

Hierdie indeling van die boekhouding word vervolgens skematies voorgestel: Sien teenoorstaande pagina.

Daar die vertakkinge soos die Dagboeke (inkoop- en verkoopanalise) en die Privaat Grootboek ooreenkom met die algemene beginsels soos daagliks gevind word, konsentreer ons nou meer op die persoonlike-rekeninge-afdeling.

(4) Persoonlike-rekeninge-afdeling.

Hierdie afdeling het in verhouding met die ander afdelings die meeste amptenare en om die veelvuldige werksaamhede wat ontstaan het sover moontlik eweredig tussen die amptenare te verdeel, was die lederekenings in verskillende seksies gegroepeer, soos volg:

Groep 1 - A tot J
2 - K tot Q
3 - R tot Z

Hierby was ook nog 'n nie-lede-afdeling.

Al die transaksies van 'n persoon is op sy persoonlike rekening in een van bogenoemde groepe, aangebring. Daar is volledig rekord gehou van al sy kredietaankope, sy graanlewerings en uitbetalings. Elk van bogenoemde groepe of afdelings het beskik oor sy eie reken- en boekhoumasjiene.

Daar is egter gevind dat nadat die stelsel vir meer as vyftien jaar gevolg is, geweldig bespaar kon word deur dit te verander. Noukeurige ondersoek is ingestel en gedurende 1958 is oorgegaan tot 'n nuwe metode wat kortliks daarop neerkom dat weggedoen is met die verskillende seksies.

Met die ou stelsel het daar drie soortgelyke afdelings langs mekaar fungeer. Dit het beteken dat elke afdeling beskik het oor sy eie afdelingshoof, eie toonbankklerke, eie algemene klerke, eie masjienoperateurs(-trises). Die vraag het by sommige leidinggewende persone ontstaan waarom die afdelings nie saamgegooi kan word nie. Sekere berekeninge is/

ninge is gedoen en daar is onder andere bevind dat:

(a) vaste kapitaal bespaar kon word deurdat minder geld vereis word vir 'n belegging in masjiene. Dit kon gedoen word omdat die masjiene soos dit bestaan het in die ou stelsel nie ten volle beset is nie;

(b) Bedryfskapitaal verminder kon word. Dit kan geskied deurdat die amptenare verminder kan word. Voorheen het elkeen net te doen gehad met sy of haar afdeling. Die toonbankklerke is 'n goeie voorbeeld daarvan. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat daar op 'n goeie tyd geen lede by die K tot Q toonbank wag nie, terwyl daar by A tot J 'n hele aantal wag op bediening. Dit veroorsaak ook ontevredenheid by die wagtende lede. Met die saamgroepering in een geheel kon die werk beter verdeel word onder die amptenare en kon beter besetting van arbeidstyd en arbeidskrag verkry word.

(5) Betaling aan lede en andere.

Hoe ontvang die produsente nou betaling vir produkte deur hulle gelewer aan die O.T.K.? Dit is opsetlik dat hier gepraat word van produsente en nie van lede nie. Die rede is dat die O.T.K. as agent van die beheerrade verplig is om ook produkte te ontvang van nie lede.

Wanneer 'n boer sy graan lewer by die ontvangsdepot, ontvang hy 'n kwitansie daarvoor en op voorlegging van hierdie kwitansie geskied die uitbetaling (ten volle of by wyse van 'n voorskot) nadat enige bedrag verskuldig aan die Maatskappy, afgetrek is. Die voorlegging van die kwitansie kan persoonlik deur die lid geskied of dit kan ingehandig word by die Hoofstoorman wat dit dan instuur na die Hoofkantoor. Indien die kwitansie by die depot ingelewer word vir versending aan die Hoofkantoor, neem dit gewoonlik 'n week of twee voordat die produsent sy tjek direk van die Hoofkantoor ontvang.

(6) Finale Rekeninge.

Dit is geensins die bedoeling om die hele boekhoustelsel in besonderhede te behandel nie. Die boekhouding van die Maatskappy is verdeel in die volgende onderafdelings:

1) Graanafdeling

1) <u>Graanafdeling</u>.

(1) Mielierekening vir die drie jongste seisoene;
(2) Koringrekening vir die seisoen;
(3) Wintergraan-, Hawer-, Rog- en Garsrekening;
(4) Grondbonerekening (gedop en ongedop);
(5) Sonneblomrekening;
(6) Bonerekening;
(7) Kafferkoringrekening;
(8) Bastersaadrekening;
(9) Diverse produkterekening (direkte verkope);

2) <u>Inkomste- en uitgawerekening vir</u>

(1) Saadafdeling;
(2) Insektebestryding en stoorhigiëne;
(3) Droogoond;

3) <u>Handelsrekeninge vir</u>

(1) Landbougereedskap en algemene goedere;
(2) Massabrandstof;
(3) Kunsmis;
(4) Petrol;
(5) Graansakke;
(6) Maalbedryf;
(7) Herstelwinkel.

Hierna word 'n gesamentlike Produkte-inkomste en -uitgawerekening vir die jaar opgestel asook 'n Handelsinkomste en -uitgawerekening vir die boekjaar. Vir die assuransieagentskap en <u>Die O.T.Kaner</u> word ook aparte inkomste en uitgawerekenings opgestel.

Daarna word 'n algemene inkomste en uitgawerekening en 'n aanwendingsrekening opgestel. Dit is dus 'n verwerking van al bogenoemde rekenings.

(a) <u>Graan</u>.

Vir elke soort graan word 'n aparte rekening opgestel. Aan die uitgawe-kant van byvoorbeeld die mielierekening kom onder andere voor: Landbankrente op oesrekening, mieliehanteringskoste, seilgare en algemeen, assuransie, berokingskoste, spoorvrag en transport. As laaste item aan dié kant verskyn die oordragte na die volgende jaar en „die netto-

besparing/

besparing" wat oorgedra word na die produkte-inkomste en -uitgawerekenings. Dit is die hanterings- en opbergingstoelae op beheerde produkte min direkte koste.

Die balans in verband met die graan bevat egter net koste wat direk met die ontvange graan in verband staan. Administratiewe koste wat deur die Hoofkantoor gemaak word, word op ꞌn afsonderlike rekening aangegee, nl. die Hoofkantooradministrasierekening.

(b) Handel.

ꞌn Departementele handelsrekening word opgestel ten opsigte van die verskillende onderafdelings. Die bruto wins of bruto verlies word dan oorgedra na die Handelsinkomste en -uitgawe rekening.

Die bruto inkomste bestaan uit:

Landbougereedskap — ongeveer 88% van die totaal;

Massabrandstof — ꞌn klein persentasie;

Kunsmis — ongeveer 8% van die totaal;

Petrol — ongeveer 3% van die totaal;

Herstelwinkel — ꞌn baie klein persentasie.

Die belangrikste uitgawes op die rekening is die salarisse van Takamptenare en ook Hoofkantooramptenare wat gesamentlik sowat 50% van die totale uitgawe verteenwoordig.

Die netto inkomste of verlies word dan oorgedra na die Algemene Inkomste- en Uitgawerekening.

(c) Algemene Inkomste- en Uitgawerekening.

Die belangrikste inkomste word verteenwoordig deur die nettobesparing oorgedra vanaf die verskillende graanrekenings of van die Produkte-inkomste en -uitgawerekening, die surplus op die Handelsinkomste en -uitgawerekening en die saldo van die Handelsinkomste en -uitgawerekening van die meulens.

Hoofkantooradministrasiekoste maak die grootste persentasie uit van die koste, d.w.s. sowat 50% van die totaal. Rente betaal was vir die boekjaar 1958/59 die tweede grootste enkele item.

(d) Aanwendingsrekening.

In hierdie rekening verskyn die saldo van die Algemene Inkomste en -Uitgawerekening. Die balans wat oorgebring word van die vorige jaar word gewoonlik in die Al-

gemene/

gemene Reserwe volgens ledebesluit gestort.

Die aanwendingsrekening word deur die Raad van Direkteure aanbeveel en moet op die jaarlikse algemene vergadering bekragtig. Die netto bedrag beskikbaar vir verdeling vir 1958/59-boekjaar was £83,139.1.10. Hiervan het die lede as bonus en diwidend £36,698.1.7 ontvang; dit het 'n diwidend van 5% op Opbetaalde Aandelekapitaal en 'n bonus aan lede teen ½d. in die £ op omset ingesluit.

Nadat al die bogenoemde rekenings opgestel is, word die balansstaat op die gebruiklike wyse opgestel.

6. <u>OUDITEURE</u>.

Geen kontrole of beheer kan uitgeoefen word as die aktiwiteite nie op skrif gestel is nie. Daar moet egter ook die persone wees wat sorg dra dat dit wel na behore gedoen word en dit is die ouditeure. Toe navraag in 1923 gedoen is na ouditeure vir die Vereniging, is die bekende firma van destyds, Williamson en Stewart van Johannesburg, aanbeveel.

Die eerste finansiële state en ouditeursrapporte wat in 1924 voltooi is, dra reeds die stempel van dié firma wat die O.T.K. gedurende sy leeftyd met nougesette belangstelling waardevolle dienste bewys het. Die tweede jaar word die naam van die firma verander na James Stewart en Steyn en later na Stewart, Steyn en Kie. Vandag verskyn die naam nog onder aan die ouditeursrapport.

Die waarde van goeie en bekwame ouditeure word besef indien daar gekyk word na die rol wat mnr. Steyn gespeel het gedurende die O.T.K. se bestaan. Vandat die eerste bedryfsjaar afgesluit is, en daarna jaar na jaar, vind ons hom die strenge meester, besig om besprekings te voer met die Voorsitter en lede van die bestuur oor die finansiële posisie van die vereniging, oor die verbeterings in die kontrole-metodes, oor beleidsake in die bestuur, oor die handelsonderneming en oor sy amptenare.

In die vroeë jare het mnr. Steyn meer as een keer in die bresse getree vir die O.T.K. So vind ons dat hy in 1926 die Landbank nader in verband met sekere fondse wat die vereniging moes hê. Toe die onbeperkte vereniging in 1936 gelikwideer is om 'n beperkte maatskappy te word,

was sy/

was sy dienste onontbeerlik en van die allergrootste belang.

Volgens die opdrag wat die lede by geleentheid van die vorige Jaarvergadering gegee het, is die oudit van die boeke van die koöperasie weer in 1958/59 waargeneem deur die firma Stewart, Steyn en Kie. Die plaaslike tak van die firma onder leiding van mnr. Jannie Hugo, die plaaslike vennoot, het weer hul werk op bekwame wyse verrig.

## 7. KRITIESE SAMEVATTING.

Uit die aard van die saak berus die finale seggenskap by die lede, maar dit beteken nie dat hulle alleen die beheer het of dat hulle dit prakties self uitoefen nie. Inteendeel, dit is prakties onmoontlik dat meer as veertienduisend lede dit kan doen; daarby is dit ook wenslik dat die magte van beheer tot ŉ groot mate gedelegeer word aan verteenwoordigers, in hierdie geval die Raad van Direkteure.

Gemeet aan die maatstawwe van wetenskaplike bestuur sien ons dat die Direksie en Bestuur van die O.T.K. aan die vereistes voldoen. Elke aspek word wetenskaplik benader of dit vooruitbeplanning, rekordhouding of enige iets anders is. Die metode is steeds dié van ŉ ware wetenskap, nl. waarneming, analise en sintese.

Die organisasiestelsel in die maatskappy is gebaseer op eienskappe van die lyn- en funksionele organisasiestelsel. Voordele van albei word hier behou, bv. daar bestaan ŉ definitiewe lyn waarlangs die gesag en verantwoordelikheid beweeg; verdeling van arbeid word ingebring en die organisasie word nie rondom een persoon opgebou nie.

Ons wil konstateer dat die organisasiestelsel heeltemal met oorleg en op ŉ wetenskaplike basis saamgestel is. Dit beantwoord aan al die beginsels van organisasie soos gestel deur Cornell[31)], waarvan die belangrikste is, die sentralisasie van gesag en verantwoordelikheid.

---

B R O N N E .

1) Cornell, W.B.: Organization and Management in industry and Business. New York, 1943, p. 51.

2) Vgl. Idem, p. 39 - 47.

3) Kaarlehto, P.: On the economic nature of coöperation, p. 31.

4) Die Wet op Koöperatiewe Verenigings, No. 29 van 1939, art. 30.

5) Coetzee, F.J.J.: Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die Finansiering, Leiden, 1957, p. 69.

6) Idem, p. 10.

7) Idem, p. 12.

8) Art. 31 van die Statute van die O.T.K.

9) Roos, A.J.S.: „Die beheer van Koöperasies". Sesde kortkursus in Koöperasieleer, Potchefstroom 1959, p. 98.

10) Bos, C.J.: Sentraalwes as Landboukoöperasie, 1956, p. 46.

11) Coetzee, F.J.J.: a.w., p. 45.

12) Idem, p. 17.

13) Toespraak, Arnold Smith, tydens stigtingsvergadering. O.T.K., Gedenkuitgawe, 1944, p. 12.

14) Vgl. Hfstk. IV, paragraaf 3.

15) O.T.K., Gedenkuitgawe, 1944, p. 18.

16) Vgl. Boot en Bos se skripsies, respektiewelik pp. 8 en 17.

17) O.T.K., Die O.T.Kaner, Nov. 1958, p. 26.

18) Idem, p. 27.

19) Coetzee, F.J.J.: a.w., p. 17.

20) Minderhoud, G.: Landbouw-coöperatie in Nederland, p. 43.

21) Kaarlehto, P.: a.w., p. 96.

22) Deacon, N.J.: „Die Funksies van Koöperasies." Sesde Kortkursus in Koöperasieleer, Potchefstroom 1959, p. 26.

23) Prinsloo, A.L.: „Price Squeeze in figures." Georganiseerde Landbou, Desember 1959, p. 15.

24) O.T.K., Gedenkuitgawe, 1944, p. 28.

25) O.T.K., Die O.T.Kaner, Augustus 1960, p. 45.

26) O.T.K., Gedenkuitgawe, 1944, p. 26.

27) Swart, J.N.: „Was O.T.K. se handelsonderneming 'n geslaagde poging?"
Die O.T.Kaner, Augustus 1960, p. 45.

28) Verslag van konferensie van Takbestuurders van O.T.K. gehou op 22 Junie 1956, p. 3.

29) Swart, J.N.: „Prysberekeningsbasis waarop Landboukoöperasies boerderybenodigdhede aan hulle lede verskaf."
Die O.T.Kaner, Augustus 1960, p. 9.

30) Grové, J.A. en E.L.: Gevorderde Rekeninge, p. 1.

31) Cornell, W.B.: a.w., p. 39.

# HOOFSTUK IV.

## STATISTIESE ONTLEDING VAN DIE MAATSKAPPY.

### 1. INLEIDING.

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om met die hulp van tabelle en grafiese voorstellings, die groei van O.T.K. aan te dui. Daar sal dus hoofsaaklik gekonsentreer word op 'n statistiese ontleding van die gegewens van die Maatskappy om so die ontwikkeling oor 'n aantal jare, vanaf die ontstaan van die O.T.K., aan te dui.

Waar daar dalende of stygende tendense was, sal probeer word om redes daarvoor aan te voer. En hoeveel skynbare mislukkings en teenslae was daar nie?

In die volgende paragrawe word egter prestasies weergegee wat die hart streel by die aansien van wat 'n gekoöpereerde eenheid wel tot stand gebring het, maar sou dit nie nog veel beter gewees het as daar te alle tye volkome samewerking en wedersydse lojaliteit tussen die lede en hulle koöperasie was nie?

### 2. DIE AANTAL LEDE VAN DIE MAATSKAPPY.

a. Algemene opmerkinge:

Ons weet reeds dat daar jare was, veral tydens die aanvangsjare van die onbeperkte vereniging, dat die naam koöperasie by 90% van die produsente 'n slegte smaak in die mond gelaat het, 'n spotnaam asook — ons kan maar sê — by sommige 'n vloekwoord was. Afgesien daarvan dat hiervoor baie goeie redes was, was dit die anti-propaganda in die pad van die O.T.K. wat verwyder, oorbrug en oorweldig moes word.

Dit is nie nodig om daarop te wys dat die teenoorgestelde vandag waar is nie. Dit is algemeen bekend dat 'n baie groot persentasie van die produsente hulle toekoms aan koöperasie vasgebind het en daardie voorheen-gehate naam gekom het om vir altyd onder die mense en veral die landbouers te woon.

Maar daar was ook vooroordeel, onkunde en vyandigheid. 'n Oud-direkteur het een voorbeeld genoem: „Ek onthou nog hoe 'n vriend in 1926 aan my gesê het as ek met hom oor koöperasie wil gesels dan sal ek nie welkom in sy huis wees nie. In/

nie. In 1938 het 'n persoon aan my gesê dat hy trots is om 'n parasiet te wees deur die voorskotprys eers by die koöperasie uit te vind en daarna sy mielies aan die middelman te verkoop."[1])

Gelukkig kon hy ook byvoeg dat albei die persone later lede van die O.T.K. geword het.

b. Groei.

Aan die einde van die boekjaar 1936/37 het die ledetal op 2,030 gestaan en van toe af was daar 'n konstante en voortdurende vermeerdering totdat dit aan die einde van die jaar 1957/58 op 16,520 gestaan het. Dit beteken 'n toename van gemiddeld 658.6 lede per jaar. Die ledetal het op 14,534 te staan gekom aan die einde van die 1958/59-boekjaar. Hierdie vermindering het plaasgevind op aanbeveling van die Direksie en is deur die lede bekragtig ingevolge Artikel 20 van die Statute. Hierdie kansellasies is nodig geag omdat 'n groot aantal van die betrokke lede reeds vir baie jare onaktief was en in die meeste gevalle was die adresse nie eers meer bekend nie. In totaal is in die jaar 2,665 lidmaatskappe gekanselleer wat almal langs dié weg, sowel as ten opsigte van uitbetaling aan boedels, oordragte en so meer geskied het. Opsommenderwys is die kansellasies soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Art. 19 | - | Bedankings geldig tot op 1.10.58 ...... | 18 |
| 14 | - | Boedels uitbetaal 1.10.58 tot 30.9.59 . | 143 |
| 14a | - | Boerderye opgegee ...................... | 86 |
| 12 | - | Oordragte goedgekeur ................. | 38 |
| 14b | - | Oordragte na ander koöperasies ........ | 23 |
| | | Kansellasies ........................... | 2 |
| 20 | - | Kansellasies tydens die jaarvergadering van 1959 .............................. | 2,218 |
| 14d | - | Kansellasies deur die Direksie ........ | 137 |
| | | | 2,665 |


Die volgende tabel weerspieël die groei in die aantal lede:

TABEL 1.

LEDETAL VAN DIE O.T.K. +

| Datum | Aantal lede |
|---|---|
| 5 April 1923 (stigting) | 29 |
| 30 April 1924 | 199 |

+ Aangesien die presiese getalle 'n paar jaar nie beskikbaar was nie, is die tabel ietwat onvolledig.



Grafiek 1 - Groei van ledetal 1938/39 - 1958/59.
,000
17
16
15
14
13
12
11
10
9
8
7
6
5
Aantal
1938/39
1941
1943
1945
1947
1949
1951
1953
1955
1957
1959.
Jare

Vir die volgende jare (na 1924) was daar 'n gedurige aansluiting en bedanking en ons weet dat dit nooit die tweehonderdtal vêr oorskry het nie. Ons weet ook dat die O.T.K. in 1929 ongeveer 250 lede gehad het en dat dit in een maand aangegroei het met meer as tweehonderd; gedurende een seisoen het dit van 250 tot oor die 800 lede gestyg.

| Datum | Aantal lede |
|---|---|
| 30 April 1931 | 1,313 |
| 32 | 3,092 |
| 33 | 2,912 |
| 34 | 2,084 |
| 35 | 1,694 |
| 36 | 1,234 |
| 37 | 2,030 |
| 38 | 2,386 |
| 39 | 4,290 |
| 1940 | 4,656 |
| 41 | 5,001 |
| 42 | 5,724 |
| 43 | 6,464 |
| 44 | 7,024 |
| 45 | 7,375 |
| 46 | 8,117 |
| 47 | 9,286 |
| 48 | 10,347 |
| 49 | 11,213 |
| 1950 | 11,825 |
| 51 | 12,611 |
| 52 | 13,394 |
| 53 | 14,202 |
| 54 | 15,122 |
| 55 | 15,708 |
| 56 | 16,035 |
| 30 Sept. 1957 | 16,428 |
| 58 | 16,520 |
| 59 | 14,534 |

(Sien ook die grafiese voorstelling van die groei van die ledetal.)

c. Bespreking/

c. Bespreking van die gegewens.[2]

(1) 1929 - 1932.

Die geweldige toename in die ledetal vanaf 1929 tot 1932 kan toegeskryf word aan twee faktore, nl.

(a) die aansluiting van die lede van die aantal klein koöperasies. In 1930 het bv. die lede van die Standerton-omgewing na likwidasie van die Standerton-koöperasie aangesluit onder leiding van mnr. G.F. Kuun, later ondervoorsitter van die O.T.K. se Direksie. In 1931 is die grense verder uitgebrei na Springs nadat die Hoogeveld-koöperasie in 1929 van die rol geskrap is;

(b) die invloed van die depressie;

(2) 1932 - 1936.

Die redes vir die daling vanaf 1932 tot 1936 is ook reeds aangedui in Hoofstuk II paragraaf 4(c), maar ons dui dit weer kortliks aan, nl.

(a) die uitslag van die mieliepoel en die 1/9-tekort per sak van 1934;

(b) die voordele wat die ope mark by kere geniet het;

(c) die onbeperkte aanspreeklikheid wat nog verbonde was aan die ou vereniging.

(3) 1936 - 1959.

Die tydperk van konstante groei en vooruitgang dateer in werklikheid eers vanaf 1936/37 toe die Maatskappy oorgestig is tot een met beperkte aanspreeklikheid. Uitbreiding het toe reeds plaasgevind deur die insluiting van Middelburg, 1935, en Ermelo in 1937. Die ledetal is gedurende die eerste bedryfsjaar van die beperkte maatskappy versterk met 800 nuwe lede.

Opmerklik is dat die ledetal sedert die beperkwording elke jaar gegroei het tot in 1957/58. Verskillende faktore kan vir die groei in die ledetal verantwoordelik wees. Ons let vervolgens op enkele redes:

(a) Beperkte aanspreeklikheid.

Die geskiedenis van landboukoöperasies het bewys dat die beperkte stelsel voorkeur geniet bo die onbeperkte.[3] Uit Hoofstuk II paragraaf 2 is dit duidelik dat onbeperkte aanspreeklikheid 'n struikelblok was in die ontwikkeling van

landboukoöperasies/

landboukoöperasies in Oos-Transvaal en dat baie boere as gevolg daarvan buite gebly het.

(b) <u>Invloed van die Bemarkingswet.</u>

Koöperasie kan nie volledige stabiliteit in pryse bewerkstellig nie. Dit sien ons in die prysverloop gedurende die depressie. Om hierdie rede is die Bemarkingswet daargestel.

Die invloed van hierdie wet op landboukoöperasies was dat ŉ belangrike verandering in die aard en funksies daarvan teweeggebring is. Hulle is nie alleen van die pryshandhawingsfunksie onthef nie, maar in ŉ aansienlike mate ook van die verpligting om ŉ mark vir die produkte wat hulle hanteer te vind. Dr. Rörich[4)] toon ook aan hoe ŉ gunstige uitwerking die Bemarkingswet op die koöperatiewe beweging gehad het. Ons wil nou kyk hoe dit die boer geraak het wat nog nie lid van die O.T.K. was nie:

(i) <u>Sekuriteit ten opsigte van pryse:</u>

Die moontlikheid dat die koöperasie weer ŉ te hoë voorskot aan lede kon betaal, met die gevolglike moontlikheid van ŉ tekort, was nou uitgesluit. Die Bemarkingswet het vasgestelde pryse daargestel. Die risiko was dus veel minder.

ŉ Ander aspek het ook in die opsig vir die boer begin belangrik word, nl. die feit dat hy nou die volle prys kon ontvang wanneer hy die produk gelewer het, en daarteenoor voorskotte kon kry wat betref benodigdhede. Die koöperasie het die lid voorsien van graansakke en omdat die prys vasgestel was en hy die sakke ook al op ŉ kredietbasis kon verkry, was daar vir hom nie enige onmiddellike nadeel aan verbonde nie. (Vir hom was dit die hede wat belangrik was en baie het nie eers gedink oor ŉ moontlike gedwonge likwidasie nie).

(ii) <u>Bykomstige funksies;</u>

Ons het reeds daarop gewys dat die Bemarkingswet ŉ invloed gehad het op die aard van die funksies wat die koöperasies verrig het. Die maatskappy kon hom nou toespits op bykomstige funksies deurdat hy onthef is van die afsetfunksie. Gevolglik was die lidmaatskap nou aantrekliker. Dit, nl. die feit dat die maatskappy nou meer aandag kon bestee en sodoende die funksies kon verrig, het ŉ

verdere/

verdere gevolg gehad.

(c) Sukses van die koöperasie.

Die sukses van n koöperasie word gewoonlik gemeet aan die diens wat dit aan sy lede verskaf. Met die koms van die Bemarkingswet het, soos ons reeds gesien het, die maatskappy probeer om sy dienste uit te brei of doeltreffender te maak. Die aansluiting van steeds meer lede het die moontlikheid hiervan verder verbeter, want die omset kon steeds verhoog word en die besparing in die hande van die Direksie en lede kon teruggeploeg word in die onderneming. Opvallend is dat die koöperasie se totale omset vanaf 1945/46 tot 1954/55 toegeneem het van byna £1½-miljoen tot meer as £13½-miljoen. (Sien Tabel 28). Dat hierdie sukses wat behaal is, n gunstige uitwerking gehad het op die toename in lidmaatskap ly geen twyfel nie.

Of die toename wat tot dusver gehandhaaf is ook in die toekoms verwag kan word, is n ope vraag.

Die aantal aansoeke wat goedgekeur is vir die afgelope tien jaar is soos volg:

TABEL 2. AANSOEKE GOEDGEKEUR, 1948/49 - 1958/59.

| Jaar. | Aantal aansoeke goedgekeur. |
|---|---|
| 1948/49 | 797 |
| 1949/50 | 1,034 |
| 1950/51 | 673 |
| 1951/52 | 1,089 |
| 1952/53 | 879 |
| 1953/54 | 1,006 |
| 1954/55 | 885 |
| 1955/56 | 778 |
| 1956/57 | 898 |
| 1957/58 | 663 |
| 1958/59 | 523 |

As oorsaak vir die daling in dié syfers moet o.a. in gedagte gehou word dat die persentasie boere, binne die gebied van die O.T.K. wat nog nie lid is nie, besonder klein is.[5] Ons wil dan die bewering maak dat die ledetal in die toekoms nie meer so snel sal toeneem nie en selfs dat die aantal later min of meer konstant sal bly.[6] Die faktore wat die totale ledetal beïnvloed, is egter veel-

vuldig./

vuldig. So sal die beleid ten opsigte van gebiedsuitbreiding 'n belangrike rol speel.

## 3. DIE PRODUKTE-AFDELING.

In hierdie gedeelte sal met behulp van tabelle en grafieke die totale hoeveelhede van elke produk per jaar voorgestel word. Daarna sal 'n kort beskrywing gegee word van belangrike afwykinge in tendense. Hierdie bespreking word gesamentlik gedoen omdat daar 'n direkte verband bestaan tussen produkte en afwykinge, bv. 'n mislukking op 'n vroeë stadium by mielies het tot gevolg dat meer van 'n ander produk, bv. sonneblom, geplant kan word. In sommige gevalle sal moontlike faktore wat die skommelinge veroorsaak het, kortliks aangetoon word. Aan die einde sal samevattende besonderhede verstrek word van die totale hoeveelheid graan hanteer deur die O.T.K.

Ongetwyfeld die belangrikste produk wat hanteer word, is mielies, en daarom word daarmee begin.


a. Mielies hanteer.

TABEL 3. MIELIES HANTEER, 1923/24 - 1958/59.

| Boekjaar<br>~~1923/24~~ | Hoeveelheid sakke | Waarde £ | Persentasie van totale omset |
|---|---|---|---|
| 1923/24 | 60,220 | | |
| 25 | 53,724 | | |
| 26 | 86,166 | | |
| 27 | + | | |
| 28 | 66,916 | | |
| 29 | 106,304 | | |
| 30 | 33,779 | | |
| 31 | 520,631 | | |
| 32 | 1,552,243 | | |
| 33 | 1,224,141 | | |
| 34 | 308,324 | | |
| 35 | 356,560 | | |
| 36 | + | | |
| 37 | 277,379 | 149,203 | 59.8 |
| 38 | 819,424 | 324,815 | 63.4 |
| 39 | 619,187 | 263,604 | 61.3 |
| 40 | 1,777,893 | 942,316 | 79.1 |
| 41 | 1,005,432 | 564,395 | 64.8 |

1941/42/

+ syfers nie beskikbaar nie.



Grafiek 2 - Mielies gehanteer 1923/24 - 1958/59
'000,000
6½
6
5½
5
4½
4
Hoeveelheid sakke
3½
3
2½
2
1½
1
½
1925
1930
1935
1940
1945
1950
1955
1960
Jare

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1941/42 | 1,375,704 | 817,859 | 68.1 |
| 43 | 921,364 | 726,224 | 54.1 |
| 44 | 1,724,619 | 1,445,343 | 64.4 |
| 45 | 816,249 | 758,915 | 51.5 |
| 46 | 1,029,641 | 1,048,630 | 56.4 |
| 47 | 1,039,447 | 1,266,408 | 58.9 |
| 48 | 2,153,489 | 2,352,046 | 68.9 |
| 49 | 2,245,031 | 2,575,976 | 56.0 |
| 50 | 3,238,529 | 3,869,630 | 59.5 |
| 51 | 2,522,238 | 3,013,515 | 49.7 |
| 52 | 2,497,463 | 3,141,969 | 41.1 |
| 53 | 3,103,368 | 4,413,383 | 45.0 |
| 54 | 3,943,729 | 5,964,722 | 47.7 |
| 55 | 4,297,857 | 6,780,315 | 49.8 |
| 56 | 4,469,953 | 6,795,449 | 49.5 |
| 57 | 6,607,104 | 9,752,782 | 47.3 |
| 58 | 2,808,590 | 4,127,726 | 39.3 |
| 59 | 3,191,018 | 4,821,723 | 39.5 |

(Sien Grafiek 2).

Uit dié tabel en grafiese voorstelling kan duidelik gesien word met watter probleme die Bestuur en Direksie te doen gehad het. Nie alleen was daar skommelinge in die ledetal nie, maar het die mielieproduksie geweldig gewissel oor die 36 jaar. Opvallend is die hoogtepunt van 1932. Dit kan toegeskryf word aan die skielike „koöperasiegees" wat ontstaan het — die koöperasie was die toevlugsoord met die depressie. (Vgl. Hoofstuk II paragraaf 4). In 1934 en 1935 wee was die lae ontvangste die gevolg van die uittrede van 'n groot aantal lede.

Vanaf 1936/37 vind ons nog 'n gedurige speling van jaar tot jaar en dit toon onder andere die invloed van die onbeheerbare faktore waarmee die mielieprodusent te doen het, d.w.s. sy afhanklikheid van die klimaatstoestande.

'n Verdere punt wat verduideliking vereis is die 6,607,104 sakke wat gedurende die boekjaar 1956/57 hanteer is. Dit was die gevolg van 'n besluit om die einde van die finansiële jaar te verander na 'n minder besige tyd, waardeur bogenoemde boekjaar 17 maande lank was.

As die O.T.K., met behulp van die syfers in Tabel 3, vergelyk word met die ander twee groot mieliekoöperasies t.w. Sentraalwes en Noordwes, word die volgende opgemerk.[7]

(1) Hoewel/

(1) Hoewel mielies ook by die O.T.K. die vernaamste gewas is wat hanteer word, is die aantal sakke wat deur die ander twee elk hanteer word baie meer. Met die stigtingsjaar het die O.T.K. 60,220 sakke ontvang teenoor die 66,737 sakke van Noordwestelike Koöperasie en die 422,693 sakke van Sentraalwes vir daardie bepaalde bedryfsjaar. Gedurende 1958/59 het die koöperasies soos volg die mielies hanteer:

Sentraal-westelike Koöperatiewe Maatskappy — ongeveer 11-miljoen sakke;[8)]

Noord-westelike Koöperatiewe Maatskappy — 7,547,044 sakke;

Oostelike Transvaalse Koöperasie Beperk — 3,191,018 sakke.

(2) Al drie landboukoöperasies het gedurende 1931, 1932 en 1933 baie meer mielies hanteer as die jare onmiddellik daarvoor en daarna.

(3) Volgens die syfers het Sentraal-wes die meeste mielies hanteer.

(4) Styging en daling wissel mekaar feitlik jaar na jaar af.

Die totale omset wat in mielies in die ou vereniging behaal is, was £2,187,650. Dié van die 23 jaar beperkte aanspreeklikheid het £65,914,348 beloop. Die groot totaal aan die einde van die 1958/59-boekjaar was £68,101,998.

b. <u>Koring en ander produkte gehanteer</u>.

TABEL 4. KORING ONTVANG, 1935/36 - 1958/59.

| Boekjaar | Sakke ontvang | Geldwaardes as persentasie van totale omset |
|---|---|---|
| 1935/36 | 7,606 | |
| 37 | 31,526 | 6.5 |
| 38 | 31,827 | 14.1 |
| 39 | 68,558 | 9.8 |
| 40 | 69,669 | 5.8 |
| 41 | 108,899 | 13.9 |
| 42 | 94,126 | 11.3 |
| 43 | 169,372 | 18.5 |
| 44 | 180,248 | 13.7 |
| 45 | 111,993 | 14.0 |
| 46 | 56,982 | 5.5 |
| 47 | 64,572 | 5.9 |

1947/48/

| | | |
|---|---|---|
| 1947/48 | 70,726 | 4.2 |
| 49 | 119,849 | 2.8 |
| 50 | 144,779 | 4.9 |
| 51 | 192,282 | 7.3 |
| 52 | 267,429 | 8.9 |
| 53 | 161,125 | 4.6 |
| 54 | 189,097 | 4.2 |
| 55 | 251,434 | 5.1 |
| 56 | 280,846 | 5.7 |
| 57 | 332,105 | 4.6 |
| 58 | 285,210 | 7.2 |
| 59 | 393,847 | 6.9 |

(Sien ook Grafiek 3).


In 1935, nadat koringprodusente in die omgewing van Middelburg aangesluit het, het die O.T.K. vir die eerste keer koring hanteer. Tot by die ontbinding van die ou vereniging in 1936 was die totale aantal sakke koring gehanteer slegs 7,606 met ŉ omset van £7,030. Vanaf 1936 is die Middelburgse laeveld ook ingesluit en is aansienlik meer koring hanteer. In 1938 het die Maatskappy die agentskap van die Koringraad aanvaar en al die koring van lede en nie-lede ontvang in die gebied onder sy beheer, met die gevolg dat koring die tweede vernaamste produk geword het.

Ook hier is die faktore wat die aanbod van landbouprodukte beïnvloed, duidelik sigbaar. Dit is egter opvallend dat die produksie van die afgelope paar jaar nie veel gewissel het nie. Het die landbouvoorligtingsdiens van die O.T.K. miskien ŉ rol gespeel?

Volgens mnr. L.T. Booysen, hoofvakkundige beampte van die O.T.K. se landbouvoorligtingsdiens, kan die Oos-Transvaalse Hoëveld ŉ belangrike bydrae lewer om die koringskuur van Suid-Afrika te vul.[9] Die verbouing van koring in die streek gaan egter gepaard met ŉ hoë mate van risiko. Daarom is dit noodsaaklik dat by die verbouing van hierdie gewas die uiterste versigtigheid aan die dag gelê word. Mnr. Booysen toon aan dat dit ook ŉ heilsame uitwerking op die totale produksie van landbouprodukte en die struktuur en vrugbaarheid van die grond kan hê omdat koring opgevolg kan word deur ŉ ander gewas.

Vervolgens/

Grafiek 3 - Koring, Bone en Kafferkoring ontvang 1946/47 - 1958/59.



Vervolgens gee ons opsommings van die totale aantal sakke gehanteer in elke produk.

TABEL 5. BONE HANTEER, 1942/43 - 1958/59.

| Boekjaar | Hoeveelheid sakke | Boekjaar | Hoeveelheid sakke |
|---|---|---|---|
| 1942/43 | 47,130 | 1950/51 | 48,331 |
| 44 | 7,334 | 52 | 108,069 |
| 45 | 9,751 | 53 | 82,903 |
| 46 | 17,914 | 54 | 108,574 |
| 47 | 27,789 | 55 | 69,008 |
| 48 | 33,116 | 56 | 20,008 |
| 49 | 65,679 | 57 | 161,180 |
| 50 | 52,233 | 58 | 17,251 |
| | | 59 | 20,185 |

(Sien Grafiek 3).

TABEL 6. KAFFERKORING HANTEER, 1942/43 - 1958/59.

| Boekjaar | Hoeveelheid sakke | Boekjaar | Hoeveelheid sakke |
|---|---|---|---|
| 1942/43 | 10,373 | 1950/51 | 43,305 |
| 44 | 14,288 | 52 | 66,498 |
| 45 | 8,649 | 53 | 104,519 |
| 46 | 11,152 | 54 | 264,420 |
| 47 | 8,070 | 55 | 160,820 |
| 48 | 18,795 | 56 | 63,301 |
| 49 | 43,529 | 57 | 563,548 |
| 50 | 41,875 | 58 | 310,304 |
| | | 59 | 527,950 |

(Sien Grafiek 3).

TABEL 7. SONNEBLOM HANTEER, 1942/43 - 1958/59.

| Boekjaar | Hoeveelheid sakke | Geldwaarde as % van totale omset | Boekjaar | Hoeveelheid sakke | Geldwaarde as % van totale omset |
|---|---|---|---|---|---|
| 1942/43 | 3 | | 1950/51 | 57,406 | 1.0 |
| 44 | 190 | | 52 | 197,323 | 2.9 |
| 45 | 260 | | 53 | 234,843 | 2.8 |
| 46 | 104 | | 54 | 227,444 | 2.0 |
| 47 | 1,229 | 0.1 | 55 | 233,895 | 2.0 |
| 48 | 4,039 | 0.2 | 56 | 252,763 | 2.0 |
| 49 | 46,200 | 1.2 | 57 | 608,622 | 3.1 |
| 50 | 86,868 | 1.4 | 58 | 340,526 | 3.2 |
| | | | 59 | 423,436 | 3.5 |

(Sien Grafiek 4)

TABEL 8. HAWER HANTEER, 1942/43 - 1958/59.

| Boekjaar | Hoeveelheid sakke | Boekjaar | Hoeveelheid sakke |
|---|---|---|---|
| 1942/43 | 32,571 | 1950/51 | 961 |
| 44 | 71,485 | 52 | 21,187 |
| 45 | 82,833 | 53 | 7,804 |
| 46 | 56,962 | 54 | 4,203 |
| 47 | 1,058 | 55 | 2,241 |
| 48 | 574 | 56 | 4,136 |
| 49 | 1,337 | 57 | 14,956 |
| 50 | 1,190 | 58 | 54,913 |
| | | 59 | 37,579 |

TABEL 9. ROG HANTEER, 1948/49 - 1958/59.

| Boekjaar | Hoeveelheid sakke | Boekjaar | Hoeveelheid sakke |
|---|---|---|---|
| 1948/49 | 913 | 1954/55 | 143 |
| 50 | 1,314 | 56 | 300 |
| 51 | 681 | 57 | 1,256 |
| 52 | 744 | 58 | 6,839 |
| 53 | 278 | 59 | 3,818 |
| 54 | 244 | | |

TABEL 10. GARS HANTEER, 1948/49 - 1958/59.

| Boekjaar | Hoeveelheid sakke | Boekjaar | Hoeveelheid sakke |
|---|---|---|---|
| 1948/49 | 266 | 1954/55 | 2,052 |
| 50 | 455 | 56 | 2,084 |
| 51 | 281 | 57 | 805 |
| 52 | 2,101 | 58 | 776 |
| 53 | 6,022 | 59 | 383 |
| 54 | 10,922 | | |

TABEL 11./



Grafiek 4 - Sonneblom en Grondbone gehanteer 1949 - 1959
Sonneblom
Grondbone
AANTAL SAKKE
,000
600
575
550
525
500
475
450
425
400
375
350
325
300
275
250
225
200
175
150
125
100
75
50
25
1948
49
50
51
52
53
54
55
56
57
58
59
JARE

TABEL 11. GRONDBONE HANTEER, 1948/49 - 1958/59.

| Boekjaar | Hoeveelhede Ongedop | Gedop | Totaal | Geldwaarde as % van totale omset |
|---|---|---|---|---|
| 1948/49 | 42,188 | 3,857 | 46,045 | 2.0 |
| 50 | 38,600 | 3,916 | 42,516 | 1.3 |
| 51 | 27,722 | 6,293 | 34,015 | 1.2 |
| 52 | 42,798 | 2,289 | 45,087 | 1.4 |
| 53 | 101,307 | 2,383 | 103,690 | 1.9 |
| 54 | 115,986 | 2,693 | 118,679 | 1.6 |
| 55 | 150,620 | 13,873 | 164,493 | 2.9 |
| 56 | 233,094 | 20,107 | 253,201 | 3.7 |
| 57 | 359,121 | 44,398 | 403,519 | 4.1 |
| 58 | 108,452 | 11,845 | 120,297 | 1.9 |
| 59 | 192,523 | 13,721 | 206,244 | 3.0 |

(Sien Grafiek 4).

c. Algemene bespreking.

Indien ŉ ontleding gemaak word van Grafieke 2 en 3, asook van die bygaande syfers in Tabelle 3 tot 11, toon dit dat verskille in opbrengs van jaar tot jaar in die algemeen ooreengekom het met die tendense soos dit by die mielieproduksie aangetref is.

Grafiek 3 en 4 word eers bespreek. As in aanmerking geneem is dat albei op dieselfde skaal geteken is vir dieselfde jare, dan is daar ŉ opvallende ooreenkoms, veral by die volgende produkte, nl. koring, kafferkoring, sonneblom en grondbone, maar selfs die bone se tendense is soortgelyk. By almal vind mens ŉ stygende tendens vanaf 1949 tot 1957 (afgesien van die 17 maande van dié boekjaar). Kafferkoring en bone vertoon elk ŉ laagtepunt in 1956. Die rede was miskien dat gedurende daardie seisoen meer gekonsentreer is op sonneblom en grondbone, aangesien daarin geen daling was nie. Hoewel die gebied waarin sonneblomsaad verbou word, enigsins beperk is, moet onthou word dat dit ŉ gewas is wat, met die oog op bevredigende oeste, onder selfs wisselende klimaatstoestande aangeplant kan word en dat die lewering daarvan aan die koöperasie betreklik konstant vermeerder. Mislukking van ŉ mielieoes op ŉ vroeë stadium het gewoonlik onder meer tot gevolg dat sonneblom aangeplant word.

Die boekjaar 1956/57 het gestrek oor 17 maande vanaf

1 Mei 1956/

1 Mei 1956 tot 30 September 1957, d.w.s. dit het gestrek oor twee mielieontvangseisoene, nl. 1956/57 en 1957/58. In beide gevalle is kleiner oeste ontvang as gedurende die voorafgaande seisoene, wat hoofsaaklik toegeskrywe moet word aan ongunstige klimaatstoestande. Daar bestaan egter ook goeie rede om aan te neem dat veral gedurende die 1957-58-seisoen minder grond onder mielieverbouing geplaas is as gewoonlik. Die rede hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die redelike snelle aanpassing van die Oos-Transvaalse produsente by 'n gebalanseerde gemengde boerderystelsel en ook die feit dat ander gewasse soos onder meer kafferkoring en sonneblom in die plek van mielies verbou is.

Koringontvangste vir die 1956/57-seisoen het alle vorige rekords oorskry. Die rede hiervoor lê opgesluit in die feit dat produsente in 'n toenemende mate koring op die Hoëveld verbou het met die oog op sowel somer- as winteroeste.

Die wintergraanontvangste, waaronder hawer, rog en gars, wissel van jaar tot jaar aangesien hierdie gewasse hoofsaaklik vir weidingsdoeleindes verbou word. Hoeveelhede wat aangebied word vergelyk normaalweg gering met dié van ander kommoditeite. Vandaar dan dat dit in die finale omsetstaat saam met koring gegroepeer word.

Ook in die geval van grondbone het die boekjaar gegaan oor twee ontvangseisoene. Hier vind ons die verskynsel dat gedurende die eerste van die twee seisoene, nl. 1956/57, 'n rekordoes gehanteer is, terwyl die volgende jaar die oes grootliks misluk het.

Gedurende die 1956/57-seisoen is kafferkoring nog op die direkte verkoopstelsel gehanteer. Die oes in hierdie seisoen was redelik klein. Met ingang van die 1957/58-seisoen is kafferkoring onder beheer geplaas en gedurende hierdie seisoen het produsente besonder gunstige resultate verkry met gevolglike rekordlewerings aan die Koöperasie van 'n ½-miljoen sak. Dit kan aangeneem word dat die groot oes onder meer gewyt moet word aan meer omvangryke verbouing.


Met ingang van die 1956/57-seisoen is bone onder gedeeltelike beheer geplaas. As gevolg van laat reën was die 1956/57-oes redelik klein en onder die gemiddelde. Die 1957/58-oes het egter beter resultate opgelewer en 'n baie goeie oes is gehanteer.

As daar/

GRAFIEK 5.

# Histogram

Totale hoeveelheid graan ontvang. 1949/50 – 1958/59



As daar gekyk word na die jaar 1957/58, word gesien dat daar ŉ daling was by elke landbouproduk. Mislukking van oeste in ŉ mindere of meerdere mate in die gebied het andermaal vry algemeen voorgekom. Daar is bevind dat die vernaamste rede hiervoor sonder twyfel die toenemende verswakking van die akkerbougronde was wat onder meer veroorsaak het dat gewasse minder bestand was teen enigsins moeilike klimaatstoestande. Hoë produksiekoste, veral as gevolg van meganisasie, opeenvolgende swak oeste, maar ook aanpassing by meer wetenskaplike boerderystelsels, het produsente genoop om so snel moontlik as wat beskikbare kapitaal dit toegelaat het, oor te skakel na ŉ gemengde of meer gebalanseerde boerderysisteem.

Die jongste leweringseisoen onder behandeling, nl. 1958/59, het meer gunstige toestande weerspieël as die onmiddellik-voorafgaande seisoen. Oeste in die meeste graansoorte was groter as gevolg van beter klimaatstoestande. Dit het sonder twyfel bygedra om die produsent se finansiële posisie te stimuleer, wat beslis ŉ welkome toedrag van sake was na ŉ aantal jare van wisselvallighede. In vergelyking met die vorige seisoen het die totale lewerings van graan aan die Koöperasie gestyg met meer as ŉ driekwart miljoen sak, d.w.s. met bykans 20%.

Ten slotte toon ons aan hoeveel sakke graan elke jaar ontvang is en hoe dit toegeneem het oor die aantal jare. Daar sal ook gepoog word om die aandeel van elke produk in die totale hoeveelheid graan gehanteer oor ŉ tydperk van tien jaar aan te dui, asook die netto-surplus in die graanomset.

Opsommenderwys gee ons nou in die volgende tabel die totale hoeveelheid graan gehanteer deur die O.T.K.

TABEL 12. TOTALE HOEVEELHEID GRAAN ONTVANG.

+ syfers nie beskikbaar.

| Boekjaar | Hoeveelheid sakke | Boekjaar | Hoeveelheid sakke |
|---|---|---|---|
| 1923/24 | 60,220 | 1928/29 | 106,304 |
| 25 | 53,724 | 30 | 33,779 |
| 26 | 85,166 | 31 | 524,534 |
| 27 | + | 32 | 1,566,457 |
| 28 | 66,916 | 33 | 1,236,591 |

1933/34/

# TABEL 13. ONTLEDING VAN TOTALE HOEVEELHEID GRAAN GEHANTEER.

| | 1956/57 (17 maande) | | 1957/58 | | 1958/59 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal Sakke | Bruto-opbrengste | Aantal Sakke | Bruto-opbrengste | Aantal Sakke | Bruto-opbrengste |
| | | £ | | £ | | £ |
| **MIELIES :** | | | | | | |
| Store | 6,326,909 ) | 9,752,782 | 2,631,593 ) | 4,127,726 | 2,991,782 ) | 4,821,723 |
| Suiers | 31,085 ) | | 9,041 ) | | 18,499 ) | |
| Meules | 249,110 | 354,442 | 167,956 | 234,137 | 180,737 | 261,680 |
| **KORING :** | 332.105 | 915,969 | 285,210 | 717,105 | 293,847 | 790,982 |
| **WINTERGRAAN :** | 17,017 | 22,152 | 62,528 | 88,148 | 41,780 | 52,499 |
| **GRONDBONE :** | | | | | | |
| Ongedop | 359,121 ) | 840,131 | 108,452 ) | 202,509 | 192,523 ) | 367,557 |
| Gedop | 44,398 ) | | 11,845 ) | | 13,721 ) | |
| **BONE :** | 161,180 | 512,117 | 17,251 | 57,472 | 20,185 | 109,845 |
| **KAFFERKORING :** | 563,548 | 997,593 | 310,304 | 561,782 | 527,950 | 901,052 |
| **SONNEBLOM :** | 608,622 | 664,359 | 340,526 | 358,542 | 423,436 | 428,812 |
| **DIVERSE PRODUKTE :** | 16,108 | 25,064 | 8,651 | 16,074 | 10,481 | 21,742 |
| **SAAD :** | | | | | | |
| Bastermielies | 689 | 4,462 | 1,593 | 10,050 | 8,187 | 55,799 |
| Saadmielies | 36,775 | 75,110 | 20,204 | 44,108 | 15,540 | 36,464 |
| Saadkoring | 39,324 | 131,070 | 13,686 | 44,633 | 14,528 | 47,585 |
| Wintergraan | 18,363 | 33,188 | 7,260 | 13,462 | 7,630 | 14,821 |
| Diverse saad | 10,362 | 28,100 | 7,807 | 21,054 | 6,348 | 20,456 |
| | 8,814,716 | £14,336,539 | 4,003,907 | £6,496,802 | 4,767,174 | £7,931,017 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1933/34 | 320,108 | 1946/47 | 1,154,589 |
| 35 | 368,083 | 48 | 2,299,415 |
| 36 | + | 49 | 2,591,776 |
| 37 | 316,360 | 50 | 3,653,432 |
| 38 | 861,013 | 51 | 2,962,509 |
| 39 | 692,287 | 52 | 3,277,344 |
| 40 | 1,873,153 | 53 | 3,898,602 |
| 41 | 1,140,363 | 54 | 4,953,559 |
| 42 | + | 55 | 5,238,188 |
| 43 | 1,187,071 | 56 | 5,421,834 |
| 44 | 2,007,845 | 57 | 8,814,716 |
| 45 | 1,038,512 | 58 | 4,003,907 |
| 46 | 1,189,986 | 59 | 4,767,174 |

Om 'n beeld te kry van die aandeel van elke produk in die totale hoeveelheid graan gehanteer gedurende die afgelope tien jaar, d.w.s. 1949/50 tot 1958/59, kan gekyk word na Grafiek 5. Ook hier moet in gedagte gehou word dat die 1956/57-seisoen 17 maande lank was en dit feitlik in alle gevalle twee ontvangseisoene ingesluit het.

Tabel 13, langsaan, is 'n ontleding van die totale hoeveelheid graan gehanteer oor drie agtereenvolgende jare. Dit toon duidelik dat, hoewel die boekjaar 1956/57 oor 17 maande gestrek het, daar skommelinge van jaar tot jaar bestaan het. (In sommige gevalle, soos onder andere mielies, sonneblom en grondbone, het die 1956/57-jaar oor twee seisoene gestrek. Vandaar dat die totale aantal sakke van alle produkte feitlik 'n verdubbeling is van die 1957/58 en die 1958/59-seisoen.) Oor die algemeen kan die skommelinge van jaar tot jaar egter nie as buitengewoon beskou word nie.

Vervolgens wil ons kortliks let op die netto surplus in graanomset, soos weergegee in Tabel 14:

TABEL 14. NETTO-SURPLUS IN GRAANOMSET.

| Boekjaar | Netto-surplus £ | % van totale netto inkomste |
|---|---|---|
| 30 April 1951 | 46,042 | 56.8 |
| 1952 | 69,048 | 59.5 |
| 1953 | 61,906 | 42.7 |
| 1954 | 157,298 | 57.3 |
| 1955 | 109,075 | 50.8 |
| 1956 | 60,693 | 34.5 |
| 30 Sept. 1957 | 180,551 | 61.4 |
| Pro rata vir 12 mnde | 127,447 | 61.4 |
| 1958 | 134,559 | 52.7 |
| 1959 | 128,563 | 45.8 |

Die netto surplus wat elke jaar na die algemene inkomste- en uitgawerekening oorgedra is, soos ons in Tabel 13 sien, het heelwat van jaar tot jaar gewissel. Indien dit as ꞌn persentasie van die netto totale inkomste bereken word, is die syfer meer betroubaar. Ons kan dit kortliks soos volg verduidelik.

ꞌn Daling in vergelyking met die ander jare kan ontstaan om verskeie redes, nl.:

(a) ꞌn In verhouding groter toename van die ander netto totale inkomste.

(b) ꞌn Daling in netto surplus van graanomset, terwyl die ander totale inkomste in verhouding minder gedaal het of konstant gebly het of selfs toegeneem het.

ꞌn Styging in die persentasie graansurplus ontstaan om die teenoorgestelde redes.

Nou kan ons die afwykinge verklaar in tabel 14, nl.:

(i) Die 42.7% van 1953 kan grootliks toegeskryf word aan ꞌn in verhouding groter toename in die maalbedryf-surplus, d.w.s. rede (a) hierbo genoem.

(ii) Die 34.5% van 1956 is hoofsaaklik te wyte aan ꞌn aansienlike daling in die netto surplus in produkte en dit is verder vergroot deur ꞌn styging van die ander totale netto inkomste, d.w.s. rede (b) hierbo genoem.

Die maksimum persentasie van 61.4% in 1957 kan verklaar word uit die feit dat daar in verhouding tot die ander totale netto inkomste ꞌn baie groter toename was in die netto surplus van die graanomset.

4. <u>HANDELSAFDELING.</u>

a. <u>Algemeen.</u>

Dit is veral op hierdie gebied dat die O.T.K. onteenseglik gepresteer het. Dwarsdeur die hele Oos-Transvaal is die handel in boerderybenodigdhede verower en die lede se produksiekoste ten opsigte van hierdie item op ꞌn basis gebring wat baie daartoe bygedra het om hulle bestaan beter te maak.

In die begin is hierdie afdeling huiwerend aangepak omdat daar talle gevestigde ondernemings met jarelange ondervinding en magtige kapitaal was waarmee gewedywer moes word. Daar is besef dat die wins wat die produsent uit sy produkte gemaak/

te gemaak het, die handelaars vet en ryk gemaak het. Met reg kan die O.T.K. aanspraak daarop maak dat hy in Oostelike Transvaal 'n weldaad aan produsente bewys het. (Sien Hoofstuk VI.)

Stelselmatig het die Maatskappy, na gelang sy finansiële sterkte toegeneem het, sy handelsonderneming uitgebrei. Menigvuldige probleme moes oorbrug word, maar vandag kan die afdeling met trots bejeen word ten gevolge van die skitterende resultate.

b. Onderafdelings.

In hoeverre die Maatskappy dus daarin geslaag het om doeleinde 3(d) van sy Statute, nl. „om landbouwerktuie en masjinerie, lewende hawe, voer, saad, vrugtebome, misstowwe en ander boerderybenodigdhede ten behoewe van en vir lewering aan sy lede aan te koop of op enige ander manier te verkry" na te kom, word duidelik geïllustreer deur die volgende gegewens:


TABEL 15. OMSET VAN LANDBOUBENODIGDHEDE, 1936/37 - 1958/59.

| Boekjaar | Bedrag | Boekjaar | Bedrag |
|---|---|---|---|
| 1936/37 | 31,817 | 1948/49 | 656,916 |
| 38 | 50,010 | 50 | 786,414 |
| 39 | 44,645 | 51 | 1,190,736 |
| 40 | 48,927 | 52 | 1,473,556 |
| 41 | 57,674 | 53 | 1,939,950 |
| 42 | 99,265 | 54 | 2,416,214 |
| 43 | 103,650 | 55 | 2,278,440 |
| 44 | 153,629 | 56 | 2,263,816 |
| 45 | 205,955 | 57 | 2,979,800 |
| 46 | 299,986 | 58 | 2,188,796 |
| 47 | 362,512 | 59 | 2,152,738 |
| 48 | 523,376 | | |

(Sien Grafiek 6).

Die styging was veral gedurende die periode 1947 tot 1954 besonder groot. Gedurende die sewe jaar het die omset in landbougereedskap gestyg van £362,512 tot £2,416,214 soos bostaande tabel en Grafiek 6 aantoon. Die rede hiervoor was die toenemende meganisering van die boerderybedryf, veral gedurende die laat-veertiger jare en die eerste paar jaar na 1950.

TABEL 16./



£ 23
00,000
22
21
20
19
18
17
16
15
14
13
12
11
10
9
8
7
6
5
4
3
2
1
Grafiek 6 - Omset van
Landbou benodigdhede
Kunsmis
Graansakke
1936/37
38/39
40/41
42/43
44/45
46/47
48/49
50/51
52/53
54/55
56/57
58/59
Jare.

TABEL 16. KUNSMISOMSET.

| Boekjaar | Bedrag | Boekjaar | Bedrag |
|---|---|---|---|
| 1936/37 | 12,566 | 1948/49 | 75,025 |
| 38 | 12,662 | 50 | 112,719 |
| 39 | 38,265 | 51 | 114,576 |
| 40 | 49,208 | 52 | 184,396 |
| 41 | 19,680 | 53 | 295,366 |
| 42 | 27,541 | 54 | 380,629 |
| 43 | 29,006 | 55 | 526,178 |
| 44 | 32,333 | 56 | 667,754 |
| 45 | 46,448 | 57 | 1,020,504 |
| 46 | 77,066 | 58 | 556,554 |
| 47 | 57,804 | 59 | 614,982 |
| 48 | 89,149 | | |

(Sien Grafiek 6).

Die kunsmisomset hou vanselfsprekend 'n duidelike verband met die totale graanproduksie. Namate die boer meer bedryfskapitaal tot sy beskikking gehad het, kon meer kunsmis aangekoop word en so kon die totale produksie van graan verhoog word. Waar afwykings voorkom, d.w.s. waar kunsmisomset toegeneem het terwyl die graanproduksie afgeneem het, kan dit toegeskryf word aan ongunstige klimaatsomstandighede.

Nieteenstaande hewige kompetisie en swak ondersteuning van sommige lede was daar 'n aanmerklike groei in kunsmisomset wat toon dat daar 'n behoefte bestaan het. Die omset het aan die einde van die 1936/37-boekjaar te staan gekom op £12,566, maar meer opvallend is die groei vanaf 1948 tot 1956/57 toe dit gestyg het van £75,025 tot £667,754. Wat was die redes hiervoor? Dit is moeilik om te sê. Tog mag 'n paar sake nie uit die oog verloor word nie, nl.

a) die invloed van die kredietskema wat gedurende 1953 in werking getree het. Dit ly geen twyfel dat dit die omset geweldig gestimuleer het nie. Dit is juis vanaf dié datum dat daar 'n stelselmatige toename was in die lede wat wel van hierdie diens gebruik gemaak het;

b) die grondontledingstoetse wat uitgevoer is vandat toegetree is tot die landbouvoorligtingsdiens. Gedurende 1952 is begin om die diens in werking te stel met een van die funksies die ontleding van grond met die doel om die

lede/

lede van deskundige advies te voorsien ten opsigte van oesstelsels en 'n wetenskaplike bemestingsprogram. Ongetwyfeld moes dit die kunsmisomset ook laat toeneem het;

c) die daling in die grondvrugbaarheid het veral gedurende hierdie jare op die voorgrond getree toe boerdery al meer gemeganiseerd geraak het en dit die opbrengs per morg was wat getel het;

d) nuwe uitvindings op die gebied van bemesting. Meer en meer soorte kunsmis het op die mark verskyn en die boer het ontdek dat hy nie meer op die ou trant kon voortgaan nie. Sy buurman het welslae behaal met 'n nuwe tipe kunsmis, en daarom probeer hy dit ook die volgende jaar.

TABEL 17. PETROLOMSET.

| Boekjaar | Bedrag | Boekjaar | Bedrag |
|---|---|---|---|
| 1936/37 | £11,658 | 1948/49 | £25,873 |
| 38 | 9,628 | 50 | 33,424 |
| 39 | 8,361 | 51 | 43,817 |
| 40 | 9,883 | 52 | 57,682 |
| 41 | 12,109 | 53 | 67,539 |
| 42 | 16,181 | 54 | 97,075 |
| 43 | 17,765 | 55 | 107,055 |
| 44 | 18,638 | 56 | 96,222 |
| 45 | 21,308 | 57 | 126,757 |
| 46 | 24,517 | 58 | 90,979 |
| 47 | 21,937 | 59 | 94,136 |
| 48 | 22,394 | | |

TABEL 18. MASSABRANDSTOF.

| Boekjaar | Bedrag |
|---|---|
| 1958/59 | £87,204 |

Die toenemende meganisasie het die petrol- en brandstofverbruik geweldig laat toeneem.

TABEL 19. GRAANSAKKE-OMSET.

| Boekjaar | Bedrag | Boekjaar | Bedrag |
|---|---|---|---|
| 1936/37 | £18,604 | 1941/42 | £89,300 |
| 38 | 32,710 | 43 | 97,038 |
| 39 | 21,394 | 44 | 162,140 |
| 40 | 61,032 | 45 | 110,927 |
| 41 | 70,760 | 46 | 111,291 |

1946/47/



Grafiek 7 - Totale Handelsomset.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1946/47 | 138,383 | 1953/54 | 487,710 |
| 48 | 87,794 | 55 | 651,132 |
| 49 | 274,734 | 56 | 682,729 |
| 50 | 405,971 | 57 | 892,079 |
| 51 | 324,449 | 58 | 432,594 |
| 52 | 414,180 | 59 | 539,006 |
| 53 | 397,765 | | |

(Sien Grafiek 6).

Die omsetsyfers van graansakke is bykans in ŉ direkte verhouding tot die verhoogde produksie die afgelope jare.

Tot dusver het ons gesien hoe die onderafdelings van die handelsafdeling se omset toegeneem het oor ŉ aantal jare. By elk van dié afdelings was daar by sekere tye aansienlike skommelinge; by een afdeling miskien ŉ styging en by ŉ ander afdeling miskien ŉ daling in die omset.

c. Totale Handelsomset.

Hier word ŉ opsomming gegee van Tabelle 15,16, 17 en 18 en die gekombineerde resultaat verskyn in Tabel 20. Ons gee ook die gemiddelde omset per lid gedurende die afgelope tien jaar.

TABEL 20. HANDELSOMSET, 1936/37 - 1958/59.

| Boekjaar | Bedrag | Persentasie van totale omset | Gemiddelde omset per lid |
|---|---|---|---|
| | | | £ |
| 1936/37 | 62,678 | 25.4 | |
| 38 | 78,646 | 15.4 | |
| 39 | 98,742 | 23.1 | |
| 40 | 116,826 | 9.8 | |
| 41 | 96,776 | 11.2 | |
| 42 | 154,284 | 12.9 | |
| 43 | 160,007 | 12.0 | |
| 44 | 216,477 | 9.4 | |
| 45 | 289,084 | 19.3 | |
| 46 | 426,886 | 23.2 | |
| 47 | 470,002 | 21.8 | |
| 48 | 664,091 | 19.6 | |
| 49 | 805,081 | 17.7 | |
| 50 | 978,446 | 15.1 | 82.7 |
| 51 | 1,349,129 | 22.2 | 106.9 |
| 52 | 1,715,635 | 22.4 | 128.1 |
| 53 | 2,302,857 | 23.5 | 162.1 |

1953/54/

## TABEL 21. ONTLEDING VAN HANDELSAFDELING.

| | 30.4.54 | | 30.4.55 | | 30.4.56 | | (17 maande) 30.9.57 | | 30.9.58 | | 30.9.59 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Salarisse en toelaes | £ 103,367 | 57.52% | 117,700 | 57.81% | 126,165 | 57.45% | 177,643 | 56.39% | 126,306 | 55.25% | 120,992 | 53.94% |
| Diverse administrasie en waardevermindering | 31,381 | 17.53% | 35,693 | 17.53% | 36,969 | 16.83% | 54,472 | 17.29% | 39,361 | 17.22% | 41,169 | 18.35% |
| Rente : Handels- en vastelenings | 30,934 | 17.25% | 31,298 | 15.37% | 34,095 | 15.55% | 52,223 | 16.58% | 37,498 | 16.45% | 35,879 | 15.98% |
| Gedeelte Hoofkantooradministrasie | 13,997 | 7.78% | 18,920 | 9.29% | 22,337 | 10.17% | 30,685 | 9.74% | 25,401 | 11.08% | 26,302 | 11.73% |
| TOTALE UITGAWES | £ 179,679 | | 203,611 | | 219,566 | | 315,023 ẍ | | 228,566 | | 224,342 | |
| Netto wins | 60,374 | | 36,077 | | 28,596 | | 14,570 x̂ | | 20,361 | | 36,773 | |
| Bruto wins | £ 240,053 | | 239,688 | | 248,162 | | 329,593 | | 249,927 | | 261,115 | |
| OMSET + | £2,934,342 | | 2,964,463 | | 3,090,893 | | 4,201,789* | | 2,877,468 | | 2,992,402 | |
| Bruto wins persentasie | 8.19% | | 8.09% | | 8.02% | | 7.84% | | 8.64% | | 8.72% | |
| Netto wins persentasie | 2.06% | | 1.22% | | 0.92% | | 0.34% | | 0.66% | | 1.22% | |
| Persentasie totale uitgawes tot omset | 6.13% | | 6.87% | | 7.10% | | 7.50% | | 7.93% | | 7.48% | |

+ Totale Handelsomset plus Herstelwinkelomset

ẍ £222,369 pro rate vir twaalf maande

x̂ £ 10,285 pro rate vir twaalf maande

* £2,265,968 pro rate vir twaalf maande

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1953/54 | 2,893,919 | 23.1 | £187.9 |
| 55 | 2,911,673 | 21.3 | 185.3 |
| 56 | 3,027,793 | 22.1 | 188.8 |
| 57 | 4,127,062 | 22.0 | 252.2 |
| 58 | 2,836,329 | 27.0 | 171.7 |
| 59 | 2,949,060 | 21.3 | 202.9 |

(Sien Grafiek 7).

Uit Tabel 20 sien ons dat die handelsomset in verhouding tot die totale omset feitlik konstant gebly het gedurende die afgelope nege jaar. Die feit dat die persentasie in 1957/58 hoër was, kan verklaar word uit die lae graanomset van daardie jaar waardeur die handelsomset 'n belangriker plek ingeneem het in die totale omset.

Die gemiddelde omset per lid toon 'n styging tot 1956. (Indien die 17 maande van die 1956/57-boekjaar terug gewerk word, beloop die gemiddelde omset per lid vir die betrokke jaar £177.3) 'n Belangrike saak blyk verder uit Tabel 20: die gemiddelde omset per lid van £202.9 vir 1959 toon duidelik dat die toename in handelsomset ontstaan het as gevolg van 'n toename in gemiddelde omset per lid. Dit moet in gedagte gehou word dat die ledetal vir daardie jaar met 2,665 gedaal het.

In Tabel 21 word 'n ontleding gegee van die handelsafdeling oor 'n periode van ses jaar: Sien teenoorstaande pagina.

Van Tabel 21 kan sekere afleidings gedoen word, nl.:

(a) Die bruto wins het elke jaar gedaal tot die einde van 1956/57. Toe is besef dat dit nie so kon aanhou nie en gevolglik is stappe geneem om die bruto wins weer te laat styg.


(b) Ook die netto wins het oor die eerste vier jaar elke jaar laer gedaal sodat dit op 0.34% te staan gekom het, wat gevaarlik laag is. Die laaste twee jaar het dit dus weer 'n stygende tendens getoon.

(c) Die omset het oor die ses jaar 'n laagtepunt bereik gedurende 1956/57 (17 maande). Die omset moes verhoog word sodat die eenheidskoste kon daal.

Uitbreiding van die afdeling kon dus alleen geskied indien die omset wel verhoog kon word. Bemoedigende resultate is gedurende die daaropvolgende jare verkry.

d. Handelsaankope/

Grafiek 8 . Handelsaankope, 1958/59
Handelsomset, 1958/59



d. Handelsaankope en -verkope vir die jaar 1958/59.

Vervolgens word met behulp van tabelle en grafieke aangetoon hoe die handelsaankope en handelsomset vir die jaar 1958/59 saamgestel is:

TABEL 22. HANDELSAANKOPE VIR DIE JAAR 1958/59.
(Sien Grafiek 8).

| | Handel | Produkte | Algemeen | Maalbedryf | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Oktober | 317,665 | 193 | 1,664 | — | 319,522 |
| November | 193,987 | 3,600 | 1,533 | 57 | 199,177 |
| Desember | 161,888 | 939 | 3,043 | 24 | 165,894 |
| Januarie | 147,332 | 171 | 910 | 19 | 148,432 |
| Februarie | 147,691 | 264 | 1,181 | 91 | 149,227 |
| Maart | 141,509 | 1,008 | 2,407 | 7 | 144,931 |
| April | 150,998 | 90 | 1,494 | 19 | 152,601 |
| Mei | 173,342 | 342 | 1,037 | — | 174,721 |
| Junie | 236,796 | 721 | 732 | 6 | 238,255 |
| Julie | 260,123 | 250 | 645 | — | 261,018 |
| Augustus | 313,297 | 2,573 | 516 | — | 316,386 |
| September | 243,874 | 125 | 1,122 | — | 245,121 |
| | £2,488,501 | 10,277 | 16,284 | 222 | 2,515,285 |

TABEL 23. HANDELSOMSET VIR DIE JAAR 1958/59.
(Sien Grafiek 8).

| | Totaal | Kontant | Krediet |
|---|---|---|---|
| Oktober | 224,417 | 88,227 | 144,097 |
| November | 253,328 | 89,652 | 154,471 |
| Desember | 159,210 | 69,229 | 111,322 |
| Januarie | 178,544 | 86,372 | 117,928 |
| Februarie | 187,825 | 71,572 | 97,484 |
| Maart | 136,611 | 75,578 | 80,370 |
| April | 187,008 | 81,614 | 84,400 |
| Mei | 167,612 | 76,585 | 83,268 |
| Junie | 206,974 | 79,772 | 89,529 |
| Julie | 179,974 | 92,430 | 92,205 |
| Augustus | 194,542 | 95,687 | 116,583 |
| September | 232,749 | 103,252 | 129,519 |

Daar is reeds op gewys dat tot op 30 April 1953 boerderybenodigdhede slegs op 'n kontantbasis aan lede voorsien is.

TABEL 25 'N ONTLEDING VAN LANDBOUGEREEDSKAP EN ALGEMENE GOEDERE.

| | 30/4/54+ | 30/4/55+ | 30/4/56+ | 30/9/57+ | 30/9/58 | 30/9/59 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Omset . . . . . . . | £2,416,214 | £2,278,440 | £2,263,817 | £2,979,801 (12 mnde - £2,103,389) | £2,188,796 | £2,152,738 |
| Eindvoorraad . . . | £454,726 | £557,153 | £657,083 | £695,721 | £696,585 | £597,914 |
| Omsetsnelheid . . | 4.79 | 4.50 | 3.73 | 4.41* | 3.14* | 3.60* |
| Ledetal . . . . . | 14,336 | 15,281 | 15,792 | 16,195 | 16,520 | 14,534 |
| Voorraad per lid | £32 | £36 | £41 | £43 | £42 | £41 |
| Omset per lid . . | £168 | £149 | £143 | £184 (Vir 12 mnde- £129) | £132 | £130 |

+ Verkry uit 'n staat.

* Bereken deur eindvoorraad as gemiddelde voorraad te neem.

is. As gevolg van die kredietvoorsiening deur die gewone handel, is egter toegetree tot ŉ kredietskema. Uit bostaande Tabel 23, sien ons dat heelwat gebruik daarvan gemaak word. Die kredietverkope vir verskillende afdelings sedert instelling van kredietskema sien soos volg daar uit:

e. Kredietverkope sedert dit ingestel is.

TABEL 24. KREDIETVERKOPE, 1953 - 1959.

| | Saad | Kunsmis | Hael-assuransie premies | Graan-sakke | Boerdery-benodigdhede | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1953/54 | 88,755 | 60,316 | 193,111 | 558,798 | 1,665,583 | 2,566,573 |
| 55 | 74,181 | 169,375 | 207,198 | 639,370 | 1,531,351 | 2,621,475 |
| 56 | 97,268 | 283,508 | 240,167 | 648,789 | 1,544,639 | 2,814,371 |
| (12 mnde) 57 | 127,217 | 196,653 | 135,697 | 517,826 | 1,312,174 | 2,289,567 |
| (5 mnde) 57 | 65,213 | 143,608 | 23,101 | 383,912 | 554,852 | 1,170,686 |
| 58 | 89,021 | 265,450 | 75,330 | 500,816 | 1,325,002 | 2,255,619 |
| 59 | 89,226 | 174,000 | 59,473 | 502,324 | 1,459,217 | 2,284,699 |
| Totaal | £630,881 | 1292910 | 934,536 | 3751835 | 9,392,828 | 16002990 |

Die totale skulde afgeskryf tot op 30 September 1959 het £39,816 beloop. ŉ Aardige bedrag maar as dit uitgedruk word as persentasie van die totale kredietverkope, dan sien ons dat dit 0.217% is.

f. Ontleding van Landbougereedskap en Algemene Goedere.

Vervolgens doen ons ŉ ontleding van die landbougereedskap en algemene goedere, d.w.s. uitgesonderd kunsmis, petrol en graansakke.

TABEL 25. ŉ ONTLEDING VAN LANDBOUGEREEDSKAP EN ALGEMENE GOEDERE. (Sien teenoorstaande pagina).

Soos aangetoon, is in die berekening gebruik gemaak van die eindvoorraad en hoewel dit ietwat misleidend is, word tog ŉ goeie idee van die omsetsnelheid verkry, asook van die gemiddelde voorraad per lid.

Uit Tabel 25 kan sekere afleidinge gemaak word, nl.:

(1) Die omset het oor diè jare afgeneem; dit is in teenstelling met die totale handelsomset. (Sien Tabel 28.)

(2) Hoewel/

(2) Hoewel die eindvoorraad op 30/9/59 weer laer was as die vorafgaande twee jaar het dit toegeneem en dit het veroorsaak dat die omsetsnelheid gedaal het en die voorraad per lid toegeneem het in vergelyking met 1955.

(3) Die ledetal het gedaal gedurende 1959 asook die omset per lid, maar vgl. dit met dié van 1954.

Ons lei dus af dat die posisie op 30/4/54 gunstiger was as aan die einde van die 1958/59-boekjaar, aangesien die omset, in totaal, maar veral die gemiddelde per lid, baie hoër was as op 30 September 1959. Toe was die eindvoorraad ook die laagste en die omsetsnelheid die gunstigste.

g. Opsomming van bruto- en netto-kommissiepersentasies.

Ons het reeds gesien dat die koöperasie die aankope in verskillende groepe indeel. Hier sal eerstens gelet word op die bruto kommissie vir elk van die groepe, maar daar moet in gedagte gehou word dat dit van jaar tot jaar sal verskil en dat die volgende slegs 'n aanduiding is:

TABEL 26. ONTLEDING VAN AANKOPE.

| Groep | Bruto Kommissie 1957/58 % | Bruto Kommissie 1958/59 % |
|---|---|---|
| 1. Brandstof, smeerolie en ghries .. .. .. (petrol uitgesluit) | 20.13 | 15.80 |
| 2. Kragvoer .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 7.99 | 7.70 |
| 3. Onderdele .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 22.30 | 23.25 |
| 4. Implemente en masjinerie .. .. .. .. .. .. .. | 12.80 | 13.76 |
| 5. Boumateriaal, irrigasie en omheiningsmateriaal .. .. .. .. .. .. .. .. | 16.17 | 16.73 |
| 6. Ysterware .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 21.84 | 24.61 |
| 7. Diverse .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 14.89 | 15.71 |
| 8. Veemiddels, dip- en spuitstof .. .. .. | 17.34 | 18.75 |
| 9. Juutgoedere .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 15.95 | 14.30 |

Tabel 26 toon dat die bruto kommissie, wat verdien word op elke tipe artikel, verskillend is. So vind ons dat op kragvoer 7.70% kommissie verdien is teenoor die 24.61% op ysterware. Die rede vir hierdie verskille in die kommissies wat verdien word, kan gevind word in die omsetsnelheid van die goedere. Kragvoer word gereeld deur die lede aangekoop, m.a.w. die omsetsnelheid daarvan is hoër. Die maatskappy kan dus kragvoer teen 'n baie laer bruto kommissie

verskaf/

verskaf aan die lede. By ysterware en onderdele is die omsetsnelheid weer aansienlik laer en kan verouderde voorraad baie maklik ontstaan, gevolglik word die bruto kommissie op 'n hoër persentasie vasgestel. 'n Verdere faktor wat 'n invloed het op die bruto kommissie wat vasgestel word, is spoorwegtariewe. By die vasstelling van verkoopspryse is die tariewe nie altyd bekend nie en moet 'n persentasie daarvoor by die aankoopsprys gevoeg word. Hierby moet ook voorsiening gemaak word vir ander aankoops- en verkoopskoste soos onder 5(11) in Hoofstuk III genoem is. Hierdie koste sal veral bygevoeg word by goedere waarvan die omsetsnelheid stadig is en wat dus miskien lank in voorraad bly.

In Tabel 27 wil ons, by wyse van 'n opsomming, die netto winspersentasies van die verskillende hoofgroepe gee vir drie agtereenvolgende jare:

TABEL 27. NETTO WINSPERSENTASIES.+

a.

| | 1956/57 | 1957/58 | 1958/59 |
|---|---|---|---|
| Handel: | | | |
| Gereedskap .. .. .. .. .. .. | 10.02% | 10.45% | 10.69% |
| Kunsmis .. .. .. .. .. .. .. | 2.08% | 2.31% | 3.42% |
| Petrol .. .. .. .. .. .. .. .. | 7.11% | 7.50% | 7.66% |
| Massabrandstof .. .. .. | —— | —— | 2.67% |
| Herstelwinkel .. .. .. | 1.08% | 1.16% | 0.95% |
| Graansakke .. .. .. .. .. .. | 3.55% | 2.62% | 5.57% |

Ons kan dit verder soos volg groepeer:

b.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Produkte: | | | |
| Produkte en graansakke | 1.214% | 2.01% | 1.57% |
| Handel: | | | |
| Gereedskap en herstelwinkel .. .. .. .. .. .. | 0.34% | 1.59% | 2.11% |
| Maalbedryf: | | | |
| Mielies en meel .. .. .. .. | 0.982% | 1.83% | 2.78% |
| Diverse assuransie .. .. | 0.884% | 1.63% | 1.33% |

+ Verkry uit finale state.

Hieruit moet afgelei word dat die een afdeling 'n ander


afdeling/

TABEL 28. OMSET (in £e).

| Jaartal | Mielies | Koring en Wintergraan | Diverse Produkte en saad | Sonneblom saad | Grondbone | Maalbedryf | Graansakke | Handel | Herstelwinkel | Assuransie | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1936/37 | 149,203 | 16,300 | 2,297 | 3 | - | - | 18,604 | 62,678 | - | - | 249,085 |
| 1937/38 | 324,815 | 72,213 | 4,047 | 45 | - | - | 32,710 | 78,646 | - | - | 512,476 |
| 1938/39 | 263,604 | 42,206 | 4,493 | 22 | - | - | 21,394 | 98,742 | - | - | 430,461 |
| 1939/40 | 942,316 | 69,669 | 2,282 | 68 | - | - | 61,032 | 116,826 | - | - | 1,192,193 |
| 1940/41 | 564,395 | 121,866 | 17,719 | 30 | - | - | 70,760 | 96,776 | - | - | 871,546 |
| 1941/42 | 817,859 | 135,085 | 2,163 | 27 | - | - | 89,300 | 154,284 | - | - | 1,198,718 |
| 1942/43 | 726,224 | 248,844 | 109,834 | 2 | - | - | 97,038 | 160,007 | - | - | 1,341,949 |
| 1943/44 | 1,445,343 | 309,513 | 123,215 | 210 | - | - | 162,140 | 216,477 | 908 | - | 2,257,806 |
| 1944/45 | 758,915 | 195,645 | 115,141 | 191 | - | - | 110,927 | 289,084 | 2,855 | - | 1,472,758 |
| 1945/46 | 1,048,630 | 104,053 | 159,921 | 108 | - | - | 111,291 | 426,886 | 5,699 | - | 1,856,588 |
| 1946/47 | 1,266,408 | 126,718 | 133,400 | 1,928 | - | - | 138,383 | 470,002 | 10,122 | - | 2,146,961 |
| 1947/48 | 2,352,046 | 143,959 | 143,266 | 6,852 | - | - | 87,794 | 664,091 | 13,403 | - | 3,411,411 |
| 1948/49 | 2,575,976 | 128,410 | 298,785 | 62,338 | 91,850 | 343,909 | 274,734 | 805,081 | 14,406 | - | 4,595,489 |
| 1949/50 | 3,869,630 | 320,150 | 282,581 | 92,983 | 90,149 | 465,257 | 405,971 | 978,446 | 13,576 | - | 6,518,743 |
| 1950/51 | 3,013,515 | 444,188 | 316,928 | 58,864 | 73,364 | 446,359 | 324,449 | 1,349,129 | 19,330 | 14,429 | 6,060,555 |
| 1951/52 | 3,141,969 | 683,392 | 560,671 | 224,208 | 96,699 | 681,469 | 414,180 | 1,715,635 | 28,678 | 92,895 | 7,639,796 |
| 1952/53 | 4,413,383 | 441,205 | 793,538 | 276,579 | 180,956 | 810,956 | 397,765 | 2,302,857 | 31,596 | 144,731 | 9,793,393 |
| 1953/54 | 5,962,122 | 507,031 | 1,001,459 | 246,192 | 201,849 | 936,744 | 487,710 | 2,893,919 | 40,423 | 209,140 | 12,486,589 |
| 1954/55 | 6,780,315 | 698,422 | 582,022 | 276,702 | 393,092 | 1,033,696 | 651,132 | 2,911,673 | 52,790 | 254,710 | 13,634,554 |
| 1955/56 | 6,795,449 | 773,766 | 424,278 | 275,773 | 517,206 | 950,147 | 682,729 | 3,027,793 | 63,100 | 221,523 | 13,731,764 |
| 1956/57 | 9,752,782 | 938,121 | 1,806,704 | 644,359 | 840,131 | 1,353,739 | 892,079 | 4,127,062 | 74,727 | 185,047 | 20,614,751 |
| 1957/58 | 4,127,726 | 805,253 | 768,635 | 358,542 | 202,509 | 923,297 | 432,594 | 2,836,329 | 41,139 | 81,648 | 10,577,672 |
| 1958/59 | 4,821,723 | 843,481 | 1,207,764 | 428,812 | 367,557 | 959,693 | 539,006 | 2,949,060 | 43,342 | 57,856 | 12,218,294 |
| 23 Jaar Beperkte Maatskappye | 65,914,348 | 8,169,490 | 8,861,143 | 2,954,838 | 3,055,189 | 8,905,266 | 6,503,722 | 28,731,483 | 456,094 | 1,261,979 | 134,813,552 |
| 13 Jaar ou Vereniging | 2,187,650 | 88,492 | 4,658 | - | - | - | - | 395,820 | - | - | 2,676,620 |
| Totale Omset | £68,101,998 | £8,257,982 | £8,865,801 | £2,954,838 | £3,055,189 | £8,905,266 | £6,503,722 | £29,127,303 | £456,094 | £1,261,979 | £137,490,172 |

TABEL 29. OMSET (IN PERSENTASIES).

| Jaartal | Mielies | Koring & Wintergraan | Diverse produkte & saad | Sonneblom | Grondbone | Maalbedryf | Graansakke | Handel | Herstelwinkel | Assuransie | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1936/37 | 59.8 | 6.5 | .9 | - | - | - | 7.4 | 25.4 | - | - | 100 |
| 1937/38 | 63.4 | 14.1 | .7 | .01 | - | - | 6.39 | 15.4 | - | - | 100 |
| 1938/39 | 61.3 | 9.8 | 1.0 | - | - | - | 4.8 | 23.1 | - | - | 100 |
| 1939/40 | 79.1 | 5.8 | .2 | - | - | - | 5.1 | 9.8 | - | - | 100 |
| 1940/41 | 64.8 | 13.9 | 2.0 | - | - | - | 8.1 | 11.2 | - | - | 100 |
| 1941/42 | 68.1 | 11.3 | .2 | - | - | - | 7.5 | 12.9 | - | - | 100 |
| 1942/43 | 54.1 | 18.5 | 8.2 | - | - | - | 7.2 | 12.0 | - | - | 100 |
| 1943/44 | 64.36 | 13.7 | 5.4 | - | - | - | 7.1 | 9.4 | .04 | - | 100 |
| 1944/45 | 51.5 | 14.0 | 7.9 | - | - | - | 7.2 | 19.3 | .1 | - | 100 |
| 1945/46 | 56.4 | 5.5 | 8.4 | - | - | - | 6.2 | 23.2 | .3 | - | 100 |
| 1946/47 | 58.9 | 5.9 | 6.3 | .1 | - | - | 6.5 | 21.8 | .5 | - | 100 |
| 1947/48 | 68.9 | 4.2 | 4.1 | .2 | - | - | 2.5 | 19.6 | .5 | - | 100 |
| 1948/49 | 56.0 | 2.8 | 6.5 | 1.2 | 2.0 | 7.5 | 6.0 | 17.7 | .3 | - | 100 |
| 1949/50 | 59.5 | 4.9 | 4.3 | 1.4 | 1.3 | 7.1 | 6.2 | 15.1 | .2 | - | 100 |
| 1950/51 | 49.7 | 7.3 | 5.3 | 1.0 | 1.2 | 7.4 | 5.4 | 22.2 | .3 | .2 | 100 |
| 1951/52 | 41.1 | 8.9 | 7.3 | 2.9 | 1.4 | 8.8 | 5.6 | 22.4 | .4 | 1.2 | 100 |
| 1952/53 | 45.0 | 4.6 | 8.0 | 2.8 | 1.9 | 8.2 | 4.2 | 23.5 | .3 | 1.5 | 100 |
| 1953/54 | 47.7 | 4.2 | 8.1 | 2.0 | 1.6 | 7.5 | 3.9 | 23.1 | .3 | 1.6 | 100 |
| 1954/55 | 49.8 | 5.1 | 4.4 | 2.0 | 2.9 | 7.5 | 4.7 | 21.3 | .4 | 1.9 | 100 |
| 1955/56 | 49.5 | 5.7 | 3.0 | 2.0 | 3.7 | 6.9 | 4.9 | 22.1 | .4 | 1.8 | 100 |
| 1956/57 (17 maande) | 47.3 | 4.6 | 8.7 | 3.1 | 4.1 | 6.6 | 4.3 | 20.0 | .4 | .9 | 100 |
| 1957/58 | 38.3 | 7.2 | 7.3 | 3.2 | 1.9 | 8.8 | 4.1 | 27.0 | .4 | .8 | 100 |
| 1958/59 | 39.5 | 6.9 | 9.9 | 3.5 | 3.0 | 7.9 | 4.4 | 24.1 | .3 | .5 | 100 |
| 23 Jaar Beperkte maatskappy | 48.9 | 6.1 | 6.5 | 2.2 | 2.3 | 6.6 | 4.8 | 21.3 | .3 | .9 | 100 |
| 13 Jaar ou Vereniging | 81.7 | 3.3 | .2 | - | - | - | - | 14.8 | - | - | 100 |
| TOTALE OMSET | 49.5 | 6.1 | 6.4 | 2.1 | 2.2 | 6.4 | 4.8 | 21.3 | .3 | .9 | 100 |



Grafiek 9 - Totale omset 1936/37 - 1958/59
'000,000
£
22
20
18
16
14
12
10
8
6
4
2
1936/37
38/39
40/41
42/43
44/45
46/47
48/49
50/51
52/53
54/55
56/57
58/59
Jare.

afdeling dra, en ons dink dan aan die lae 2.11% in 1958/59 van die gereedskap- en herstelwinkel in vergelyking met die hoër persentasies onder gereedskap in die a-gedeelte van die tabel.

## 5. SAMEVATTING.

Die eintlike ontwikkeling van die Koöperasie het begin toe dit herstig is as 'n beperkte maatskappy. Om 'n oorsig te kry van die groei wat plaasgevind het, gee ons in Tabel 28 die omset van elke afdeling oor die 23 jaar beginnende by 1936/37 en die totale omset in elke afdeling soos dit in die ou afdeling behaal is. In Tabel 29 gee ons dieselfde gegewens bereken as 'n persentasie van die totale omset. Dit toon duidelik die plek wat elke afdeling aan die einde van elke boekjaar ingeneem het. So toon dit byvoorbeeld dat mielies in 1936/37 59.8% van die totale omset uitgemaak het teenoor die 39.5% in 1958/59. Opvallend is ook die posisies van koring en wintergraan, asook van handel, wat feitlik dieselfde is in 1936/37 as in 1958/59. Indien die persentasies van al die produkte bymekaar getel word vir 1936/37 en 1958/59, kom dit respektiewelik te staan op 67.2% en 66.0%. Tog het die totale aantal sakke in 1936/37 gehanteer, 316,360 beloop teenoor die 4,767,174 in 1958/59. Die handelsomset, wat in 1936/37 25.4% van die totale omset uitgemaak het, het £62,678 bedra teenoor die £2,949,060 wat in 1958/59 24.1% van die totale omset was.

(Sien ook Grafiek 9 vir 'n grafiese voorstelling van die totale omset oor die tydperk 1936/37 tot 1958/59).

Wanneer hierdie ontwikkeling in oënskou geneem word, moet egter verskillende faktore in ag geneem word, nl.

a. Die invloed van die Bemarkingswet.

b. Die Tweede Wêreldoorlog en die gevolge daarvan, bv.

(1) die styging in pryse;
(2) die daling in die waarde van geld;
(3) die groter gebruikmaking van meganiese hulpmiddels;
(4) die uitvinding van ander hulpmiddels vir die boer; en
(5) die toepassing van wetenskaplike boerderymetodes.

# BRONNE.

1) Bezuidenhout, W.W.J.: O.T.K. Gedenkuitgawe, 1944, p. 14.

2) Vgl. Hoofstuk II paragraaf 4.

3) Coetzee, F.J.J.: Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering. Leiden, 1957, p. 41.

4) Rörich, A.J.V.: „Die Bemarkingswet en sy inwerking op Landboukoöperasies." Sesde Kortkursus in Koöperasieleer, Potchefstroom, 1959, p.53.

5) Geen definitiewe gegewens kon gevind word nie, maar ꞌn skatting van 10 - 15% sou na ons mening nie te klein wees nie.

6) Vgl. Noordwestelike-koöperasie die drie jaar geëindig 1959.
Boot, J.R.: Noordwestelike Koöperatiewe Landboumaatskappy Beperk, Potchefstroom, 1960, p. 11.

7) Boot, J.R.: a.w. p. 14.
en
Bos, C.J.: Sentraal-wes as Landboukoöperasie, Potchefstroom, 1956, p. 66.

8) Gegrond op ꞌn artikel: „Die Sentraalwestelike Koöperatiewe Maatskappy beperk". Georganiseerde Landbou, April 1960, p. 53.

9) Booysen, L.T.: „Koringverbouing in die Oostelike Transvaalse Hoëveld." Die O.T.Kaner, Mei 1959, p. 45.

# HOOFSTUK V.

## DIE FINANSIERING VAN DIE MAATSKAPPY EN DIE KREDIETVERSKAFFING AS ŉ BELEIDSRIGTING.

### 1. BEGRIPSBEPALING.

Verskillende betekenisse word aan die woord „finansiering" gegee. Die algemene opvatting is dat dit geld- en kapitaalverskaffing is. Volgens Lough[1] is dit die verkryging en aanwending van kapitaal. Polak noem hierdie tipe finansiering van Lough passiewe finansiering. Onder aktiewe finansiering verstaan hy kredietverlening. Ons volstaan hier met die definisie wat Polak gee: „Want financiering is gewoonlijk niet verschaffen van concrete kapitaalgoederen, maar verschaffing van geld en geldsurrogaten, waardoor men de macht verkrijgt over de nodige goederen te beschikken."[2] „Finansiering is die proses waardeur die onderneming die beskikkingsmag verkry om in sy finansiële behoeftes te voorsien."[3]

Wat is krediet?

„Krediet, uit die oogpunt van landboukoöperasies beskou is ŉ voorskot in die vorm van diens en/of goedere teen ŉ verwagte inkomste afkomstig van die opbrengs van produkte wat geproduseer word met die hulp van dienste en/of goedere wat as voorskot toegeken word."[4] By ŉ koöperateur verkry die woord kredietverskaffing ŉ baie wye betekenis omdat daarin opgesluit lê enersyds die moontlike selfbediening, wat deur ŉ groep produsente in hulle gemeenskaplike belang daargestel word, en andersyds die gevare verbonde aan die uitvoering van ŉ kredietverskaffingsbeleid wat in so ŉ geval ŉ groep persone gesamentlik raak en nie afsonderlike indiwiduele instansies nie.

ŉ Belangrike onderskeiding moet egter gemaak word tussen ŉ gewone onderneming en ŉ koöperasie. Jacob(1913), onder andere, onderskei tussen ŉ gewone onderneming waar die kapitaal regeer, en ŉ koöperasie waar die kapitaal dien.[5]

### 2. AARD, OMVANG EN INDELING VAN DIE KAPITAALBEHOEFTES.

#### a. Algemeen.

Daar is reeds melding gemaak van die feit dat ŉ onderskeid gemaak moet word tussen die gewone onderneming en ŉ

koöperasie/

koöperasie, veral 'n landboukoöperasie.

Uit die aard van die saak is die O.T.K. ten nouste verbonde aan die seisoene en die klimaatsomstandighede; die finansiering daarvan is dus 'n vraagstuk wat aanmerklik sal verskil van dié wat in ander sfere van die ekonomiese werksaamhede aangetref word. Die landboukoöperasie kry byvoorbeeld eers die beloning vir sy aktiwiteite by die verkoop van lede se produkte (hoewel die Landbank in 'n groot mate in dié behoefte voorsien) terwyl by 'n koöperasie nie so iets as 'n standaard produksie bestaan nie, dus ook nie standaard kapitaalbehoeftes nie. „Finansiering is nie 'n statiese verskynsel nie, maar 'n dinamiese waarby die bogemelde aanpassing tussen behoeftes en middele voortdurend moet geskied."[6)]

b. Aard van die behoeftes.

Soos enige ander onderneming benodig die Maatskappy kapitaal om grond, geboue, masjinerie en uitrusting aan te skaf, om inkope te doen, voorraad aan te hou en produksie en verkope te finansier; met ander woorde om die verskillende funksies ten uitvoer te bring. Finansies kan beskou word as die „olie" om die „masjien" glad te laat loop.

'n Landboukoöperasie, en dus die O.T.K. ook, het nie net kapitaal nodig om aan die einde van die oesseisoen die produkte van lede en nie-lede aan te koop nie, maar ook om die nodige opbergings- en ander dienste uit te voer.

c. Indeling van die behoeftes.

„Die mees gebruiklike indeling van die bate (wat die behoeftes min of meer voorstel) is die in vaste- en bedryfskapitaal. Vaste kapitaal is dan dié belê in relatief permanente bates wat benodig is vir die funksionering en wat omloop oor 'n relatief langtermyn. Dit sluit in grond, geboue, masjinerie en uitrusting, ontasbare vaste bate soos patente en vaste sekuriteite. Werkende bedryfskapitaal, weer, is die kapitaal wat benodig is vir die aanskaffing van die vlottende of minder permanente bate en sluit in kontant, debiteure, wissels en voorraad."[7)]

Aangesien vaste kapitaal 'n omlooptyd van meerdere jare besit, teenoor dié van bedryfskapitaal wat wissel van enkele maande tot een jaar, daarom spreek Polak[8)] van kapitaal met kort en lang omlooptyd. Hierdie indeling sluit meer aan by die heersende spraakgebruik op die kredietmark. By die kredietaanbod word onderskeid gemaak tussen lang- en

korttermyn-/

korttermynkrediet met ŉ grenslyn van ongeveer een jaar lank. Die langtermyn strek gewoonlik oor tien jaar. Hierdie indeling is egter te vereenvoudigd en onvoldoende gedifferensieerd. Dit is vansprekend dat tussen die termyne van kredietverlening en van kapitaalbehoefte ŉ noue verband moet bestaan. Hierdie waarheid word nie altyd in gedagte gehou nie.[9]

d. Die omvang van die behoeftes.

Dit is onmoontlik om in die bestek van ŉ skripsie ook in te gaan op die faktore wat ŉ rol speel by die omvang van die benodigde kapitaal. Ons verwys dus slegs na ŉ indeling van die faktore soos gegee deur Dr. Coetzee:[10]

„i. Die ekonomiese funksies wat die onderneming verrig.
ii. Afnemers- en leweransierskrediet.
iii. Seisoenswisselinge.
iv. Uitbreidingsfinansiering.
v. Die beleid van die onderneming.
vi. Spesifieke faktore by ŉ koöperasie, nl.
  a) dit moet die volle oes afneem;
  b) vrye toe- en uittrede;
  c) verband tussen die leweringsplig van lede en die afnameplig van die koöperasie;
  d) aanskakeling by die koöperatiewe sentrales.

Die kapitaalbehoeftes van die O.T.K. word dus beïnvloed deur sy besondere aard, en die behoeftes van elke afdeling sal op hul beurt deur verskillende faktore beïnvloed word. Eintlik moet bostaande as ŉ funksionele indeling beskou word.

Vervolgens word enkele probleme behandel wat ŉ invloed het op die kapitaalbehoeftes van die O.T.K.

Die grootste kapitaalbehoefte ontstaan by die hantering van lede se produkte en alles wat daarmee saamgaan. Soos enige onderneming het die Maatskappy ook ŉ sekere kapasiteit, in dié geval, waarvolgens mielies en ander produkte in ontvangs geneem kan word. Die probleem ontstaan deurdat die produkte en hul hoeveelhede wat ontvang word elke seisoen wissel. Van der Schroeff verwys dan na die „periodiciteit" waarmee die skommelinge in die produksie en/of afset hulle voordoen.[11] Dit kan onderskei word in ritmies-gebonde

fluktuasies/

fluktuasies en ritmies-vrye bewegings. Tot eersgenoemde hoort die seisoenskommelinge en tot laasgenoemde die konjunktuurskommelinge. Elk van hierdie skommelinge skep sy besondere moeilikhede met betrekking tot oor- en onderkapasiteit.

Die landboukoöperasie is ŉ seisoensbedryf en die oor- en onderkapasiteit, hetsy as ŉ onvermydelike tegniese gevolg of as ŉ ekonomiese onvermydelikheid, moet aanvaar word. Dit kan egter beperk word deur ander graansoorte te ontvang.

Te midde van die faktore wat die aantal sakke wat hanteer sal word, beïnvloed en waaroor die Koöperasie geen beheer het nie, moet nou ŉ beleid geformuleer word om ŉ gegewe aantal sakke te hanteer. Hier kan onderskeid gemaak word tussen ŉ lang- en korttermynbeleid, d.w.s. waar permanente fasiliteite daargestel word vir die opberging van graan en waar gebruik gemaak sal word van tydelike opbergingsmiddele, bv. onder seile. Die beleid sal dus ŉ groot invloed hê op die kapitaalbehoeftes. So sal ŉ korttermynbeleid tot gevolg hê dat die veranderlike koste sal toeneem terwyl ŉ langtermynbeleid die permanente behoefte weer sal vergroot.

Die formulering van die langtermynbeleid kan anders gestel word, bv. die bepaling van die kapasiteit van hantering. Die beste leidraad kan verkry word uit gegewens oor voorgaande jare waardeur ŉ gemiddelde bepaal kan word van die hoeveelheid sakke wat vir ŉ aantal seisoene gehanteer is.

Omdat dit die hoofkenmerk van ŉ koöperasie is om die doeltreffendste diens te lewer teen die laags moontlike koste is dit baie belangrik dat die regte beleid gevolg sal word. Die belangriks beginsel, dat in die permanente minimum van die tydelike behoefte aan kapitaal voorsien word uit kapitaal wat op langtermyn verkry word, geld ook hier.

Verskeie faktore het ŉ invloed op koste en ook op die inkomste of vergoeding wat verdien kan word. Ons gaan egter nie daarop in nie, maar ons kan die taak van die koöperasie soos volg stel: om doeltreffende en goed-toegeruste depots daar te stel en te beman met bekwame, lojale en eerlike personeel. Altyd moet daarna gestreef word om die

graan/

graan so goed moontlik te beskerm en tekorte tot ʼn minimum te beperk. Kapitaal-tekort bestaan allerweë by ʼn koöperasie en dus moet ʼn behoorlike studie altyd van koste gemaak word veral aleer tot die oprigting van ʼn verdere depot oorgegaan word.[12)]

ʼn Tweede probleem wat ons wil behandel, het betrekking op die handelstakke. Uit die besonderhede, soos verskaf in hoofstuk IV 4(d), tabel 22 en grafiek 8, sien ons dat die behoefte aan bedryfskapitaal gedurende 1958/59 gewissel het van £144,931 tot £319,522 per maand. (Dit is onderskeidelik die syfer vir Maart en Oktober.) Dit toon dus duidelik dat die kapitaalbehoefte ten opsigte van handelsaankope van maand tot maand groot skommelinge vertoon. Ook hier bestaan daar egter ʼn sekere minimum wat op langtermyn verkry moet word, maar dit toon dat die bedryfskapitaal vir hierdie behoeftes, nl. vir dié van voorrade, besonder elasties moet wees.

Voorsiening van korttermynkapitaal deur bepaalde bronne, bv. die Landbank, het in Suid-Afrika egter so ʼn mate van sekerheid verkry dat dit die kenmerke van langtermynkapitaal begin vertoon. Daar moet egter ʼn bepaalde verhouding bestaan tussen eie en vreemde kapitaal, wat ons egter later in die hoofstuk bespreek.

Vervolgens wil ons let op die posisie van die O.T.K. met betrekking tot die verhouding van kapitaalbehoeftes en kapitaalvoorsiening. In die beoordeling van tabel 30 is dit wenslik om in gedagte te hou dat dit ʼn gesonde beleid sou wees om in die grootste gedeelte van die kapitaalbehoeftes met langtermynkapitaal te voorsien aangesien dit die likwiditeitsposisie sal verbeter. Dit kan weer op sy beurt voordele bied byvoorbeeld kontantkortings, hoeveelheidsafslag, ensovoorts.

## 3. DIE POSISIE VAN DIE MAATSKAPPY.

Vervolgens wil ons ʼn vergelyking tref tussen die O.T.K. en alle ander mieliekoöperasies, ten opsigte van die verhouding tussen lang- en korttermynkapitaal en die verhouding tussen vaste- en bedryfsbates.

TABEL/

TABEL 30 — VERGELYKING VAN KAPITAALBEHOEFTE EN KAPITAALVOORSIENING.

| | LASTE. | | BATE. | |
|---|---|---|---|---|
| | Langtermyn-kapitaal | Korttermynkapitaal | Vaste bate | Vlottende bate |
| a. Alle mielie-koöperasie op 30 Junie 1954.[13)] | 17 | 83 | 13 | 87 |
| b. O.T.K. | | | | |
| 30 April 1954 | 18 | 82 | 13 | 87 |
| 30 April 1955 | 23 | 77 | 16 | 84 |
| 30 April 1956 | 24 | 76 | 16 | 84 |
| 30 Sept. 1957 | 21 | 79 | 13 | 87 |
| 30 Sept. 1958 | 26 | 74 | 17 | 83 |
| 30 Sept. 1959 | 22 | 78 | 14 | 86. |

Ons het reeds gesê dat ons by die beoordeling van dié tabel in gedagte moet hou dat dit gesond is om in die grootste gedeelte van die kapitaalbehoeftes met langtermynkapitaal te voorsien. Uit dié tabel blyk dat die O.T.K. gunstig vergelyk met die gemiddeld van al die mieliekoöperasies. Die afname aan die einde van die 1958/59-boekjaar is te wyte aan die terugbetaling van die Ledeheffingsfonds en die Uitgestelde bonusbetalingsfonds.

4. FINANSIERING VAN DIE MAATSKAPPY.

Hier sal ŉ ontleding gedoen word van die bronne waaruit die Maatskappy die bogenoemde lang- en korttermynkapitaal verkry.

a. Langtermynkapitaal.

Die finansiële beleid van die Koöperasie, naamlik die mate waarin van eie en/of vreemde kapitaal gebruik gemaak word, speel hier ŉ rol. Later, in paragraaf 5 en tabel 36, word daar terug gekom op hierdie verhouding tussen eie en vreemde kapitaal.

(1) Eie fondse

(a) Aandelekapitaal:

(i) Bepalings in die Statute: Om aan die Wet op Koöperatiewe Verenigings te voldoen, maak die statute van

die/

die Maatskappy voorsiening vir die uitreiking van aandele. Die volledige besonderhede ten opsigte van uitreiking, oproepings, toekenning, rente op agterstallige oproepings, intrekking en die moontlike oordrag van aandele, word in artikels 4 tot 14 gegee, maar hier sal slegs ŉ opsomming daarvan gegee word.

Die Direkteure is, nl. geregtig om aandele uit te reik aan enige persoon, vereniging of maatskappy wat bevoeg is om lid te word. Op elke aandeel, waarvan die nominale waarde een pond is, is een tiende betaalbaar by aansoek. Die aandele kan ingetrek word indien die lid vyf-en-sestig jaar oud is; sy boerdery gestaak het; te sterwe kom of die gebied verlaat het, met die voorwaarde dat ŉ lid minstens drie maande kennis gegee word van die voorgenome intrekking indien dit geskied omdat hy (die lid) vir ŉ tydperk van vyf jaar geen sake met die Maatskappy gedoen het nie. Die intrekking van aandele is onderworpe aan die goedkeuring op ŉ algemene vergadering.

Artikel 16A van die statute bepaal die minimum aantal aandele wat elke lid moet besit, nl. „elke lid is verplig om dertig aandele in die maatskappy te besit as die totale waarde van sy sake met die Maatskappy gedurende die onmiddellike voorafgaande boekjaar nie meer as die som van £100 beloop nie en vyf-en-dertig aandele as die waarde van sulke sake meer as die som van £100 beloop."

Hierdie vereistes is na ons mening te gunstig gestel vanuit die oogpunt van die lid gesien. Ons het reeds gesien dat slegs een tiende, d.w.s. 2/- van elke aandeel, betaalbaar is by aansoek. Dit beteken dat ŉ lid met ŉ minimum bedrag, wat hy vrywillig in sy eie onderneming belê het, al die voordele ontvang. (Sien hoofstuk VI oor die betekenis van die O.T.K. vir die lid en vergelyk daarmee die gemiddelde opbetaalde bedrag per lid, soos gegee in punt (ii) van dié afdeling) Alhoewel die lid uit sy eie meer kan belê, is die boer egter nie ten gunste van aandelebates nie, soos tewens later aangedui sal word. Ons insiens is dit die lid se plig om meer in sy eie onderneming te belê. ŉ Skaal wat elkeen sal pas, kan saamgestel word. Ter verduideliking stel ons die volgende voor: ŉ vermeerdering in die totale waarde van sake met die Maatskappy gedoen gedurende die onmiddellike voorafgaande boekjaar, moet gepaard gaan met ŉ vermeerdering in

opneming van aandele deur die betrokke lid. Die volgende skaal kan moontlik hier van toepassing gemaak word:

| | | |
|---|---|---|
| Sake ter waarde van minder as £100 | -- | 30 aandele. |
| £100 - £250 | ... | 60 aandele. |
| £250 - £500 | ... | 100 aandele. |
| £500 - £1000 | ... | 150 aandele. |
| £1000 - £3000 | ... | 200 aandele. |
| £3000 - £5000 | ... | 250 aandele. |
| Bo £5000 | ... | 300 aandele. |

Hierdie indeling sal aan die maatskappy 'n groter minimum hoeveelheid kapitaal verskaf.

(ii) Aandele as finansieringsmiddel by die O.T.K.

Uit die bepalings in (i) genoem en uit ondervinding blyk dit dat die aandelekapitaal 'n baie klein persentasie uitmaak van die totale kapitaal. (By die O.T.K. is die opbetaalde aandelekapitaal sowat 20% van die uitgereikte aandelekapitaal.) Verskillende redes kan aangevoer word vir die onwilligheid wat by lede bestaan om aansienlike bedrae in koöperatiewe aandele te belê, nl.[14]:

a) Die minimum aandele soos in (i) genoem, gee aan die persoon volle lidmaatskap en alle voordeel wat daaraan verbonde is.

b) Die rente op aandele is beperk tot hoogstens 8%. (Artikel 15(1) van Wet 29 van 1939)

c) Die Maatskappy betaal 'n bonus in verhouding met omset en nie in verhouding met aandele-belegging nie.

d) Lede het daaraan gewoond geword dat lenings maklik van eksterne bronne verkry kan word.

e) Die aandele is nie verhandelbaar nie.

f) Oordrag van aandele is onderworpe aan die beslissing van die Raad van Direkteure en hulle kan dit weier sonder opgawe van redes.

g) Die aandele kan nie appresieer in waarde nie, al is die reserwes ook hoe groot.

h) Die stemreg is beperk tot een stem per lid.

i) Daar is 'n onwilligheid by die boeregemeenskap om geld in enige vorm van aandele te belê, omdat boere liewer in bates belê wat onder hulle direkte beheer is.

Wanneer hierdie redes tesame met die vereiste een tiende betaling by aansoek in gedagte gehou word, kan verstaan word waarom die opbetaalde aandelekapitaal op 30 September 1959

slegs/

slegs 23% van die nominale aandelekapitaal uitgemaak het. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat as die aandelekapitaal so ŉ klein gedeelte van die langtermynkapitaal uitmaak, dit hoofsaaklik dien as basis vir lidmaatskap en as bron van sekuriteit vir eksterne lenings. Is dit miskien as gevolg van die feit dat lede nie die koöperatiewe beginsels ten volle verstaan en aanvaar nie? Ons stel slegs die vraag.

Opsommenderwys gee ons ten slotte ŉ ontleding van die uitgereikte en opbetaalde aandelekapitaal per lid.

| Boekjaar | Uitgereikte kapitaal | Opbetaalde kapitaal | Ledetal | Gemiddelde aantal aandele per lid | Gemiddelde opbetaalde bedrag per lid |
|---|---|---|---|---|---|
| | £ | £ | | | £ |
| 1956/57 | 598,865 | 128,799 | 16,428 | 36.5 | 7.8 |
| 1957/58 | 615,616 | 132,760 | 16,520 | 37.3 | 8.0 |
| 1958/59 | 550,524 | 129,309 | 14,534 | 37.7 | 8.8 |

Uit hierdie berekenings is dit duidelik dat die Direksie genoodsaak is om ander bronne te soek.

(b) Reserwes:

Om die rede hierbo genoem, is die beleid nog elke jaar gevolg om aansienlike bedrae oor te dra na verskillende reserwefondse.

Ons wil graag die onderskeid tussen egte en onegte reserwes hier in gedagte hou. „Egte reserwes beteken steeds die opoffering van die ekonomiese voordele waarop die lede geregtig is, ten gunste van die gesamentlike onderneming. Onegte reserwes daarenteen, is ŉ normale las van bedryfsvoering indien dit op ekonomies gesonde basis wil geskied en die kapitaal in stand gehou word."[15)]

By die O.T.K. vind ons die volgende reserwes:

(i) Algemene Reserwe: Ooreenkomstig die Wet[16)] moet daar uit die wins, wat ontstaan uit die werksaamhede van die vereniging of maatskappy, behoorlik voorsiening gemaak word vir die waardevermindering van die bates en vir onbepaalde of voorwaardelike aanspreeklikheid of verlies asook vir rente op kapitaal van hoogstens 8%, en indien daar nog ŉ oorskot bestaan, moet soveel as die direkteure vasstel of meer in die reserwefonds van die maatskappy gestort word. Hierna kan enige verdere oorskot

op enige/

op enige wyse onder die lede verdeel word. Hierdie reserwe staan gewoonlik bekend as die Algemene Reserwe.

Die regulasies van die Maatskappy maak ook voorsiening dat die volgende bedrae by die reserwefonds gevoeg kan word, naamlik

a) verbeurdverklaarde aandele (art. 24);

b) boetes (art. 69);

c) enige rente op aandelekapitaal of enige bonus wat vir ʼn tydperk van drie jaar vanaf die datum waarop dit betaalbaar word, onopgeëis bly. (art. 109A).

Op 30 September 1959 het die Algemene Reserwe op £57,577-14-1 te staan gekom teenoor die £52,500 op 30 September 1958.

(ii) Ander reserwes: Aansienlike bedrae is opsy gesit in verskillende ander reserwefondse. Die volgende reserwes verskyn ook in die boeke:

a) Reserwe vir Toevallighede.

b) Administrasiegelykstellingsfonds.

c) Heffingsfonds.

d) Reserwe vir Hernuwing van Kapitale Bates.

Van hierdie reserwes is die eersgenoemde twee die belangrikste. Die Reserwe vir Toevallighede maak 54% van die totale reserwes uit en die Administrasiegelykstellingsfonds 26% van die totaal. Die totale bedrag gereserveer het vanaf 1 Mei 1954 tot 30 September 1959 met 36% vermeerder.

Interessant is ʼn opmerking in die 1923/24 direkteursrapport: „Uit die Balansstaat en die Ouditeursrapport sal u opmerk dat die vereniging finansieel gesond is en sonder skuld is. Dit blyk uit die feit dat na die koste van die vereniging betaal is, nog ʼn bedrag van meer as ʼn duisend pond op die reserwerekening geplaas kon word." Dit toon dat die waarde van so ʼn fonds toe alreeds besef is. Daarna het dit egter stadig gegroei as gevolg van die moeilike depressiejare en aan die einde van die 1930/31 boekjaar het dit op £2,800 gestaan.

Vanuit die standpunt van die onderneming gesien, speel reserwefondse ʼn belangrike rol by finansiering. In die lig van die beperkte aandelekapitaal is die bestuur verplig om langtermynkapitaal te soek en die reserwefonds bied dienaangaande heelwat voordele, bv. dit is rentevrye kapitaal; dit is onder volle beheer van die bestuur; die

skepping/

skepping daarvan is maklik en dit is permanente kapitaal. By die O.T.K. kan die gevolgtrekking gemaak word dat dit hoofsaaklik dien as ŉ middel teen gebeurlikhede. Daarvan getuig die Reserwe vir Toevallighede wat te staan kom op £400,000. Wanneer die Administrasiegelykstellingsfonds wat £180,000 bedra, ook in ag geneem word, blyk dit dat die beleid is om egte reserwes op te bou, d.w.s. bedrae waarop lede geregtig is, word voortdurend opgeoffer ten gunste van die gesamentlike onderneming. (Die bedrae word verkry uit bylae 6).

In die algemeen moet dus erken word dat die reserwefondse ŉ baie belangrike rol as finansieringsmiddel speel. Daar moet egter altyd skepties gestaan word teenoor reservering, veral waar dit oormatig geskied, omdat hier nie met dieselfde motiewe gereserveer word as by openbare maatskappye nie. Al is die reserwes van die O.T.K. ook hoe groot, behalwe ŉ sogenaamde gesonde onderneming, hou dit vir die lid geen onmiddellike voordeel in nie behalwe dat hy weet dat sy Maatskappy ekonomies gesond is. Hierdie voordeel is slegs by likwidasie aan die lede uitbetaalbaar.

Die Kommissie van Ondersoek insake Koöperasie en Landboukrediet maak daarvan melding dat die beleid om reserwes op te bou, gesond is en dat dit die enigste praktiese metode is, afgesien van die uitgifte van aandele, waarmee koöperasies ŉ sterk finansiële stabiliteit en onafhanklikheid kan verkry.[17] „Dit beteken dat die huidige geslag ŉ sterk en gesonde saak oprig, maar wanneer hulle uittree, kry hulle geen vergoeding daarvoor nie, en die jonger geslag wat dit erf, hoef geen (of min) bydraes te maak tot die kapitaal van die onderneming nie en trek dus al die voordeel! Is dit Koöperatief?"[18] Ons stem saam met dr. Coetzee wat hierop negatief antwoord, aangesien daar wel beter metodes is. Dit bring ons by die volgende onderafdeling.

(2) <u>Geleende fondse</u>.

(a) <u>Lenings van lede</u>.

(i) <u>Heffingsfonds</u>. Gedurende 1931/32 is ŉ begin gemaak met hierdie fonds. Dit het bestaan uit ŉ heffing van 1d. per sak op alle produkte wat gelewer word. Op hierdie wyse is in ŉ belangrike kapitaalbehoefte voorsien en kon die Maatskappy se Heffingsfonds soos volg vermeerder:

TABEL 31/

TABEL 31 - BEDRAE IN HEFFINGSFONDS GESTORT.

| Boekjaar. | Totale bedrag. | Boekjaar. | Totale bedrag. |
|---|---|---|---|
| 1931/32 | £ 6511 | 1942/43 | £ 26213 |
| 1932/33 | 11656 | 1943/44 | 26438 * |
| 1933/34 | 12980 | 1944/45 | 26535 |
| 1934/35 | 14479 | 1945/46 | 26626 |
| 1935/36 | + | 1946/47 | 26829 |
| 1936/37 | 1334 = | 1947/48 | 27056 |
| 1937/38 | 4891 | 1948/49 | 27650 |
| 1938/39 | 7665 | 1949/50 | 28474 |
| 1939/40 | 15436 | 1950/51 | 29118 |
| 1940/41 | 20016 | 1951/52 | 30670 |
| 1941/42 | 25912 | 1952/53 | 31476 |

= Die van die ou vereniging is op die reserwerekening geplaas.

+ Nie beskikbaar nie.

* Vanaf dié jaar het vasgestelde pryse gekom en is die een pennie heffing gestaak

Na die 1952/53-boekjaar is dit gestaak en verskyn dit onder reserwes.

Hoewel dit ꞥ verstandige besluit van die Direksie was, was dit tog nie, veral as gevolg van die vasgestelde pryse soos daargestel deur die beheerrade, ꞥ groot sukses nie. Vir die lede het dit ook die nadeel ingehou dat dit alleenlik by afsterwe of likwidasie uitbetaal is.

(ii) Ledeheffingsfonds.

1) Hoe het die direksie hierdie magtiging verkry?

Tydens die reeks jaarvergaderings gehou vanaf 10 tot 29 November 1952 het die Raad van Direkteure die byvoeging van ꞥ nuwe artikel 75B in die statute van die koöperasie by die lede aanbeveel. Hierdie wysiging is eenparig goedgekeur deur al die lede teenwoordig op die spesiale algemene vergaderings wat gelyktydig met die jaarvergaderings gehou is.

Vooraf is die lede van die Maatskappy skriftelik in kennis gestel van die voorgenome wysiginge en opgeroep om die vermelde vergaderinge by te woon.

Nadat langs konstitusionele weg, soos hierbo omskrywe, goedkeuring van die lede verkry is, is die wysiginge wettiglik deur die Registrateur geregistraer, en in ooreenkomstig met die magtiging aan die Direksie verleen, is besluit dat

hierdie/

hierdie „Ledeheffingsfonds" op 1 Maart 1953 in werking sou tree.

2) Waarom 'n Ledeheffingsfonds?

Om die volgende redes is dit aanbeveel deur die Direksie:

a) Onder 'n beperkte koöperatiewe stelsel is die geregistreerde maatskappy in die eerste plek vir sy kapitalefondse afhanklik van die opbetaalde kapitaal. Volgens die balansstaat vir die jaar geëindig 30 April 1952, het die opbetaalde kapitaal op £79,000 te staan gekom. Daarvan het die lede by toetrede slegs £22,000 in kontant gestort. Die balans spruit uit die omskepping van die ou onbeperkte vereniging in 1936 in die huidige beperkte maatskappy. Op hierdie stadium het hul aandeel in die destydse reserwefonds in die vorm van volopbetaalde aandele verkry waarvan daar in 1952 nog £30,000 oor was. Die res van die balans word verteenwoordig deur die vrywillige inbetaling deur lede van hulle bonus- en diwidendgelde, nl. £27,000.

Bogenoemde £22,000 verteenwoordig derhalwe die enigste kontantbedrag deur lede self inbetaal om so 'n organisasie daar te stel met al sy aktiwiteite.

b) Teen hierdie opbetaalde bedrag maak lede aanspraak op al die dienste wat die koöperasie kan aanbied. Vir slegs die minimum deel 'n nuwe lid onmiddellik in al die voorregte wat reeds oor 'n periode van dertig jaar opgebou is.

c) Die Landbank is feitlik die enigste bron waar finansiële hulp verkry kan word. Die Landbank het egter alle koöperasies in kennis gestel dat fondse vir die oprigting van geboue, (behalwe massaskure) vir die aankoop van meules en ander normale uitbreiding, nie verder gunstig oorweeg sal word nie.

d) Die stelselmatige uitbreiding van dienste sou nie bewerkstellig kon word nie as dit nie moontlik was om die beperkte kapitaal aan te vul nie.

3) Hoe werk die Ledeheffingsfonds?

In terme van artikel 75B van die statute betaal elke lid, vanaf 1 Maart 1953, synde die datum van inwerkingtreding daarvan deur die Direksie bepaal, 'n heffing van 1% van die bruto opbrengs van alle graan of produkte deur hom/haar aan die Maatskappy gelewer.

Die bedrae aldus van lede ingevorder, word in bogenoemde fonds in die naam van elke lid afsonderlik gestort,

welke/

welke fonds jaarliks gekrediteer word met rente teen 5% per jaar.

Die fonds word in die hieronderstaande omstandighede uitbetaal, te wete -

a) wanneer 'n lid sy boerdery staak of die gebied verlaat waarin die Maatskappy werksaam is, word sy volle belang in die fonds, min enige bedrae wat hy aan die Maatskappy verskuldig mag wees, aan hom uitbetaal, mits geen sulke uitbetaling geskied binne twaalf maande vanaf datum waarop die lid sy boerdery opgegee het of weggetrek het nie;

b) wanneer 'n lid te sterwe kom word sy volle belang in die fonds aan sy boedel betaal. Geen sodanige betaling sal gemaak word voordat alle bedrae wat die oorledene aan die Maatskappy verskuldig mag wees eers betaal is nie; met dien verstande verder dat geen uitbetaling gemaak word binne twaalf maande na afsterwe nie, tensy die Raad van Direkteure 'n uitbetaling van twaalf maande magtig;

c) wanneer 'n lid se lidmaatskap op enige wyse beëindig word, word sy volle belang in die fonds, min enige bedrae wat hy aan die Maatskappy verskuldig mag wees, aan hom uitbetaal, met dien verstande dat geen sodanige betaling sal geskied binne twaalf maande vanaf die datum van beëindiging van lidmaatskap nie; en

d) wanneer die Ledeheffingsfonds vyf jaar in werking is, word die bydraes daartoe gemaak gedurende die eerste jaar aan die betrokkenes terugbetaal, die daaropvolgende jaar moet die bydraes gedurende die tweede jaar gemaak, terugbetaal word, et seq.

4) Wat word verder met die fonds beoog?

In die eerste plek word die ekonomiese selfstandigwording en finansiële onafhanklikheid van die landbouprodusente as lede van die Maatskappy, daarmee beoog.

Verder het die Direksie ten doel gestel die bestendiging en stelselmatige uitbreiding van die bestaande dienste.

Vervolgens kyk ons hoe hierdie fonds gegroei het. Opmerklik is die klein begin van minder as een duisend pond. Tog kon in die vyf jaar van die bestaan daarvan in 'n redelike kapitaalbehoefte voorsien word. Dit is duidelik dat hierdie metode, vanuit die standpunt van die onderneming gesien, nie te versmaai is nie.

TABEL 32/

TABEL 32 - GROEI VAN DIE LEDEHEFFINGSFONDS.

| Jaar geëindig op: | Totale bedrag. |
|---|---|
| 30 April 1953 | £ 916 |
| 30 April 1954 | 72,255 |
| 30 April 1955 | 144,404 |
| 30 April 1956 | 214,969 |
| 30 Sept. 1957 | 318,727 |
| 30 Sept. 1958 | 361,447 |
| 30 Sept. 1959 | 350,445 |

Die waarde van hierdie fonds is andermaal deur die Direksie ingesien en 'n verdere wysiging in die statute het plaasgevind en 'n nuwe artikel 75C is in 1959 ingevoeg, wat soos volg lui:

„Bo en behalwe die heffing wat ingevolge artikel 75B gevorder word, betaal elke lid vanaf 1 Junie 1959 'n heffing van 2½% van die bruto opbrengs van alle graan of produkte deur hom aan die Maatskappy gelewer: Met dien verstande dat geen heffing betaal word nie op mielies en ander graan of produkte wat lede gelewer het, waarvan die opbrengs aangewend word as 'n meeldeposito in die maatskappy se maalbedryfonderneming, of enige ander produkte wat aan die maatskappy gelewer word in ruil vir meel of mielieprodukte."

Die verdere voorwaardes is dieselfde behalwe dat die termyn van rotasie hier gestel is op tien jaar. Om dié rede en die feit dat die heffing verhoog is tot 3½%, kan verwag word dat aansienlike bedrae hierdeur verkry sal word.

(Sien punt (iv) vir voordele hiervan.)

(iii) Uitgestelde Bonusbetalingsfonds.

Die beginsel is dieselfde as die van die Ledeheffingsfonds, „behalwe dat in plaas van bonus kontant uit te betaal, dit op 'n fonds gekrediteer word op die name van die indiwiduele lede."[19)]

By die O.T.K. het dit op 1 Februarie 1953 in werking getree teen 'n jaarlikse rentekoers van 5%. Soos in die geval van die ledeheffingsfonds was die termyn hier ook op 5 jaar gestel. Die belange van lede in die fonds sou roteer en terugbetaal word soos in die geval van die Ledeheffingsfonds. Vanaf 1 Februarie 1960 is begin met 'n Nuwe Uitgestelde Bonusbetalingsfonds met 'n termyn

van/

van tien jaar, nadat die lede op daardie stadium 'n keuse gehad het ten opsigte van hulle belange in die ou fonds. Hulle kon nl. kies of die bedrae soos toegekom op die betrokke datums aan hulle uitbetaal moes word en of dit tot hulle krediet in die nuwe fonds gestort moes word. Wat was die groei van die vyf-jaar-skema?

TABEL 33 - GROEI VAN DIE UITGESTELDE BONUSBETALINGSFONDS.

| Jaar geëindig: | Totale bedrag. |
|---|---|
| 30 April 1953 | £ 17,803 |
| 30 April 1954 | 42,051 |
| 30 April 1955 | 72,896 |
| 30 April 1956 | 105,907 |
| 30 Sept. 1957 | 142,663 |
| 30 Sept. 1958 | 182,805 |
| 30 Sept. 1959 | 185,019 |

Hierdie Uitgestelde Bonusbetalingsfonds hou besliste voordeel in bo die Heffings- en Ledeheffingsfonds. By laasgenoemde twee fondse word 'n aftrekking gedoen van die prys waarop die boer geregtig is en omdat menige boer nog nie oortuig is van die waarde van sy koöperasie nie, voel die lid dan dat hy minder vir sy produkte by sy koöperasie kry as wat hy by ander kopers kan ontvang. In die geval van die Uitgestelde Bonusbetalingsfonds geskied geen aftrekking op die afrekeningstaat wat die boer ontvang nie. Sielkundig gesien is dié fonds dus verkiesliker.

Ons kan hierdie idee van roterende kapitaal saamvat en sê dat dit die volgende kenmerke besit wat dit onderskei van gewone reserwes:

„(a) dis gekrediteer aan die indiwiduele lede (dus 'n soort van ‚allocated reserve') en dus nie gehou as 'n onverdeelbare fonds nie;

(b) daar is voorsiening gemaak dat dit aan die betrokke lede terugbetaal sal word, nie met die likwidasie van die koöperasie nie, maar in die loop van sy werking."[20)]

Vervolgens kyk ons of dit enige voordeel inhou uit die oogpunt van finansiering.

(iv) Roterende kapitaal as finansieringsmiddel.[21)]

A. Voordele vir die onderneming.

a) Die lede dra by in verhouding tot die gebruik wat hulle maak van die Maatskappy.

b) Die/

b) Die rentekoers is beperk tot 'n maksimum van 5%.

c) Dit voorsien in 'n langtermynkapitaalbehoefte.

d) Die fondse kan vir enige doel gebruik word, behalwe om verliese daarteen af te skryf.

e) Dit kan dien as sekuriteit vir produksiekrediet, met die gevolg dat krediet makliker toegestaan kan word.

f) Geen kollaterale sekuriteit word vereis nie en dus is die bates vry vir addisionele lenings.

g) Daar kan van tyd tot tyd weer nuwe skemas aangegaan word.

B. Voordele wat dit vir die lede inhou.[22)]

a) Elkeen dra by in verhouding tot sy gebruik van die Maatskappy.

b) Nadat die rotasieperiode verstreke is, ontvang die lede weer hulle belange wat hulle aan die onderneming geleen het.

c) Die lede ontvang rente op hulle belegging ofskoon die koers nie so hoog is nie.

d) Die lede verkry produksiekrediet op grond van hulle bydraes in hierdie fonds.

e) In geval van likwidasie vorm dit 'n voorkeureis, d.w.s. net na gewone krediteure.

Bogenoemde toon dat hierdie stelsel van kapitaalverkryging besliste voordele inhou, gesien vanuit die standpunt van die onderneming sowel as uit die oogpunt van lede.

Die gevaar aan die roterende bonusstelsel, is dat die jaarlikse bonus ten minste gelyk moet wees aan dié wat dit moet aflos. Die risiko kan egter beperk word mits daar nie 'n vasgestelde termyn vir die terugbetaling gestel word nie.

(v) Lenings van lede.

Artikel 51(bis) van die Statute bepaal onder andere, „verdere lenings aangaan by wyse van lenings of deposito's wat van lede en ander persone ontvang is, vir sodanige tydperk en op sodanige voorwaardes as wat daar ooreengekom is."

Vervolgens gee ons die bedrae vir die afgelope ses jaar wat op hierdie wyse van lede geleen is:

TABEL 34/

TABEL 34. BEDRAE VAN LEDE GELEEN.

| Jaar geëindig. | Totale bedrag. |
|---|---|
| 30 April 1954 | £24,050 |
| 30 April 1955 | 43,883 |
| 30 April 1956 | 57,300 |
| 30 Sept. 1957 | 86,913 |
| 30 Sept. 1958 | 97,243 |
| 30 Sept. 1959 | 85,930 |

Indien ons nou die bedrae van die Ledeheffingsfonds, die Uitgestelde Bonusbetalingsfonds en die Langtermynlenings van lede bymekaar tel, sien ons dat dit op 30 Sept. 1959 te staan kom op £621,394, wat byna ses keer die opbetaalde aandelekapitaal verteenwoordig.

(a) Die Land- en Landboubank van S.A.

Hierdie bank is opgerig kragtens die bepalinge van Wet No. 18 van 1912. Hierdie wet is van tyd tot gewysig en Wet No. 13 van 1944 is 'n gekonsolideerde wet.

Die bank is met regspersoonlikheid beklee, met ander woorde dit is bevoeg om as regspersoon as eiser en verweerder in regsgedinge op te tree. Ons gaan hie op die doelstellings van die bank, soos uiteengesit in die wet, in nie, maar ons kyk slegs in hoeverre die O.T.K. daarvan gebruik gemaak het.

Dit is die belangrikste eksterne bron van krediet, nie omdat dit beide lang- en korttermynkrediet verskaf nie, maar ook weens die omvang daarvan, soos blyk uit die volgende tabel. Ons wil egter eers die besware teen landbanklenings as finansieringsmiddel gee, omdat dit in gedagte gehou moet word by die beoordeling van tabel 35, hieronder:[23)]

(i) Die termyn van tien jaar is te kort vir vaste bates.

(ii) Die sekuriteit wat vereis word, is buitensporig.

(iii) Die Landbank vereis hoër bydraes van lede tot die aandelekapitaal.

(iv) Landbanklenings kan lei tot inmenging in die sake van die koöperasies, aangesien die Landbank by toekenning van 'n lening eis om die reg te hê om 'n amptenaar so 'n koöperasie se Direksie-vergaderings te laat bywoon.

TABEL 35/

TABEL 35. BEDRAE OP LANGTERMYN VAN DIE LAND- EN LANDBOUBANK GELEEN.

| Jaar. | Totale bedrag. | Jaar. | Totale bedrag. |
|---|---|---|---|
| 1936/37 | £ 2,574 | 1948/49 | £307,262 |
| 38 | 2,317 | 50 | 284,775 |
| 39 | 2,059 | 51 | 289,862 |
| 40 | 1,802 | 52 | 389,747 |
| 41 | 1,544 | 53 | 379,729 |
| 42 | 26,783 | 54 | 394,376 |
| 43 | 32,933 | 55 | 488,786 |
| 44 | 29,132 | 56 | 595,183 |
| 45 | 25,758 | 57 | 567,651 |
| 46 | 21,525 | 58 | 564,638 |
| 47 | 43,627 | 59 | 530,476 |
| 48 | 135,661 | | |

b. Korttermynlenings.

(1) Land- en Landboubank van Suid-Afrika.

Wet 13 van 1944 magtig die Landbank om voorskotte aan koöperasies te maak in die vorm van 'n kaskredietrekening of soos dit ook bekend is, seisoenlenings.[24)]

Deur die opening van 'n kaskredietrekening verkry die koöperasie die mag om vir die duur daarvan geld uit die bank te trek of aan die bank terug te betaal, met dien verstande dat die maksimum verskuldig aan die bank nie te enige tyd die maksimum deur die Raad vasgestel en deur die lede gemagtig, oorskry nie. Dit stem dus ooreen met 'n oortrokke rekening by 'n handelsbank.

In watter mate hierdeur voorsien word in die kredietbehoeftes op korttermyn, blyk uit die £5,855,325 wat gedurende 1958/59 bestee is ten einde produkte aan te koop.

Hoe vergelyk dit met die bedrag waarvoor magtiging verkry is van die lede?

Op 'n spesiale algemene vergadering wat op verskillende plekke gedurende die tydperk 7 April 1959 tot 22 April 1959 gehou is, is besluit op 'n totale bedrag van £14,050,000. Die rede vir die verskil tussen die laasgenoemde bedrag en die bedrag wat werklik bestee is, is te vinde in twee faktore. Eerstens moet dit gemeld word dat die koöperasie jaarliks 'n raming van die maksimum bedrag wat dit sal be-

nodig/

nodig, moet maak. Tweedens, die Landbank ken sodanige bedrag toe as wat dit goed dink.

Hierdie metodes van kapitaalverkryging hou belangrike kenmerke in, nl.

(a) Die maatskappy word hierdeur in staat gestel om die volle prys vir gelewerde produkte aan lede te betaal en/of ook voorrade in benodigdhede aan te hou en/of krediet aan lede te verskaf by die aankoop van saad, kunsmis en ander artikels.[23)]

(b) Die duur van hierdie lenings word gewoonlik op ŉ jaar gestel, wat dikwels te kort is.

(c) Dit kan geskied dat die koöperasie ŉ kleiner bedrag toegestaan word as waarvoor hy aansoek gedoen het. Die maatskappy kan dus in ŉ verleentheid geplaas word wanneer dit byvoorbeeld die oes inneem. Dit dien egter gemeld te word dat addisionele lenings wel verkry kan word.

By dit alles moet ons erken dat hierdie bron van korttermynkrediet vir die koöperasies en dus ook vir die lede, van onskatbare waarde is. (Vgl. die minimum bydrae van lede op die korttermyn soos vervat in tabel 36).

(2) Handelsbanke.

Die benodigde kapitaal word nie alles deur die Landbank verskaf nie, maar ander instansies soos die handelsbanke, voorsien ook in die korttermynbehoefte. So is die Direksie tydens bogenoemde spesiale vergadering (1958/1959-vergadering) gemagtig om van Volkskas Beperk, bedrae te leen in die vorm van oortrekkings, mits die Landbank dit goedkeur. Op 30 September 1959 het die bedrag op £195,788 gestaan. (Verkry uit bylae 5)

Dit is alles goed en wel, maar wanneer krediet skaars word, mag sake begin lol wanneer die banke meer op hulle likwiditeitsposisie let.

(3) Lenings van lede.

Tydens die genoemde spesiale vergadering is die Direksie ook gemagtig om ŉ bedrag van een miljoen pond nie te bogaande in die eerste plek van lede maar indien nodig ook van ander te leen.

Die diverse krediteure het aan die einde van die 1958/59-boekjaar te staan gekom op £595,061 of dit wil sê 6.7% van die totale laste. Die bedrag was soos volg saamgestel:

Lederekenings/

| | | |
|---|---|---|
| Lederekenings .................. | | 197,128 |
| Korttermynlenings | £ 4,065 | |
| Diverse ......... | 52,393 | |
| Meeldeposito .... | 140,669 | |
| Handelaars en nie-lede ......... | | 397,933 |
| TOTAAL ............ | | £595,061 |

Dit beteken dat heelwat gebruik gemaak word van leweransierskrediet. Die voordeel hiervan is dat dit die kapitaalbehoeftes verminder, maar dit moet ook in gedagte gehou word dat dit ingekort kan word.

## 5. BYDRAE VAN LEDE TOT DIE KAPITAAL.

Die doel hier is om te sien wat die verhouding is van „eie" tot vreemde kapitaal.

„Onder ‚eie' kapitaal bedoel ons hier dié wat deur die lede verskaf word, regstreeks deur middel van aandele en heffingsfondse en onregstreeks deur die reserwes en onverdeelde winste. Alle ander kapitaal kom van vreemde bronne."[25)]

Verskillende skrywers[26)] is die mening toegedaan dat die lede in werklikheid hulle eie onderneming moet finansier. In Suid-Afrika word die mening ook gehuldig, soos duidelik blyk uit ŉ verslag van die S.A.L.U.[27)]

Vervolgens doen ons ŉ ontleding van die verhouding tussen eie en vreemde kapitaal by die O.T.K. en ons vergelyk dit met dié van alle ander mieliekoöperasies.

TABEL 36. EIE - EN VREEMDE KAPITAAL.

(i) Posisie van die mieliekoöperasies op 30 Junie 1954.[28)]

| Kapitaal. | | £. | % van groep. | % van totaal. |
|---|---|---|---|---|
| Langtermyn: | Lede | 2,394,684 | 60.3 | 9.5 |
| | Ander | 1,577,172 | 39.7 | 6.2 |
| | TOTAAL | £3,971,856 | 100.0 | 15.7 |
| Korttermyn: | Lede | 229,022 | 1.1 | 0.9 |
| | Ander | 21,072,705 | 98.9 | 83.4 |
| | TOTAAL | £21,301,727 | 100.0 | 84.3 |

(ii) Die/

(ii) Die posisie van die O.T.K. op:

a) 30 April 1954:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Langtermyn: | Lede | 675,955 | 63.1 | 11.2 |
| | Ander | 394,376 | 36.9 | 6.6 |
| | TOTAAL | £1,070,331 | 100.0 | 17.8 |
| Korttermyn: | Lede | 83,259 | 1.9 | 1.4 |
| | Ander | 4,822,202 | 98.1 | 80.8 |
| | TOTAAL | £4,905,561 | 100.0 | 82.2 |

b) 30 April 1956:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Langtermyn: | Lede | 1,396,324 | 71.1 | 19.2 |
| | Ander | 595,183 | 28.9 | 8.4 |
| | TOTAAL | £1,991,507 | 100.0 | 27.6 |
| Korttermyn: | Lede | 51,624 | 0.9 | 0.7 |
| | Ander | 5,209,326 | 99.1 | 71.7 |
| | TOTAAL | £5,260,950 | 100.0 | 72.4 |

c) 30 September 1959:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Langtermyn: | Lede | 1,434,565 | 73.0 | 16.6 |
| | Ander | 530,476 | 27.0 | 5.4 |
| | TOTAAL | £1,965,041 | 100.0 | 22.0 |
| Korttermyn: | Lede | 197,128 | 2.9 | 2.2 |
| | Ander | 6,449,046 | 97.1 | 75.8 |
| | TOTAAL | £6,646,174 | 100.0 | 78.0 |

Uit die voorgaande syfers blyk duidelik dat die Maatskappy in 1954 meer langtermyn sowel as korttermynkapitaal van sy lede verkry het as die gemiddelde van al die mieliekoöperasies. Op 30 September 1959 vergelyk dit nog gunstiger, tog bly dit nog 'n minimale persentasie. Van die groottotaal is 18.8% deur lede voorsien op 30 September 1959. Die onderneming het dit veral te danke aan sy roterende kapitaalskemas.

6. ONTLEDING VAN DIE BALANSSTAATPOSTE.

Waar ons tot dusver slegs gekonsentreer het op die bronne waaruit die Maatskappy sy kapitaal verkry, wil ons hier 'n samevatting gee van verskillende poste soos dit in die balansstaat verskyn.

Ons verwys nou na 'n Opsommidg van Balansstaatposte vir

die tien/

die tien jaar, 1949 tot 1959, soos dit verskyn in bylae 4. Vir 'n ontleding van die 1958/'59-balansstaat verwys ons na bylae 5. Die doel is om 'n geheel oorsig te kry van die sake van die Maatskappy.

Om enigsins 'n idee te kry van die finansiële posisie van die Maatskappy op 30 September 1959 volstaan ons deur slegs in tabel 37 'n opsomming te gee van die balansstaat en daarby 'n ontleding van die surplus.

TABEL 37. OPSOMMING VAN DIE BALANSSTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 September 1959.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (a) | VASTE BATES: | | | | £1,284,785 | - | - |
| | (Teen kosprys min waardevermindering) | | | | | | |
| | Beleggings ........................ | | | | 7,185 | 1 | 9 |
| | | | | | £1,291,970 | 1 | 9 |
| | Min Langtermynverpligtings .......... | | | | 530,476 | 7 | 1 |
| | | | | | 761,493 | 14 | 8 |
| (b) | BEDRYFSBATES:....... | 7,523,050 | 3 | 6 | | | |
| | Min Korttermynverpligtings ...... | 6,646,174 | 18 | 6 | | | |
| | | | | | 876,875 | 5 | - |
| | SURPLUS BATE OOR LASTE .............. | | | | £1,638,368 | 19 | 8 |

Die surplus bestaan uit:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Opbetaalde aandelekapitaal .......... | £ 129,615 | 7 | 1 |
| Reserwes ........................... | 682,555 | 19 | 7 |
| Ledehaffingsfonds .................. | 350,445 | 1 | 8 |
| Uitgestelde bonusbetalingsfonds ..... | 185,019 | 5 | 4 |
| Langtermynlenings van lede .......... | 85,930 | 9 | - |
| Voorsiening vir aansuiwering van oeste | 109,338 | 3 | 11 |
| Opvoedings- en voorligtingsfonds .... | 12,325 | 11 | 3 |
| Aanwendingsrekening - Onverdeelde saldo | 83,139 | 11 | 10 |
| | £1,638,368 | 19 | 8 |

Om 'n idee te kry van die waardevermindering wat jaarliks afgeskryf word, wil ons vervolgens die persentasies gee waarteen dit in 1958/59 afgeskryf is.

Soos verstaan kan word wissel dit van jaar tot jaar, tog kan 'n goeie idee verkry word van die volgende:

(1) Eiendomme en geboue - verminderde saldo-metode
    Hoofkantoorgebou en laboratorium ........... 1¼%
    Alle ander geboue, sylyne, ens. ............ 2½%

(2) Uitrusting/

(2) Uitrusting

| | |
|---|---|
| Landbouvoorligtingsdiens, O.T.Kaner, Handelsdepartement, Produktedepartement en Maalbedryf | 7½% |
| Drukpersafdeling, Herstelwinkel en Motordienseenheid .................................. | 10% |
| Diverse uitrusting - Berokingseenheid ........ | 15% |
| Onderhoud- en Konstruksieafdeling ............ | 20% |
| Pakpale ......................................... | 25% |
| Seile - Berokingseenheid ...................... | 33⅓% |

(3) Masjinerie

| | |
|---|---|
| Droogoonde, bastersaad en meule ............... | 10% |
| Saadstoor ....................................... | 20% |
| Grondbone ....................................... | 25% |

| | |
|---|---|
| (4) Bokseile ........................................... | 33⅓% |

(5) Voertuie - Verminderde saldo-metode

| | |
|---|---|
| Motorkarre ....................................... | ±25% |
| Vragmotors en trekkers ...................... | 33⅓% |
| Sleepwaens ....................................... | 20% |

(6) Kantoormeubels en uitrusting

| | |
|---|---|
| Kantoormeubels ................................. | 7½% |
| Boekhou- en rekenmasjiene .................... | 10% |
| Tik- en optelmasjiene ......................... | 12½% |

Hierdie afskrywingspersentasies bevestig die vermoede dat die waardevermindering op ŉ gesonde basis bereken word, behalwe die 1½% onder (1) genoem, wat ietwat laag is.

Vervolgens wil ons kyk wat die belang van die lede is in die bate van die Maatskappy.

Die totale bate kom op 30 September 1959 te staan op £8,815,020. Die Ledebelange in kapitaal, reserwes, ledeheffingsfonds, uitgestelde bonusbetalingsfonds en lenings beloop £1,630,693.

Ons kan dus die Ledebelange soos volg stel, nl.

$$\frac{£1,630,693}{£8,815,020}$$

Uit die syfers blyk dat die aandeelhouersbelang in die bates 46.6% is. „In die algemeen gesproke word dit aanvaar dat hoe nader hierdie persentasie aan 100 is, hoe gesonder is die finansiële posisie van ŉ onderneming."[29] Die slotsom waartoe dus geraak word, is dat die Maatskappy

nog in/

nog in 'n groot mate gebruik maak van eksterne kapitaal.

7. RESERWE VIR ONINVORDERBARE SKULDE EN LEDE-DEBITEURE.

Die Reserwe vir Twyfelagtige Skulde het op 30 September 1959 te staan gekom op presies £100,000. Die Totale Debiteure het gestaan op £1,233,869. Dit beteken 'n voorsiening vir oninvorderbare skulde van 8.1%.

Indien 3.5% as 'n voldoende voorsiening beskou word[30], kan aangeneem word dat hier geheime reserwes geskep word. Hierdie idee word verder versterk deurdat 'n bedrag van £39,816 afgeskryf is van 'n totale kredietverkope van £16,002,990 tot aan die einde van 1958/59. Dit beteken sowat 0.217%.

8. LOPENDE VERHOUDINGSYFER.

In Engels staan dit bekend as die „current ratio". Dit word verkry deur die verhouding van die vlottende laste tot die bedryfsbates te bepaal.

Die gebrek aan bedryfskapitaal sal hier weer in gedrang kom. Ons kan dit soos volg bereken:

| | |
|---|---|
| Totale bedryfsbate en oeste onafgehandel | £7,523,050 |
| Vlottende laste ....................... | 6,646,175 |
| (Verkry uit Bylae 5) | £ 876,875 |

Indien ons hieruit 'n berekening doen, vind ons dat die verhouding van Vlottende Laste tot Bedryfsbates 1 tot 1.132 is, d.w.s. vir elke £1 bedryfslaste is daar £1.2.7 beskikbaar in bedryfsbates. In sommige kringe word gesê dat die verhouding 2 tot 1 moet wees, d.w.s. die bedryfsbate moet twee keer soveel wees as die bedryfslaste.[31] Dit hang egter van die omsetsnelheid van die voorraad af.

9. SAMEVATTING.

Die Maatskappy verkry sy fondse uit eie en eksterne bronne.

Eie kapitaal kan onderverdeel word in aandelekapitaal, reserwes en roterende kapitaal, wat vinnig aan die toeneem is. Hierdeur word gepoog om die verhouding van eie tot vreemde kapitaal te verbeter.

Die grootste gedeelte van die geleende kapitaal word nog van bankinstellings verkry. Hierdie lenings is meestal verdeel in lang- en seisoenlenings om by die behoeftes van

die/

die koöperasie aan te pas. Dit is egter nie 'n gesonde metode van kapitaal-verkryging nie.

Verder kan genoem word dat die kapitaalbehoefte in 'n groot mate beïnvloed word deur die aard en omvang van die funksies wat uitgevoer word.

Ten slotte moet ook gemeld word dat aansienlike bedrae in een of ander vorm van reserwes gehou word en vir 'n volledige ontleding daarvan verwys ons na bylae 6.

## 10. KREDIETVERSKAFFING AS 'n BELEIDSRIGTING.

### a. Is dit wenslik om krediet te verskaf?

Sommige koöperasies huldig vandag nog die mening dat dit nie wenslik is om krediet aan lede toe te staan nie. As ons dink aan die geskiedenis van die aantal klein landboukoöperasies, wat reeds voor O.T.K. se stigting in Oos-Transvaal bestaan het, kan ons nie anders as om saam te stem dat in die meeste gevalle krediet juis die oorsaak was vir ontbinding nie. Tog moet hierdie opmerking verder omskryf word. Dit was voorwaar nie die toestaan van krediet aan lede wat die rede vir menige koöperasie se ondergang was nie; eerder was dit die swak beheer van krediet. Hierop kom ons later weer terug.

Die vernaamste doelstelling van die O.T.K. by sy stigting, was die bemarking van lede se produkte op die voordeligste wyse. Spoedig het die volgende doelstelling bygekom, nl. om lede in staat te stel om te produseer. Dit is wel waar dat daar baie boere is wat oor genoegsame bedryfskapitaal beskik om hulle boerdery tussen seisoene te finansier, maar dit is ook 'n feit dat die gemiddelde boer nie kapitaalkragtig genoeg is om sy boerderyonderneming vooruit te finansier nie. Die rede is veral omdat die boer 'n groot gedeelte van die produksiekoste moet aangaan lank voordat daar sprake is van 'n inkomste. Voorbereiding van lande, bemesting, ploeg en beplanting moet aangegaan word maande voordat daar enige opbrengs is om te kan bemark. Dit is egter nie al nie, want wanneer die boer by die oesstadium kom, staan hy voor 'n verdere groot koste om sy produkte te oes en in 'n bemarkbare toestand te bring.

Uit die definisie van krediet aan die begin van diè hoofstuk, sien ons dat die hulp wat deur die landboukoöperasie

in die/

in diê opsig aan lede verskaf word, in die vorm van diens en/of goedere kan wees. Artikel 6 van die Wet op Koöperatiewe Verenigings bepaal onder andere „om aan sy lede gelde voor te skiet op produkte of lewende hawe of lewendehaweprodukte wat deur hulle aan hom afgelewer is, verder aan lede geld voor te skiet op produkte wat nie deur hulle aan hom afgelewer is nie, hetsy daardie produkte reeds voortgebring of ingesamel is of nog voortgebring of ingesamel moet word, al dan nie."

As die toekenning van krediet aan lede belangrik was tydens die opstelling van die wet, toe boerdery in Suid-Afrika nog maar op 'n relatiewe klein skaal gedryf was, is dit tans seker van veel meer belang veral omdat dit soveel meer gemeganiseerd is.

Dit is nie slegs wenslik om krediet te verskaf nie, maar dit is ook noodsaaklik. Die boer moet voldoende bedryfskapitaal hê om te kan produseer en ander bronne is nie altyd geneë om te help wanneer daar 'n behoefte bestaan nie. Hoe kan hulle dan ook want die Maatskappy het dan 'n pandreg op die lid se produkte. Ook in landsbelang is dit noodsaaklik, want deur die produksie te verhoog, kan in 'n groter vraag voorsien word.

b. <u>Is dit wenslik om krediet te beheer?</u>

Afgesien van gewone gesonde besigheidsbeginsels, wat vereis dat alle geldelike sake van enige onderneming behoorlik beheer moet word, is dit duidelik uit die geskiedenis van die koöperasies dat onoordeelkundige en onbeheerde krediet aan lede 'n groot struikelblok was.

Onder die lede van die Maatskappy tref mens ook minder versigtige en minder doeltreffende boere aan. Daarby is almal nie altyd eerlik teenoor hulle organisasie nie. Ontduiking van verpligtinge kom gedurig voor.

Dit moet in ag geneem word dat die Koöperasie hoofsaaklik met geleende fondse sake doen en sodoende kan dit gebeur dat die Maatskappy ook as die lid nie sy verpligtinge nakom nie, in die verleentheid kan kom.

Die plig van die bestuur is nie net om te sien dat alle lede dieselfde voorregte geniet nie, maar die bestuur is ook verantwoordelik vir die beskerming van die belange van alle lede.

Ten opsigte van die kredietbeleid van die O.T.K. kan

gesê/

gesê word dat dit nougeset nagestreef word om die ledeskulde op die laagste peil moontlik te handhaaf. Geen diskriminasie tussen lede vind plaas nie en elke geval word op sy eie meriete oorweeg met inagneming van die belange van al die lede. Die aangeleentheid berus feitlik geheel-en-al by die Hoofrekenmeester en die Kredietbestuurder. (Sien ook punt 8 hierbo).

c. Kredietverskaffing.

Ons het reeds, aan die begin van die hoofstuk, gesien dat daar eintlik ʼn tweeledige betekenis aan dié woord geheg word, nl.

(1) Die moontlike selfbediening daargestel deur ʼn groep produsente in hulle gemeenskaplike belang; en

(2) Dit raak ook die groep persone en nie afsonderlike instansies nie.

Verskillende sake verdien aandag voordat die Direksie en Bestuur kan oorgaan tot die verskaffing van hierdie diens, t.w.

i. die aard van behoeftes aan kredietverskaffing;

ii. die aktuele voordele daaraan verbonde, nie slegs vir die lid wat geholpe raak nie, maar vir die groep koöpererende produsente en hulle organisasie as sulks;

iii. die omvang van kredietverlening; en

iv. die finansiële stabiliteit van die koöperasie.

Die agtergrond van die O.T.K. se kredietskema bewys dat dit die lig gesien het nadat aan al bogenoemde aspekte van die aangeleentheid aandag verleen is.

Sedert die stigting is alleenlik teen kontant verkoop maar ten spyte daarvan word by noukeurige ontleding gevind dat die behoefte aan korttermynkrediet by die boere deurgaans op die voorgrond getree het.

Waarom het die Direksie besluit om die beleid, wat vir 30 jaar gevolg is, te wysig? Namate die onderneming op handelsgebied uitgebrei en gedurende 1952/53 in totaal £2,302,857 beloop het, het die ondervinding geleer dat die amptenare in beheer van takke sonder toestemming van die Direksie op ʼn te groot skaal moes swig voor die aanhoudende kredietaansoek van lede.

i. Aard en behoefte van kredietverskaffing.

ʼn Produsent se eerste behoefte bestaan altyd in die

verkryging/

verkryging van produksiekrediet in die vorm van saad, kunsmis, brandstof en boerderybenodigdhede. Sou hy nie oor sy eie middele beskik om in die behoefte te voorsien nie, moet hy elders geholpe raak anders sal hy verplig wees om ꞌn ander heenkome te soek. Dit is die koöperasie se plig om te help.

ii. <u>Aktuele voordele verbonde aan kredietverskaffing deur ꞌn eie organisasie.</u>

Nie alleen word die produsent se voortbestaan en sy ekonomiese welvaart ꞌn oorwegende faktor by die instelling van ꞌn kredietskema nie, maar ook die bestendigheid van produksie en die verdere groei en uitbreiding van die diensfasiliteite van die koöperasie.

iii. <u>Die omvang van kredietverskaffing.</u>

In hierdie verband het die Direksie heel in die begin dit baie duidelik en ondubbelsinnig beklemtoon dat die omvang van kredietverskaffing bepaal sal word deur die bedrag van eie en geleende kapitaal wat vir daardie doel beskikbaar gestel kan word, onderhewig aan die strenge handhawing van die gesonde finansiële stabiliteit van die organisasie. Verder is die kredietwaardigheid van elke afsonderlike persoon wat aansoek doen, die beslissende faktor.

iv. <u>Die finansiële stabiliteit.</u>

Dit is die belangrikste oorweging voordat ꞌn kredietskema in die lewe geroep kan word. Terugslae as gevolg van onbeheerbare faktore, moet verwag word en sekerheid moet bestaan dat dit wel die hoof gebied sal kan word.

Die O.T.K. het ruim hiervoor voorsiening gemaak as ons kyk na die reserwes, veral nadat daar ꞌn begin gemaak is met die kredietskema. Die beleid van roterende kapitaal het verder hiertoe bygedra.

d. <u>Samevatting.</u>

Dat daar nog misverstand by sommige lede bestaan met betrekking tot die gekontroleerde kredietskema en dat baie probleme oorbrug moes word, is vanselfsprekend. Soms was die Direksie genoodsaak om stappe te neem, maar ook dit kan verstaan word.

Kredietverskaffing is ꞌn aanvullende diens wat van onskatbare waarde is en sal bly vir die Koöperasie en vir die lede wat die regte gebruik daarvan maak.

## B R O N N E .

1) Lough, W.H.: Business Finance, p. 1.

2) Polak, N.J.: Enige grondslagen voor de financiering der onderneming, p. 4.

3) Coetzee, F.J.J.: Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering, Leiden, 1957, p. 17.

4) De Kock, C.J.: „Kredietbeheer deur landboukoöperasies." Tweede Vakansiekursus in koöperasieleer, Potchefstroom, 1953, p. 70.

5) Kaarlehto, P.: On the economic nature of coöperation, Stockholm, 1956, p. 58.

6) Coetzee, F.J.J.: a.w., p. 78.

7) Idem, p. 78.

8) Polak, N.J.: a.w., p. 80.

9) Bos, C.J.: Sentraal-wes as Landboukoöperasie, Potchefstroom, 1956, p. 88.

10) Coetzee, F.J.J.: a.w., p. 80.

11) Van der Schroeff, H.J.: De leer van de Kostprijs, Amsterdam, 1957, p. 381.

12) Vgl. Els, J.H.: Die bepaling van die wins- en verlieskruispunt van mielieopberging by koöperasies met spesiale verwysing na die Sentraalwestelike Koöperatiewe Maatskappy, Beperk, Potchefstroom, 1960, pp. 31 en 32.
Hy bereken die totale koste per sak per jaar wat buite gestapel word op 7.279 pennies en dié in 'n skuur op 3.272 pennies per sak per jaar.

13) Coetzee, F.J.J.: a.w., p. 81.

14) Idem, p. 101.

15) Idem, p. 116.

16) Wet 29 van 1939, Artikel 15(1) (g).

17) Verslag van die Kommissie om ondersoek in te stel in sake Koöperasie en Landboukrediet, U.G. 16/1934, p. 146.

18) Coetzee, F.J.J.: a.w., p. 119.

19) Idem, p. 107.

20) Idem, p. 104.

21) Idem, p. 107.

22) Idem, p. 109.

23) Idem, p. 139.

24) Wet 13 van 1944, Artikel 36(1)(a).

25) Coetzee, F.J.J.: a.w., p. 88.

26) Vgl. Digby, M.: Financing of Agricultural Co-operatives, p. 2.
Greven, J.C.: „De financiering van de landboucoöperatie."
De Landbouw-coöperatie in Amerika, p. 132 e.v.
Duggan & Battles: Financing the farm business, p. 183.

27) Tweejaarlikse verslag aan die vierde algemene Koöperatiewe Konferensie, 1952, p. 20 - 21.

28) Coetzee, F.J.J.: a.w., p. 91.

29) Yorston, Smyth & Brown: Advanced Accounting (Part III), p. 125.

30) Coetzee, F.J.J.: a.w., p. 124.

31) Yorston, Smyth & Brown: a.w., p. 121.

32) De Kock, C.J.: a.w., p. 71.

# HOOFSTUK VI.

## BETEKENIS VAN O.T.K.

Ons beperk die onderwerp tot die behoefte van die lede aan sekere dienste en in hoeverre O.T.K. daarin voorsien. Ook sal gekyk word of die bestaande funksies wat deur O.T.K. verrig word, verder verbeter kan word en of ook tot ander terreine toegetree kan word.

Aangesien die personeel so 'n belangrike rol speel by die aktiwiteite, sal enkele skemas en voorregte, wat daargestel is deur die Direksie en Bestuur ten behoewe van die amptenare, kortliks bespreek word.

### 1. BETEKENIS VIR SY LEDE.

Op ŉ vraag, waarom moet ons koöpereer, antwoord mnr. J.J. Adams, voormalige Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, dat daar drie motiewe is, nl.

„a. Die ekonomiese aspek wat in verband staan met besigheid of dienste van lede, veral in terme van geld;

b. Onafhanklikheid deur gesamentlike eie-hulp, waaronder ingesluit is groepsoptrede om as mondstuk te dien vir spesifieke belange;

c. Die sosiale en etiese aspekte waardeur gemik word op die vervulling van ŉ nasionale diens vir die opheffing en verbetering van die mens.

Van hierdie drie motiewe kan die ekonomiese aspek, hoe noodsaaklik en belangrik dit ook al mag wees, nie koöperasie as ŉ permanente toekomstige struktuur, verseker nie. Die ander twee aspekte moet aanwesig wees en moet toegepas word ten einde permanentheid en stabiliteit te verseker."[1)]

Ons wil die betekenis van die O.T.K. vir sy lede bespreek aan die hand van bogenoemde drieledige indeling van motiewe.

#### a. Ekonomiese funksies wat die maatskappy verrig in belang van sy lede.

Dr. Coetzee omskryf die ekonomiese funksies van die boer soos volg: „Die boer tree as ondernemer op in die landbou wanneer hy in markverhoudings met ander partye geraak. Voordat dit nie gebeur nie, en die boerdery dus ŉ selfversorgende eenheid is, kan ons beswaarlik van ekonomiese aktiwiteite praat. Sodra egter die boer vir ŉ mark

begin/

begin produseer en sy benodigdhede van ꞑ mark betrek, ontstaan ekonomiese verhoudings waarmee hy rekening moet hou."[2]

Die boer verrig ook die funksies wat enige ondernemer verrig, nl. aankoop, produksie en bemarking en wat daarmee saamgaan, nl. finansiering en risikodraging.

Al vier die funksies hou verband met mekaar en dit het ꞑ wederkerige invloed op mekaar. Die doel van die negeen-twintig stigterslede van die O.T.K. het veral betrekking gehad op die bemarkingsfunksies en dit kan in twee verdeel word, nl. aankoop en verkoop. Die Raad van Direkteure het op 17 Mei 1923 besluit om die volgende dag ꞑ kantoor te huur en te open en met sekere aktiwiteite te begin. Die oë was gerig op die koöperatiewe bemarking van lede se mielies; later het ook die gesamentlike aankope van boerderybenodigdhede bygekom.

Die O.T.K. se hoofdoel by sy ontstaan was die hantering van sy lede se mielies en net soos hierdie funksie gestadig uitgebrei het oor die hele Oos- en Suid-Transvaal, het ook die diensmotief uitgebrei na ander terreine. Die bewys hiervan vind mens op verskeie plekke. Ons haal slegs aan uit die boodskap van M.J. v.d. Westhuizen wat destyds bestuurder van die Raad van Beheer oor die Mielienywerheid was en hy het die volgende in sy boodskap ingesluit: „Alhoewel die Vereniging eers op 5 April 1944 mondig word, het hy al vir baie jare sy plek onder die ‚grootmense' ingeneem en in die ontwikkeling van die ideaal van koöperasie naamlik die van self-help en onderlinge diens, het O.T.K. ꞑ waardige en vername rol gespeel. Ek is eenmaal gevra om ꞑ omskrywing te gee van die woord <u>koöperasie</u> en my antwoord was, ‚Koöperasie beteken DIENS'. O.T.K. het in die jare van sy bestaan hierdie woordomskrywing bevestig en die vooruitgang wat in die afgelope jare gemaak is getuig daarvan dat die Direksie en personeel van die Maatskappy steeds voortgebou het op die grondslag van DIENS."[3]

Dr. Coetzee sê ook dat dit die funksie van ꞑ koöperasie is om die lede se ondernemings op ekonomiese wyse te dien.[4] Die funksie kan verskillende vorme aanneem, bv. aankoop van benodigdhede, bemarking van produkte, verskaffing van krediet, assuransie en ander dienste. Daar moet altyd gestreef word om die lid se verhouding tussen koste en opbrengs so gunstig moontlik te maak, d.w.s. diens teen die laags moontlike koste/

like koste en die afset van sy produkte op die voordeligste wyse. In hoeverre tree die O.T.K. op as aanvulling van sy lede se bedrywe?

(1) Hantering van lede se produkte.

Met die oog op hierdie funksie het die O.T.K. tot stand gekom. Was daar 'n behoefte aan hierdie doelstelling by produsente? Die antwoord vind ons in die resultate van die Maatskappy.

Gedurende die eerste boekjaar is 60,220 sak mielies hanteer. Met die depressiejare het daar veral 'n behoefte aan hierdie funksie ontstaan en 1,750,000 sak is hanteer. Stelselmatig is ook ander produkte ontvang en bemark. Vandag word ongeveer vyf miljoen sakke graan per seisoen in ontvangs geneem.

Die instelling van beheerrade ingevolge die Bemarkingswet het die aard en funksies van landboukoöperasies belangrik verander. Die O.T.K. is gestig om 'n beter en meer stabiele prys vir sy lede se produkte te beding. Met die koms van die Bemarkingswet is die maatskappy onthef van die pryshandhawingsfunksie en in 'n aansienlike mate van die verpligting om 'n mark te vind vir sy lede se produkte. Maar afgesien van die beperkte funksie wat die koöperasie nou moes vervul, het die koms van beheer die aktiwiteite uitgebrei. Ons kan dit soos volg saamvat:

(a) Die koöperasie het nou opgetree as agent van die beheerrade en daarom moes dit produkte ontvang van sy lede sowel as van nie-lede. Gevolglik 'n geweldige uitbreiding in produkte-hantering.

(b) 'n Verandering of 'n toetrede tot ander funksies. Die hooffunksie het weggeval en daardeur ook die prikkel om lid te word van die Koöperasie.[5] Die O.T.K. het spoedig besef dat die enigste moontlikheid vir uitbreiding gelê het in die toespitsing op ander funksies.

Hoewel daar van toe af baie gekonsentreer is op wat genoem kan word die bykomstige funksies van die lede, hou die hantering van produkte deur die Koöperasie nog heelwat voordele in en neem dit steeds 'n belangrike plek in. Waar die Maatskappy van die risiko van wisselende pryse en onsekere afset onthef is, is die Koöperasie in staat gestel om meer aandag aan die tegniese aspekte van die bemarkingsproses, soos gradering en opberging, te skenk en so die doeltref-

fendheid/

fendheid in die uitvoering van hierdie funksies te verhoog.

By die vasstelling van pryse is die spekulatiewe handel uitgeskakel wat daartoe bygedra het dat koöperasies hulle aandeel in die bemarking van landbouprodukte kon verhoog.

ꞌn Verdere voordeel wat die beheerstelsel vir koöperasies en ook vir die O.T.K. meegebring het, is dat kredietfasiliteite daardeur verbeter is. So kan die O.T.K. ten opsigte van beheerde produkte nou voldoende voorskotte van die Landbank verkry, waardeur die Maatskappy in staat gestel word om die vasgestelde pryse aan sy lede en nie-lede by aflewering van die produk te betaal.

Dr. Rörich, lid van die Nasionale Bemarkingsraad, beklemtoon dat die koöperasies ook daartoe bydra om ꞌn sukses van die beheerrade te maak en hulle taak te vergemaklik.[6) ]Ons dink hier aan die opberging van graan in die massaskure deur die O.T.K. binne sy gebied wat die Noord-oostelike, die Oostelike en ꞌn gedeelte van Suid-Transvaal insluit. Dit het die taak van die beheerrade vergemaklik deurdat daar nou met baie minder handelseenhede gewerk word.

Vir die lede en nie-lede hou dit verder die praktiese voordeel in dat die O.T.K. sy ontvangsdepots versprei en dat die vervoerkoste van produkte vanaf die plaas na die depot beperk word.

Die O.T.K. hanteer ꞌn hele verskeidenheid van landbouprodukte soos mielies, koring, hawer, rog, grondbone, sonneblomsaad, bone, kafferkoring en ander graansoorte waaronder gars. Baie van hierdie produkte val reeds onder een of ander bemarkingskema, maar sommige word nog volgens ꞌn direkte verkoopstelsel deur die O.T.K. van die hand gesit. Sommige van die produkte vereis ook be- en verwerking, bv. grondbone. Die boer kan dit moeilik self onderneem aangesien dit baie tyd, kennis en vaardigheid vereis. Die O.T.K. beskik bv. oor drie verwerkingsentrums vir grondbone.

Ons kan die hele aangeleentheid saamvat en sê dat die O.T.K. vir die onderskeie beheerrade van waarde is deurdat dit optree as ontvanger van die graan en deurdat dit die opbergingsfunksie behartig. Vir die lede het dit die voordeel dat hy sy produkte op gerieflike plekke kan lewer, te enige tyd, dat die O.T.K. dit in sommige gevalle verwerk en dat die lid onmiddellik ten volle vergoed word. Deur middel van sy Koöperasie kry die produsent ook verteenwoordiging op die Produsentekomitee saamgestel volgens die be-

palinge/

palinge van die Bemarkingswet wat veral te doen het met die prysbepaling.[7]

(2) Verskaffing van benodigdhede aan lede.

Koöperasie beteken ook die uitskakeling van spekulasie, die vermindering van eenheidskoste en die brug tussen die lid en die fabrikant. Gewoonlik beteken dit dat die konsument verseker word dat die produk wat hy koop kwaliteit en waarde vir sy geld beteken en dat die produsent, deur die vermindering van produksiekoste, verseker word van ꞌn redelike prys.

Met die toenemende meganisering van die boerdery het verskaffing van boerderybenodigdhede steeds belangriker geword. Dit is duidelik dat die boer hier ook in ꞌn markverhouding optree en dat hy nie alleen kennis moet hê van die kwaliteite van die produkte wat hy aankoop nie, maar ook van die pryse op verskillende markte. Ook hier verkeer die lid in ꞌn swak afdingingsposisie en is hy aangewese op plaaslike leweransiers. Twee sake is dus hier vir die boer van die grootste belang, eerstens die prys waarteen hy kan aankoop en tweedens die kwaliteit van die goedere wat hy aankoop.[8]

Die stygende pryse van boerderybenodigdhede en die verskynsel dat produktepryse ꞌn dalende tendens openbaar het, het die toestand vererger en die Koöperasie het toegetree om effektiewer bedingingsmag te kon verkry. Die strewe, by die O.T.K. in die geval, is nie om ꞌn monopolistiese handelsbedryf daar te stel nie of om vreedsame kompetisie uit te skakel nie. Die doelwit was deurgaans om produksiekoste so laag moontlik te hou en die binne-bereikstelling van voldoende voorrade benodigdhede waardeur vertragings uitgeskakel kon word. „Die inskakeling van hierdie funksie by die primêre doelstelling van graanhantering is dus logies en ꞌn onaanvegbare reg van produsente wat koöpereer."[9]

Boerderybenodigdhede word aan lede voorsien teen die laags moontlike prys waartoe die O.T.K. in staat is, inaanmerkingnemende die daarstelling van ꞌn gesonde handelsonderneming. Die Hoofbestuurder van die O.T.K. vat die prysberekeningsbasis waarop boerderybenodigdhede aan lede verskaf word, soos volg saam: „Opsommenderwys kan dus hier gekonstateer word dat prysberekening in die geval van ꞌn landboukoöperasie plaasvind op die basis van aan-

koopsprys/

koopsprys plus ʼn redelike kommissie wat die uitgawes verbonde aan aankoops- en verkoopskoste moet dek."[9] (Sien ook Hoofstuk IV paragraaf 4(g))

Ten slotte kan hier verwys word na die handelsafdeling soos uiteengesit in hoofstuk IV, waar melding gemaak word van die £551,110 wat die O.T.K. sedert 1936 in die vorm van bonusse en diwidende en die gemiddelde bruto-persentasie-kommissie van 7% tot 8% terugbetaal het. Geen profythandel sou dit aan die lede kon doen nie.

(3) Die O.T.K. in die Maalbedryf.

Om toe te tree tot die maalbedryf is in werklikheid ʼn funksie van ʼn landboukoöperasie, omdat hierdie diens in die doelstellings daarvan ingesluit is en dit die aangewese weg vir ʼn landboukoöperasie is om diens te lewer. Ook hier is dit noodsaaklik om ʼn wig in te dryf teen moontlike uitbuiting.

Oortuiging by lede dat hulle Koöperasie ook in hierdie behoefte moet voorsien, het aanleiding gegee dat van tyd tot tyd by die Direksie op jaarvergaderings daarop aangedring is om hierdie diens tot beskikking van lede te stel.

As gevolg van hierdie versoek en die wete dat dit die erfenis van koöperateurs is om deur hulle eie organisasie aanspraak op so ʼn belangrike diens te maak, het die Direksie, wetende dat daar ʼn felle stryd voorlê en daar baie ondervinding opgedoen sal moet word, nie geaarsel om tot die maalbedryf toe te tree nie. Die gevolg hiervan was dat die Direksie op 1 Maart 1948, na deeglike ondersoek deur ʼn voorafbenoemde kommissie, besluit het om die Gale en Ross-meule te Kinross aan te koop vir die som van £30, 000. Dit is opgevolg deur die aankoping van die Middelburg-meule van Cooke en Seun op 1 Mei 1948 vir £35,000.

ʼn Belangrike besluit wat deurslaggewend was en deurentyd gevolg is, was dat hierdie twee meulens aan al die lede van die O.T.K. behoort en dat meel- en mielieprodukte tot beskikking van lede by alle store aangehou moet word teen dieselfde pryse. Hierdie toespitsing op die handel met eie lede het deurgaans die fondament gelê vir die sukses wat behaal is, nie alleen vanuit ʼn finansiële oogpunt nie, maar ook en veral vanuit ʼn standpunt van dienslewering. (Vgl. Hoofstuk IV paragraaf 4(g))

Probleme het keer op keer opgeduik en vooroordeel het

soms/

soms gedreig om die onderneming te laat misluk, maar dit alles ten spyt kan vandag verklaar word dat die Direksie hiermee 'n ontsaglike en ongeëwenaarde diens aan lede gelewer. Direkte en indirekte voordele, wat nie altyd in geldelike mate gemeet kan word nie, is aan lede gebied wat die maalbedryfonderneming ondersteun het, sowel as aan diegene wat die voordeel van prysbesnoeiinge as gevolg van hierdie stap geniet het.

'n Meeldeposito-skema word gevolg, waardeur lede in staat gestel word om die opbrengs van 'n sekere hoeveelheid mielies wat vir eie gebruik afgesonder word, as 'n deposito by die Maatskappy vir meel- en mielieprodukte te stort. Al meer en meer lede het die voordeel daaraan verbonde besef sodat vandag feitlik alle lede daarvan gebruik maak.

Die lede van die O.T.K. word hier bedien deur 'n onderneming waarop hulle met reg trots kan wees, want ook hier is die maatskappy in staat om kompeterend op te tree wat betref pryse en kwaliteit.

(4) Die Herstelwinkeldiens.

Gedurende Maart 1943 is 'n aanbeveling aan die Direksie voorgelê om 'n herstelwinkel op te rig met die doel om die volgende dienste te lewer:[10)]

1) Herstel van plaaswerktuie.

2) Herstel en vervaardiging van onderdele vir plaaswerktuie.

3) Herstel van trekkers, enjins, windpompe, ens.

Die aanbeveling is in beginsel goedgekeur en die bestuurder het opdrag gekry om ondersoek in te stel na 'n geskikte gebou, die nodige gereedskap en 'n ambagsman. Op die Mei 1943-vergadering van die Direksie word gerapporteer dat 'n hout- en sinkpakskuur ingerig is vir 'n herstelwinkel en dat die „aangewese tegniese man" se dienste verkry is. (Hierdie man is sedertdien nog altyd in beheer van die onderneming.) Gereedskap ter waarde van £483-7-8 is ook aangekoop.

Drie maande later is verslag gedoen oor die werksaamhede. Tot op daardie datum is werk gelewer vir 'n bedrag van £189-9-8 en as gevolg van verdere uitbreiding is byna 8 maande later 'n tweede werktuigkundige aangestel. Al gaandeweg het die herstelwinkeldiens uitgebrei. Na gelang

die dienste/

die dienste gelewer meer en meer in aanvraag gekom het en na gelang die volume werk toegeneem het, moes meer amptenare en gereedskap beskikbaar gestel word.

Hoe die vraag na hierdie diens toegeneem het en die betekenis wat dit vir sy lede gehad het, blyk uit die volgende vergelykings. Die omset vir die eerste boekjaar, nl. 1943/44, was £908 en het gestyg tot so hoog as £63,000 vir ꞌn enkele bedryfsjaar. Daar is begin met gereedskap ter waarde van £480 terwyl die waarde daarvan vandag nagenoeg £30,000 beloop. In ꞌn geboutjie van 1,000 vk. vt. is begin, terwyl die werklokaal van die bestaande gebou 15,000 vk. vt. beslaan. Een werktuigkundige en een naturelle handlanger het die werk begin; tans is daar twintig blanke werkers en vyftien naturelle werkers in diens.

Hierdie groei dien as onomstootlike bewys dat daar ꞌn besondere behoefte bestaan aan koöperatiewe diens op hierdie terrein, maar dit moet ook aanvaar word as ꞌn bewys van die doeltreffendheid van die diens.

Die naam <u>herstelwinkel</u> is vandag nie meer heeltemal korrek nie omdat herstelwerk inderwaarheid slegs ꞌn onderdeel uit maak van die werk wat daar verrig word. Die werksaamhede kan naamlik in vervaardiging en herstelwerk ingedeel word.

Indien ꞌn mens besoek bring aan die onderneming is dit interessant om op te merk wat alles vir herstel aangebied word. Letterlik enigiets, vanaf die kleinste tot die grootste stuk plaasmasjinerie, word daarheen gestuur. Alle fabrikate en tipe trekkers word herstel en opgeknap terwyl ploegskare, wat minder belangrik mag klink, maar tog in groot hoeveelhede hanteer word, ingestuur word om gepunt te word.

Uitgesonderd herstelwerk wat ten behoewe van lede gedoen word, word ook groot hoeveelhede herstelwerk ten behoewe van die Koöperasie self onderneem.

Onder die items wat vervaardig word is sleepwaens vanaf 1½ ton dravermoë, hamermeule- en kuilvoerkerwers, aartappeluithalers, tefsaaiers, spuittoestelle, bone-dorstoestelle, stronksnymasjien en uintjie-uithaler, egbalke, wolsorteertafels, tenkstaanders, damkleppe, melkstoeltjies, grassnyers, tuinhekke en nog veel meer. Enige van hierdie artikels kan direk of deur middel van enige handelsdepot/tak bestel word.

Masjinerie/

Masjinerie en toerusting vir die Maatskappy se eie gebruik word ook vervaardig. In dié verband wil ons in die eerste plek verwys na grondbone-verwerkingsmasjinerie. Die Maatskappy beskik oor die dienste van ŉ raadgewende Ingenieur, dr. Keeve Steyn, wat saam met mnr. L.J. Erasmus, hoof van die afdeling, in hierdie verband navorsing in die V.S.A. gedoen het. Ook op die gebied van saadbewerkingsmasjinerie is reeds baie navorsing gedoen en sukses behaal. Sakhysers is ŉ verdere belangrike item, waarmee die Maatskappy deur dit self te vervaardig, duisende ponde bespaar.

Reeds baie duisende ponde is bespaar tot voordeel van die Koöperasie en sy lede, maar afgesien hiervan het dit ook die voordeel dat meer betroubare werk gedoen is, as wat langs ander weë verkry sou kon word. Deur die diens langs koöperatiewe weg te verkry, het die produsent die voordeel van in die eerste plek goedkoper werk - die tariewe tans van toepassing is soveel as 3/6 per uur laer as dié van ander instansies - en in die tweede plek dien dit as ŉ buffer teen uitbuiting.

Die enigste tekortkoming van hierdie diens is die feit dat dit nie binne redelik bereik van alle lede is nie. (Hierop word weer terug gekom in punt 2 b. (4) van hierdie hoofstuk.)

Ten slotte kan net gemeld word dat die afdeling ook oor ŉ goed-toegeruste houtwerkafdeling beskik.

(5) <u>Landbouvoorligting</u>.

Die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking het by die amptelike opening van die jaarkongres van die S.A.L.U. die volgende gesê: „Die tempo van die landbouontwikkeling met sy meganisering, groot kontant uitgawes en hoë vereistes van kennis oor allerlei tegniese aspekte van die boerdery, het van so ŉ aard geword dat dit baie van die land se boere, veral nou in moeiliker tye, in ŉ toestand van verwarring en frustrasie laat beland het."[11] Hierdie opmerking is ook van toepassing op die lede van die O.T.K.

Boerdery, soos enige sake-onderneming, maak dit gebiedend noodsaaklik dat die persoon in beheer daarvan voortdurend die vinger op die pols moet hou om by die geringste gevaarteken van afwyking vinnig en doeltreffend op te tree. Indien dit nie die geval is nie sal die winsgrens, wat in die boerdery van vele omstandighede afhang, gou ŉ ommekaar

aandui/

aandui en 'n verlies ten gevolg hê, veral waar soveel van die omstandighede buite beheer van die boer is.

Beplanning, deeglik deurdag, moet die wagwoord wees vir elke boer. En indien hierdie afdeling nie tot die fynste besonderhede uitgewerk is nie kan dit lei tot oorkapitalisasie, waardeur 'n groot las op die boerdery geplaas word.

Indien die boer die faktore reg organiseer, waaroor hy dus wel beheer het, kan hy tot 'n groot mate die sukses van sy oes verhoog. Vir die lede van die O.T.K. bestaan die beheerbare faktore hoofsaaklik uit grondvrugbaarheid, wisselbou, bemesting, gebruik van goeie saad, insek- en onkruidbeheer, plantdigtheid, bewerking, doeltreffende arbeid en gereedskapverbruik. Maar die boer beskik nie altyd oor die nodige tegniese, psigologiese en ekonomiese kennis nie. Dit is hier waar die Landbouvoorligtingsdiens met sy Vakkundige beamptes van die O.T.K. die boer kan help.

Die Direksie van die O.T.K. gaan selfs by tye sover om fondse beskikbaar te stel vir die doeleindes van bemestingsproewe wat uitgevoer word in medewerking met 'n aantal produsente en onder toesig van die Landbouvakkundige beampte. Hierdie proewe word uitgevoer op verskillende hooftipes grond wat aangetref word in die gebied wat die Maatskappy bedien. Dit geskied ook op betreklike groot persele ten einde betroubare resultate te verkry. Vir die produsent is dit sonder twyfel van veel waarde.

Ons sien dus dat die taak van die landbou-wetenskaplike is „om die basiese wetenskaplike feite vas te stel, die toepassing daarvan uit te werk, die boer voor te lig, te organiseer en aan te moedig om die bevindings van die wetenskap by sy boerdery en produksiemetodes in te skakel. Indien die landbou-wetenskaplike hierdie taak effektief wil verrig moet hy die wesentlike van die boer se menigvuldige probleme kan begryp."12)

Indien daar gekyk word na die resultate gedurende die sewe jaar wat die diens in werking is, ly dit geen twyfel dat hierdie diens 'n belangrike bydrae gelewer het om die probleme van die boer te help oplos nie. Die besonderhede sedert dit in 1953 ingestel is tot die einde van die 1958/59 boekjaar, is die volgende:

Aantal lede bedien ............... 4,294
Aantal grondmonsters ontleed ..... 6,694
Aantal myle kontoere afgesteek ... 1,881

Aantal damme/

Aantal damme uitgemeet ...............143.. 143
Aantal plase opgemeet en beplan ......130.. 130
Saadontkiemingstoetse ................428..

Wat algemene diverse advies en voorligting betref het die dienste verder gestrek, bv. in verband met uitgewerkte wisselboustelsels, aanbevelings betreffende rusgewasse, bestrydingsmetodes teen gronderosie, produksieprobleme, weiveldbeheer, korrekte kunsmisaanwending en etlike akkerboukundige probleme.

Dit is dus duidelik dat by gebrek aan 'n landboukollege of dergelike inrigting in Oos-Transvaal die Koöperasie in staat is om baie waardevolle dienste in hierdie rigting te lewer aan die produsente-gemeenskap binne sy gebied.

(6) <u>Kredietverskaffing</u>.

Onder 'n aparte hoof, nl. Kredietverskaffing as 'n Beleidsrigting, wat in afdeling 10 van die vorige hoofstuk volledig behandel is, word op hierdie aangeleentheid ingegaan. Daar is ook ingegaan op die vraag of dit wenslik is dat krediet toegestaan word.

Hier kan slegs gemeld word dat die vrees vir kredietverkope oor 'n tydperk van dertig jaar, die oorhand gehad het. Vir daardie tydperk is alleenlik vir kontant verkoop. Mettertyd het die behoefte aan korttermynkrediet by lede so intens geword, dat die Direksie nie anders kon as om 'n gekontroleerde kredietskema in werking te stel nie.

Die betekenis van hierdie kredietskema kan besef word as in gedagte gehou word dat die kredietverkope sedert die instelling, in 1953, van die kredietskema £16,002,990 beloop. Dit speel dus 'n belangrike rol in die bevrediging van lede se kapitaalbehoeftes oor die korttermyn.

(7) <u>Assuransieafdeling</u>.

Die behoefte by die produsent om sy oeste te verseker teen bv. haelskade het reeds jare gelede ontstaan. So vroeg as die eerste helfte van 1934 is daar druk op die Direksie uitgeoefen en is die aangeleentheid bespreek. 'n Skema is uitgewerk en voorgelê bywyse van 'n statuut-wysiging wat aan die lede vir oorweging voorgelê is. As gevolg van 'n gebrek aan herversekeringsfasiliteite is besluit op 'n poelskema. Nadat administrasiekoste en kommissie van die premie-opbrengs afgetrek is, is die balans aangewend vir die betaling van eise of 'n <u>pro rata</u> gedeelte van elk.

In 'n/

In 'n groot mate het hierdie skema in die behoefte vir haelversekering voorsien en 'n redelike aantal produsente het dan ook gereeld daarvan gebruik gemaak. Die vernaamste tekortkoming was sonder twyfel die feit dat dit nie 'n gewaarborgde skema was nie - 'n produsent het nooit geweet of sy eis ten volle ontmoet sou word nie. Dit is as gevolg hiervan dat die skema nooit behoorlik kon groei nie en dit oor die tydperk van bykans 15 jaar van sy bestaan beperkte ondersteuning geniet het.

Die stigting van Sentrakas het in die eerste plek gewaarborgde haelversekering 'n werklikheid gemaak, met die gevolg dat die skema gou inslag gevind het. Geweldige uitbreiding het plaasgevind, veral nadat brand- en ongevalle versekering ook op 'n koöperatiewe grondslag verkry kon word en die O.T.K. het die Sentrale alle moontlike steun gegee en 'n volwaardige assuransieafdeling is in die lewe geroep.

Die O.T.K. tree dus op as skakel tussen die lid en Sentrakas en vir beide hou dit voordele in. Dit dien hier gemeld te word dat die Koöperasie aan lede, wat daarom aansoek doen en wat kredietwaardig is, versekeringspremies voorskiet.

Die voltydse assuransieafdeling hou ook die voordeel in dat die lid voorsien kan word van waardevolle advies deur gespesialiseerde amptenare.

Het die boer 'n behoefte aan assuransie? Om hierdie vraag te beantwoord kan ons maar net ons nuusblaaie naslaan en ons sal vind dat hulle deurspek is met berigte van gevoelige skades wat deur boere gely is — berigte soos „Plaaswoning brand af", „Trekker vat vlam", „Hael rig duisende ponde skade aan", en so meer kom daagliks voor. Was die opstal verassureer, die buitegeboue, die trekker, die stoetbul, die oeste, ens.? Dit is duidelik dat die boer wel deeglik behoefte aan assuransie het en hierin kan die O.T.K. voorsien.

Deurdat die boer se oeste verseker is teen haelskade beveilig hy nie alleen sy eie posisie nie, maar dra hy ook by tot die verstewiging van die finansiële posisie van sy eie onderneming. Ingevolge 'n besluit geneem deur die Raad van Direkteure van Sentrakas, waarop die O.T.K. ook verteenwoordiging geniet, word die lid die geleentheid gebied om deur middel van sy eie koöperatiewe organisasie

dieselfde/

dieselfde dekking teen dieselfde premietariewe te verkry vir versekering teen brand, ongelukke, ens. Dit geld vir alle tipes versekering, behalwe lewensassuransie.

Deur die stigting op 20 September 1950 van 'n Sentrale Koöperatiewe Assuransiemaatskappy, Beperk, (Sentrakas) met die paslike slagspreuk Vryheid van Vrees, het die nagrus van die O.T.K.-lid voorwaar soeter geword.

Assuransie is in wese koöperatief. Die bydraes van die menigte word aangewend om die enkeling in teenspoed te onderskraag.

(8) Kunsmisvoorsiening.

Die statute bepaal onder andere in artikel 3(d) dat die O.T.K. „misstowwe en ander boerderybenodigdhede ten behoewe van en vir lewering aan sy lede aan te koop of op enige ander manier te verkry."

Die O.T.K. is opgerig met die uitsluitlike doel om die boer te dien. As landboukoöperasie was dit dus die doel van die Maatskappy om die boer en lid te help in die produksie en bemarking van sy produkte. Een metode om die lid te help in die produksieproses is, soos ons reeds in die statute gesien het, om misstowwe aan lede te voorsien. Vanaf die stigting het hierdie behoefte by die lede van die O.T.K. bestaan, maar dit het elke jaar dringender geword. Hier dien ook opgemerk te word dat die behoefte aan kunsmis groter word namate die vooruitsigte gunstiger word en die bedryfskapitaal toeneem as gevolg van goeie oeste in die voorafgaande jaar. Verskillende ander faktore speel egter ook 'n rol onder andere die groter mate van bemesting namate die grond steeds meer en meer uitgeput raak, die tipe gewas wat verbou word en, van die kant van die Koöperasie gesien, die groter vraag na kunsmis namate die ledetal groter geword het. Dadelik moet gesê word dat daar nog altyd 'n hele aantal lede was wat hulle kunsmisbestellings by privaatagente geplaas het. Die vraag ontstaan dan of die Maatskappy nie 'n baie beter diens kan lewer indien elke lid sy bestellings by sy eie onderneming plaas nie. Die O.T.K. gaan sover om aan elke lid bestellingsvorms te stuur, maar die moeite word ontsien om dit in te vul en hy plaas eerder 'n mondelinge bestelling by die gewone agent wat hom besoek. By ondersoek is die bewering gehoor dat die O.T.K. se kunsmisbestellings nie na wense uitgevoer word nie, bv. dat aflewering nie op

datum/

datum geskied nie, maar is dit voldoende rêdevvir die lid om nou sy bestelling deur die gewone kanale te plaas? Seer seker nie. Die boer en die lid van die O.T.K. moet besiel word met die idee om nie weg te hardloop nie maar steeds daarna te strewe om sy eie onderneming te ondersteun en te verbeter deur gesonde kritiek te lewer op vergaderinge. Dit geld nie net vir kunsmisbestelling nie, maar vir enige ander aangeleentheid. Indien die lede hulle volle ondersteuning aan hulle eie onderneming gee, kan die kommissie wat verdien word, aansienlik verhoog word, wat weer tot hulle eie voordeel aangewend kan word.

Daar is ook ander probleme waarmee die bestuur en die Direksie te doen gehad het ten opsigte van die voorsiening van kunsmis aan lede. So vind ons byvoorbeeld in die verslag van die Raad van Direkteure vir die jaar geëindig 30 April 1933, die volgende opmerking: „Ten gevolge van die slegte pryse van graan en die stopsit deur die Landbank om kunsmis aan die lede op krediet te verskaf, het die omset ontsaglik verminder."

Die geld wat die boer aan kunsmis bestee maak ŉ belangrike deel uit van sy totale koste en so raak hy bewus van die stygende koste en ŉ meer stabiele prys vir sy produkte. Om dié verhouding, d.w.s. tussen opbrengs en koste, gunstiger te maak, kan die lid sy kunsmis deur sy koöperasie bestel en so behaal hy ŉ indirekte besparing deurdat ŉ groter diwidend uitbetaal kan word. Die O.T.K. lewer dus hier ŉ belangrike diens aan sy lede en probeer so om die boerdery meer winsgewend te maak.

(9) <u>Voorsiening van brandstof, saad en graansakke</u>.

(a) <u>Brandstof</u>.

Onder brandstof sluit ons in petrol en massabrandstof, d.w.s. kragparaffien en diesolien.

Gedurende die 1929/30 boekjaar is begin met petrolvoorsiening en petrol ter waarde van £765 is aangekoop. ŉ Klein begin, maar die behoefte was daar en die O.T.K. moes daarin voorsien.

Met die styging in die ledetal en die groter gebruikmaking van die masjien het die behoefte toegeneem. In die steeds groter wordende vraag moes voorsien word en die besparing wat weer tot beskikking van die onderneming en sy lede gekom het, het verder gestyg. ŉ Bestendige groei in hierdie/

hierdie afdeling is merkbaar.

Massabrandstof verskyn vir die eerste keer in die finale rekeninge aan die einde van die 1958/59-boekjaar, in welke jaar 'n saldo van £2,328 oorgedra kon word na die handelsinkomste- en uitgawerekening. Opmerklik klein is die persentasiekommissie wat hier deur die O.T.K. verdien word, nl. 2.67%. Tog hou dit 'n voordeel vir die lid in wat hy nie altyd besef nie.

In 'n latere paragraaf sal ingegaan word op die moontlike uitbreiding van hierdie diens deur die O.T.K., maar hier wil ons volstaan deur net te sê of daar wel enige voordeel vir die boer is om eerder sy Koöperasie as die mededingers van sy eie onderneming te ondersteun.

Vandag word brandstof op die plaas gelewer teen 'n rêdelike prys en binne sewe dae nadat die boer sy bestelling geplaas het. Dit is by die vier groot maatskappye wat direk teenoor die Koöperasie staan.

Mnr. A.L. Prinsloo, Bestuurder van Noord-wes Koöperasie, gee 'n volledige uiteensetting van die prys waarteen die maatskappye brandstof aan boere lewer.[13] Volgens hom, en dit is ook die mening van die S.A.L.U., kan die betrokke maatskappye nie voortdurend teen 'n verlies aflewer nie. Aan die hand van ontledingsyfers deur hom opgestel, sal die afleweringskoste een of ander tyd moet styg. Dit is hier waar die O.T.K. vir sy lede van betekenis kan wees. (Ons behandel dit verder onder paragraaf 2 van dié hoofstuk.)

(b) <u>Saadverskaffing</u>.

Deur die daarstelling van 'n saaddepot lewer die O.T.K. uitstaande diens aan sy produsente en die toenemende ondersteuning is 'n verblydende aanduiding van lede se geloof in die beter saad wat verkry word van hulle eie onderneming. Goedgesorteerde en gesonde saad moet noodwendig 'n hoër oesopbrengs lewer.

Vanaf 1951/52 is saad ook aan lede voorsien op 'n kredietbasis wat soos verwag kan word 'n groter omset in hierdie vertakking van die aktiwiteite van die O.T.K. veroorsaak het.

Na aanleiding van samesprekings te Potchefstroom[16] tussen verteenwoordigers van die Departement van Landbou, die Mielieraad en tegniese beamptes van koöperasies, is besluit om kweekkontrakte aan te gaan met betroubare produsente met die oog op isolasiekweking van bekende en ge-

akklimatiseerde/

akklimatiseerde variëteite mielies. Dit kan nie anders as om voordeel in te hou vir die boer in Oos-Transvaal nie. Onderhandelinge is ook gevoer met die Mieliebeheerraad aangaande die kweek van bastersaadmielies en die O.T.K. het in hierdie verband ŉ leidende aandeel geneem in Suidoostelike Transvaal. Ten spyte van ongunstige klimaatstoestande is bevredigende resultate behaal.

Hoogs doeltreffende masjinerie is ook geïnstalleer vir die bewerking van saad en die finale produk is van uitstekende kwaliteit.

(c) <u>Voorsiening van graansakke aan lede</u>.

Dit val bepaald op die terrein van die O.T.K. en dit word feitlik deur die lede as vanselfsprekend aanvaar dat hulle koöperasie hulle van graansakke moet voorsien.

Vanaf die heel eerste bedryfsjaar het hierdie behoefte by die lede bestaan en moes ŉ begin gemaak word in die voorsiening daarvan. Die strewe was om sakke so goedkoop moontlik aan die lede te lewer ten einde hulle produksiekoste so laag moontlik te hou.

ŉ Begin is gemaak met ŉ huurkoopskema waarby graansakke die eiendom van die Maatskappy gebly het tot tyd en wyl die produkte gelewer is en die sakke betaal is.

Of dit enige waarde vir lede inhou, ly geen twyfel nie. Nie alleen word die lid voorsien van sakke wat voldoen aan die vereistes van die betrokke beheerraad nie, maar dit geskied teen ŉ redelike prys, en, wat vir die boer van nog groter belang is, op kredietbasis. Die Koöperasie het die voordeel dat dit die sakke op groot skaal aankoop en dat dit met verskillende bronne kan onderhandel. Dit besit dus ŉ redelike afdingingsmag wat die lid nie besit as hy self moet aankoop nie. Daarby hou dit die voordeel in dat die sakke vir die boer vervoer word tot by sy naaste ontvangsdepot en indien hy te veel sakke geneem het, kan die res teruggelewer word.

In die verlede was daar jare toe die voorraad sakke beperk was en dit het veel moeilikheid opgelewer, want nie altyd kon ten volle in die behoeftes van die boer voorsien word nie. Selfs vandag gebeur dit nog dat die boer ŉ sekere persentasie nuwe sakke ontvang en die res gebruikte sakke. Dit bly nietemin ŉ belangrike ekonomiese diens wat gelewer word en die boer se bedryfskapitaalbehoeftes word

hierdeur/

hierdeur verklein.

Samevattend kan ons nou sê dat die O.T.K. belangrike funksies verrig veral ten opsigte van die ekonomiese aspekte van aankoop, produksie, bemarking, finansiering en risikodraging.

b. Onafhanklikheid deur gesamentlike eie-hulp.

Aan die begin van die hoofstuk het ons reeds hieronder groepsoptrede om as mondstuk te dien vir spesifieke belange ingesluit.

Dr. Coetzee maak tereg melding daarvan dat die ekonomiese voordele wat die boer geniet deur middel van sy koöperasie hom 'n groter mate van onafhanklikheid van die ander ekonomiese skakels as voorheen gegee het.[15] Dit gee 'n bestaansekerheid aan die boer.

Koöperasie is 'n gesamentlike onderneming waar homogene ekonomiese belange behartig word. Dit beteken dat die boer hier een word van 'n groep persone wat te doen het met soortgelyke probleme as hy. Dit versterk dus die onderlinge groepsgevoel. Deur gesamentlike optrede skep die lede dus vir hulle 'n eie organisasie.

Nie alleen het die produsent in Oostelike Transvaal die direkte voordeel geniet van die algemene verlaging van die persentasiewins nie, maar daarbenewens verskaf die Maatskappy die waarborg aan die produsent dat produksiekoste beperk sal wees.

Die 14,534 lede van die O.T.K. praat uit een mond en dit het 'n belangrike seggenskap oor sake van spesifieke belang.

In hoe 'n mate die O.T.K. die lid onafhanklikheid verleen,,kan gesien word indien daar na die groot verskeidenheid ekonomiese funksies, wat dit aan lede verskaf, gekyk word.

c. Sosiale en Etiese aspekte.

Mnr. J.J. Adams beweer: „Hierdie materiële vooruitgang, hoewel baie bemoedigend, word egter alleen belangrik indien dit gesteun word deur illustrasies van wat die beweging alreeds gedoen het om die posisie van die produsent, die verbruiker en die werker te verbeter — opvoedkundig, moreel, sosiaal en geestelik."[16] Ongelukkig is

daar/

daar geen maatstaf waarvolgens die waarde hiervan gemeet kan word nie. Adams beweer verder dat die koöperasie daardie stadium van ontwikkeling bereik het waar groter aandag aan die nie-kommersiële motief van die beweging gewy moet word.[16)]

Of die O.T.K. in dié sin van enige betekenis was vir sy lede, is ook duidelik, want deurdat die boer van wetenskaplike advies en leiding bedien word en dit hom ekonomies help bevorder dit die sosiale en geestelike sy. Dat daar egter nog verdere moontlikhede is vir uitbreiding is nie te betwyfel nie.

## 2. MOONTLIKE UITBREIDING EN VERDERE VERBETERING VAN DIENSTE.

In die 1953-verslag van die Raad van Direkteure vind ons die volgende opmerking: „U koöperasie het meer geword as slegs ꞌn medium waardeur die produsente hul produkte bemark het, en ꞌn jong handelsonderneming waardeur hulle sekere van hulle boerderybenodigdhede verkry het. Produsent en koöperasie is onafskeidbaar saamgesnoer in ꞌn hegte eenheid. Ekonomiese fondamente is gelê waarop nou gebou kan word vir die toekoms. Nie alleenlik moet voorafgenoemde basiese dienste op uitgebrei word nie, maar het die tyd ook aangebreek om nuwe metodes en bykomstige skemas op aanvullende wyse aan te wend ter voldoening aan die nuwe omstandighede."[17)]

Die doel is nie om hier ꞌn volledige uiteensetting te gee van die moontlikhede om elke funksie uit te brei nie, maar slegs om enkele bespiegelinge te gee oor sommige funksies.

### a. Uitbreiding van dienste.

Dit is die oortuiging van skrywer hiervan dat daar nog veel veld braak lê op ekonomiese en nie-ekonomiese terrein.

#### (1) Aanstelling van ꞌn veearts.

Koöperasie beteken DIENS, en die O.T.K. het dié woordomskrywing deur die jare bevestig. Dit het sy lede gedien op verskillende terreine, maar hoewel ꞌn groot persentasie van sy lede ꞌn gemengde boerderystelsel beoefen is nog nie in dié rigting uitgebrei nie.

As gevolg van die uitgestrekte gebied mag daar gevind word dat die dienste van ꞌn enkele persoon onvoldoende sal wees. Tog kan dit nie anders wees as dat dit alleen voordeel kan inhou vir lede nie. Oorweging kan byvoorbeeld

geskenk/

geskenk word aan die wysiging van die roetinefunksies van ŉ veearts. Dit mag miskien bevind word dat die persoon nie slegs as ŉ geneeskundige praktisyn beskou sal word nie, maar dat hy lede sal besoek en van wetenskaplike advies sal bedien ten opsigte van die verbetering van veestapels binne die gebied. Met die hulp van die landbouvoorligtingsdiens kan so ŉ persoon ook behulpsaam wees met plaasbeplanning en die aanhouding van vee. In kort dus, moet die persoon nie net uitgeroep word waar noodgevalle bestaan nie, maar hy moet lede besoek, hulle klagtes aanhoor ten opsigte van vee en advies in hierdie verband gee.

(2) Elektrifikasie van die platteland en die daarstelling van ŉ behoorlike kredietskema.

Reeds in die hierbogenoemde verslag van die Raad[17] vind ons dat die saak te berde gebring word. Met die groot Komati-kragsentrale binne sy gebied bestaan die moontlikheid dat aan ŉ groot aantal lede elektrisiteit voorsien kan word, maar die O.T.K. kan en moet die inisiatief neem.

Nie alleen hou dit ŉ voordeel in vir die lid nie, maar dit hou ook ŉ voordeel in vir die Koöperasie. Om die voordele te behaal beteken egter dat die boer kapitaal sal benodig. Sommige kan dit uit eie fondse verkry, maar in baie gevalle sal die Maatskappy moet help. Dit kan geskied deur ŉ behoorlike kredietskema.

(3) Pensioenskema vir boere.

„In die jongste begrotingsrede het die Minister van Finansies aangekondig dat persone wat vir hulleself werk in die toekoms ook toegelaat sal word om bydraes, wat deur hulle tot ŉ goedgekeurde pensioenskema gemaak word, tot ŉ maksimumbedrag van £300 per jaar, vir inkomstebelastingdoeleindes aftrekbaar sal wees. Ons neem aan dat die toegewing ook vir boere geld."[18]

Die S.A.L.U. het reeds besluit dat die daarstelling van so ŉ pensioenskema vir boere aan die Provinsiale Landbouunies gelaat word.

Dit is my mening dat die O.T.K. ook op dié gebied ŉ belangrike diens aan sy lede kan bewys, hetsy deur ŉ eie skema of andersins.

b. Verbetering/

b. Verbetering van bestaande dienste.

Nog lank nie bereik die dienste wat die O.T.K. aan sy lede verskaf die maksimum sukses nie. Ons wil hier slegs aan enkeles dink.

(1) Landbouvoorligtingsdiens.

Dit is onmoontlik om met die bestaande aantal amptenare en middele wat tot beskikking van die afdeling is, al die lede van die nodige tegniese kennis te bedien. Doeltreffende uitbreiding van die personeel is dringend noodsaaklik.

(2) Maalbedryf.

Hier wil ons in alle eerlikheid die vraag vra of die O.T.K. met die bestaande skema, wat heeltemal tereg belangrike voordele inhou vir die lid, nie nog doeltreffender diens kan lewer nie. In baie gevalle bestaan daar geen twyfel dat die kwaliteit van die mielieprodukte wat gelewer word, minderwaardig is nie.

By baie lede is hierdie onderwerp aangeroer en groot ontevredenheid is aangehoor, wat ons kan saamvat in uitdrukkings soos „Wat kan ek anders doen, die een sak meel is goed, die ander minderwaardig."

Tog moet die lid in baie gevalle erken dat hy nie altyd sy plig doen deur byvoorbeeld die jaarvergadering by te woon en sy saak te stel nie. Ook gaan hy gedurende die jaar nie met sy klagtes na die regte persone nie, en bespreek hy dit slegs met sy buurman. Ja, hy gaan selfs nie sover om 'n brief te skryf nie.

Dit is veral hier, maar ook andersins bv. vir beter algemene koöperasie dat opvoeding van die lid 'n dringende behoefte geword het. Ons kom later weer op hierdie stelling terug.

(3) Brandstofvoorsiening.

Heeltemal bewus van die stryd tussen die Koöperasie en veral die vier groot oliemaatskappye [19], moet erken word dat die O.T.K. nie heeltemal sy plig gedoen het nie. Miskien was dit onvermydelik; miskien is hy soos ander koöperasies ook op die verkeerde voet gevang deurdat, toe hy sy oë uitvee, 'n groot persentasie van sy lede reeds met die massatenk en die kontrak wat aangegaan is, gesit

het./

het. 

Tog kan die hande vir geen oomblik gevou word en gewag word om te sien wat gebeur nie. Die O.T.K. het 14,534 lede en ter wille van hulle en al die ander boere moet die stryd voortgaan. Daar mag nie blind gestaar word teen die kommissie wat wel verdien word nie.

(4) Herstelwinkelsdiens.

Vertoë vir die desentralisasie van die herstelwinkel word voortdurend ontvang. Die klagte dat hierdie diens nie binne bereik van al die lede is nie, is heeltemal gegrond. Die Direksie staan egter geensins onverskillig teenoor hierdie dringende behoefte nie, maar daar moet rekening gehou word met talle probleme wat desentralisasie meebring. Ons wil enkeles hier noem, nl.

(a) Geboue waarin herstelwerk onderneem word moet volgens die vereistes van die Fabriekswet opgerig word.

(b) Gereedskap en toerusting is net soos geboue 'n groot kapitale belegging.

(c) Geskikte en betroubare tegnici is moeilik verkrygbaar.

(d) Die nodige persele sal aangekoop moet word.

(e) Verliese kom dikwels voor en toesighoudende persone is moeilik te verkry.

(f) Indien 'n beginsel van desentralisasie aanvaar word, is daar minstens tien of meer sentrums wat almal 'n ewe sterk behoefte en aanspraak het. Om een eenheid uit te rus sou meer as 'n £½-miljoen aan kapitaal vereis.

(g) Volle besetting van arbeid en masjinerie is te alle tye 'n vereiste.

Desentralisasie is dus moeilik te verkry, maar indien die probleme wel oorbrug kan word sou dit veel voordeel inhou vir lede wat as gevolg van afstand en daarmee gepaardgaande verlore tyd nie van hierdie diens kan gebruik maak nie.

(5) Opvoeding.

Oor hierdie onderwerp is veel geskrywe, maar dit kan nooit genoeg beklemtoon word nie.

Mnr. A.J. le Roux sê in 'n toespraak: „.... en tog, sê ek, is dit betreklik gesproke, maklik om sulke feite op te diep en aan lede voor te hou en om hulle op te lei om te

verstaan/

verstaan watter ekonomiese faktore hulle aankope en verkope deur een kanaal beïnvloed. Die veel swaarder taak wat op ons, wat in koöperasie glo, rus, is om ons lede op te voed in die ware gesindheid van die koöperatiewe gedagte. Daarom het die ou Rochdale pioniere opvoeding as stelreël van koöperasie neergelê. Dit is uit gebrek hieraan dat ons koöperatiewe beweging nog nie die trap van ontwikkeling bereik het wat ons graag sou wou sien nie. Uit gebrek hieraan kan buitestaande elemente ons lede nog so maklik afrokkel met allerlei toegewings en selfs skinderpraatjies oor gebrek aan kapitaal, onbekwame bestuur, of wat ookal."[20]

Saam met mnr. le Roux wil ek graag hierdie sy van ons koöperatiewe beweging bepleit en veral konsentreer op die O.T.K.

Wat word deur die O.T.K. gedoen om sy lede op te voed in die beginsels en ware doelstellings van koöperasie? Is dit nie dalk as gevolg van 'n gebrek hieraan dat so baie lede van die O.T.K. ontrou is aan hulle eie onderneming nie?

Ons moet erken dat die O.T.K. beskik oor sy eie amptelike orgaan, Die O.T.Kaner. Die waarde hiervan is reeds gedurende die veertigerjare besef toe 'n begin daarmee gemaak is. Later het die blad van die toneel verdwyn en het dit eers weer vanaf Oktober 1956 verskyn. Die doel van die <u>nuwe</u> O.T.Kaner is omvattend, nl. „die O.T.Kaner het gekom om u op hoogte te hou van sake rakende u eie koöperasie en om sake van algemene landboubelang te bespreek d.w.s. hy voorsien in die eerste plek in u behoeftes as lid van die O.T.K. en ook as boer."[21]

Wat vind ons alles in Die O.T.Kaner? Hier is die antwoord: letterlik <u>alles</u>. Kortliks kan ons die volgende noem:

(a) Die beleid van die Raad en bestuur wat sekere belangrike sake rakende die Koöperasie hierin breedvoerig bespreek. Dit bevat dus 'n ruimte wat spesiaal vir daardie doel afgesonder word. Dieselfde geld ook vir sake wat die Koöperasie se wydvertakte dienste raak.

(b) Gereelde artikels van aktuele landboubelang, geskryf deur amptenare van die landbouvoorligtingsdiens asook die vrae wat gestel word deur die lede en die antwoorde van deskundiges.

(c) 'n Beeld van die werksaamhede van die Koöperasie —

of dit/

of dit in die hoofkantoor agter die skerms verrig word, of by takke of by depots.

(d) Persoonlike nuus en prestasies van koöperateurs.

(e) Voorsiening word ook gemaak vir die vrou en die kind by wyse van 'n spesiale afdeling. Opvoedkundige artikels deur gekwalifiseerde huishoud- en dieetkundiges; kortverhale en novelles van bekende skrywers(sters).

(f) Voor die jaarlikse algemene vergadering word die finale state en verslae hierin gepubliseer.

(g) Van tyd tot tyd word ook artikels en berigte geplaas van vooraanstaande persone op die gebied van die landbou en sake rakende die boer.

Nou keer ons terug tot die vraag wat deur die O.T.K. se personeel en direkteure gedoen word om die lid op te voed. Ons kan nie anders as om te sê dat hoewel die O.T.Kaner in 'n belangrike behoefte voorsien, die uitwerking nie heeltemal gewens is nie. Wat is dan die rede? Ons insiens is die boer net op een manier vatbaar vir oortuiging en dit is wanneer daar met hom in alle eerlikheid en vriendelikheid heeltemal objektief mondeling geredeneer word in sy eie huis en in 'n geslote groep. Hierdie stelling bespreek ons kortliks.

Eerstens dan <u>in alle eerlikheid en vriendelikheid</u>. <u>Eerlik</u> omdat 'n boer alles verafsku wat oneerlik is, en <u>vriendelik</u> omdat hy as gevolg van sy trotse aard nie gedwing wil word nie.

Waarom objektief? 'n Oud-direkteur van die O.T.K. het eenmaal aan my gesê: „Jy kan alleen 'n man oortuig as jy sy probleme insien." Dit onderskryf ek heelhartig.

Die meeste boere haat dit ook om 'n brief te skryf en sy klagtes op skrif te stel. Hy wil 'n onmiddellike antwoord hê op elke vraag en dit verklaar waarom dit mondeling moet plaasvind.

Waarom binne sy eie huis of in 'n geslote groepie? Om dieselfde rede as die een waarom die algemene vergadering swak bygewoon word, nl. hy is besig en het nie tyd om <u>ure</u> vir ondersoeke af te staan nie. Daarby hou hy uit beginsel nie daarvan om op 'n vergadering sy sê te sê nie en daarvoor bestaan verskillende redes wat hier nie ter sake is nie.

Wat is die uiteindelike gevolg? Dit blyk uit die by-

woningspersentasie/

woningspersentasie wat soos volg daar uitsien:

BYWONINGS VAN ALGEMENE JAARVERGADERINGS.

| Datum | Aantal lede teenwoordig | Ledetal | Persentasie bywoning |
|---|---|---|---|
| 1939/40 | 750 | 4,656 | 16.1 |
| 41 | 533 | 5,001 | 10.6 |
| 42 | 349 | 5,724 | 6.1 |
| 43 | 249 | 6,464 | 3.9 |
| 44 | 290 | 7,024 | 4.1 |
| 45 | 561 | 7,375 | 7.6 |
| 46 | 513 | 8,117 | 6.3 |
| 47 | 868 | 9,286 | 9.3 |
| 48 | 833 | 10,347 | 8.1 |
| 49 | 585 | 11,213 | 5.2 |
| 50 | 681 | 11,825 | 5.8 |
| 51 | 689 | 12,611 | 5.4 |
| 52 | 756 | 13,394 | 5.6 |
| 53 | 741 | 14,202 | 5.2 |
| 54 | 828 | 15,122 | 5.4 |
| 55 | 832 | 15,708 | 5.2 |
| 56 | 799 | 16,035 | 4.9 |
| 57 | 838 | 16,428 | 5.1 |
| 58 | 901 | 16,520 | 5.4 |
| 59 | 420 | 14,534 | 2.8 |

Heeltemal tereg kan die vraag gevra word of die tyd dan nie al lankal ryp is om 'n persoon aan te stel met die uitsluitlike doel om lede by hulle huise of selfs op sy landerye te besoek, by hom op die trekker te klim en met hom oor die wese van koöperasie te gesels nie? Gee hom dan die feite en besonderhede op skrif en nou sal hy belangstel. Nou sal hy sy O.T.Kaner lees soos dit hoort en sal dit nie op die tafel bly lê vir die kinders om te verwoes nie.

Ons sluit hierdie gedeelte af met 'n aanhaling uit die toespraak van mnr. Andries le Roux: „Ek is nie in die minste pessimisties oor die groei en omvang van landboukoöperasie in Suid-Afrika nie — maar ek is oortuig daarvan dat die innerlike groei van die gees van die mens op die gebied van koöperasie, soos op so baie ander gebiede in hierdie eeu van wetenskap en atoomkrag en meganiese hulpmiddels, nie tred gehou het met die materiële ontwikkeling nie. Ek wil met al die erns waaroor ek beskik, aan ons koöperasies en ons

koöperateurs/

koöperateurs sê dat ons in ons denkwyse moet terugkeer tot die grondmotiewe van koöperasie; dat ons hierdie grondmotiewe self moet leer ken, dat ons hulle moet uitleef en dat ons hulle moet verkondig waar ons ook gaan. Opvoeding is 'n gedurige proses, en net soos die lewe self moet dit of groei of kwyn — dit kan nooit stilstaan nie."[22)]

3. <u>BETEKENIS VAN DIE O.T.K. VIR SY AMPTENARE</u>.

In die Gedenkuitgawe[23)] word melding gemaak van die sogenaamde „vliegende amptenaar" of te wel hy wat van koöperasie maar net 'n gerieflike tussentydse heenkome maak terwyl hy na iets beters op die uitkyk sit. Vandag vind jy dit nog, maar ons moet die term nie oorhaastig gebruik nie want die O.T.K.-amptenaar moet een wees met spesifieke eienskappe. Uit die aard van die saak word al dadelik deur die regdenkende individu besef dat die werk in hierdie onderneming, omdat dit koöperatief is, geïnspireer word deur 'n diensmotief. Dit is 'n grootse taak en die vereistes van die verskillende vertakkinge van die werksaamhede bring die noodsaaklikheid van so 'n diensmotief gedurig pertinent onder die aandag van 'n amptenaar.

Hy wat nie bereid is om homself tot diens van hierdie groot saak en tot diens van duisende lede te stel nie, sal hom of haar nie as amptenaar volkome tuis kan voel nie. Dit was en sal altyd so wees.

Tog kan gesê word dat dit veral die beginjare was waar moeilikhede dikwels voorgekom het. Deur die jare heen is ook voorsiening gemaak vir die amptenaar. In sy ontwikkelingstadium was die direksie en bestuur in werklikheid nie in staat om iets beters, iets meer aantrekliks as 'n skrale besoldiging aan te bied nie, 'n onsekere toekoms, geen langverlof nie en ook nie 'n gerusstelling wat die oudag betref nie. Werk, soos in geen ander onderneming nie, moes tot op die uiterste voortgaan sonder rus en daarby moes nog hoon en smaad van die beste koöperateurs verduur word. Die finansiële toestand van die Koöperasie was ook geen besondere bemoediging vir sy werknemers om hulle toekoms aan die saak te wy nie.

Namate die beweging egter dieper ingeslaan het en die Koöperasie gegroei het, het die toestand geleidelik verbeter en is daar vandag 'n heenkome binne die Koöperasie. Ons kyk vervolgens net na enkele skemas en voorregte wat

deur/

deur die maatskappy daargestel is vir die welvaart van sy personeel.

a. Pensioenskema.

Die werknemer verdien 3½% van sy basiese salaris jaarliks aan pensioen, m.a.w. na bereiking van aftree-ouderdom (mans 65 en dames 60 jaar) is die werknemer se jaarlikse pensioen 3½% van die gemiddelde jaarlikse salaris deur hom of haar verdien gedurende sy hele dienstermyn vermenigvuldig met die aantal jare wat hy of sy in diens van die O.T.K. was.

Ons kan dit verder illustreer deur ŉ voorbeeld.

Veronderstel ŉ matrikulant, mnr. A, tree op 18-jarige leeftyd in diens van die maatskappy op skaal 8-A teen ŉ aanvangsbesoldiging van £240 per jaar en word normaalweg bevorder met salarisverhogings volgens die skaal. Dan bereik hy op vyftigjarige leeftyd die maksimum van skaal 1, d.w.s. £1500 per jaar, op welke skaal hy dan bly tot en met sy aftrede op 65-jarige leeftyd. Dit beteken dat mnr. A 47 jaar diens in die maatskappy sal hê waarvan 46 jaar pensioengewende diens sal wees. Gebaseer op bogenoemde skaal sal sy gemiddelde basiese besoldiging oor die loop van die 46 jaar nagenoeg £1,038 per jaar bedra. Sy jaarlikse pensioen daarop by aftrede sal 3½% van daardie £1,038 vermenigvuldig met 46 beloop en dit staan gelyk aan nagenoeg £1,670 per jaar. Vergelyk dit met sy besoldiging van £1500 per jaar net voor aftrede. Hierdie pensioen is vir vyf jaar gewaarborg, m.a.w. sou hy te sterwe kom binne vyf jaar na sy aftrede, word dit aan sy erfgename betaal totdat hy sewentig jaar oud sou wees, waarna die pensioen verval. Bly mnr. A egter lewe en bereik ŉ ouderdom van hoër as sewentig jaar, word dit normaalweg tot sy dood betaal.

Mnr. A het egter ook ŉ ander keuse, nl. om by die bereiking van aftree-ouderdom een-derde van sy jaarlikse pensioen vir kontant te verdiskonteer en dit sal hom ŉ pensioenkontantuitkering op aftree-ouderdom gee van £5,143. Sy jaarlikse pensioen verminder dan na £1,114 wat netsoos hierbo uiteengesit, betaalbaar is.

b. Mediese hulpfonds.

Onderhandelings met die Suid-Afrikaanse Koöperatiewe Amptenare Vereniging, Beperk, wat geregistreer is kragtens die Wet op Koöperatiewe Verenigings, is afgehandel en ŉ mediese hulpfonds is ingestel vanaf 1 April 1959 soos

deur S.A.K.A.V. aangebied. Dit was beskikbaar vir die lede van die personeel wat op daardie datum in diens van die Maatskappy was en vrywillig tot die skema wou toetree. Vir enige nuwe toetredings tot die personeel van die Maatskappy na 1 April 1959 is dit verpligtend om lid te word van die mediese hulpfonds.

ŉ Oorskotskema is hier in werking, in terme waarvan die werknemer na drie maande 80% en na ses maande van lidmaatskap sy dokters-, hospitaal- en oogheelkundige rekenings ten volle kan terugeis, behalwe dat hy die eerste £5 van elke ses maande se opgehoopte eise self dra. ŉ Eerste persoonsmaksimum vir enige lid van ŉ gesin bedra £250 per jaar en enige ander lid van ŉ gesin ŉ tweede personnsmaksimum van £200 per jaar met ŉ maksimum per gesin van £800 per jaar. Daarby kom ook nog ŉ spesiale poliodekking van £1,000 per persoon.

Maandelikse bydraes word soos volg bereken:

| | |
|---|---|
| Lid | 12/- per maand |
| Lid en eggenote | 25/- per maand |
| Eerste kind | 6/- per maand |
| Tweede kind | 5/- per maand |
| Orige kinders | 3/- per maand |
| Maksimum per gesin | 42/- per maand |

Die Maatskappy dra 50% van die werknemer se bydrae indien hy lid van die fonds is.

Daarby kom medisynevoordele teen ŉ maandelikse bydrae van 6/- per lid met of sonder ŉ gesin, en die voordele hieraan verbonde is 80% van die koste van voorgeskrewe medisyne na drie maande van lidmaatskap met ŉ maksimum van £30 per jaar per lid of per gesin.

Bykomstige voordele soos tandheelkunde, groepslewensdekking, ongevallevoordele, ens. is opsioneel. Die koste hieraan verbonde is vir hulle eie rekening.

Na baie deeglike ondersoek, het die maatskappy besluit op hierdie skema, omdat dit die oortuiging is dat die S.A.-K.A.V. mediese hulpfonds die beste voordele teen die billikste bydraes vir die personeel sou lewer. Terselfdertyd bied dit beskerming aan sy lede in dié opsig dat daar ŉ vasgestelde tarief bestaan vir elke behandeling of mediese diens wat ontvang word en is die betrokke geneesheer, as lid van die S.A. Mediese Vereniging, gebonde om by daardie vasgestelde tariewe te hou.

c. Sosiale/

c. Sosiale verkeer.

ʼn Behoorlike georganiseerde personeelvereniging bestaan wat verantwoordelik is vir die onderlinge sosiale verkeer van die personeel. Jaarliks word drie of vier personeelsaamtrekke gereël in die vorm van braaivleisfunksies, konserte, ens. In die hoofkantoorgebou is onder andere ook voorsiening gemaak vir ʼn ontspanningsaal waarin weekliks binnemuurse spele, soos ringtennis, pluimbal, tafeltennis, ens., gespeel word.

Van tyd tot tyd word kragmetings op sportgebied soos voetbal, korfbal, jukskei, tennis, skyfskiet, ens. met ander koöperasies gereël en soms word ook besoeke aan ander koöperasies in die vorm van een of ander sporttoerspan onderneem.

Vir die instandhouding van hierdie funksies dra die personeel maandeliks ʼn nominale bedrag by tot die personeelfonds wat gedeeltelik ook deur die Maatskappy gesubsidieer word.

d. Personeelbonus.

Vir die afgelope twintig jaar het die personeel jaarliks ʼn bonus, gelykstaande aan 10% van hulle basiese salaris gedurende die jaar verdien, ontvang. Die betaling van ʼn personeelbonus is egter nie ʼn diensvoorwaarde nie. Die Raad van Direkteure oefen sy diskresie uit of so ʼn bonus betaal sal word of nie.

e. Ander voorregte wat die personeel geniet.

(1) Verlof: Dit geskied met volle betaling en is gebaseer op die volgende:

Eerste 5 diensjare — 18 werksdae per jaar.
Daarna — 24 werksdae per jaar.

(2) Siekteverlof: ʼn Maksimum van 30 dae per jaar met volle betaling.

(3) Opleiding: ʼn Geleentheid in die opsig word aan die werker gebied deurdat hy in staat gestel word om ʼn diploma in koöperasieleer te behaal. Indien hy dit verkry verhoog sy salaris outomaties met een kerf.

Afgesien van al die voordele wat vir die personeel van die O.T.K. opgesluit lê in die stabiliteit van die onderneming, die aantreklike salarisskale, gunstige pensioenfonds en mediese bystandsfondsvoordele, asook die voorsiening van

aangename/

aangename ontspanning op sosiale gebied, is die werksomstandighede in alle opsigte van die beste omdat behoorlike kantoorakkomodasie en toerusting vir die uitvoering van elke amptenaar se plig deur die maatskappy daargestel word.

Opvallend is die deeglikheid van die werksverdeling. Elke stukkie werk wat gedoen staan te word, is bestem om behoorlik in te pas in die rat van afronding. Elke afdeling skakel in volkome harmonie met die ander en sluit saam by een sentrum waar alle resultate kompak en presies weergegee word. Dit hou belangrike voordele in vir die amptenaar en die kontrole kan nie anders as om vertroue in te boesem nie.

Tot dusver het ons gesien wat die voordele is wat die personeel geniet. Tog is dit 'n behoefte om ook te sê, baie kortliks, wat van 'n amptenaar verwag word. Ons doen dit aan die hand van 'n inleidingsartikel wat verskyn in Die O.T.Kaner van 15 Januarie 1942. Daarin vind ons die volgende: „Nunquam non paratus" wat letterlik beteken „nooit onvoorbereid nie", d.w.s. altyd gereed! Nooit met die verkeerde voet voor nie! Kan 'n beter leuse vir die amptenaar gekies word? Die amptenaar moet altyd gereed wees om te help, om te dien, om te adviseer. Daar is egter nog meer nodig, en dit is die selfopofferende diens. Wat is die dryfveer tot diens? Vriendelikheid, ywer, belangstelling, onbaatsugtige offervaardigheid, beslistheid, en, nie die minste nie, die bereidwilligheid om die lid as die meeste te erken, hom so te behandel en om self die minste te wees sonder om die O.T.K. se belange daaronder te laat skade ly. Daardie taktvolle optrede is die grondvereiste vir ware diens!

## 4. <u>SAMEVATTING</u>.

Uit die voorgaande kan ons nie anders as om die gevolgtrekking te maak dat die O.T.K.daar staan „as monument en trots van die boer" nie. Mnr. H.P. Hancke het hierdie aanhaling in 1944 gebruik, en sedertdien het dit oneindig meer waar geword.

Mnr. J.G. Grobler sê in 'n toespraak tydens 'n Boeredag te Bethal: „Ek wil u gelukwens met O.T.K. Ons leuse is <u>diens</u>. En toe ek gister kennis gemaak het met O.T.K., met sy hoofkantoor hier op Bethal, was ek grootliks beïn-

druk deur/

druk deur die diens wat hier gelewer word vir die boer. Die O T.K. is iets waarop die gemeenskap trots kan wees."[24]

Dit is mooi en waar woorde want O.T.K. lewer voorwaar diens op ekonomiese en nie-ekonomiese terreine. Tog moet die hand steeds in eie boesem gesteek word om te strewe na steeds beter en doeltreffender diens aan lede en amptenare, maar ook ons ganse landboubevolking.

Dit het geloof, moed en volharding gekos om te kom tot waar dit vandag staan, maar by nog te veel lede vind ons die verkeerde houding. Raak dit nie die kern van koöperasie nie? Dr. P.G. le Clus sê die volgende: „As koöperasie by ons niks anders beteken as die paar pennies wat onmiddellik aan ons aangebied word nie, dan is dit geen wonder dat ons mense so dikwels hoor praat van dié koöperasie, asof dit sommer nog 'n besigheid is wat aan iemand anders behoort in plaas van met trots te sê: Ons koöperasie, my koöperasie, waarin ek genoeg kapitaal belê het om dit die moeite werd te maak; waarin ek as lid my seggenskap het en wat na my belange omsien."[25] Hierdie woorde is ook van toepassing op elkeen wat iets met die O.T.K. te doen het.

---

B R O N N E.


1) Adams, J.J.: „Waarom koöpereer ons?" Die O.T.Kaner, Mei 1958, p. 9.

2) Coetzee, F.J.J.: Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering. Leiden, 1957, p. 16.

3) O.T.K. Gedenkuitgawe, 1944, p. 33.

4) Coetzee, F.J.J.: a.w. p. 13.

5) Idem, p. 45.

6) Rörich, A.J.V.: „Die Bemarkingswet en sy inwerking op landboukoöperasies." Sesde Kortkursus in Koöperasieleer, Potchefstroom, 1959, p. 54.

7) Vgl. Swart, J.N.: „Seggenskap van primêre produsente by prysbepaling kragtens die Bemarkingswet." Georganiseerde Landbou, April 1960, p. 29.

8) Coetzee, F.J.J.: a.w. p. 17.

9) Swart, J.N.: „Handelsaktiwiteite van landboukoöperasies met spesiale verwysing na O.T.K." Die O.T.Kaner, Augustus 1960, p. 6.

10) Direkteursverslag, 1942/43, p. 3.

11) Uys, D.C.H.: Amptelike Opening van die jaarkongres van die S.A.L.U. Die O.T.Kaner, Februarie 1960, p. 29.

12) Uys, D.C.H.: Openingsrede tydens Landbousimposium, Universiteit Pretoria. Die O.T.Kaner, November 1959, p. 21.

13) Prinsloo, A.L.: „Distribusie van brandstof." Sesde Kortkursus in Koöperasieleer, Potchefstroom, 1959, p. 80.

14) Verslag van die Raad van Direkteure, 1951/52, p. 4.

15) Coetzee, F.J.J.: a.w. p. 14.

16) Adams, J.J.: a.w. p. 9.

17) Verslag van die Raad van Direkteure, 1952/53, p. 6.

18) Inleidingsartikel, Georganiseerde Landbou, Maart 1960, p.1.

19) Vgl. Prinsloo, A.L.: a.w. p. 77.

20) Le Roux, A.J.: „Koöperasie is iets waarin die individu moet glo." Die O.T.Kaner, November 1958, p. 7.

21) O.T.K., Die O.T.Kaner, Oktober 1956, Jaargang 1, Nr. 1,p.5.

22) Le Roux, A.J.: a.w. p. 9.

23) O.T.K. Gedenkuitgawe, 1944, p. 37.

24) Grobler, J.G.: Toespraak tydens Boeredag. Die O.T.-Kaner, Augustus 1958, p. 14.

25) Le Clus, P.G.: „Koöperasie verrig diens sonder skade aan ander." Georganiseerde Landbou, Oktober 1959, p. 17.

BYLAE 1.

„BELANGRIKE VERGADERING VAN BOERE.

„'n Reeks van seer belangrike vergaderinge vir die boere bevolking sal op die volgende plekke en datums gehou word, ten einde 'n Koöperatiewe Vereeniging te stig in die Bethal- en omliggende distrikte.

„Daar die saak van Koöperasie van die uiterste belang is vir die mielieboer, hoop men dat al die mieliekwekers in die omgewing waar die vergadering gehou word hulle sake also sal reël dat hulle die een of ander van die vergaderinge sal bywoon:

Om 11 uur voormiddag

| | |
|---|---|
| te Bethal | 5de April |
| Trichardtstasie | 6de April |
| Kinross-stasie | 7de April |

„Die bovermelde drie vergaderings sal toegespreek word deur:-

Die heer Arnold Smith van Davel;
Die heer Jozua Scheepers van Devon;
Die heer T.B. Herold, Bestuurder van die Landbank;
Die heer J. Retief, Registrateur van Koöperatiewe Vereenigings.

Maandag 9de April te Morgenzon
9de April te Hendrina
10de April te Charl Celliers
10de April te Bankpan
11de April te Roodebank
11de April te Onverwacht.

„Alle geleendheid sal verskaf worde aan die here die teenwoordig is om die vergaderinge toe te spreek en om vrae te stel."

BYLAE 2.

NOTULE VAN STIGTINGSVERGADERING GEHOU OP 5 APRIL 1923.

„Als Voorsitter ageerde eers Komdt. H.S. Grobler en later mnr. J.D. Naude en as sekretaris werd gekose die heer D. Malan.

„Die doel van die vergadering die beleg is deur die Sentraal Agentskap vir ko-operatiewe vereeniginge, was om na hulle die sprekers gehoor het, naamlik mnr. Retief, Registrateur van ko-operatiewe vereeniginge, mnr. Herold, Bestuurder van die Landbank, en die here Arnold Smith, J. J. Scheepers en C.H. Keet, lede van die Sentrale Agentskap, die wenslikheid te bespreek om weer in Bethal ko-operasie te stig.

„Mnr. Retief die eerste aan die woord gekom 't, sê: Nadat Bethal nou 'n lange tyd sonder ko-operasie is, meen hy dit is nodig om 'n poging te maak om weer 'n koöperatiewe vereeniging op te rig. Want sedert die tyd toe Bethal gelikwideer 't is daar nie agteruitgang met die algemene beweging van koöperasies want van daardie tyd af, en is daar agt-en-dertig nieuwe vereenigings geregistreer, en die getal lede die nou aan koöperasies behoort, is 50,000. En vernaamlik hulle maak 'n beroep op Bethal om weer te koöpereer. Spreker maak toe verder die veranderings in die wet duidelik, en sê onder andere 'n koöperatiewe vereniging, die 'n kredietstelsel in sy Statute opneem, nie onder die nuwe wet sal registreer word.

„Mnr. Herold het weer die Landbankwet so as die nou verander is duidelik gemaak en die verskil tussen verenigings met onbeperkte aanspreeklikheid en beperkte, uiteengesit.

„Als ook in hoeverre lede verpligtinge het en wanneer die verpligtinge ophou. Mnr. Herold maak verder duidelik, op welke wyse geld geleen kan word by die Landbank.

„Mnr. Arnold Smith sê: hy is self 'n boer en wil graag daarop wys hoe elke boer die saak van koöperasie moet beskou. En sê: dat nieteenstaande alles, wat 'n mens aanpak moeilikheid het asook gevare, jy jou nooit moet laat afskrik vir moeilikheidjies wat kan gebeur nie. Spreker wys op die noodsaaklikheid van koöperasie as jy as boer wil bestaan. Al sou daar 'n paar van die verenigings in die verlede geval het, kan hy die vergadering die versekering gee, dat tientalle magtige firmas dieselfde lot ondergaan 't. Ons as produseerders kan nie

stil sit/

stil sit, en maar tevrede wees met die prys wat ons kan kry nie, maar ons moet sorg om 'n betalende prys te kry. En om dit te kan doen moet ons so as een man bymekaar staan.

„Mnr. Keet wys op die feit dat byna al die mielies wat die myn kontrakte vul, van Bethal en Springs af kom en omdat Bethal nie geko-opereer is nie word dit vir die Sentraal Agentskap baie moeilik. En raai dus Bethal aan om weer hier 'n koöperasie te stig.

„Mnr. Scheepers wil graag weet wat van ons sal word as ons weg doen met koöperasie? Want hy had die ondervinding dat voor hier koöperasies in die land was, moes ons 5/- vir 'n sak mielies vat. Vir die boer is daar net een liggaam om sy besigheid mee te kan doen, en dit is koöperasie. Ons is in die wêreld om 'n lewe te maak, en daarvoor moet ons ly en stry. Al die ander seksies van die bevolking is georganiseer net die boer nie.

„Hierop het die Voorsitter die sprekers bedank vir hulle oorkoms en geleendheid gegee om vrae te stel, waarvan goed gebruik gemaak is en deeglik beantwoord is. Die voorstel werd skriftelik ingedien deur mnr. C.S. Heynecke en gesekondeer deur die heer M. de Vos, naamlik ‚Hierdie vergadering besluit om een koöperatieve vereniging te stig, met onbeperkte verantwoordelikheid' en werd algemeen aangeneem met 49 stemme. Beslote werd die naam van die vereniging sal wees ‚Die Oostelike Transvaalse Landbou Koöperatieve Vereniging.'

„Die model regulasies werd artikelsgewys behandel en goedgekeur met enige veranderings, uitlatings en byvoegings. Nadat die geleentheid gegee is om die applikasievorms vir lidmaatskap te teken, het die vergadering oorgegaan om direkteure te kies: en werd as sulks gekose die here Arnold Smith, J.J. Scheepers, H.P. Hancke, D.J.C. Malan, S.J. Smit, J.D. Hancke en C.S. Heynecke."

Verder blyk uit die notule dat slegs nege-en-twintig boere die aansoekvorms op die betrokke dag onderteken het en so stigterslede geword het. Daarbenewens het die here Arnold Smith en J.J. Scheepers aangesluit om die saak tydelik te dien.

BYLAE 3.

## NAME EN ADRESSE VAN DIE STIGTERSLEDE:

| | |
|---|---|
| Barnard, P.J. | Kleinfontein, Bethal. |
| Bean, B.R. | Weltevrede, Middelburg. |
| Bean, F.D.C. | Bankpan, Bethal. |
| Bresler, C. | Goedehoop, Bethal. |
| Ellis, F.C.P. | Vlaklaagte, Bethal. |
| Esterhuysen, R.P. | Schaapkraal, Bethal. |
| Grove, C.J. | Witbank, Bethal. |
| Hancke, H.P. | Sterkfontein, Bethal. |
| Hancke, J.D. | Palmietfontein, Bethal. |
| Heerden, J.J. van | Goedehoop, Bethal. |
| Heynecke, C.S. | Frischgewaagd, Baanbreker. |
| Malan, D.J.C. | Goedehoop, Bethal. |
| Marnewick, I.J. | Sukkelaar, Bethal. |
| Merwe, P.J.A. van der | Mooifontein, Liebenberg. |
| Naude, J.D. | Naudesfontein, Bethal. |
| Norden, P.J. | Delta, Baanbreker. |
| Norden, V.S. | Delta, Baanbreker. |
| Oosthuysen, J.J. | Schaapkraal, Bethal. |
| Oudtshoorn, W.P. van | Sukkelaar, Bethal. |
| Pretorius, D.J. | Goedehoop, Bethal. |
| Scheepers, B.J. | Goedehoop, Bethal. |
| Smit, S.J. | Sterkfontein, Bethal. |
| Smit, S.J. | Rensburghoop, Bethal. |
| Snyman, H.G.A. | Frischgewaagd, Baanbreker. |
| Snyman, H.J. | Frischgewaagd, Baanbreker. |
| Tonder, J.M. van | Driehoek, Bethal. |
| Villiers, D.J. de | Frischgewaagd, Baanbreker. |
| Vletter, G. | Blesbokspruit, Bethal. |
| Vos, H.J. de | Vlakfontein, Bethal. |

BYLAE 4 OPSOMMING VAN BALANSSTAATPOSTE 1949 - 1959

(Bedrae tot die naaste £)

| Saldo's op ..... ........ | 30April 1949 | 30 April 1950 | 30 April 1951 | 30 April 1952 | 30 April 1953 | 30 April 1954 | 30 April 1955 | 30 April 1956 | 1 Mei '56-30.9.1957 | 30 Sept. 1958 | 30 Sept. 1959 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A. LASTE. | | | | | | | | | | | |
| 1. Aandelekapitaal | 52,685 | 61,410 | 70,187 | 79,312 | 90,104 | 102,576 | 115,860 | 128,056 | 129,092 | 132,925 | 129,615 |
| 2. Reserwes | 104,221 | 116,050 | 132,741 | 226,218 | 287,025 | 435,025 | 515,025 | 570,025 | 662,525 | 663,206 | 682,556 |
| TOTAAL | 156,906 | 177,460 | 202,928 | 305,530 | 377,129 | 537,601 | 630,885 | 698,081 | 791,617 | 796,131 | 812,171 |
| 3. Langtermynverpligtings : | | | | | | | | | | | |
| 1. Land- & Landboubank van S.A. Lenings op Eiendom | 549,739 | 578,916 | 289,862 | 389,747 | 379,730 | 394,376 | 488,768 | 595,183 | 567,651 | 564,638 | 530,476 |
| 2. Lenings van Lede | - | - | - | - | 25,019 | 138,356 | 261,183 | 378,177 | 548,303 | 641,496 | 621,395 |
| 4. Lopende Verpligtings : | | | | | | | | | | | |
| a. Land- & Landboubank van S.A. (Seisoenlenings) | 1,591,336 | 1,005,140 | 1,692,156 | 2,622,966 | 1,549,903 | 4,296,039 | 4,084,200 | 4,603,004 | 6,167,903 | 4,594,023 | 5,855,326 |
| b. Diverse Krediteure | 70,976 | 138,994 | 239,316 | 216,723 | 444,631 | 247,504 | 246,541 | 248,948 | 692,298 | 479,412 | 595,061 |
| c. Volkskas Beperk | - | - | - | - | - | 262,898 | 286,182 | 408,999 | 285,831 | 262,652 | 195,788 |
| 5. Voorsiening vir aansuiwerings op oeste | 18,329 | 17,924 | 19,242 | 22,688 | 19,348 | 45,498 | 59,261 | 84,379 | 86,160 | 9 4,984 | 109,338 |
| 6. Opvoedings en Voorligtingsfonds | - | - | - | 3,000 | 10,000 | 25,000 | 35,000 | 27,700 | 25,000 | 18,721 | 12,326 |
| 7. Aanwendingsrekening | 39,618 | 49,220 | 86,758 | 151 | 542 | 427 | 257 | 318 | 230 | 66,419 | 83,139 |
| 8. Voorsienings aan lede | - | - | - | 33,298 | 42,490 | 52,895 | 54,822 | 56,013 | 63,272 | - | - |
| | £2,426,904 | 1,967,654 | 2,530,262 | 3,594,103 | 2,848,792 | 6,000,594 | 6,147,099 | 7,100,802 | 9,228,265 | 7,518,477 | 8,815,020 |

BYLAE 4 (Vervolg)

| | 30 April 1949 | 30 April 1950 | 30 April 1951 | 30 April 1952 | 30 April 1953 | 30 April 1954 | 30 April 1955 | 30 April 1956 | 1.5.56-30.9.57 | 30 Sept. 1958 | 30 Sept. 1959 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B. <u>BATES</u>. | | | | | | | | | | | |
| 1. Vaste Bate : Grond en Geboue | 362,495 | 413,970 | 427,970 | 481,847 | 517,345 | 582,800 | 756,375 | 917,095 | 1,000,691 | 1,045,344 | 1,043,325 |
| Masjienerie, Uitrusting, Voertuie | 78,624 | 89,022 | 89,313 | 113,869 | 144,370 | 196,286 | 220,800 | 253,764 | 238,945 | 211,585 | 173,670 |
| Graansilo | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 67,790 * |
| 2. Beleggings | 5,317 | 5,076 | 5,334 | 5,225 | 5,475 | 5,511 | 5,512 | 5,629 | 6,572 | 11,738 | 7,185 |
| 3. Bedryfsbates : Voorraad op hande | | | | | | | | | | | |
| Handel | 216,203 | 230,006 | 374,735 | 564,954 | 519,760 | 398,482 | 490,058 | 580,435 | 603,364 | 604,315 | 505,070 |
| Diverse | 665,019 | 642,223 | 35233 | 541,001 | 462,937 | 416,780 | 710,957 | 455,950 | 276,366 | 470 ,745 | 567,707 |
| Debiteure | 154,530 | 86,053 | 93,454 | 262,798 | 420,718 | 1,347,394 | 1,452,586 | 1,593,474 | 1,075,497 | 1,178,875 | 1,133,869 |
| Beheerrade e.a. | 913,558 | 435,455 | 1,144,648 | 1,595,532 | 740,201 | 3,050,797 | 2,508,121 | 3,268,336 | 6,015,235 | 3,990,647 | 5,315,061 |
| Kontant op hande en in transito | 21,158 | 55,849 | 35,377 | 26,377 | 37,986 | 2,544 | 2,690 | 26,119 | 11,595 | 5,227 | 1,343 |
| 4. Klandisiewaarde | 10,000 | 10,000 | 7,500 | 2,500 | - | - | - | - | - | - | - |
| | £2,426,904 | 1,967,654 | 2,530,262 | 3,594,103 | 2,848,792 | 6,000,594 | 6,147,099 | 7,100,802 | 9,228,265 | 7,518,477 | 8,815,020 |

* Koste tot datum

BYLAE 5.

## ONTLEDING VAN DIE BALANSSTAAT VIR DIE BOEKJAAR GEëINDIG 30 SEPTEMBER 1959.

### A. VASTE BATES.

#### a. Grond en Geboue.

Saldo op 30 September 1959 ............... £1,043,325.

Dit is soos volg saamgestel:

| | | |
|---|---|---|
| i. | Hoofkantoor en algemeen ..... | £ 138,890 |
| ii. | Produkte ..................... | 514,355 |
| iii. | Handel ....................... | 342,115 |
| iv. | Maalbedryf ................... | 39,500 |
| v. | Landbouvoorligtingsdiens .... | 8,465 |
| | | £ 1,043,325 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die totale Kosprys is ............. | | £1,250,891- 8-10 | |
| Waardevermindering afgeskryf is: | | 202,566- 8-10 | |
| Hoofkantoor en algemeen .... | £ 17,249- 2-8 | | |
| Produkte ................... | 118,174-13-0 | | |
| Handel ..................... | 54,930-17-4 | | |
| Maalbedryf ................. | 11,819- 7-4 | | |
| Landbouvoorligtingsdiens ... | 392- 8-6 | | |
| | | | £1,048,325-0-0 |
| Voorsiening vir sloping ................... | | | 5,000-0-0 |
| | | | £1,043,325-0-0 |

#### b. Graansilo - Marble Hall.

| | | |
|---|---|---|
| Kosprys ..................... | £ 67,803-18-5 | |
| Min waardevermindering ..... | 13-18-5 | |
| | | £ 67,790 |

#### c. Masjinerie en Uitrusting.

Saldo op 30 September 1959 ................. £118,050

Dit bestaan uit:

| | |
|---|---|
| Hoofkantoor en algemeen .... | £ 6,735 |
| Produkte ................... | 76,440 |
| Handel ..................... | 4,810 |
| Maalbedryf ................. | 27,765 |
| Landbouvoorligtingsdiens ... | 2,300 |
| | £118,050 |

Waardevermindering/

Waardevermindering is:

| | | |
|---|---|---|
| Hoofkantoor en algemeen ... | £ 2,192- 2- 8 | |
| Produkte .................. | 123,320- 9- 6 | |
| Handel .................... | 16,744-18-10 | |
| Maalbedryf ................ | 45,458-15- 9 | |
| Landbouvoorligtingsdiens .. | 933- 9- 4 | |
| | £188,649-16- 1 | |

d. <u>Graansilomasjinerie</u>

| | | |
|---|---|---|
| Kosprys ................... | £ 1,524-11- 6 | |
| Waardevermindering ........ | 4-11- 6 | |
| Saldo ........................ | | £ 1,520 |

e. <u>Kantoormeubels</u>:

| | | |
|---|---|---|
| Saldo op 30 September 1959 ............... | | £12,185 |

Soos volg saamgestel:

| | | |
|---|---|---|
| Hoofkantoor en algemeen ... | £ 10,610 | |
| Produkte .................. | 805 | |
| Handel .................... | 715 | |
| Maalbedryf ................ | 55 | |
| | £ 12,185 | |

Waardevermindering is:

| | | |
|---|---|---|
| Hoofkantoor en algemeen ... | £ 17,442- 5- 9 | |
| Produkte .................. | 2,045- 4- 5 | |
| Handel .................... | 1,653- 0- 5 | |
| Maalbedryf ................ | 247-10- 0 | |
| | £ 21,388- 0- 7 | |

f. <u>Boekhoumasjinerie</u>:

| | | |
|---|---|---|
| Kosprys ................... | £ 40,064 | |
| Waardevermindering ...... | 23,354 | |
| | £ 16,710 | |
| Saldo op 30 September 1959 ............... (Alleenlik in Hoofkantoor) | | £16,710 |

g. <u>Voertuie</u>:

| | | |
|---|---|---|
| +Saldo op 30 September ................... (Kosprys min waardevermindering) | | £17,320 |

Saamgestel soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Hoofkantoor en algemeen ... | £ 5,235 | |
| Produkte .................. | 9,055 | |
| Handel .................... | 2,500 | |
| Landbouvoorligtingsdiens .. | 530 | |
| | £ 17,320 | |

+ Waardevermindering onbekend.

+h. Bokseile:

Teen Kosprys min waardevermindering ....... £ 4,665

+i. Pakpale:

Teen Kosprys min waardevermindering ....... £ 3,220

B. BELEGGINGS.

| | | | |
|---|---|---|---|
| a. | 5,000 | Aandele in „Sentrale Raad vir Koöperatiewe Assuransie Beperk." Ten volle betaald .................. | £5,000 |
| b. | 5,000 | Aandele in „Vrystaat en Transvaalse Aankoopskoöperasie Beperk." 2/- per aandeel betaal .............. | £ 500 |
| c. | 2,009 | Aandele in „Transvaalse Lewende Hawe Beperk." ...................... | £ 347 |
| d. | 1,000 | Aandele in „Trichardt Plaasarbeid Koöperatief Beperk".................. | £ 875 |
| e. | 250 | Aandele in „Sentrale Landboukrediet Koöperasie Beperk".................. | £ 250 |
| f. | 100 | Aandele in „Suid-Afrikaanse Sout Koöperasie Beperk." ................ | £ 10 |
| g. | 100 | Aandele in „Koöperatiewe Pers van Suid-Afrika Beperk" ................ | £ 100 |
| h. | 50 | Aandele in „Suid-Afrikaanse Oliesade Produsente (Sentraal Koöperatief) Beperk" ........................... | £ 50 |
| i. | 20 | Aandele in „Koöperatiewe Wolmaatskappy Beperk" ........................... | £ 20 |
| j. | 1 | Aandeel in „Huis- en Haard-Beskermingskoöperasie" .................... | £ 50 |
| k. | 1 | Aandeel in „Die Klein Karoo Landboukoöperasie Beperk" ................. | £ 1 |
| l. | 1 | Voorwaardelike aanspreeklikheidsaandeel in „Unie Graan Koöperatiewe Maatskappy Beperk" .............. (Die voorwaardelike aanspreeklikheid is £2,259). Verder is die 4,583 aandele in „Unie Graan Koöperatiewe Maatskappy Beperk" gedek deur ŉ voorsiening vir moontlike verlies. | — |

Saldo op 30 September 1959 .................. £7,185

C. BEDRYFSBATES:

i. Diverse voorraad:

| | |
|---|---|
| Graansakke ...................... | £ 450,217- 8- 7 |
| Maalbedryf ...................... | 65,029- 6- 1 |
| Diverse produkte ................ | 37,206-11- 0 |
| Diverse ......................... | 15,254- 2- 2 |
| | £ 567,707- 7-10 |

ii. Handelsvoorraad staan op ........ £ 630,070- 3- 9

| | |
|---|---|
| Waardevermindering afgeskryf .... | 125,000- 0- 0 |
| | £ 505,070- 3- 9 |

iii. Diverse Debiteure:

Lederekenings:

| | |
|---|---|
| Ope rekening .................... | £ 744,307-16- 3 |
| Kunsmis ......................... | 275,929- 4- 2 |
| Diverse saad .................... | 75,735-17- 4 |
| Mielieprodukte .................. | 52,190-12- 7 |
| Haelassuransie .................. | 4,564-17- 9 |
| Graansakke ...................... | 20,546- 5- 3 |
| | £1,173,274-13- 4 |
| Voorskotte op gelewerde produkte min realisasie .................. | £ 1,381-13- 1 |
| Nie-lede mielieprodukte en diverse . | 59,212-13-10 |
| | £1,233,869- 0- 3 |

iv. Produkte verkoop en voorhande:

| | |
|---|---|
| Mielienywerheid ................. | £4,023,969- 4- 5 |
| Kafferkoringnywerheid ........... | 624,296-13- 3 |
| Oliesadenywerheid ............... | 490,990-17- 2 |
| Koringnywerheid ................. | 57,225-12- 7 |
| Diverse firmas - Kafferkoring ... | 118,578- 8- 3 |
| | £5,315,060-15- 8 |

v. Kontant - voorhande en in transito £ 1,342-16- 1

Die lastekant sien soos volg daaruit:

A. AANDELEKAPITAAL:

Die maatskappy reik alleenlik £1 aandele uit en op 30 September was die posisie soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| 550,524 Aandele van £1 elke uitgereik | £ | 550,524- 0- 0 |
| Min bedrag onopbetaald ...... | | 421,215- 9- 0 |
| | £ | 129,308-11- 0 |
| Plus bedrae ontvang op rekening van aansoeke vir aandele | | 306-16- 1 |
| | £ | 129,615- 7- 1 |

B. RESERWES:

| | | |
|---|---|---|
| Algemene Reserwe .................... | £ | 57,577-14- 1 |
| Reserwe vir toevallighede ........... | | 375,000- 0- 0 |
| Administrasiegelykstellingsfonds .... | | 180,000- 0- 0 |
| Heffingsfonds ...................... | | 31,476-15-10 |
| Reserwe vir hernuwing van Kapitale Bate | | 14,963- 9- 3 |
| Spesiale Reserwe ex surplus fondse van Ermelo, Heidelberg Verenigings en Unie Graan Koöperatiewe Maatskappy Beperk | | 23,548- 0- 5 |
| | £ | 682,555-19- 7 |

C. LANGTERMYNVERPLIGTINGS:

i. Land- en Landboubank van Suid-Afrika
Lenings op eiendomme:

| | | |
|---|---|---|
| Kantoorgebou, depots en takke .... | £ | 529,147- 6- 6 |
| Meulens ......................... | | 1,329- 0- 7 |
| | £ | 530,476- 7- 1 |

ii. Lenings van lede:

| | | |
|---|---|---|
| Ledeheffingsfonds ................ | £ | 350,445- 1- 8 |
| Uitgestelde Bonusbetalingsfonds .. | | 185,019- 5- 4 |
| Langtermynlenings ............... | | 85,930- 9- 0 |
| | £ | 621,394-16- 0 |

D. LOPENDE VERPLIGTINGS.

i. Land- en Landboubank van Suid-Afrika.

Seisoenlenings .................. £5,855,325-14-8
(Reeds uiteengesit onder B(i))

ii. Diverse Krediteure.
Lederekenings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Korttermynlenings | £4,065-6- 6 | | |
| Diverse ......... | 52,393-9- 0 | | |
| Meeldeposito .... | 140,669-7-11 | £ | 197,128- 3- 5 |
| Handelaars en nie-lede .......... | | | 397,932-17- 8 |
| | | | £6,449,386-14- 9 |

| | | |
|---|---|---|
| | Diverse krediteure .............. | £6,449,386-14- 9 |
| iii. | Volkskas Beperk ................. | 195,788- 2- 9 |
| | | £6,646,174-18- 6 |

| | | |
|---|---|---|
| E. | Voorsiening vir aansuiwering op oeste | £ 109,338- 3-11 |
| F. | Opvoedings- en voorligtingsfonds .... | 12,325-11- 3 |
| | | £ 121,663-15- 2 |

G. Aanwendingsrekening:

| | | |
|---|---|---|
| Aan lede: | | |
| 5% diwidend op Opbetaalde Aandelekapitaal | | 6,465- 8- 7 |
| ¾d. in die £ bonus op omset ............. | | 30,232-13- 0 |
| | | £ 36,698- 1- 7 |
| Bonus aan Direkteure .................... | | 3,400- 0- 0 |
| Oorplasing na Reserwefonds:. | | 28,922- 5-11 |
| Reserwe vir Toevallighede .. | 25,000-0- 0 | |
| Algemene Reserwe ........... | 3,922-5-11 | |
| Oorplasing na Opvoeding- en Voorligtingsfonds ... | | 12,674- 8- 9 |
| Skenking - Transvaalse Helpmekaar studiefonds ... | | 1,250- 0- 0 |
| Resterende gedeelte na Algemene Reserwefonds .. | | 194- 5- 7 |
| | | £83,139- 1-10 |

Indien die bedrae wat met n dubbele lyn onderstreep is, bymekaar getel word, onder BATES, sal dit balanseer met die totaal van die bubbelonderstreepte bedrae onder LASTE.

-------

BYLAE 6.

## ONTLEDING VAN RESERWES SOOS OP 30 Sept. 1959.

(Hierdie besonderhede is verkry uit die gepubliseerde state aan die einde van die 1958/59-boekjaar. Dit sluit ook ander bedrae in behalwe reserwes bv. waardevermindering).

| | | |
|---|---|---|
| Bedrag van Reserwes soos per Balansstaat | | £711,478 5 6 |
| Heffingsfonds .......... | 31,476 15 10 | |
| Spesiale Reserwe ....... | 23,548 - - | |
| Toevallighede .......... | 400,000 - - | |
| Administrasie-gelykstellingsfonds ............ | 180,000 - - | |
| Algemeen ............... | 61,500 - - | |
| Hernuwing van Bates .... | 14,953 9 3 | |
| Bedrae onder verskillende hoofde per Balansstaat ........................... | | 258,500 - - |
| Voorraadwaardevermindering .................. | 125,000 - - | |
| Twyfelagtige Skulde .... | 100,000 - - | |
| Heroprigting van Geboue | 5,000 - - | |
| Herinstallering van Masjinerie .............. | 3,500 - - | |
| Opvoeding- en Voorligtingfonds ................. | 25,000 - - | |
| Waardevermindering .................... | | 435,977 5 5 |
| Geboue .................. | 202,580 7 3 | |
| Masjinerie en Uitrusting | 188,654 7 7 | |
| Kantooruitrusting ....... | 44,742 - 7 | |
| | | £1,405,955 10 11. |

## LYS VAN AANGEHAALDE ARTIKELS EN WERKE.


Adams, J.J.: „n Historiese oorsig van die ontwikkeling van Koöperasie in Suid-Afrika." Eerste Vakansiekursus in Koöperasieleer. Stellenbosch, 1952.

: „Waarom koöpereer ons?" Die O.T.Kaner, Mei 1958.

Bestbier, N.A.B.: „n Oorsig van die oorsake en implikasies van onstabiliteit in Landbou-inkomste." Derde Vakansiekursus in Koöperasieleer. Stellenbosch, 1954.

Bezuidenhout, W.W.J.: O.T.K., Gedenkuitgawe. 1944.

Boot, J.R.: Noordwestelike Koöperatiewe Landboumaatskappy, Beperk. Potchefstroom, 1960.

Bos, C.J.: Sentraal-wes as Landboukoöperasie. Potchefstroom, 1956.

Booysen, L.T.: „Koringverbouing in die Oostelike Hoëveld van Transvaal." Die O.T.Kaner, Mei 1959.

Coetzee, F.J.J.: Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering. Leiden, 1957.

Cornell, W.B.: Organization and Management in industry and business. New York, 1943.

Deacon, N.J.: „Die funksies van koöperasies." Sesde kortkursus in Koöperasieleer. Potchefstroom, 1959.

De Kock, C.J.: „Kredietbeheer deur landboukoöperasies." Tweede Vakansiekursus in Koöperasieleer, Potchefstroom, 1953.

Digby, M. : Financing of Agricultural Co-operatives. London.

Duggan en Battles: Financing the farm business. New York. 1950.

Els, J.H.: Die bepaling van die wins- en verlieskruispunt van mielieopberging by koöperasies met spesiale verwysing na die Sentraal-westelike Koöperatiewe Maatskappy, Beperk. Potchefstroom, 1960.

Gray, C.E.: „Division of Co-operation." Report of the Transvaal Department of Agriculture, 1907/08.

Greven, J.C.: „De financiering van de landbouwcoöperatie." De Landbouw-coöperatie in Amerika.

Grobler, J.G.: Toespraak tydens Boeredag. Die O.T.Kaner, November 1958.

Grové, J.A. en E.L.: Gevorderde Rekeninge. Johannesburg, 1950.

Inleidingsartikel: Georganiseerde Landbou, Maart 1960.

Kaarlehto, P.: On the economic nature of coöperation. Stockholm, 1956.

Le Roux, A.J.: Voorsittersrede, Agste Koöperatiewe Kongres. Pretoria, 1960.

: „Koöperasie is iets waarin die individu moet glo." Die O.T.Kaner, November 1958.

Le Clus, P.G.: „Koöperasie verrig diens sonder skade aan ander." Georganiseerde Landbou, Oktober 1959.

Lough, W.H.: Business Finance. New York, 1923.

Minderhoud, G.: Landbouw-coöperatie in Nederland. Groningen, 1957.

Minutes of Proceedings: The second Transvaal Co-operative Congress Bullitin, No. 94. Pretoria, 1909.

O.T.K.: Notuleboeke, Gedenkuitgawe en ander dokumente.

Prinsloo, A.L.: „Price Squeeze in figures." Georganiseerde Landbou, Desember 1959.

: „Distribusie van Brandstof." Sesde Kortkursus in Koöperasieleer. Potchefstroom, 1959.

Polak, N.J.: Enige grondslagen voor de fihanciering der onderneming. Haarlem, 1950.

Raad van Direkteure se jaarverslag, 1942/43, 1946/47, 1951/52, 1952/53.

Redaksioneel: „Die Mielieregëlingswet." Koöperasie, Deel VI, Nr. 20, Julie 1931.

: „Die nuwe Kommissie." Die Primêre Produsent, Deel IX, Nr. 28.

Roos, A.J.S.: „Die beheer van Koöperasies." Sesde Kortkursus in Koöperasieleer. Potchefstroom, 1959.

Rörich, A.J.V.: „Die Bemarkingswet en sy inwerking op Landboukoöperasies." Sesde Kortkursus in Koöperasieleer. Potchefstroom, 1959.

Smal, J.G.C.: Landboukoöperasie in Suid-Afrika tot 1933. Potchefstroom, 1958.

Smith, Arnold: Toespraak tydens Stigtingsvergadering. O.T.K. Gedenkuitgawe, 1944.

Smith, F.B.: Report of the Transvaal Department of Agriculture, 1905/06, 1906/07, 1908/09.

Stilling-Andersen, J.M.B.: Report of the Superintendent of Co-operation. Bylae tot: Report of the Transvaal Department of Agriculture, 1907/08.

Swart, J.N.: „Prysberekeningsbasis waarop landboukoöperasies boerderybenodigdhede aan lede verskaf." Die O.T.Kaner, Augustus 1960.

„Seggenskap van primêre produsente by prysbepaling kragtens die Bemarkingswet." Georganiseerde Landbou, April 1960.

„Handelsaktiwiteite van landboukoöperasies met spesial verwysing na O.T.K." Die O.T.-Kaner, Augustus 1960.

Tweejaarlikse Verslag van die Vierde Algemene Koöperatiewe Konferensie, 1952.

Uys, D.C.H.: Openingsrede tydens Landbousimposium, Universiteit Pretoria. Die O.T.Kaner, November 1959.

Van Aswegen, J.M.: „Koöperatiewe beweging en die Volkstrewe." Volkshandel. Jaargang 1, No. 1, Maart 1940.

Van der Schroeff, H.J.: De leer van de Kostprys. Amsterdam, 1957.

Verslag van die kommissie om ondersoek in te stel insake Koöperasie en Landboukrediet. (U.G. 16/1934)

Viljoen, P.R.: „Oorsig van die Unie se Landboubedryf-werksaamhede van die Departement van Landbou. Jaarverslag 1933, Boerdery in Suid-Afrika, Deel VIII, No. 93.

Wet op Koöperatiewe Verenigings, No. 29 van 1939.

Wet op Land- en Landboubank van Suid-Afrika, No. 13 van 1944.

Yorston, Smyth en Brown: Advanced Accounting. (Deel III)